# BIBLIKASIE


U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Januarie 1982




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



Verandering . . . ?

Lewe beteken verandering; of anders gestel: verandering is 'n teken van lewe. Ons sien dit.. daagliks om ons; ons sien dit in onsself. Dit maak die lewe kleurvol en interessant, maar stel ook hoë eise. Dit verg daadkrag. Dat verandering deel is van ons menswees het ek opnuut besef toe ek onlangs deur ons foto-album blaai: O, daardie minirokke met hulle grinnikende kniekoppe en die somber pers rokke en hemde kort daarna. Toe so mooi ... maar nou? My rugbyklere was destyds puik. Vandag is dieselfde ou rugbybroek wat tot op die knieë hang amper te lomp om mee vis te vang.

Ouma het vertel hoe die melkkoei vir die Desemberstrandvakansie 'n week voor die tyd vooruit gestuur is. Die swemgewaad het vir sonbrandmiddels voorwaar geen afset gelaat nie. Trouens, 'n klokgelui het die dames se swembeurt aangekondig en was die teken dat die mans die strand moes ontruim. Die dames se stranddrag het hulle van enkel tot gewrig en hals bedek. En is die son vandag nou soveel warmer as toe? Ons verander van swemjurk na bikini, maar see en son is nog net dieselfde.

Die impak en tempo van verandering was vir my nog nooit so duidelik as tydens my onlangse besoek aan die nuwe "Air and Space Museum" in Washington nie. Van "sky-lab", ruimtetuig en kommunikasiesatelliet tot by die jongste ... 'n eenmans "lugfiets". Dit het een boodskap gedra - 'n ketting van veranderings om nuwe uitdagings en probleme die hoof te kan bied.

So sien ek die lewe, die mode, die verandering ook as deel van ons Biblioteekdiens. Om in jou werk werklik te lewe beteken dat veranderinge en aanpassings na die eise van die tyd asof vanselfsprekend met jou werkverrigting gepaard gaan - met diē groot verskil: wanneer jy nie vir jouself lewe nie is die voordeel van verandering in die eerste plek vir ander bedoel. Dit impliseer 'n besondere sensitiwiteit vir ons gebruikers se behoeftes en vereis dat ons op 'n rasionele en sistematiese wyse moet bepaal hoe wat wanneer moet verander.

In 1982 verwag ons die eerste tydskrifartikels vanuit 'n oorsese tydskrifdatabank - beskikbaar lank voordat die gepubliseerde tydskrif verskyn en nie fotokopieerbaar nie. Ons begin vir die eerste keer 'n nuwe jaar met rekenaar-eindpunte waardeur ons inligtingsoektogte op oorsese databasisse kan doen. Verder doen ons graag mee aan die Poskantoor se proefneming met die Bell-Telstelsel waardeur inligting per telefoonlyn op die huishoudelike televisieskerm verkry sal kan word.

Hopelik lui 1982 ook die doodsklok vir kardekse, eindelose handgeproduseerde aanmanings en bestellings, asook vir die handliassering van rekords in die Seksie Boekbestellings en by die Hooftoonbank.

Hierdie veranderinge is voorafgegaan deur 'n noukeurige oorweging van alle moontlikhede soos in 1976-1978 beskikbaar. So sal ook alle verdere veranderinge voorafgegaan moet word deur besinning; deur 'n noukeurige analise van onsself en ons dagtaak; deur 'n voorraadopname van ons sterk en swak punte sodat ons ons koersbepaling vir die volgende vyf tot tien jaar op 'n eerlike en verantwoordelike wyse kan doen. Om u hierin te lei, lê my groot uitdaging vir 1982.

Ek is terug by my eerste paar sinne. Ons kan nie 'n melkkoei bly aanjaag terwyl die melkwa by ons verby ry nie. Ons bid om die krag en moed om te verander wat verander moet word. Aan die ander kant vra ons wysheid en genade om die dinge wat nië verander kan word nie, te respekteer en te waardeer. Dan kyk ons by mode verby en sien die son raak. Dit is my wens vir almal wat in 1982 van verandering praat - vir ons bibliotekarisse en ... vir ons politici.

PROF E D GERRYTS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# REDAKSIE




*Ai ja jai oe, ai ja jai oe*
*Ai ja jai, dis 'n nuwe jaar*
*Dis 'n nuwe jaar, ons is nog deurmekaar*
*Die nuwe redaktrise krap nog breins bymekaar*
*Die ander twee die help haar*
*Maar aldrie sukkel nog -*
*Daar's soveel vreemde dinge*
*Soos kameras en die bog!*

*Ons bied hiermee die nommer*
*Die eerste van die jaar,*
*En vra jul nou ook sommer*
*Lekker nuusies aanmekaar ...*

*VAN DIE REDAKSIE*

*Ns: Aan Mathilda Pieterse - BAIE DANKIE vir jou hulp by die voorbereiding van hierdie eerste nommer van Biblikasie.*

# *poste restante*



Geagte Redaktrise

Om my besig te hou en my plesier te gee in my aftreetyd, het ek besluit om 'n versameling op te bou van lelike goed. Ek skat die waarde van so 'n versameling sal gelykstaande wees met Tukkiana!

Om die versameling te begin, het ek die twee lelikste goed wat ek nog ooit gesien het, en ek doen 'n beroep op die personeel vir skenkings van klein voorwerpe - vir groot goed soos beddens en stoele kan jy maar na sekere winkels in die stad gaan!

Miskien sal UP vir my êrens 'n hoekie hê want vanselfsprekend sal ek kuratrise wees.

Ek reken mense sal 50 sent betaal om 'n heerlike half-uurtjie tussen lelike goed deur te bring want hulle sal nie hul oë kan glo nie!!

MARIë RAUTENBACH

Ns Dis nie 'n grap nie, ek is ernstig. En onthou, die goed moet werklik lelik wees - baie erger as Kitch!



| *VERJAARSDAE* | | *FEBRUARIE* |
|---|---|---|
| *Mev C Stroebel* | *Ontsluiting* | *3* |
| *Mej M Lee* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *7* |
| *Mej V Muller* | *Tik en Dupliseer* | *7* |
| *Mnr T du Toit* | *Buitemuurs* | *8* |
| *Mev A vd Hoven* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *13* |
| *Prof E Gerryts* | *Direkteur* | *14* |
| *Mej T Heckroodt* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *14* |
| *Mev M v Rensburg* | *Tik en Dupliseer* | *16* |
| *Mev E Brits* | *Ontsluiting* | *19* |
| *Mej B v Niekerk* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *19* |
| *Mnr J Beyers* | *Finansiële Administrasie* | *26* |
| *Mej G Meyer* | *Musiek* | *28* |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



HOOFSTAD: DONDERDAG 26 NOVEMBER 1981


VRYSTAATSE HULP VIR TUKS-BIBLIOTEEK

Die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria het onlangs ingeteken op die gerekenariseerde koerantknipseldiens van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis(INEG) aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Die instituut beskik oor een van die grootste en omvattendste koerantuitknipselstelsels in die land. Aangesien dit geblyk het dat die diens landswyd in 'n besondere behoefte kan voorsien, word dit tot die beskikking van alle mense en instansies wat dit mag benodig, gestel.

Besonderhede van koerantberigte oor 'n verskeidenheid van onderwerpe word per telefoniese skakeling van die rekenaar in Bloemfontein verkry. Die werklike berig op mikrofiche is in die Merensky-biblioteek beskikbaar, en met behulp van 'n mikroficheleserdrukker kan 'n papierkopie van die berig gemaak word.

Op die foto verskyn van links na regs mev A M Dippenaar (UP), mnr W W Duminy (UP), prof J Moll, direkteur van INEG en prof J A Boon (UP).



LIBRARIANSHIP

By S B ASHER, Librarian, Public Library, Johannesburg.

At the present time the opportunities for library work in South Africa are very limited. There are about 200 so-called public libraries in the Union, the majority of which are really small book-clubs served by voluntary or part-time workers at a nominal wage. A minority of the libraries employ young women at the commercial rates customary in the drops, and 8 or 10 leading institutions have about 30 employees earning £25 per month or more.

Apart from this small number of appointments, which are occupied by highly educated men who are capable administrators and have many years' experience of libraries, there are no posts in public libraries where a living wage is obtainable by a male worker.

For girls content with a wage rising from about £8 a month to a maximum of £20, there are at most about 100 posts in the whole of the Union.

The qualifications desirable for beginners are a first class education with matriculation as a minimum, a love of study and literature, physical vigour, a good personality, the possession of tact for dealing with unreasonable members of the public, and last but not least a partiality for incessant routine work.

Appointments in University and Government Departmental Libraries are restricted to University Graduates and Civil Servants respectively.

"HANDBOOK OF CAREERS FOR SA BOYS AND GIRLS." 1931.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## EERSTE VLOER

Topbestuur is bruingebrand, uitgerus en glimlag breed. Hulle sê hulle wil die jaar vir 'n ses slaan, so wees gewaarsku, julle beter byhou.

Alida von Backström glimlag nog breër en daar is 'n onnutsige vonkel in die oog want sien, sy ry 'n Prr, Prr en dra 'n goudgeel valhelm. Ons wag nog net vir die dag dat sy 'n permantige volstruisveer of 'n spierwit 'Daisy' daaraan vasheg. Happy (and soft) landings Lida.

Marie Fourie (mev Meraai) en Marie Schoeman (miss Mary) sit en bekyk bogenoemde verwikkelinge met so 'n stokstywe houtoog. Hulle weet nie bra mooi wat om van die een dag na die ander te verwag nie, want nou dat die waardige Alida nog boonop 'n sondak in haar Valiant laat sny het sal hulle nie verbaas wees as sy een mooi môre op rolskaatse om die draai geseil kom nie. Die hele ou spul werk blykbaar so op Miss Mary se senuwees dat sy nie eers meer 'n skinkbord met waterbottels en glase sonder enige insident tot in die kombuis kan bestuur nie. 'n Groot nat kol voor die base se deure het getuig van 'n lekker ou Boere Smash.

Ria Viviers is besig met haar grand finale. Geluk met die uitslae en die nuwe status. Jammer om te hoor dat Wimmel ons gaan verlaat vir Medies en sy aanddienste. Sterkte vir die taai pad deur die kweekskool.

Isobel gaan ons ook verlaat. Dankie vir jou vriendelike hulpvaardigheid. Voorspoed vir wat voorlê.

Gelukkig is Annatjie Myburgh terug met haar blomme en 'Super Efficiency'. Dit word hoog waardeer.

In Beplanning is dit die ene slagvelde. Thomas skryf sy museumkunde skripsie oor die restourasie van slagvelde en vir Gerda en haar man word hulle bouery al meer soos 'n reuse slagveld.

Rolf doen 'Pajama Dril' op 'n ander soort slagveld. Sien, sy kind kry tande!

ERNA KLOPPER

Ns Twee van Topbestuur se tikdoedies is erg geamuseerd dat Erna net so bekommerd as hulle is oor watter onheil nog gaan uitbroei - met 'n "ek is net so dapper houding" bedel Erna 'n "Lift" op die Prr Prr en toe die ekstra valhelm sy verskyning maak laat vat sy om die koop van haar nuwe woonstel te gaan finaliseer. Lekker bly Erna!

## TWEEDE VLOER


... en voorspoed in die nuwe jaar ... So groet ons mekaar in die laaste deel van die gebruiklike wens wanneer alles aan die einde van 'n vorige jaar afsluit. In die tyd doen die kommersiële wêreld lustig daaraan mee met beloftes wat wissel van die moontlikheid om gou in 'n bikini te pas tot vroeë aftrede en 'n lekker lewe op eie landgoed aan die see. Maar om regtig die toegewenste voorspoed te beleef en te sien hoe mense dit daagliks beleef, moet maar verby die (o, so nodige) "geldvriend" en "u anker in die lewe" is bronne van voorspoed, gekyk word. Dan sien jy dit reeds op die tweede verdieping. Almal kon na langer en korter rustyd in goeie gesondheid terugkeer met die sekerheid van daaglikse brood deur arbeid en inkomste. Daarbenewens is werksomstandighede en die moontlikheid tot selfontwikkeling en vorming tot beter diensbaarheid, ideaal. Dit is tog ook goed om te kan werk in 'n atmosfeer waar mense meer aan mekaar kan hê as om net vir dieselfde instansie te werk. Daarom deel ons in die vreugde van Susan Swanepoel se eerste kindjie en Jolinda du Toit se huwelik. Vir die volgende tyd sal ons ook uit ons pad gaan om vir Caren Augustyn so besig te hou dat sy saans só moeg sal wees dat sy maar dankbaar sal wees dat Gerhard se etes deur die Suid-Afrikaanse Weermag voorsien word.

Mej Bella van Niekerk het nuut by ons aangesluit en vanaf Makro-Ontsluiting en Tydskrifadministrasie respektiewelik, werk Rentia Pretorius en Marike Viljoen ook nou hier. Aan hulle aldrie, hartlik welkom. Hier is genoeg om elke dag goed mee te vul. Geluk aan Ilse-Marie van Niekerk wat haar nagraadse Museumkunde-diploma verwerf het en aan haar en Marike word 'n vrugbare studietyd vorentoe toegewens, waar hulle ingeskryf het vir die kursus, B(Bibl) Na-uurs. (Dis seker die rede waarom hulle so vroeg as 28 Januarie vir 'n klompie dae see toe moet gaan).

Magriet Lee kon 'n kursus in die skryf van Afrikaanse kinderstories, aan die Somerskool van die P U vir CHO bywoon en Maureen Brassel het haar laaste stukkie eksamen met die oog op B.Bibl(hons) afgelê. Ons vertrou dat sy suksesvol sal wees.

Al die goeie dinge van elke goeie dag in 'n welige reëndeurdrenkte Pretoria-omgewing, kan niks anders as vervulling van al die goeie wense vir die nuwe jaar wees nie. Genoeg rede om aan die einde van elke dag te kan sê, "ek dink ek sal vannag lekker slaap," in plaas van, "ek is so moeg ..."

THEA HECKROODT






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DERDE VLOER

Dis 'n nuwe jaar! Die jaar 2000 lyk glad nie meer so ver nie! Ek is bevrees die meeste van Merensky se personeel het ietwat holderstebolder in al die verpligtinge ingeduik!

Jinnie het 'n baie goeie idee beet gehad t o v die eerste werksdag van hierdie jaar, tot groot vermaak van almal op die vloer natuurlik. Sy was naamlik salig onder die indruk dat die gaäwe instansie waarvoor ons werk, tog sekerlik 'n Maandag sal reserveer vir al die mense wat met vakansie was, om rustig na hulle tuistes terug te keer. Groot was haar verbasing dus toe sy op dieselfde Maandagoggend uit die bed geruk word deur haar bekommerde kollegas by die werk!* Miskien moet hierdie goeie gedagte in die midde van die Topbestuur van die Universiteit gelaat word.

'n Nuwe gesiggie het haar opwagting op die Derdevloer gemaak. Margie Häncke is al vir ons 'n ou bekende met haar vriendelikheid en ons hoop dat sy lank en gelukkig by ons gaan werk en dat die Ingenieurs haar net sal bederf! Die ander klomp het almal splinternuut gelyk na die vakansie, maar begin die werk alreeds sy tol eis?

Piet de Kock het drie maande studieverlof. Ons mis hom almal baie, maar hy kom kuier darem gereeld genoeg. Piet, ons hoop die harde werk sal vrugte afwerp.

Aan almal in die Merensky sê ons 'n baie voorspoedige 1982 en 'n spesiale goeie wens vir die Biblikasie Redaksie vir al die lekker nuus wat ons nog hierdie jaar gaan lees!

## TOONBANK

Libis opleiding is tans in volle swang, d w s as Libis saamspeel. Die taak word egter heelwat bemoeilik a g v die terminaal se hoë persentasie aftyd. Die ganse Desembermaand is gewy aan ons nadere kennismaking met Libis. In hierdie stiller tyd het ons dus genoegsaam geleentheid gehad om die stelsel volledig onder die knie te kry.

Die Leendienspersoneel is ongeveer almal reeds ten volle opgelei. Al die lede van toonbank is behulpsaam met die opleiding. Die opleiding van 'n enkele persoon geskied in 'n paar opeenvolgende sessies, aangesien die stelsel tê gedetailleerd is vir eenmalig opleiding.

Die paneel wat na-uurse dienste by Toonbank verrig moet egter nog almal opgelei word. Hierdie opleiding is nodig weens die feit dat 'n gedefinieerde groep gebruikers reeds vanaf Februarie geregistreer moet word. Dié groep bestaan uit Merensky personeel, Biblioteekkunde dosente en studente. Genoemde groepe sal derhalwe as proefkonyne dien tot tyd en wyl die stelsel ten volle geïmplementeer kan word.

Ons hier by Toonbank geniet elke oomblik van die nuwe verwikkelinge terdeë en beskou die jaar wat voorlê as 'n geweldige uitdaging.

## INTER

Met die ingang van die jaar het Inter oënskynlik met die intrapslag 'n gematigde klimaat beleef. Skielik het winde van verandering 'n rimpeling en beroering op die "rustige" waters van die Intersee gebring. Die "elektroniese" klank van ons nuwe teleks het selfs 'n verwonderde opmerking of navraag ontlok - "Beskik iemand hier dalk oor die korrekte elektroniese tyd?" Om in te skakel by die veranderde omstandighede word daar ook elke dan en wan 'per-on-ge-luk" van tikmasjien verwissel - (Hoe lyk dit tegnies, dalk word dit elektries?!)

Skielik het hierdie wind van verandering stormsterkte begin waai om in Voorklinies se poorte te draai - Ons gelukkige bure spog met Inter se vakature - Ons beste wense vergesêl jou Helena. Dankie vir jou flinke diens hier by Inter. Ons sien vooruit na 'n jaar wat moontlik nog positiewe verandering mag meebring; met vaartbelyndheid en toereikende diens as die uiteindelike mikpunt kan dit 'n goeie 1982 wees. Aan al die biblioteekpersoneel wens ons 'n voorspoedige en genotvolle arbeidsjaar toe.

HANLIE MöLLER




'Excuse me, but I'm really in dire need of some resources . . ."

## BOEKBESTELLINGS

Na 'n heerlike 1981 reses is ons almal weer terug - 'n bietjie bruiner en miskien nog nie so goed aangepas by die werksomstandighede nie. Die harde werklikheid het ons egter baie gou voor die bors gegryp; want die agterstand wat ons het, moet die einde van Januarie afgewerk wees. Nou beweeg almal soos skimme tussen die rekenaar, bestelrekord en katalogus. Ons het darem een opwindende gebeurtenis in ons afdeling en dit is dat Estelle Els die 27ste Januarie mondig word. Ons wil almal langs hierdie weg vir haar alles wat mooi is toewens vir die nuwe lewensjaar.

Aan almal in die Merensky: 'n geseënde Nuwejaar!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TIKSTERS

Dit is vir ons 'n groot voorreg om ons nuweling - Hannelie Mostert welkom by ons te heet. Hannelie, ons hoop jy sal baie lekker saam met ôns klomp werk!

Ons hoor dat die ooievaar oor 3 maande by Marahulle gaan inloer. Hulle gaan 'n splinternuwe "CRESSIDA" ryker word.

Ronél van Staden is die bevoorregste van ons almal... Byna elke dag word sy oorlaai met blomme, koeldrank ens. Nou wonder ons net wie die geheime bewonderaar is?

Valerie Muller het besluit sy verlang te veel na die Merensky en wat stiptelik weer die 7de Januarie op haar pos na 'n hele rukkie se vakansie. Welkom terug...

Arme Maretha van Vuuren! Sy het haar kar al so baie kere gestamp dat sy maar besluit het om met die Vliegtuig af te vlieg Durban toe. Ons hoop sy geniet haar vakansie.

Stomme Hein Enslin! Ons het soveel meegevoel met sy familie weens die groot skande wat hy oor die Enslins gebring het met sy "her" in Nuwe Testament. Toemaar Hein, daar is dinge wat veel erger is as om weer met jou neus in die boeke te sit.

Om mee af te sluit wil ons net vir almal 'n baie voorspoedige 1982 toewens. Ons hoop almal se goeie nuwejaarsvoornemens sal verwesenlik word.

Groete tot volgende keer

TIKSTERS

# TYDSKRIFTE

Ja, die Tydskrifte was hierdie keer aan die verloorkant. Eers kry ons die skok, Marike Viljoen gaan na tweede vloer oorgeplaas word. Hestê Visser verlaat ons om by die AULA in die tuig te val. Hul gesiggies sien ons nog gereeld. Lekker werk waar julle is.

Carina van Wyk is die een wat ons verruil het om in die wolke te gaan vlieg saam met SAL. Lekker vlieg hoor.

UITSLAE: Wat 'n spanningsvolle tydperk. Almal by Tydskrifte se uitslae was suksesvol. Baie geluk en sterkte vir die nuwe jaar.

'n Gesiggie wat lanklaas by ons opgemerk is, is Griet. Dië soos almal gehoor het, is met vakansie Kaap toe. Ons hoop sy het dit geniet en lekker gekuier.

POSKAMER: Soos almal teen hierdie tyd weet het ons 'n redelike skok gekry toe ons weer terug verwelkom is by die werk, na 'n heerlike week se rus, met 24 sakke pos wat met alle durf aangepak is.

Die 18de Januarie 1982 het daar iets groots in ons afdeling plaasgevind. Esther Müller het 21 geword. Baie geluk ons hoop dit gaan 'n mooi jaar wees. En net om te wys wat gedoen kan word, is sy toe 'n week later verloof ook. Geluk weer 'n keer!

GROETNIS - TYDSKRIFTE
ANSIE VISAGIE

# ONTSLUITING

MAAK DIE DEUR OOP


Daar is soveel dinge in hierdie lewe wat ons as vanselfsprekend aanvaar. Hoeveel van ons dink ooit daaraan watter voorreg dit is om van ons kinderjare af te kon leer lees en skryf en dink nie vir 'n oomblik daaraan hoeveel volwasse mense in ons land nie kan lees of skryf nie.

Die afgelope jaar was ek betrek by die onderrig van ongeletterde swart mense. Frans is 'n swart man van om en by 60 jaar. Hy is maar een van die vele wat gehelp word by ons skooltjie. Toe hy by ons aangeklop het, kon hy absoluut niks lees of skryf nie. Deur middel van leerplanne en boekies wat saamgestel is deur die Buro vir Leeskunde en Lektuur, Johannesburg, het ons met hom begin. Die boekies is gerig op die onderrig van volwassenes en is verkrygbaar in Afrikaans, Engels, Pedi, Xhosa, Zoeloe en Tswana. Frans wou Engels en Pedi leer. Met groot moeite het hy elke Dinsdag en Donderdag gekom en eers geleer letters skryf. Toe het hy begin syfers skryf. Groot was sy trots toe hy na drie maande sy naam kon skryf. Sy eerste leesboekie het hy met groot vreugde ontvang en die eenvoudige sinnetjies begin lees. Na ses maande kon hy Pedi sowel as Engels tot by sy derde boekie lees. Sy woorde aan ons was: "Die wêreld het vir my oopgegaan."

So het ons by elkeen van ons leerlinge gevind dat die wonder van die geskrewe woord en die vermoë om te kan lees, vir hulle ontsaglik baie beteken. So ywerig is hierdie leerlinge dat nie eers die ergste reënstorm hul verhinder om klastoe te kom nie. Dit was met groot moeite dat ons hulle oorreed het om die twee laaste weke in Desember vakansie te neem. En die 5de Januarie 1982 was almal weer daar. Sommige van hulle het selfs in die vakansie huiswerk na ons woonstelle gebring om na te sien. Die ywer van hierdie mense is absoluut aansteeklik en die groot vreugde wat hulle ervaar wanneer hulle weer iets nuuts geleer het is werklik 'n belewenis om te aanskou.

Die bevrediging wat ons uit hierdie skooltjie put is soveel dat 'n mens dit nie kan beskryf nie en telkens besef jy weer hoeveel jy in jou kleinheid kan gee aan diegene wat nie al die voorregte gehad het wat jy gehad het nie. Dit neem net vier uur per week van my tyd en dit is groot vreugde. Ons kan nog baie helpers gebruik om meer mense te kan help.

JO BREED





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BINDERY


ONS GROET VANUIT DIE BINDERY

Met die stoffies van 1981 wat nog in die lug hang, is 1982 alweer besig om op 'n stywe galop weg te spring.

Met die Desember vakansie was mnr Willie Porter vir 10 dae weg om Transvaalse lawwigheid in die Suidkus se blou water af te spoel Mnr André van Rensburg en sy gade was vinnig Vrystaat toe, en mnr Paul Erasmus het tuis gesorg dat die tuin skoon bly.

Die res van die bindery-personeel het die fort hier gehou. Ons nuweling mnr Snell, is ook al ingeburger en was gelukkig om 'n huis in Menlopark te kry waar hulle eersdaags gaan intrek.

GEGROET TOT 'N VOLGENDE KEER.



## *MUSIEK*

Die groot feestyd is verby en ons hoop julle almal het 'n baie geseënde kerstyd beleef. Ons wens almal ook 'n voorspoedige 1982 toe. Mag elke 'berg' met nuwe krag geklim word.

Anita Moolman verwelkom ons terug na 'n lekker lang 'rustyd'. Die rustyd was miskien nie so rustig nie: dit was staptoere, reis en nog baie meer. Ons is bly jy is terug, maar hoop dat jy jou welverdiende vakansie baie geniet het.

Na 'n lang eensame woel en werskaf kom enkele studente weer inloer - veral vir hereksamens om selfs voorbereiding vir die groot klavierkompetisie aan die einde van Januarie. Dit vind plaas vanaf 20 Januarie tot 2 Februarie in UNISA se Ou Mutual ouditorium. Die hoogtepunt is op 2 Februarie in die Staatsteater wanneer die wenner van die kompetisie aangekondig word. Pianiste vanoor die hele wêreld kan deelneem indien hulle op 28 Februarie nog nie die ouderdom van 33 jaar bereik het nie.

Ons sien ook uit na die eerstejaars en ander studente wat ons een van die dae weer sal ontmoet.

GROETE UIT DIE MUSIEK BIBLIOTEEK

## *VEEARTSENYKUNDE*

Die amptelike opening van UP se Veeartsenykundebiblioteekuitbreiding het op 26 November 1981 te Onderstepoort plaasgevind.

Die uittredende Dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde, prof C B Hofmeyr, sy 9 departementshoofde en verskeie ander senior dosente van die Fakulteit, asook prof Gerryts, prof Boon, mnr Duminy en mev M du Preez, Takbibliotekaresse tot einde Oktober 1981, was onder die aanwesiges.

Prof D M Joubert, ons Rektor, het die Fakulteit Veeartsenykunde en die biblioteek se groei kortliks beskryf.

Die Fakulteit bestaan sedert 1920 as deel van die destydse Transvaalse Universiteitskollege met Sir Arnold Theiler as die eerste dekaan. Die volgende 50 jaar was hierdie Kollege (die huidige UP) verantwoordelik vir akademiese sake terwyl die departement Landbou vir die personeel en finansies verantwoordelik was. In 1970 is besluit om die Fakulteit ten volle te integreer by UP en dit af te skei van die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde Onderstepoort.


Sedert 1974 word hierdie Fakulteit deur 'n eie Takbiblioteek van UP se Biblioteekdiens bedien. Die biblioteek het klein begin in een vertrek. Die voorraad was gering en groot staat moes op die Instituut van Veeartsenykunde se biblioteek gemaak word. Trouens daar word steeds sterk op die Instituut se voor-1975 tydskrifversameling gesteun. Prof Gerryts het in sy toespraak by die opening die Bibliotekaresse van die Instituut, mej M Spies wat ook teenwoordig was, hartlik bedank vir hierdie samewerking.

In 1980 is met die nuwe aanbouing van die biblioteek begin. Dit bestaan uit 'n boonste vlak waar al die tydskrifte gehuisves word. Daar word op omtrent 260 titels ingeteken; tans is daar net oor die 3 000 bande in voorraad. Voorsiening is ook gemaak vir oudiovisuele geriewe asook 'n "kantoor" vir die takbibliotekaresse. Addisionele sitplekke vir studente is ook aangebring.

As die biblioteek van die enigste veeartsenykundige fakulteit in SA (Medunsa is tans besig om een te beplan) speel die biblioteek 'n belangrike rol nie alleen ten opsigte van die studente en dosente nie, maar ook t o v praktiserende veaartse vanoor die hele land wat op hoogte van nuwe verwikkelinge op hulle gebied wil bly. Hierdie uitbreiding van die biblioteekgebou is 'n groot bydrae tot beter dienslewering. 'n Uitstalling van veeartsenykundige chirurgiese instrumente en X-straalplate het die aandag op die biblioteek se versameling chirurgiese boeke, tydskrifte en oudiovisuele materiaal gevestig. 'n Foto van die uitstalling het in die November/ Desember "Biblikasie" op bl. 17 verskyn.

ERICA VAN DER WESTHUIZEN

Footnotes





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

MY LAASTE DAE IN MERENSKY

*Ons beplan, ons beplan*
*Almal van ons, muis en man*
*Maar o toggie, o wee!*
*Die werklikheid werk nie mee*
*Almal skenk boeke dié tyd van die jaar.*
*Hulle is self moeg van opgaar*
*En oppas vir ons liewe baas*
*Hy wil alles netjies hê of hy raas.*

Dis Desember en almal het die verstaanbare drang om reg te pak - na alles, daar moet plek gemaak word vir nuwe besittings wat kerstyd instroom.

Boeke neem baie plek op en biblioteke is altyd gretig om nog meer boeke te bekom en miskien sit mev Rautenbach verveeld sonder werk by haar tafel, so hier kom die vragte boeke om haar gelukkig te hou!


Ek weet nou hoe het die Hollanders gevoel as hulle 'n klein lekplek in 'n dyk probeer toemaak en daar bars 50 ander gate deur. Ek het beplan om my tafel leeg en netjies agter te laat om my base se harte te verbly en my laaie netjies, met skêr, ens soos soldaatjies in 'n ry georden.

Maar daar daag feitlik uurliks reuse kartondose met skenkings op. Die bode stapel die inhoud van stootkarretjies op die rakke met 'n skelm glimlag na my kant toe omdat ek hom gedreig het met 'n rewolwerskoot as hy nog net éém boek vir my bring!

Nee wat dis heeltemal hopeloos. As ek by die agterdeur uitkyk, skyn die son op die groen gras en dit gee my hoop dat ek wel weer 'n geordende bestaan sal voer êrens in die toekoms.


MARIê RAUTENBACH
(alias Mev Robbies)

Ns 'n Spesiale woordjie van dank aan Topbestuur vir hul parkeerruimte die laaste week.



Van al die dae se werkery met geskenke, het ek skoon opgeraak!

# still cookin!



*TUNA RYSSLAAI*

*1 Blikkie Tuna (in "vegetable oil")*
*1 Middelslag blik ertjies*
*1 Groen soetrissie in klein blokkies gesny*
*1 klein uitjie gerasper (gebruik kleinste gaatjies op die rasper)*
*Sout, peper, paprika en mayonaise na smaak.*
*1½ koppies rys*

*METODE:*

*Kook rys tot gaar. Spoel met kouewater af.*
*Druk Tuna fyn met vurk (moenie olie afgiet nie)*
*Meng met res van bestanddele*
*Ment die mengsel met die afgekoelde rys.*
*Bêre in yskas vir 1-2 uur voor opdien.*

*GRIETJIE BOTHA*

*Ns Tydskrifadministrasie: Ons kan die dis beslis aanbeveel.*

*KERRIEHERDERPASTEI*

*4 groterige aartappels*
*± ½ Koppie gerasperde kaas*
*± 250g maalvleis*
*2 Uie fyngesny*
*1 Boeljonblokkie (beesvleisgeur) in 'n koppie kookwater geweek*
*Kerrie na smaak*
*Sout, peper en rooipeper na smaak*
*2 eetl meel*
*1 Eier*

*METODE:*

*Kook aartappels tot gaar en maak kapokaartappels.*
*Braai uie in 'n klein beitjie water en botter en 'n bietjie kerrie.*
*Voeg vleis daarby en braai tot bruin.*
*Voeg dan "Boeljonaftreksel", blatjang en kerrie, sout, peper en rooipeper by.*
*Braai stadig vir ± 15 min. Voeg meel en eiers as bindmiddel by.*
*Gooi in vuurvaste bak en plaas kapokaartappels bo-oor. Strooi gerasperde kaas bo-oor.*
*Plaas in redelik warm oond vir ± 45 min of tot bruin.*
*Ns Kan maar redelik baie kerrie bygooi. En dit is nogal lekker as dit so net-net vetterig is. Onthou die aartappels is maar droog.*




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DEUR DIE BLARE

*Op 'n dag het daar 'n groot, groen, verandering in die Merensky plaasgevind. Plante het soos paddastoele opgeskiet: op die rakke, teen die pilare - tot in die kelder. En terwyl ek wonder hoe ons dit so gaan hou, onthou ek die ou Chinese spreuk wat sê: "elke mens is net wat hy eet." Om 'n ooreenkoms tussen mense en plante te vind, is ook glad nie so moeilik nie: watter mens/plant wil nie liefde, water, lig en kos hê nie? Dus, gee vir die plante 'n gebalanseerde, natuurlike dieët en hou hulle dop! Wie het gesê Jan se boontjierank was die grootste, mooiste plant ooit?*

*GROETE TOT VOLGENDE MAAND!*



Tussen die takke
van die struik werskaf die tor
en 'n tinktinkie

Tussen die poinsettiablare
wat val
kom 'n skilpadjie op

## VARINGS

VOEDING: Varings benodig baie water in die somer en behoort nooit, gedurende enige seisoen, heeltemal uit te droog nie. Dit is ook belangrik dat die grond nie suur word nie.

Om varings in 'n goeie kondisie te hou moet vloeibare bemesting een- of tweekeer per maand toegedien word, wat die blare 'n welige groen kleur sal gee.

Bemesting moet nie aan die blare raak nie. Verhoed ten alle koste oorvoeding. Beslis nie meer as tweekeer per maand nie en dan ook net in die groeiseisoen. As die varing bleek begin lyk sal 'n knippie ystersulfaat die kleur herstel.


GROND: 'n Goeie mengsel (vir binneshuise potte) is die helfte kleigrond en die helfte mos (peat moss). 'n Bietjie fyn houtskool by die mengsel sal die risiko van suur grond verminder.

VERPLANTING: Dit is belangrik om nie die wortels te breek of te versteur nie, aangesien die varing die beste groei wanneer die binnekant van die pot bedek is met 'n netwerk van wortels. 'n Varing kan enige tyd verplant word, hoewel Augustus die beste tyd is. Gooi die plant goed nat voor die operasie, aangesien dit moeilik is om die kern nat te kry wanneer hy eers in die nuwe pot is - die omringende grond absorbeer die water eerste.

ALGEMEEN: Varings hou nie van verskuiwings of trekke (wind) nie, maar wel van gefiltreerde son, en wie weet - geselskap!


ELSA CRONJé

*Ferns, which laid their fragile cheeks
against the stone a million years.*
Richard Wilbur. *'Year's End*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Februarie 1982




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



BEVORDERING

Dit is altyd aangenaam om bevorderings van personeel te kan aankondig. Ons was dan ook gelukkig dat die Universiteit die volgende bevorderings vanaf 1 Februarie 1982 goedgekeur het.

Van Junior Bibliotekaresse tot Bibliotekaresse:
- Mej M M Lee

Van Klerklike Assistente tot Biblioteekassistente:
- Mev M F Coetzee
- Mev S A Geyer
- Mev I S Smit
- Mev I van Niekerk

Van Klerklike Assistente tot 'n Spesiale graad Klerklike Assistente:
- Mev P A Botha
- Mev C M de Klerk
- Mev J A Erlank
- Mej H Fritz
- Mej E A Muller
- Mev S Potgieter
- Mev C M J van Rensburg
- Mev I Venter

Aan al hierdie persone 'n hartlike geluk.

Waar daar ook aan die begin van die maand 'n aantal nuwelinge by ons verwelkom is is dit 'n goeie geleentheid om weer te kyk na die kriteria wat geld wanneer personeel vir bevordering oorweeg word.

In die eerste plek is daar die verkryging van verdere kwalifikasies. Hoewel dit 'n faktor is wat baie baie tel by die verkryging van verdere kwalifikasies in al die range in die Biblioteekdiens aanbeveel word, is dit nie 'n allesoorheersende kriterium nie. Kwalifikasies word in samehang met meriete, belangstelling en persoonlikheid oorweeg.

'n Persoon wat gelukkig is in sy werk en wat met ywer en inisiatief sy dagtaak verrig, trek gewoonlik die aandag. Veral as daarby ook nog 'n opregte belangstelling in die werk te bespeur is. Die belangstelling kom nie net tot uiting in die vrae wat oor die werk gestel word nie of wenke wat gedoen word tot verbetering van roetines nie, maar dit is ook merkbaar in die meelewing van die persoon in die sosiale funksies in die biblioteekdiens.

Meelewing op professionele vlak is eweneens belangrik. Lidmaatskap van SAIBI en die bywoning van tak- en afdelingsvergaderings daarvan gee ook 'n aanduiding van 'n belangstelling in die beroep. Hoewel dit op sigself nie kwalifiserend is vir bevordering nie, kan dit tog saam met die ander kriteria in aanmerking geneem word wanneer daar aan bevordering besluit word.

Hoewel 'n persoon aan al die vereistes voldoen vir bevordering en daar ook nie gehuiwer sal word om die bevordering aan te beveel nie, is daar dikwels die beperking dat daar nie 'n pos beskikbaar is nie. Slegs die range van biblioteekassistent en junior bibliotekaris is uitruilbaar, met die gevolg dat in al die ander range 'n persoon slegs vir bevordering oorweeg kan word indien daar 'n vakature sou ontstaan.

Hierdie is die algemene kriteria wat geld by bevorderings. Veral by die meer senior betrekkings word verdere vereistes wat eie aan 'n bepaalde pos is, ook in aanmerking geneem. In die ontsluitingsafdeling sal byvoorbeeld ander maatstawwe gebruik word as vir vakbibliotekarisse, terwyl daar ook 'n verskil mag wees tussen die vereistes vir 'n takbibliotekaris en dié van 'n vakbibliotekaris.

Personeel kan te alle tye verseker wees dat die topbestuur van die biblioteek in samewerking met die afdelings en/of seksiehoofde steeds simpatiek staan teenoor hulle en so objektief moontlik met inagneming van alle faktore oorweging skenk om moontlike bevorderings wanneer dit nodig is.

W W DUMINY



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# REDAKSIE



*Die Redaksie het hierdie maand 'n yslike klag*
*Ons moet vir artikels wag en wag*
*Ons skakel en herinner en soebat en dreig*
*Maar wat, dit help niks, party bly net swyg.*

*Om te help om ons blad 'n vreugde te maak*
*het mens stof tog wel nodig, hoe anders gemaak?*
*Van elke afdeling en takbiblioteek*
*Wil ons vreeslik graag 'n ietsie weet.*

*Ons vra nuus, as daar nuus is*
*So nie, iets oor enige krisis*
*Of anders maar net iets lekkers te lees*
*Oorspronklike artikels sal die welkomste wees.*



| *VERJAARSDAE* | | *MAART* |
|---|---|---|
| *Mnr P Ferreira* | *- Finansiële Admin* | *7* |
| *Mev A White* | *- Voorklinies* | *9* |
| *Mej M Marx* | *- Bestelafdeling* | *12* |
| *Mnr D Botes* | *- Bindery* | *13* |
| *Mej H Strawig* | *- IBL* | *16* |
| *Mev B Langkilde* | *- Ontsluiting* | *20* |
| *Mev R Benadé* | *- IBL* | *21* |
| *Mev S Hattingh* | *- Medies* | *23* |
| *Mev M Fourie* | *- Sekr Adj-Direkteur* | *24* |
| *Mej C Venter* | *- Ontsluiting* | *26* |

# terloops

*VRIENDE VAN TRUK*

*Kaartjies vir die volgende opvoerings in die Staatsteater kan by Thomas vd Walt bespreek word. Omdat die kaartjies d m v die Vriende van Truk verkry word, is daar 'n aansienlike afslag.*

*DRAMA*

1. *Monday after the miracle - 27 Feb. 1,2 en 4Mrt*
   *R5,30, R4,50, R3,25*
   *Gewone pryse: R6,55, R5,55, en R4,05*
2. *Animal Farm (George Orwell) 6,8,9,11,13 Mrt*
   *R2,65 - Gewone prys R3,25*
3. *Mattewis en Meraai 17,18,20,25 Mrt*
   *R5,30, R4,50, R3,25*
   *Gewone pryse: R6,55, R5,55 en R4,05*
4. *Shrivings (Peter Shaffer) 24,26,27,29 April*
   *R5,30, R4,50, R3,25*
   *Gewone pryse: R6,55, R5,55 en R4,05*

*BALLET*


1. *Anna Karenina 26,27 April*
   *R8,70, R6,90, R5,10*
   *Gewone pryse: R11,00, R8,55 en R6,30*
2. *La Fille Mal Gardée 29 April*
   *R12,10, R8,70, R6,90*
   *Gewone pryse: R15,00, R11,00 en R8,55*
   *Middag: 1 Mei: R5,90, R4,70, R3,45*
   *Gewone pryse: R7,30, R5,80 en R4,30*

*OPERA*

1. *Norma (Bellini) 23,25 Maart*
   *R14,10, R12,50, R9,90*
2. *Rigoletto 18,22,24 Maart*
   *R14,10, R12,50, R9,90*

   *Gewone pryse: R17,50, R15,50, R12,50*

*PROBEER OM SO VROEG AS MOONTLIK TE BESPREEK*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ORIËNTERING








Die oriëntering van Eerstejaars was hierdie jaar 'n hele okkasie. Daar is naamlik besluit dat die Oriëntering in vyf lokale tegelykertyd sal plaasvind ten einde kleiner groepe te verseker en die wagtydperk by die biblioteek te verkort.

In 1981 is daar alreeds begin beplan, Komitees van Ondersoek aangewys en kliphard gewerk vir hierdie oriëntering van 1982.

'n Nuwe skyfieprogram met klankbaan, kompleet, moes gemaak word. Magriet Lee, Helene Fourie en Matilda Pieterse het hulle hande vol gehad, want alles wat kan skeef loop, het skeefgeloop, maar helaas met die Oriëntering is daar net knoppies gedruk, skyfies het geloop en mnr Fred Steyn van Drama het presies verduidelik waarom alles gaan.




Elke eerstejaar moes ook 'n netjiese Biblioteek-handleiding kry. Laasgenoemde moes ook aan die hand van transparante verduidelik word.







Verskillende inligtingsoektogte moes vir verskillende vakgroeperinge aangebied word. Van alles moes daar 5 stelle transparante gemaak word. Die tien vakbibliotekarisse verantwoordelik vir die lesings, moes net bontstaan om nie die olifante en drome, en goud en toordokters verkeerd in te span nie!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die rondleiding by Merensky het net so 'n groot reëlery tot gevolg gehad. Alles is tot in die fynste besonderhede uitgewerk. Uitstallings is opgerig om die wagtendes besig te hou. 'n Tweerigtingradio is gebruik om te verseker dat daar nie te veel studente tegelykertyd, by die biblioteek opdaag nie.



Kobus Fouche het die taak gehad om die studente in te deel, te sorg dat die lesings die een na die ander begin en dat die vloei na die biblioteek vlot verloop. Mnr Otto was hier, daar en oral. Al die dames het op hom gesteun vir hulp indien daar iets sou verkeerd loop met al die maganiese toerusting! Dit natuurlik nadat hy al sy dae gehad het om die werking van al die knoppies en liggies van die oorhoofse- en skyfieprojektors by hulle tuis te bring.



Toonbank se personeel het die Handleidings uitgedeel en feitlik die hele Merensky-Personeel het onder Zani se leiding met die rondleidings gehelp.

Proff Gerryts en Boon was verantwoordelik vir 'n praatjie ter verpersoonliking van die Biblioteekdiens. Hulle het by die verskillende lokale geroteer.





Alhoewel almal vooraf baie benoud was, het alles tog goed afgeloop. Die studente was baie vaak, maar die Oriënteringsdosente het hulle bes gedoen om hulle wakker te hou en iets te leer. Die masjiene het gehou, (behalwe dat een lokaal eendag 'n kragonderbreking gehad het) die senuwees het bietjie gerafel, die stemme het al hoe sterker geword, en die selfvertroue groter! Ongelukkig het die Eerstejaars se selfvertoue ook toegeneem; in so 'n mate dat daar soms streng opgetree moes word. In elk geval - eind goed, alles goed en volgende jaar dié tyd is dit weer sulke tyd.

MATILDA PIETERSE




" 'Dialog'. . .'communicate'. . .'relate'. . . dammit, can't we just 'talk'?"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

















Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# EERSTE VLOER

'n VERRASSING... OF NIE?

Dis Vrydag 12 Februarie 1982 - amper naweek. Op die sekretaresse van die een Adjunk-direkteur se lessenaar lê 'n klompie briewe met verrassende en belangrike inligting vir sekere mense in die biblioteek.

--------------

Gedurende die etensuur vind die volgende gesprek in die teekamer plaas:

Eerste spreker: Vandag oor drie weke is dit die personeelgeselligheid .... ek sien regtig uit daarna.

Tweede spreker: Ag wat, ek weet nie hoekom word dit nog gehou nie. Watter doel het dit, leer mense mekaar beter ken?

Derde spreker: Ek kry altyd die indruk dieselfde mense wat bedags saamwerk, sit ook bymekaar by so 'n geselligheid. Dan leer jy nie eintlik iemand anders ken nie.

Voorsitster van die Sosiale komitee: As julle so sit en bespiegel, wonder ek of die Sosiale Komitee nog moet voortgaan met die reëlings. Ons wil tog graag iets reël wat elkeen wat kom, sal geniet.

Sekretaresse van die Adjunk-Direkteur: (Tot vorige spreker) Ek sal vir jou 'n afspraak reël by mnr Duminy en dan kom gesels jy met hom hieroor ... wat dink jy daarvan?

--------------

So gesê ... so gemaak.

Dis dieselfde middag, net na teetyd. Die toneel verskuif na die kantoor van mnr Duminy. Sy sekretaresse het pas vir die voorsitster gesê sy het reeds die saak by mnr Duminy aangevoor en sy kan maar binnegaan om met hom daaroor te gesels.

Mnr Duminy: Sit gerus juffrou. Weet jy waaroor ek met jou wil gesels?

Voorsitster: Ja, mnr Duminy, dis mos oor die Sosiale Komitee en die reëlings vir die personeelgeselligheid.

Mnr Duminy: Nee, dis nie dââroor wat ek met jou wil praat nie.
(Hy trek een van die briewe wat vroeër op sy sekretaresse se lessenaar gelê het, nader en vervoig). Ek wil jou gelukwens met jou bevordering!

-------------

Dit was 'n sprakelose rooiwang Magriet wat 'n rukkie later uit mnr Duminy se kantoor gekom het en selfs vir Marie Schoeman het sy nie woorde gehad nie.

------------

Aan elkeen wat hier aan die begin van die jaar bevordering gekry het - of dit nou onverwags was of nie - sê ons graag baie geluk!

# TWEEDE VLOER

Wel, glo dit of nie, maar hier is ons al weer diep in die tweede maand van die jaar!

Alida, Magriet, Thea, Zani, Carin en Rentia was almal baie bedrywig met die oriëntering van die eerstejaar studente terwyl die ander die fort moes hou.

Sonja Potgieter is weer terug na haar voetoperasie en dus goed om weer haar opgewonde gesiggie te gewaar.

Ilse-Marie en Marike het 'n heerlike vakansie by die Suidkus gehad en het ons skoon jaloers gehad met hulle mooi sonbrand. Hulle oë het weer geblink en was vol moed vir die jaar se harde werk wat voorlê. Harde werk gaan dit wees want hulle "swot" mos ook nou en arme dosente - dis net hulle twee en twee paar oë vol duiweltjies. Ons hoop hulle geledere word nog aangevul.

Rentia en Wouter het ook 'n bietjie gaan rus by Margate om krag te kry vir die jaar wat voorlê.

Maureen en Bella het alreeds hulle vuurdoop gehad met gebruikersopleiding.

Met al die studente weer hier, lyk en klink dit menige dae soos 'n byekorf.

"By hook or by crook I'll be first in this book . . . Adam"




# DERDE VLOER

En toe beleef ons weer die skrikbewind-ORIËNTERING '82 ... en ons oriënteer - dis lesings en rondleidings en almal voor die voet moet help. Dis net Margie wat gelukkig genoeg is om dit vry te spring - maar sy moet almal se klaagliedere aanhoor; dus het sy al deur diep waters gegaan in Februarie.

Terwyl ons met heimwee terugdink aan die suksesvolle oriëntering - die getroue wysie van Outeur-Titel-katalogus en Onderwerpskatalogus en aanwysingsbord en GSV - pluk ons die vrugte daarvan.

Ons moes net paai toe 'n student bitter ontevrede was dat die derde verdieping die laaste verdieping is - hy's seker daarvan hy't gehoor die plek het ses verdiepings. En getrou kom soek die verskrikte eerstejaars na so 'n "dunnerige geel goekie" of 'n boek oor Biologie of 'n fotostaatmasjien. En later moet ons ons ôû wysietjie herhaal!

So nou en dan het ons darem pret ook as Piet sy toffierondtes kom doen en na al ons klagtes luister ... en al ons probleme oplos!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONTSLUITING

'n Nuwe jaar gaan gewoonlik gepaard met veranderings. In hierdie opsig is 1982 ook geen uitsondering nie.

By die ontsluitings geledere, het Elrien Swart en Julie Rechaf by ons aangesluit. Ons vertrou dat hulle verblyf lank en gelukkig gaan wees.

Aan alle goeie dinge kom daar ook 'n einde. So het ons afskeid geneem van Jean Maree wat nou as 'n voltydse ingeskrewe student by die Universiteit van Stellenbosch is. Erika Brits en Elrien Swart het ingeskryf vir Honneurs in Biblioteekkunde. Voorspoed en sukses word hulle toegewens.

Drama bly ook selde agterweë. So het Demonstrasiedag met DOBIS amper traumaties geëindig. Met al die ou terminale buite aksie, moes ons noodgedwonge die nuwe apparaat in rekord tyd leer bemeester en hanteer, met boverwagte goeie resultate.

Ek glo nie ek is oor-optimisties as ek sê hierdie jaar beskik oor al die nodige komponente, om dit 'n goeie en 'n mooi jaar te maak nie.



ROLSKAATSE ... DIE OPLOSSING?

Op 'n onlangse vergadering van Seksie Makro-ontsluiting het Manda rolskaatse as 'n oplossing vir haar afstandsprobleem gesien. Algemene Administrasie sal moontlik weldra 'n aansoek van Manda ontvang, maar mev Langkilde se raad - plaas ook 'n aansoek vir 'n stel nuwe voortande!

BESLUITE T O V DIE KLASSIFIKASIE VAN KINDERBOEKE

Na vele tob betreffende die klassifikasie en huisvesting van die kinderboeke wat nou in groter hoeveelhede bestel word, is daar op die volgende riglyne besluit:

Kinderboeke vir Merensky biblioteek sal almal bymekaar op die tweede vloer gehuisves word. Hulle sal onder die jurisdiksie van die vakbibliotekaris vir opvoedkunde, tans mej Magriet Lee, val. Takbiblioteke sal hulle eie kinderboeke huisves. Alle kinderboeke sal die staanplekkode J dra, wat vir Jeuglektuur staan.

Onderwerpsgerigte kinderboeke sal streng volgens onderwerp geklassifiseer word, met die J-kode vooraan waar toepaslik. Letterkundige kinderboeke sal geklassifiseer word volgens die taal waarin die boek verskyn en nie volgens die oorspronklike taal van die boek nie.

Die biblioteek het al verskeie pragtige kinderboeke ontvang en 'n ledige uurtjie kan aangenaam gevul word deur daarin te gaan blaai. Ons vertrou dat almal nou maklik sal kan help wanneer gebruikers kinderboeke soek.

G STROEBEL

AANDAG!

Die LC SUBJECT CATALOG verskyn nou ook in mikrovorm. Vir die wat daarin belangstel sal die volgende inligting van aktuele belang wees:

1. Dit word gehuisves in 'n karousel en staan op laergrond, in die hoek by die skuins loopgang na die poskamer.

2. Die volgende jaartalle is op mikrofiche -
   1970 - 1975
   1978 en verder

3. Die volgende jaartalle is in boekform -
   1950-1973
   1976-1977

Kom gerus en help julself daarmee. Dit is ten alle tye beskikbaar vir die hele personeel.

RETROSPEKTIEWE OORSKAKELINGSPROJEK

Die retrospektiewe oorplasing van die biblioteek se ou voorraad op die UP-Dobisstelsel geniet tans besondere aandag.

'n Literatuurstudie het verskeie metodes aan die lig gebring waarvolgens so 'n oorskakelingsprojek bedryf kan word. Die literatuur het hoofsaaklik metodes, ondersoek deur oorsese biblioteke, gedek. Ons plaaslike omstandighede vereis egter sekere aanpassings by die toepassing van hierdie metodes.

Op die huidige stadium moet daar 'n besluit geneem word ten opsigte van die mees effektiewe metode waarvolgens hierdie oorskakeling bedryf kan word.

Daarna sal 'n intensiewe beplanningsfase volg waartydens die implementering van die metode deeglik beplan sal word. Alhoewel die projek nog in sy begin stadium is, lyk die vooruitsigte belowend.

SUSAN MARSH - ONTSLUITING



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BOEKBESTELLINGS

Ons is bly om mev Maretha Rossouw weer terug te verwelkom na haar kraamverlof. Haar dogtertjie se naam is Yolandê. Terselfdertyd sê ons tot siens aan mej Helenë Potgieter wat weer voltyds gaan studeer. Mej Potgieter het in die tyd wat sy hier werksaam was met baie van die uitstallings gehelp.

Na 'n suksesvolle spanpoging is al ons agterstallige bestellings van verlede jaar afgehandel. Nou kan ons met nuwe moed die bestellings vir 1982 aanpak!

Meer van die personeel is nou betrek by die LIBIS-oefensessies en die voorbereiding vorder goed. Aan almal wat vanjaar weer klasdraf wil ons sterkte toewens.

RITA BOTES

'n Interessante boek wat onlangs opsig ontvang is in die bestelafdeling, is "The illustrated directory of Film Stars" deur David Quinlan. Die boek bring sowat 1600 loopbaanstudies van filmsterre en verhoogkunstenaars byeen. Daar is 'n verkorte opgawe van elke kunstenaar se lewe - sy triomf en mislukkings. Dit word ook vergesel van 'n volledige lys van selfs die geringste rolle wat deur die betrokke persoon vertolk is.

Ek voeg twee voorbeelde by en hoop dat dit u belangstelling sal prikkel.

RONEL BLAAUW



**DEREK, Bo**
**(Mary Collins) 1956-**
**Fair-haired, firm-bodied American actress with pale blue eyes. facially not unlike Raquel Welch. Married to John Derek, who masterminds her career, she bids fair to become the cinema's top sex symbol of the eighties.**
*1975: And Once Upon a Time. 1977: Orca – Killer Whale. 1978: Love You. 1979: 10. 1980: A Change of Seasons. 1981: Tarzan the Ape-Man.*



**BERGEN, Candice 1946-**
**Tall, icy, fair-haired, square-jawed actress, the daughter of ventriloquist Edgar Bergen (1903-1978). The fervour lacking in her acting did express itself in her ardent feminism and in her later career as a photo-journalist. Married French director Louis Malle in 1980.**
*1966: The Group. The Sand Pebbles. 1967: The Day the Fish Came Out. Vivre pour vivre. 1968: The Magus. 1970: Getting Straight. Soldier Blue. The Adventurers. 1971: Carnal Knowledge. The Hunting Party. 1972: T.R. Baskin (GB: A Date with a Lonely Girl). 1971: 11 Harrowhouse. 1975: Bite the Bullet. 1976: The Wind and the Lion. The Domino Killings. 1977: The End of the World, in Our Usual Bed, in a Night Full of Rain. 1978: Oliver's Story. 1979: Starting Over. 1981: Rich and Famous. Gandhi.*

## TYDSKRIFTE

Hallo mede-kollegas

In tydskrifte was dit voorwaar 'n maand van gebeure en nuwighede.

Wat die "nuwighede" betref het ons drie nuwe dames in ons afdeling gekry. Zanda, Maryna en Christa is egter al goed ingeburger en maak al soos ou veterane die pos oop. Buiten al hierdie bekwaamheid van hulle is hulle ook nog deel van die "studente-kliek". Ons sê dan sommer sterkte vir die "swottings" en baie welkom hier by ons.

Ons professor mev Adri Botha bekyk dan ook die "wêreld" deur 'n nuwe bril en glo my behandel die "professor" tog met ontsag veral as sy agter jou staan en vertel wat eintlik vir wat gaan in hierdie afdeling.

Sonder troues en babas sal hierdie afdeling seker nooit wees nie. Esther hardloop hier rond soos 'n "dronk donkie" en weet nie eintlik wat sy gekoop het vir haar troue of vir die sosiale klub se jaarlikse partytjie nie. So neem tog asseblief by voorbaat die verskoning aan as daar dalk iets mag verkeerd gaan. Grietjie, "onse moedertjie" verlaat ons ook al een van die mooi dae en is al so berskermend oor die "spruitjie" sy wil niks verkeerd hoor nie.

Ansie loop net rond met 'n glimlag, want manlief het mos al sy hereksamenvakke gekry. In die kelder het die stoflagie ook nou verdwyn en is Joseph sommer baie bly dat hy weer 'n "nonnie" het.

Van Liesbet se teenwoordigheid sal mens nie ook sommer kan vergeet nie. Sy herinner ons gedurig aan haar teenwoordigheid indien ons mag vergeet en glo my dan praat sy 'n hond uit 'n bos uit.

Wat myself betref voel ek weer asof ek "jare" hier werk en het dan ook my eerste "poskamer verkoue" gekry. So basies is ek eintlik nou deur my oriëntering.

Laaste maar definitief nie die minste nie is dan ook onse "baas." Moenie glo nie, maar tussen al die oriëntering, werk en foto's neem het "onse" Ann wel 'n maandelikse "vergaderinkie" ingekry. Alles het goed verloop en almal het eenstemmig besluit "volgende" maand handel ons alles af wat dalk agterweë gebly het.

Groete

VERONA

## BINDERY

BINDERY

As a recent arrival I was very impressed by the welcoming words and good wishes I received.

Sincere thanks to one and all.

I do miss the early morning cup of tea or coffee wherever one works in Rhodesia.

E L SNEL



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## africana



INTERESSANTE NUWE BOEKE IN AFRICANA

Aan die einde van verlede jaar het Africana 'n aantal boeke bygekry wat in meer as een persoon se belangstellingsveld sal val.

Onder die besending boeke kan genoem word Karel Schoeman se geskiedenis van Blomfontein en "Cape Wine Homesteads", pragtig geïllustreer deur Ted Hoefsloot.

Dan is daar ook "Flower Paintings of Katherine Saunders" en "Private Tucker's Boer War Diary", wat ek graag wil uitsonder.

"Flower Paintings by Katherine Saunders" is 'n boek wat beide die kunsliefhebber en die plantkundige sal interesseer.

Katherine Saunders en haar man het in 1854 in Natal aangekom. Hier het die plantegroei haar so getref dat sy talle tekeninge begin maak het. Van hierdie tekeninge het 700 vir ons behoue gebly.

Die eerste deel van die boek skets Katherine Saunders se lewensgeskiedenis en die tweede deel is gewy aan haar sketse van inheemse plante, met byskrifte van waar hulle gevind is en in watter klimaatstoestande hulle aard. Dit is definitief die moeite werd om die boek deur te blaai, of as die tyd dit toelaat te lees.

Nog 'n boek wat my aandag dadelik getref het was "Private Tucker's Boer War Diary." Van Private Tucker is daar nie veel gegewens nie behalwe dat hy op veertienjarige leeftyd by die weermag aangesluit het en toe hy 24 jaar oud was na Suid-Afrika gekom het om in die Anglo-Boere Oorlog te veg.

Die boek bestaan uit daaglikse inskrywings van gebeure. Hoewel Tucker se onsimpatieke houding teenoor die Boere en die tipies Britse imperiale meerderwaardigheid op talle plekke deurskemer, gee die boek tog interessante inligting oor gevegte, die daaglikse roetine die kos wat geëet is ens.

Teenoor die inskrywings van Tucker word feitlike en objektiewe weergawe van die geskiedenis gegee. Talle foto's en spotprente met beskrywende onderskrifte kom deurlopend in die boek voor. Die boek kan vir enige belangstellende in die Anglo-Boere oorlog 'n uur of twee se bouende leesstof verskaf.

JOY ROOS

## *MUSIEK*

VERLIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE MUSIEK

Anton Hartman, die reuse musiekleier in Suid-Afrika, is op 4 Februarie in Johannesburg in die ouderdom van 63 jaar aan limfklierkanker oorlede.

In die jare dertig het professor Hartman sy B Mus (Hons) en M Mus, albei met lof, aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal. In 1939 is hy eers as programopsteller werksaam, later as Hoof van die Musiek asook dirigent van die Nasionale Simfonieorkes van die SAUK. In 1978 is hy as Hoof van die Musiekskool by sy Alma Mater aangestel.

Daarbenewens het Anton Hartman op verskeie komitees en rade gedien, onder meer die FAK se Musiekkommissie, die Advieskomitee oor Uitvoerende Kunste, die Kommissie van Uitvoerende Kunste van die Akademie, die Staatspresidentskommisie van Ondersoek na die Skeppende Kunste en die RAU-Raad.

Professor Hartman het 'n besondere liefde vir die Afrikaanse kunsmusiek, volksmusiek, komponis en uitvoerende kunstenaar gehad. Dit het hy bewys deur die openbare en radio-uitvoerings waarin hy as dirigent opgetree het asook deur die talle opdragte wat uitgereik is toe hy sleutelposte in die SAUK beklee het.

Hierdie Suid-Afrikaner, wat ver buite die grense van ons land as dirigent en musiekkenner bekend was, is vir sy leierskap, organisasievermoë, sy gawe om te inspireer, sy toewyding en die bevordering van Suid-Afrikaanse musiek en musici met twee ere-doktorsgrade deur die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van die Witwatersrand bekroon.

Wyle professor Hartman laat sy vrou die sangeres, Jossie Boshoff, en 'n gewaardeerde Suid-Afrikaanse musiekpubliek agter.

A MOOLMAN





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# LUS VIR LEES?

T V Bulpin: Discovering Southern Africa
(2e hersiene en uitgebreide uitgawe)
T V Bulpin Publications, Kaapstad, 1980. R21,00

T V Bulpin is bekend vir sy besondere vertellings van die geskiedenis van ons land. Ook met "Discovering Southern Africa" stel hy nie teleur nie. Dit is 'n omvattende reisgids van Suidelike Afrika met die gewone toeriste-inligting bv plekke van akkommodasie - sommige daarvan met persoonlike aanbeveling - en 48 besondere kleurfoto's.

Maar dit is meer as net 'n reisgids: hy neem jou op 'n ontdekkingstog deur die Wes-Kaap na die Blommekus en die Karoo; met die Tuinroete na die Land van die Setlaars, die Wildekus en Natal; met die Goue Weg deur die Vrystaat en Transvaal na die Krugerwildtuin en vandaar na Suidwes-Afrika, Botswana, Lesotho en Swaziland tot by Manikaland in die noorde van Zimbabwe.

Hy gesels oor die natuurskoon en oor besondere plekkies langs die pad, vertel verhale van mense en gebeurtenisse, beskryf besienswaardighede en deel die geskiedenis daarvan op 'n heerlike geselstrant mee.

Die boek adem 'n atmosfeer van ".... the pleasures and excitement of travel, the wealth of fascinating discoveries to be explored, and the joy of life to be found in the sunshine of the great spaces of Southern Africa."

Beter kan ek dit nie stel nie!

ELRIEN SWART

# VEEARTSENYKUNDE

Mev Shirley Kingsley, Biblioteekassistente by Veeartsenykunde, Onderstepoort, verlaat ons einde Februarie. Sy het 'n betrekking as tegnikus by die Departement Parasitologie van die Fakulteit Veeartsenykunde aanvaar.

Shirley se jaar in die Biblioteekdiens was deur haar vriendelike, bekwame diens gekenmerk. Veral studente kon altyd op haar steun - die feit dat haar man self een is, het seker haar begrip van hulle probleme verbeter!

Baie dankie vir jou harde werk, Shirley, en voorspoed met die finale studies vir die Biblioteekdiploma!

ERICA VAN DER WESTHUIZEN

# TOONBANK

Met die studente wat weer in hul massas terug is, gaan dit maar druk en dol hier by die Toonbank (was daar regtig 'n tyd hier in Desember dat ons gewens het die Universiteit moet begin?)

Gelukkig is hier en daar darem 'n guitige kwinkslag of opmerking van 'n onkundige eerstejaar (of 'n voorbarige student) wat aan die dag 'n glimlag-kleurtjie verleen, bv: "Waar is die gereserveerde-leeskamer" of "gereserveerde leesgoed vir Afrikaans?" - alias GSV!

'n Dapper eerstejaar het dit tot by die Toonbank gewaag en baie mooi gepleit of hy nie asseblief maar kan inkom nie - al het hy nie 'n lenerskaart nie!!! Daar is vele wat hierdie gedagte met hom deel: die Biblioteek is taboe sonder 'n lenerskaart.

En van lenerskaart gepraat: "Daai kaarte, daai wit goeters wat julle stempel ......" of "Ek wil boekkaartjies hê".

Op 'n dag het 'n flukse eerstejaar probeer uitvind hoe hy te werk moet gaan om 'n studiehokkie in die hande te kry.

Skoon oorbluf deur die nuwe kettings aan die katalogi, het 'n verwarde student ons versoek om die katalogusse oop te sluit sodat hy sy bronne kan opsoek.

Sanette verlaat ons die einde van die maand - gelukkig net tydelik. Ons wens haar sterkte en voorspoed (en baie geduld) toe.

En so tussen die gewoel en gewemel probeer Hannetjie om alles in orde en agtermekaar te kry vir die groot dag van Rekenarisering! Wanneer dit sou wees weet wie ........

Groete
TOONBANK

# LANDBOU

Nā 'n lāāng stilte sit Landbou weer die hand op papier, onder andere ook om die nuwe redaksie geluk te wens met 'n puik eerste uitgawe.

Dinge het intussen ook nie stilgestaan hier op die ooskampus nie.

Gedurende die vakansie het mej Jeanette du Preez in die huwelik getree. Sy is nou mev Bornman wat weer vol in die tuig is ná 'n droom vakansie op Mauritius.

Die studente is ook terug en dis sommer dadelik seminare wat geskryf moet word, verwysings wat gesoek moet word, en fotostate wat gemaak moet word. (En Xerox-tegnici wat uitgeroep moet word om oorverhitte masjiene te versien!)

Wat die res van Landbou en sy mense aanbetref gaan dit voor die wind.


Groete tot volgende keer.

ALET FISCHER



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# still cookin!



KERRIERYSSLAAI

*2 Koppies rou rys*
*1½ Koppie mayonnaise*
*1 Blik ingelegde perskes*
*1 Groen rissie*
*2 Uie*
*2 Desertlepels kerrie*
*1 Desertlepel mosterd*

*Kook rys, kerf rissie en snipper perskes en uie. Meng mayonnaise, perskestroop, kerrie en mosterd. Roer dan alles bymekaar. Laat oornag in yskas. Garneer met komkommer en pietersielie.*

*JO BREED*

MAKLIKE VISGEREG

*1 Pakkie visvingers*
*1 Middelslag blikkie aspersies*
*Witsous*
*1 Koppie gerasperde cheddar kaas*

*Pak 'n laag visvingers in 'n oondskottel. Druk aspersies fyn en plaas bo-oor. Gooi witsous oor en laaste die kaas. Bak in matige oond vir 20 minute.*

VOLKORING-YOGHURT BROODJIE

*4 Koppies "Nutty Wheat"*
*1 Koppie gerolde of gebreekte koring*
*1 Koppie sonneblomsaad*
*1 Eetlepel kremetart*
*1 Eetlepel Koeksoda*
*2 Eetlepels heuning*
*500 ml gewone Yoghurt*

*Meng droë bestanddele gooi heuning en Yoghurt by en meng goed deur. Bak in klein broodpannetjie vir 1-uur 15 min by 180°C.*

# deur die blare



IMPATIENS SULTANII

Die Waterfuchsia (Busy Lizzie) is 'n baie bekende plant wat pragtige blomme so te sê dwarsdeur die jaar dra. Dit is uiters geskik vir die skadutuin asook vir vertrekke wat Noord front.


Die plante benodig baie lig en effens sonlig en is tevrede met gewone tuingrond wat met heelwat kompos gemeng is.

Waterfuchsias benodig elke dag water. Dit is veral goed as dit bo-oor die plant gesprinkel word. Meng elke tweede week 10ml Marinure per 5 liter water. Vir beddings in die tuin kan hierbenewens ook kunsmis bv K.A.N twee keer per jaar ingewerk word.

Die plante moet elke jaar gesnoei word. Met die steggies wat so verkry word kan weer nuwe plante gekweek word. Plante en saad kan ook gekoop word.

Slakke en rooispinnekoppies kan die plante beskadig. Slakgif en Malathion is die antwoord hierop.

NORRIE NEL



'God Almighty first planted a garden
and indeed it is the purest of human pleasures.
It is the greatest refreshment to the spirits of man,
without which buildings and palaces are but gross handiworks;
and a man shall ever see that when ages grow to civility
and elegancy, men come to build stately sooner
than to garden finely, as if gardening
were the greater perfection!

*Francis Bacon*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# jollifikasie




TEMA: Boerebraai

DATUM: 5 Maart 1982

PLEK: Proefplaas

BRING SAAM: GEES, bord, beker, glas, eetgerei, eie drank.






## *Aanddiens : 1 Feb. 1982*

The heights by great men reached
and kept were not attained by
sudden flight, but they, while
their companions slept, were
toiling upward in the night.
HENRY WADSWORTH LONGFELLOW



*You should make the library your second home*

BESPARING VAN ARBEID (SELFWERKSAAMHEID)

Kantore sal vanaf 1 Januarie 1982 slegs elke derde dag ten volle skoongemaak word.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

MERENSKY-BIBLIOTEEK
SOSIALE KLUB

OPSOMMING VAN ONTVANGSTES EN UITBETALINGS GEDURENDE 1981

| ONTVANGSTES | 1981 | 1980 |
|---|---|---|
| Ledegeld | 4 063,30 | 4 083,50 |
| Bydrae deur die Universiteit | 346,28 | 72,28 |
| Diverse Ontvangstes | -- | 41,43 |
| Totaal | 4 409,58 | 4 197,21 |

| UITBETALINGS | 1981 | 1980 |
|---|---|---|
| Melk | 683,60 | 649,88 |
| Koek | 1 369,20 | 1 264,23 |
| Kruideniersware | 772,98 | 597,22 |
| Geskenke by diensverlating | 201,00 | 289,00 |
| Breekware | 340,76 | 91,52 |
| Ruikers | 177,84 | 133,17 |
| Trougeskenke | 64,00 | 88,00 |
| Bydraes tot gesellighede | 665,27 | 162,65 |
| Sryfbehoeftes | 2,81 | -- |
| Bankkoste | 69,58 | 29,00 |
| * Verversings verskaf aan nie-lede: | | |
| Besoekers wat deur die Direkteur onthaal is gedurende 1981 | 155,20 | 72,28 |
| Besoekers tydens drie opedae | 191,08 | -- |
| Ledegeld terugbetaal aan lede wat diens verlaat het | 7,50 | 17,50 |
| Blomme, potplante en blombakke | 100,00 | 8,27 |
| Totaal | 4 800,82 | 3 402,72 |

Kontant in besit van die klub op 31 Desember 1981:

1) In lopende tjekrekening by Volkskas R474,70

2) In Spaarrekening by Saambou-Nasionale Bouvereniging R561,24

*Die bedrae ten opsigte van verversings wat aan nie-lede verskaf is, is deur die Universiteit terug betaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# totsiens

1. Wendy Visagie
2. Shirley Kingsley
3. Heleen Potgieter
4. Jaco van Rooyen
5. Rina Greyling
6. Isabel van Rooyen
7. Piet Greyling
8. Hannelie Möller



1



2



3



4



5



6



7



8

# welkom

1. Julie Rechav
2. Hannelie Mostert
3. Rita Potgieter
4. Christa Enslin
5. Zanda Kruger
6. Maryna Roets



1



2



3



4



5




6

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

Maart 1982




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



WAS JY AL EEN?

- van die Ontsluiters wat 'n ou boek moes oorplaas op DOBIS, en die boek was nie op die rak, of uitgeneem of in die wegpakkamer nie
- of een van IBL se mense wat 'n ander biblioteek moet laat weet: jammer, ons boek wat julle soek is "tydelik vermis"
- of werk jy by Toonbank, en het 'n ongeduldige gebruiker wat jou blameer vir 'n onoplosbare boek.
- of iemand by Boekbestellings wat al die papierwerk moet verrig vir 'n "vervang-vermiste-boek?"
- wat van 'n Vakbibliotekarisassistent wat 'n boek moet reserveer wat tussen neus en ore verdwyn het
- of die Vakbibliotekaris wat met 'n benouing om die hart vir iemand baie groter as jy moet sê "Die boek is weg"?

Miskien is hierdie verlore boek wat daagliks ons paadjie in die biblioteek vol duwweltjies gooi een van die meer as 3 000 tot-met-rakkontrole verlore boeke, wat na rakkontrole vindbaar en beskikbaar is.

As rakkontrole so saam met die wintergriep en somerhooikoors die biblioteek binnewaai, voel dit vir menige van ons of dit maar net sowel daardie twee kwale is wat jou getref het, want die takie kan nou nie juis met die opwinding van bergklim vergelyk word nie, al kom die aksie tot 'n geringe mate ooreen, of dit is dalk nie heeltemal so interessant as om die natuur om jou te bewonder nie, al is daar ook 'n enkele raakpunt, maar enige een wat al rakkontrole beleef het, sal kan sê dat die gevoel wat jy kry as jy die laaste boek op sy regte plek sit, baie naby kom aan die gevoel wat jy laas gehad het toe jy op 'n bergtop gestaan, en die wêreld na 'n lang klim van bo af beskou het.

Want jy weet - vir die volgende ses maande gaan daar tussen die honderd of wat van ons Drie Duisend keer minder gesoek word, en dus soveel meer produktiewe arbeid verrig word.

Dan is daar seker nog die bekende gevoel van "ek doen mos nou 'n ander ou se werk. Ek het mos normaalweg niks op die vloere verloor nie, en wie gaan mý werk vir mý doen as ék agterraak?"

As ons terugkyk na die begin van die artikel, is dit duidelik dat almal betrokke is by die daaglikse Groot Soek, en dus ook almal dan betrokke moet wees by die Groot Regpak - uit selfsugtige redes, natuurlik, want die boek wat jy dalk môre soek, is die een wat jy gister op sy regte plek gebêre het.

Het jy al ooit gedink dat Rakkontrole 'n bonus het? Dink maar aan die boeke wat jy op dié manier ontdek oor jou belangstelling of stokperdjie, of dalk 'n ou vriend uit jou skooljare, en wat jy na rakkontrole met vreugde kan lees.


Ons dank aan die mense wat die taak gehad het om te sorg dat elkeen van ons 'n gelyke kwota foute gekry het om reg te stel - en ek hoop jy is die een wat na die vakansie nie na 'n enkele boek gaan soek nie.

MAGRIET LEE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *poste restante*



INSAKE: DIE TRAPSITTERS

Daar is 'n spreekwoord wat lui: Elke huis het sy kruis. Nou ek is daarvan oortuig dat die Merensky se kruis "die Trapsitters" is. Maar ons probeer dit met grasie aanvaar en ek moet sê die maneuvers word elke dag beter om die beste roete te bepaal!

Maar wat my nou deesdae dwars in die krop steek is dat dit nou nie meer net Trapsitters is waarvoor ons moet koes nie, maar ook hierdie genoemde spesie se - koeldrankblikkies, 'Chips'papiere, lekkergoedpapiere - 'n lange lys.

Nou wonder 'n mens - met ons moderne wetenskap van vandag moet daar tog seker iets soos elektriese skokgolwe wees, wat net geaktiveer word as 'n sekere deel van 'n mens se anatomie daaraan raak.

Enige ander voorstelle?

MARIKE VILJOEN




| *Verjaarsdae* | | *April* |
|---|---|---|
| *Mev J Coetzee* | *Africana* | *3* |
| *Mev G Botha* | *Tydskrifte* | *7* |
| *Mev H Fourie* | *Ontsluiting* | *7* |
| *Mej H Theron* | *Bestelafdeling* | *8* |
| *Mev SF Grimbeek* | *Kalafong* | *10* |
| *Mej A van Zijl* | *Tydskrifte* | *12* |
| *Mev R Pretorius* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *20* |
| *Mnr V Otto* | *Leendiens* | *21* |
| *Mej J Roos* | *Africana* | *23* |
| *Mev M Coetzee* | *Bestelafdeling* | *24* |
| *Mev J v Oordt* | *Vakbibliotekarisstelsel* | *24* |
| *Mej M L Marais* | *IBL* | *27* |
| *Mej L Pretorius* | *Tydskrifte* | *28* |
| *Mnr A v Rensburg* | *Bindery* | *28* |


## SKENKINGS

'n Gewaardeerde gas, mnr S J Kritzinger, het op 10 Maart 1982 saam met ons personeel teegedrink. Oom Salie, soos hy beter bekend is, het aan ons 'n skenking van hoofsaaklik biblioteekkundige materiaal gemaak en ons het die geleentheid ook gebruik om aan hom ons dank en waardering oor te dra.

ALIDA DIPPENAAR



Prof C F B Hofmeyr het op 2 Maart 1982 'n kaart van die kiesafdelings in die Transvaal (1914) asook veeartsenykunde boeke aan prof Gerryts oorhandig.







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Besoekers

Op 8 Maart 1982 het die VSR die biblioteek op versoek van prof Gerryts besoek. Die doel hiervan was om 'n beter verstandhouding met die studenteleiers te bewerkstellig en sodoende 'n kanaal te skep vir kommunikasie wanneer probleme bespreek wil word.




Mej Erna Klopper en Willem Kemp (VSR-lid) wat as skakelpersone opgetree het.



# Uitstallings








Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# EERSTE VLOER

BOERESAMEWERKING

Toe die gedagte by my opgekom het om 'n uitstalling aan te pak vir die aanvang van 1982, het die aansien wat die Krugerrand in die buiteland geniet, met goud as 'n goeie kommoditeit, 'n rol gespeel. Die vraag was net, waar kry ons die materiaal? Uit goedere trou het ons, ons na Volkskas gewend. Die goeie, flinke samewerking en welwillendheid van Volkskas was vir ons 'n groot hulp. Hulle was bereid om ons op hulle koste na die skakelafdeling te vervoer om enkele stukke te besigtig. Nie net Volkskas het bygedra tot die sukses van die uitstalling nie, maar ook Magriet Lee se Krugerrand-"tjekkies" het luister verleen aan die uitstalling. Verder was Volkskas so vriendelik om na afloop van die uitstalling weer die geleende stukke op eie koste te verwyder.

RIA VAN REGTE



*I like the dreams of*
*the future better than*
*the history of the past.*
*THOMAS JEFFERSON*

*It's good to have*
*your feet on the ground,*
*but keep them moving.*
*ARNOLD GLASOW*

*I have never known a man*
*who died from overwork,*
*but many who died from doubt.*
*CHARLES MAYO*

# ONTSLUITING

MASJIENONTSLUITERS - 1982

Trippel-Trippel. Die jaar is nog lank. Ons staan nou op die derde trappie van 1982. As mens so vlugtig terugkyk, wil dit lyk of daar sover niks noemenswaardig gebeur het nie. Maar moet dit tog nie te hard sê nie! Die statistiekgogga sal vinnig sy tande wys. Volgens statistiek ontvang en stuur ons 'n lywige klompie bande maandeliks deur. Elke oggend van Maandag tot Vrydag om 07h30 word die 16 masjiene aangeskakel en in rat gesit. 'n Gekraak van ratte wat droog is (of dalk al oud?) word hoorbaar. Mens sien ook rookwalms by die vuriges se kante uitborrel. So af en toe blaas een stoom af. Maar so gaan ons die dag deur en wanneer dit 16h30 word, verander die masjien van gedaante en neem dit amper die karakter van 'n menslike wese aan.

Die aand van 5 Maart 1982 het ons in ons hordes opgetrek na die proefplaas. Oues, jonges, mooies, lelikes - elk 'n unieke model met sy eie karakter. Maar wag ..... wat sien ons? Is dit ons masjiene wat so snaaks optree? Hulle toon jou wrintiewaar masjienlike afwykings wat grens aan menslike gedrag! Maar ons troos ons daaraan: dit is net een keer 'n jaar - so? LAAT WAAI!!

Die Maandag is ons weer in werkende toestand. Sommiges effens teleurgesteld in hul mede-masjiene omdat hulle dalk "anders" was. Maar wie is ons as masjiene om 'n ander te veroordeel of te beskinder? Is dit nie dalk juis tekortkominge in onsself wat ons as foute in andere sien nie? Net soos elke blom en elke mier sy eie identiteit besit, so ook elkeen van ons. 'n Idenditeit is nodig vir voortbestaan. So, moenie 'n ander se identiteit probeer verander en 'n identiteitskrisis tot stand bring nie. Dit kan dalk net 'n kortsluiting in die bedrading veroorsaak.

Almal van julle! As julle wil sien hoe funksioneer ontsluitingsmasjiene, kom lê gerus hier by ons besoek af. En onthou: masjiene kan halsstarrig wees, maar hulle kan gewis nie byt nie.

E BRITS




*Dit dalk hoekom daar nie mans in Ontsluiting werk nie??*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# DERDE VLOER

"DIE NAGWAG" - "GIJSBRECHT VAN AMSTEL"

Rembrandt se meesterwerk van 1642, in die katalogus van die Rijksmuseum te Amsterdam aangedui onder no 2016 as "De schuttersoptocht, zijnde het Corporaalschap van kapitein Frans Banningh Cocq en luitenant Willem van Ruytenburg", beter bekend as "Die Nagwag", het kunskritici en -kenners, omdat dit so 'n integrerende selfstandigheid besit en afwyk van die res van Rembrandt se oeuvre wat innerlike gesteldheid betref, al baie laat kopkrap. "Die Nagwag" se geestelike en historiese agtergrond is onverklaard, en daar word dikwels van 'n "wêreldraaisel" gepraat.


'n Taalkundige, prof dr W GS Hellinga, kom in sy werk "Rembrandt Fecit 1642" met 'n verklaring van die diepere sin van die werk vorendag. Hy wys die verskillende emblemata (sinnebeeldige tendense) aan en verklaar dit, en dui ook op die analogie tussen "Die Nagwag" en "Gijsbrecht van Amstel". "Gijsbrecht van Amstel" word in 1637 geskryf vir die inwyding van die nuwe Jacob van Campen-skouburg in Amsterdam. Dit is 'n klassieke treurspel wat die teenstelling tussen die barbaarse ondergang van aardse grootheid (in diê geval gesimboliseer deur die stad Amsterdam) en die blywende betekenis van ewige waardes soos nederigheid en oorgawe aan God se bevele uitbeeld. Die begin van die drama wys vir ons die Waterlanders en Kennemers, wat onder aanvoering van Diederick van Haarlem en Willem van Egmont stil vertrek, nadat hulle Amsterdam vir 'n jaar beleër het om die dood van Floris V te wreek.

Hellinga meen, dat Rembrandt die opvoering bygewoon het, asook van die kleedrepetisies. Die skets "Toneelspeler in zijn kleedkamer" (1636-38) is agter die verhoog gemaak en is 'n afbeelding van die akteur Willem Ruyter, wat die rol van Gozewijn in "Gijsbrecht van Amstel" speel. "Die Nagwag" is dan volgens Hellinga, 'n afbeelding van die openingstoneel in "Gijsbrecht van Amstel, wat die argitektuur en ook die tema betref. "Die Nagwag" se emblemata dui daarop dat Rembrandt sy skuttersgroep wou teken in hulle oorwinningsvreugde - luimig maar ook uitdagend spreek hulle van die roem van Amsterdam wat blywend sal triomfeer ten spyte van verdrukking. Baie van die emblemata se verklarings word teruggevind in "Gijsbrecht van Amstel." 'n Voorbeeld: wit voël (haan sonder kam?) wat aan die gordel van die geel meisie hang, word sô in "Gijsbrecht van Amstel teruggevind: "Nooit kraaide haan, als hem de kam was afgebeten,"

Diè van julle wat verder belangstel in die teorie kan gerus na Rita se uitstalling op die 3e verdieping kom kyk.

Muller, M: Zo leefde Rembrandt in de gouden eeuw. Hollandia N V 1967.
Hellinga, dr W GS Rembrandt Fecit 1642. Meulenhoff 1956.

*JINNIE VAN OORDT*




Na 'n lang tydperk van 'saaiheid' het 'n bietjie opwinding ons ook darem weer te beurt geval - Margie trou Saterdag die 27ste Maart. Sommer so in die stilligheid en so tussen al die harde werk deur het sy trourok laat maak, blomme bestel, kaartjies uitgeskryf en alles en nog wat gedoen gekry. Ons sien baie daarna uit om die groot dag met haar te deel en wens vir haar en Johan 'n pragtige dag en 'n *salige* rustydjie daarnâ toe!

Matilda en haar Johan het 'n nuwe toevoeging tot die gesin gekry - Pablo, 'n *GOUE* Spaniel. Party dae lyk sy maar *VAAL* van die vaak en ons kan nog nie uitvind wie nou eintlik vir wie wil 'opvreet' nie.

As Annatjie en hâär Johan binnekort 'n boek skryf sal die titel seker wees - MAX, MY AVONTUUR... - want sowat van ondervindinge het min mense al met 'n hond beleef

Amanda en haar Johan hou seker êrens lekker vakansie want sy het ewe geheimsinnig vir twee weke verdwyn ... (-ons beny haar natuurlik want ons kan skaars nou al van vakansie droom!)

Die 'Johanne' het nou opgeraak maar gelukkig nie die nuus nie ... Jinnie en Irene bevind hulleself deesdae in splinternuwe kapsels - soos Piet tereg sê: dit vang die oog!!! Net soos die wispelturigheid van die vrou bly die wisseling van seisoene onafwendbaar en al wil ons dit nie aldag besef nie, is ons stadig maar seker besig om die winter te bekruip - hoop julle almal kruip die somer lekker uit!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# africana




BESOEK AAN YSKOR

Alle lede van die Noord-Transvaalse tak van SAIBI het 'n uitnodiging ontvang om op 23 Maart 1982 'n besoek aan die Yskorstaalfabriek sowel as aan hulle biblioteek te bring. Die gratis middagete was nie te versmaai nie en die Merensky-personeel was dadelik vuur en vlam vir die voorgenome besoek.

Vroeg-vroeg die oggend van die 23ste het mnr Otto dan ook met sy bus vol kosbare (en ietwat rumoerige) vroumense vertrek. Hy het bewys gelewer daarvan dat hy 'n uitstekende busbestuurder is en die dag se rondryery het besonder voorspoedig verloop. Dit het net een keer gedurende die dag gebeur dat die bus 'n bietjie te vinnig by 'n rooi lig tot stilstand gekom het maar Ria Viviers se rug en mond het dit oorleef.

By Yskor is ons besonder gulhartig ontvang en vir baie dames het die southappies saam met die tee om 09h00, sommer as ontbyt gedien. Mnr Britz van die Skakelafdeling van Yskor het die aanwesiges verwelkom en 'n kort oorsig oor die werksomstandighede van die organisasie gegee. Die Noord-Transvaalse tak van SAIBI het van die geleentheid gebruik gemaak om hulde te bring aan Dr Retief wat vir ongeveer 40 jaar lid en sekretaresse van die eertydse Biblioteekvereniging en later, SAIBI, was.

Mnr Le Roux, hoof van die Biblioteekdiens het daarna aan die gehoor 'n uiteensetting van die Inligtingsdiens van Yskor gegee en verduidelik hoe die biblioteek by die geheel inpas. Yskor besit o.a. 3 groot staalfabrieke, verskeie myne en selfs sy eie spoorlyn tussen Sishen en Saldanhabaai. Sy totale aantal werknemers is dus ongeveer 65 000 mense, maar aangesien die grootste aantal van hierdie mense gewone produksiewerkers is, is hulle nie almal biblioteekgebruikers nie. Daar word nogtans voorsiening gemaak daarvoor om d m v takbiblioteke en boeke-depots soveel as moontlik gebruikers te bereik. I p v vakbibliotekarisse soos ons dit ken, maak hulle van Inligtingsbeamptes, wat almal opgeleide wetenskaplikes en tegnici is, gebruik om as tussengangers tussen die biblioteek en gebruikers te dien.

Na 'n kort filmvertoning het ons besoek aan die Yskorwerke in alle erns begin. Met 'n langbroek, têkkies en valhelm het meer as een bibliotekaresse na 'n aspirant-kraandrywer gelyk. Sommiges het seker ook vir die eerste keer fasette van die lewe van die staalwerker gesien wat haar altyd sal bybly - hitte, stof, gevaar, sielsdodende roetine! Die lekker koue koeldrank wat ons na hierdie vermoeiende wandeling ontvang het, was meer as welkom.

'n Heerlike koue middagete het by die Yskor-klub op ons gewag maar die meeste dames was daarna net vir 'n vroeë aftrede geskik. Ons het nogtans die pad na Yskor se hoofkwartier aangedurf om na hulle biblioteek te gaan kyk. Die grootte van die biblioteek het ons nie beïndruk nie (hy sal maklik in ons Africana-afdeling inpas) maar dit is 'n netjiese en goedgeorganiseerde biblioteek. Hulle tydskrifintekening beloop ongeveer 3 000 titels en hierdie tydskrifte word aan hulle belanghebbende gebruikers gesirkuleer.

Ons het vir oulaas die uitsig oor Pretoria bewonder en mnr Otto probeer ompraat om ons na die Monument se restourant te neem vir middagkoffie, maar hy het teen hierdie tyd net een ideaal gehad en dit was om ons veilig by die Merensky terug te besorg. Ons hou almal duimvas dat ons in die toekoms weer sulke uitnodigings na ander nywerhede of organisasies sal ontvang.

JORIET COETZEE





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TWEEDE VLOER

Soos altyd voor die wind en aan die gang hier op die tweedevloer! Die Ienk-oriëntering is nou wel verby maar by ons het dit hierdie maand nog veel erger gelyk. Thea oriënteer haar Teoloë, Bella haar Sielkundiges en Rentia haar Opgrawers. Daar gaan nie 'n dag verby of een marsjeer hier op en af met so 'n groepie agterna nie.

Tussen alles deur het dr Trichardt besluit met al die statistiek wat sy moet doen het sy Wiskunde klasse nodig en is nou formeel by Carin ingeskryf. Wiskunde 1, 2 of 3? - ons weet nie!

Dan lê die vakansie natuurlik net om die draai met 'n verskeidenheid van heerlike vooruitsigte. Vakansie planne wat wissel van wandelpaaie na mans wat 'tien dae' by die Weermag kry tot die van ons wat sal moet agterbly.

Groetnis tot 'n volgende keer!

MARIKE VILJOEN

# BOEKBESTELLINGS

Hier in Seksie Boekbestellings het die einde van Februarie vir ons 'n donker tyd voorspel. Met Helene en mev Rautenbach se tafels leeg, het ons met die probleem geworstel dat ons te min hande en te veel boeke het.

Maar toe sluip daar mos Maartmaand twee ligstraaltjies so stil-stil hier by 'n gaatjie in - Ria Coetzee en Marie Abrie. Ons wil dan ook by hierdie geleentheid vir hulle baie welkom sê en voorspoed toewens met die nuwe werk. Met dië dag en 'n halwe hande meer, lyk die toekoms weer rooskleurig. Ons glo en vertrou dat hulle die leemte met ywer sal vul.

Met die personeelfunksie so in ons midde, het die helfte van ons mense al reeds vroeg-vroeg begin rondskuifel oor hierdie lekker vooruitsig. En uiteindelik het die Groot dag dan ook aangebreek. Met Magda, Marina, Ronël en mev Nel om 'n wakende ogie te hou, was Boekbestellings hier ook goed verteenwoordig. So tussen die reën, skoffel en vingerlekker braaivleis deur het die aand verbygeskuif en is die Boerebraai afgesluit met heerlike melktert en boeretroos.

(Dit wil voorkom asof 'n besoek aan die haarkapper deesdae mode geword het hier onder op Laergrond en in ons afdeling golf dit ook deesdae van oor tot oor.)

En nou groet ek van afdeling tot afdeling,

MARINA

# TYDSKRIFTE

Vriende en Vriendinne

Ek voel so tuis soos 'n vis in die water! Soveel vriendelikheid en hulpvaardigheid onder een dak! Glo my, ek geniet dit.

Vandat ek in die biblioteek werksaam is moes ek eenvoudig sekere talente ontwikkel. Sherlock Holmes en dr Watson sal nie kan kers vashou by Anne en Kie nie. Daar is niks soos 'n tydskriftitel op soek om mens se reuksin te ontwikkel nie en dan noem ons nie eers die Hooikoors-inhou-in-die-poskamer-vol-stof-tegniek nie!

Al opgemerk wat hou Esther se lyfie so viets? Troureëlings = afstand tussen tikmasjien en telefoon x 5 keer per dag. Siedaar! Die towerformule tot 'n rietskraal lyfie.

Zanda wil sô graag 'n Mercedes-Sport aanskaf sodat sy altyd betyds vir werk kan wees, maar na 'n intensiewe opweeg van bates en laste het sy besluit om behoeftebevrediging uit te stel tot April ......

Op soek na 'n tandarts? Raadpleeg Elizabeth vir meer inligting omtrent die mooistes en vaardigstes op die kampus ....

Adri is deesdae ook nie eers meer subtiel nie. Sy het haar tafel reg langs Anne s'n ingeskuif (sy's mos nie verniet nou Anne se assistente nie!) en nou is dit net 'n kwessie van tyd .... Keer Anne!!

Verona verdwyn deesdae gereeld na 'n sekere "agent". Wie dit is en waaroor dit gaan weet ons nie. Hou die volgende uitgawe van Biblikasie dop (onthou ons speursin!)


Ansie sien ons maar min, en sy word self minder by die dag.

Christa is besig om 'n "nuwe" blaadjie om te slaan, sy het sover al 'n nuwe kar en 'n nuwe haarstyl!

Groete aan Griet en sterkte met die kleinding.

Tot volgende maand

MARYNA ROETS




"Half the fun of embarking on a trip is in the preparation. . ."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VEEARTSENYKUNDE

A HORSE! A HORSE! MY KINGDOM FOR A HORSE!

Met hierdie aanhaling uit Shakespeare se Richard III het prof Malie Smuts haar intreerede as hoof van die departement Anatomie, Fakulteit Veeartsenykunde op 11 Maart begin. Dit was 'n uiters interessante rede oor die perd, sy evolusionêre ontwikkeling en sy verhouding met die mens. 'n Besondere boek in die Merensky is deur prof Smuts soos volg beskryf:

"In Italië raak 'n ryk jong advokaat betower deur die anatomiese vorm van hierdie dier (perd). Hy doen deeglike disseksies wat hy illustreer en beskryf en in 1598, as senator van Bologne, publiseer Carlo Ruini sy monumentale werk oor die Anatomie en Siektes van die Perd. Wat die anatomiese deel daarvan betref, het hierdie werk dieselfde vir die veeartsenykundige anatomie beteken as die Fabrica van Vesalius vir die menslike ontleedkunde. Vreemd genoeg het hierdie gesaghebbende werk wat al waarderend beskryf is as:

> celebrated, monumental, astonishingly original,
> relatively perfect, methodical, masterly, artistic, wonderfully described, faithfully portrayed and remarkably accurate,

betreklik onbekend gebly.

Tydens prof H P A de Boom se verblyf in die VSA as gasprofessor in 1963, het hy sulke goeie verbintenisse gesluit met die biblioteekpersoneel van die Flower Library van die Universiteit van Cornell in New York, dat toe daar later 'n 1602-uitgawe van hierdie werk van Carlo Ruini beskikbaar word, hulle hom onmiddellik hiervan verwittig het. Op sy geesdriftige aandrang het die Universiteit van Pretoria die publikasie aangekoop. Dit word tans in die Merensky-biblioteek bewaar. Van die groot aantal illustrasies in die werk, is daar net enkeles wat oorgeneem is in latere anatomiese publikasies. Van die onbekende tekeninge is byvoorbeeld drie aansigte van die nekwerwels - baie korrek - met dekoratiewe klossies bo-aan - om die komposisie met Italiaanse swier af te rond.

Sodra die Veeartseny-takbiblioteek sy glaskasuitstalkas (wat kan sluit!) ontvang, gaan ons Merensky vra om hierdie boek oor te plaas!

'n Verdere interessante aanhaling uit hierdie intreerede van die eerste vroulike hoof van 'n veeartsenykundige departement in S A is:

"Four things greater than all things are
Women and Horses and Power and War."


(KIPLING)

Hartlik welkom aan mev Rina Pelser wat as Biblioteekassistente aan die begin van Maart by Veeartsenykunde aangesluit het.

ERICA VAN DER WESTHUIZEN


# BUITEMUURS

Vyf van ons op die "BUITEMUUR",
RINA gaan weg
toe bly daar vier,
Die vier van ons is nog nie oor die skok nie,
toe gaan JACO leër toe,
en nou's ons net drie.



PLANETE IN LYN - EINDE VAN DIE AARDE?

Die Tiende Maart was toe nie die einde van die aarde nie, ondanks alles wat die doemprofete voorspel het aangaande die gedrag van die planete. En Buitemuurs het ook nog nie vergaan nie ten spyte van groot planetêre woelinge in ons sonnestelsel. Met die vertrek van Rina Greyling na Onderwys en Opleiding en Jaco van Rooyen wat na die Weermag toe verskiet het, het ons konstellasie baie omgekrap geraak. Die twee oorblywendes moes wentel dat dit kraak om alles bymekaar te hou, maar voor in elke wentelbaan brand 'n lig - die aanstelling van Ray Smithers het groot verligting gebring, nou wag ons net dat daar 'n nuwe aandster op die horison verskyn, dan is alles weer in lyn.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ...onthou jy nog...

UIT HERINNERING SE WEI .....

Met die kennismaak van die boek met dieselfde titel, wat handel oor van ons bekende skrywers se jeugjare, het ek so 'n bietjie in my eie kleintyd gaan rondkuier. Hier is so 'n groep daarvan - maar al ooit gedink hoe lyk joune? Ek sal graag volgende maand daaroor in Biblikasie wil lees ...

Kindertyd en warmkry is vir my sinonieme. As 'n mens agt outydse myle van die destydse Rhodesiese grens af grootword, ervaar jy die son sô dat jy dikwels glo dat jy nader aan die son as aan die grens bly. Warmkry beteken as die grond so warm is dat die kaalvoetklonge noodgedwonge begin skoene dra, dat die teer op die pad smelt, en 'n tannie uit die omgewing saans haar lakens natspuit en haar daarin toedraai in 'n poging om af te koel. Dit is nagte wat byna so warm soos die dae is en maak dat die hele dorp saans buite deurbring - op die grasperk, op die tuinstoele of ouma se lappieskombers, in 'n poging om die slaap so lank moontlik uit te stel, want slaap beteken dikwels 'n lustelose gerondrol tussen wakker en slaap tussen die kere wat jy die kussing wat jy op die vloer sit om af te koel, omruil met die natgeswete een op jou bed.

Kleintyd en stap is ook vir my sinonieme. Stap op 'n Sondagmiddag, stap (of dikwels drafstap) op soek na veldvrugte - wildedruiwe, suurpruime, maroelas en kremetarte. Die eerste twee eintlik sleg met hulle frank-soet en frank-suursmake, maar geen boom of bos was te ver of geen son te warm om 'n soektog op tou te sit nie. Dikwels het die wildedruiwe onder in die yskas geëindig, waar Ma dit na 'n week of wat moes wegmaak - as die muise dik - en die meel bitter geword het. Geen boom was te hoog en te moeilik om in te klim nie, (behalwe natuurlik die doringbosse) en kan ek vandag ook soos Liewe Heksie sê: "Haai ek dink ek is die enigste bibliotekaris wat nog ooit in 'n kremetartboom geklim het!"

Ek onthou ook van Brolloks en Bittergal, en van Die Krismiskinders wat Pa vir ons vakansies voorgelees het, nog lank voor ons geweet het wie Langenhoven was, en toe Ouboet en ek om die beurt ons harte uitgehuil het oor die Waternooientjie se lied nadat Kosie in Brolloks se storie deur sy sussie uit die water gered is. Dan was daar ook die aande van ek-kan-nie-slaap-nie, en 'n storieboek wat ek noodgedwonge moes neersit, wat my die "noodmaatreël" laat tref het - trek die deken voor van die bed af tot op die grond, en lê met 'n penflits ônder die bed en lees. Jare later moes ek uitvind dat dit geen nûwe metode was nie - Ma-hulle het dit lank tevore reeds met 'n kers gedoen.

Soos vir enige kind hou Pa se werk ook 'n spesiale bekoring in, en het ons vir jare weinig belang gehad oor waar ons daaglikse brood vandaan kom, solank ons net vakansies op die borde in Pa se klaskamer kon gaan skryf - net jammer mens moes so sukkel om die rooi kryt van die bord af te kry. Een ding wat jy baie vinnig leer is om in skooltyd so ver moontlik van Pa-se-skool af te bly, want 'n skoolkind kan ongenaakbaar wees - en sy onderwysers se kinders 'n heerlike teiken.

Vandag - as mens al die ou plekke weer sien kan jy nie verstaan hoe afstand in twintig jaar kon krimp nie - dat wat toe so ver was, skielik naby is - dat die olifant-se-slurpkremetartboom in sy grootheid met sy lang "slurp" waarop ons gery het, nie eers vir ander mense indrukwekkend is nie, en dat daar van die ander kremetarte, wat die omgewing se trots is, weinig meer as net 'n hopie as oorgebly het.

Maar in my kleintyd se onthou was al die dinge vir my belangrik genoeg om kremetartbome in my geheue te vorm wat seker nog eendag tot op die outehuis se stoep sal aanhou groei.

Dit was so iets van my herinnering se wei. Hoe lyk joune?

MAGRIET LEE



## ek vra maar net...

IS JOU NAAM SALOME?

"Vir my sal jy nooit die sewende sluier laat sak nie, Salome. Ek is nie die man vir wie jy daardie sluier - die laaste wat enige meisie om haar bou voordat sy haar hart blootlê aan die man wat sy bo self en bo alles op aarde liefhet, sal laat sak nie. Nee, eers dan sal jy volwaardig mens wees; wanneer niks as die liefde meer saak maak nie.

Hoeveel van ons het nie al in 'n oomblik van onbesonnenheid daardie sewende sluier laat sak nie? Hoeveel van ons is volwaardige mense? Wanneer laas het jy vir iemand gesê jy het hom/haar lief? Ons lewe deesdae so oppervlakkig dat ons feitlik nooit meer kans kry om lief te hê nie. Daardie spektrum is sô wyd en tog is so baie van ons totaal onbewus van die waarde van liefde. Om maar net 'n paar voorbeelde te noem dink ek kan daar dalk 'n klein sprankie liefde in elkeen van ons posvat - 'n klein sprankie liefde op die pad na volwaardige menswees.

- Meneer, wanneer laas het jy vir jou meisie of vrou 'n onverwagte blommetjie gegee?

- Dame, wanneer laas was jy regtig onderdanig aan jou man - onderdanig soos wat God ons leer?

- Wanneer laas het jy die man/vrou in jou lewe verseker van jou liefde vir hom/haar?

- Wanneer laas het jy jou getroue ou hond se kop gekrap en hom geborsel?

- Wanneer laas het jy jou dagtaak met sprankelende lus aangepak?

- En, wanneer laas het jy tot jou God gebid en Hom gevra om jou te versterk in die geloof en die liefde?

"En nou bly geloof, hoop en liefde - hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# PRAAT VAN REËLS!

UIT: NATURE VOL 294 24/31 DEC 1981

LITERARY ANARCHY

SIR - The problems raised in recent letters (7 May, p.7, 28 May, p.278) about literature search and by Dana L Roth (8 October, p.422) about recruiting librarians with subject expertise may be solved if and when today's librarians turn towards Anarchism as in the following: "How to be an Anarchistic but Indispensable Librarian" -

(1) Make your own rules so that you can change and interpret them according to circumstances.

(2) Always act contrary to the rules

(3) Use flexible opening hours; go out as often as possible so that your readers are happy if and when they see you.

(4) Differentiate your catalogue cards.

(5) a. Articles in authors' names may or may not be written after the names; sometimes split names are typed as whole ones.

b. Use alternatingly full and abbreviated journal titles; use different abbreviations for the same title.

c. Keywords are typed above the author's name or underlined; singular, plural, adjective and complex word forms are to be used.

d. Never use see- or see also-references.

e. Never correct errors.

(6) Foreign characters are alternatingly transliterated or not.

(6) 1. Greek alphabet: transliterate or write in fully (y=g or gamma).

(6) 2. Figures are alphabeticized before or after plain characters but they may also be written in full in different languages.

(6) III. Chemical substances will be found alternatingly under the common name, the scientific name, the product formula or the gross formula.

(7) Print a catalogue of current journal titles but do not include the years or volume numbers your collections start with.

(9) Move your books and journals regularly.

(X) Take holidays without warning anybody; never tell the date of your return.

(11) Never compose statistics with exact numbers but make rough estimates.

(12) Avoid management techniques (whatever they may be).

(13) Help your readers as well as possible; talk at least half an hour with every new customer and at least one hour a week with regular visitors.

(14) Be fraternal: send now and then somebody on to other libraries

(eight) Never write anything down but don't try to remember everything either.


(Four) Make sufficient catalogues: monographs and reprints each have separated authors, journals and serials, systematic, and keywords catalogues; put all these catalogues in one piece of furniture.

If you do this and a lot of other things, you deserve the title "Anarchistic Librarian"; but: your customers will be satisfied and you have made yourself indispensable.

G MERTENS
(Anarchist) Librarian

Katholieke Universiteit
Leuven, Belgium

## WORK WEEK






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## *Uit die pers*

BOEKEFEES NIE NET VIR BIBLIOMANE - Joan Kruger

JOHANNESBURG se eerste Boekefees open vandag - 'n geleentheid wat gewis meer as net 'n voetnoot werd is.

Daar gaan iets feesteliks en geselligs aan die hele uitstalling wees, verneem ons. 'n Hele verdieping met boekeuitstallings en kans om kennis te maak met 'n klompie bekende skrywers. 'n Mens sal die hand kan druk van I L de Villiers, 'n praatjie aanknoop met Anton Goosen en van naderby kennis maak met Wessel Ebersohn.

Ook Gordon Vorster, wie se boek Textures of Silence pas verskyn het, sal daar wees. Gordon is een van daardie reguit en openhartige mense wat soos 'n weerligflits alles rondom hom verlig.

Hierdie boekefees is glad nie net bedoel vir daardie bibliofiele wat boeke se gom beruik, die skutblaaie betas en hul neuse vir die slapbanduitgawes optrek nie.

Die fees is bedoel vir almal - van bibliomane tot by bibliominusse. Van die mense wat ware leesjunkies is tot by diê wat laas 'n boek gelees het toe hulle mòés, vir matriek.

Met diê fees wil die boekemense weer wys dat 'n boek nie net 'n storie is wat jy lees as jy by familie vakansie hou nie. Boeke raak elke faset van ons daaglikse lewe en jy kan maar opnoem - oor alles onder die son is daar al 'n boek geskryf. Stel jy dus belang in kook-met-wyn, filosofie, duiweboerdery, politieke wetenskap, suikerversiering of elektronika; daar sal vir jou 'n boek of wat by die Boekefees wees.

Daar's selfs boeke vir mense wat hul huise wil verfraai, koeke wil versier, 'n swart taal wil leer of wil verneem hoe 'n mens op hout en tin skilder.

Praktiese demonstrasies deur deskundiges sal wys hoe 'n mens 'n boek tot 'n daad kan vertaal.

Miskien bring die Boekefees 'n deurbraak, dat ons van boeklose gesinne tot gesinne-uit-die-boek kan ontwikkel.

Ek wil my kop op 'n blok sit; dis die gratis boeke wat kinders op skool kry wat maak dat hulle later in hul lewe verseg om geld vir 'n boek te betaal.

By hoeveel huise kom 'n mens deesdae waar jy nie 'n boek met 'n verste oog te sien kry nie. Of anders bêre hulle dit hoog - soos skadelike medisyne buite die bereik van kinders.

Dit was tog nie altyd so met ons Afrikaanse mense nie. Die ou mense, eenvoudig soos hulle was, het altyd boeke in die huis gehad, maak nie saak of dit net die kinders se ou voorgeskrewe boeke en Uit die beek-dagboeke was wat die kolporteur kom verkoop het nie. Jy kon altyd jou hand op 'n boek sit.

Dit sou 'n jammerte wees as die Johannesburgse boekefees met al sy feestelike voornemens nie sal slaag nie.

Hier is tog genoeg mense wat groot plesier uit boeke put. Dit weet 'n mens as jy gereeld ou-nag in Hillbrow se laataandboekwinkels boer.

Hulle kom miskien 'n fraai goud-versierde winskoop oor die Ou Meesters, vir die koffietafel soek, of hulle kom 'n armvol boeke by die gewig koop, of hulle kom soek net gemeensaamheid teen die alleenheid van 'n woonstel, maar hulle is dâár.

Mag hulle ook almal by die fees wees!

DIE TRANSVALER 23/3/1982

## deur die blare

2 JANUARIE - VANDAG: MY GRIEKSE DAISY

Ek loop heen-en-weer met klein emmertjies riviersand, nie van die rivier af nie maar uit my sak in die garage - ek meng sand, kompos en beenmeel en vul my groot kleipot en PLANT my DAISY en pak ronde klippies bo-op en gooi goed nat. Magriet van die vêr land, GROEI nou vir my en dra jou geel blomme so geil soos in die koringlande van die warm sonnige eilande - sekerlik is ons son het so warm en helder.

Die dramas om hierdie plant hier te kry is te veel en te lank om te vertel.

Van my eerste saaislag het 3 plantjies opgekom wat ek sô gepiep het, en elke aand in die huis ingedra het uit vrees vir

stormwind

hael

wurms

slakke

of voëls soggens vroeg



dat hulle deurskynend tengerig was en op 'n dag dubbeld gevou en gaan lê het.

Die tweede saaislag het ook 3 plantjies gelewer,

2 teenmekaar ('n tweeling uit één saadjie?) en nog een verspotte klein ou dingetjie. Ek het oor hulle gewaak maar snags buite gelos waar die hele area om hulle met slakpille bestrooi was. Die tweeling het ek vroeg-vroeg met 'n lepel uitgeskep en in my blombak geplant met 'n vrugtefles bo-oor omgekeer vir beskerming. Die enkele een het ek daagliks in die potjie geïnspekteer, sô dikwels dat ek nie kon sien of dit groter groei nie.

Maar nouja, Zeus, waak nou oor my hoop en verwagting. Ek is te bang om uit te sien na iets verder ingeval hier 'n groot ramp gaan toesak

soos bv


my bediende?

M RAUTENBACH



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# still cookin!



*LEPEL BROODJIE*

*2½ koppie broodmeel*
*of 2 koppies broodmeel en ½ koppie semels*
*2½ koppie Nutty-wheat*
*1 Koppie Pro-Nutro*
*12 ml olie ± 1 eetlepel*
*12 ml sout ± 1 eetlepel*

*Los 1 koekie gis op in 200 ml lou water + 12 ml bruinsuiker. Laat vir 5 min staan.*

*Voeg saam met meelmengsel + 1 of 2 koppies lou water om 'n nie te stywe deeg te maak nie. Dit moet die tekstuur van vrugtekoek hê.*

*Spuit een 12dm broodpannetjie goed met "Spray en Cook" en plaas mengsel eweredig in pan. Laat rys op 'n warm plek vir 1 uur. Bak vir 1 uur teen 205°C of 400°F.*

*GROWWE BESKUIT*

*2 pakkies Bruismeel*
*5 koppies semels*
*1 koppie strooisuiker*
*1 koppie fyngerolde Post Toasties*
*3 teelepels bakpoeier*
*½ teelepel sout*
*2 eiers*
*500 ml suurmelk*
*500 grm gesmelte margerine*

*Meng droë bestanddele saam.*
*Klits eiers in suurmelk*
*Voeg bogenoemde by gesmelte margerine. Klits saam. Meng met houtlepel en/of kniebeweging in droë bestanddele.*

*Druk in pan en sny kruis en dwars deur. Bak by 350° vir ± 1 uur en 10 min. Keer uit. Sny kruis en dwarssnitte deur. Droog uit by lae temperatuur (oornag) met kurkprop in oonddeur vir lug.*

ANNATJIE MYBURGH

## het jy geweet?

DIE FLUORIED INHOUD VAN ROOIBOSTEE

Dr Maxie Hanekom

Rooibostee, wat taamlik wyd oor die Westelike Distrikte van Kaapland versprei is, is veral beperk tot die Sederberge en die hoër dele van Noordwes-Kaapland. Dit is die enigste deel van die wêreld waar die plant Aspalathus Linearis, in sy natuurlike vorm gevind word.

Die verbruik van hierdie tee sowel as die uitvoer daarvan het geweldig toegeneem die afgelope 25 jaar. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die beweerde medisinale waarde wat daaraan gekoppel word, nl dat dit allergieë teëwerk by babas, ekseem genees by honde , die kopvel gesond hou, en talle ander.

Hierdie tee bevat 'n lae % van tamien-suur sowel as kaffeïen.

Tee word dwarsdeur die wêreld erken as 'n belangrike bron van dieet fluoried, en verskeie soorte swart tee is reeds ondersoek om die fluoried-inhoud en dus die moontlike anti-kariogeniese eienskappe daarvan te bepaal.

Aangesien al hoe meer moeders Rooibostee by hul babas se dieet insluit, en fluoried juis bekend is vir sy anti-kariogeniese eienskappe, is die fluoried-inhoud van hierdie tee onlangs deur die Departement van Gemeenskap, UP bepaal.

Daar is gevind dat hierdie tee genoeg fluoried bevat om van anti-kariogeniese waarde te wees, maar dat die byvoeging van melk hierdie waarde aansienlik verminder.


Die rede hiervoor is nie duidelik nie, dit mag wees dat die kalsiumsoute wat in melk voorkom bind aan die vry fluoried ioon en onoplosbare komplekse vorm. Verdere navorsing mag dalk 'n antwoord bring!

## Ons sê weer dankie

AAN MAGRIET EN VENNOTE:

Dit was 'n fees! Heerlike vleis, slaai, pap en gemmerbier met musiek en strooibale gemeng was net die regte resep vir 'n groot 'party'.

Ons weet dit is groot werk en nog groter beplanning wat in so iets vooraf gaan. Daarom hierdie woordjie van dank van almal wat heerlik geëet gesels en gedans het.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE


U.P. BIBLIOTEEKDIENS

APRIL 1982




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



WANNEER - HOE LANK NOG?

Biep, Biep!

Goeie môre juffrou, dit is Van der Merwe hier wat praat, van die departement Ekologie.

Goeie môre professor.

Juffrou, ek wonder of u my dalk kan help. Soos u weet is ek tans besig met die samestelling van 'n artikel op my mikrorekenaar. Ek wil die artikel graag so oor 'n week in die internasionale kommunikasiesisteem invoer sodat enkele gesaghebbendes in die VSA, Duitsland en Frankryk kommentaar kan lewer, voordat ek die artikel afstuur na die uitgewer om dit op hulle rekenaarsisteem verder beskikbaar te stel.

Dit lyk my u het goed gevorder diê naweek professor.

Ja, voordat ek nou die artikel kan afrond, moet ek nog net die verwysings kontroleer. Ek wil graag kyk of my verwysings korrek is en of die tipe bron, tydskrif, OV-materiaal of elektroniese bron aangedui is. Ek het Saterdagaand probeer om sommige van die verwysings op julle ou DOBIS-databasis te kontroleer. Ek kon regkom tot op 'n punt, en toe ewe skielik is ek van die lug af. Die fout lê seker maar by my telefoonlyn by die huis of anders die rekensentrum wat seker maar hulle veranderinge oor 'n naweek doen. Aangesien ek oor ongeveer 15 minute 'n konferensie in die telekonferensiesentrum in die GW-gebou moet bywoon, sal ek baie bly wees as u moontlik my verwysings kan kontroleer. Die gegewens wat ek reeds het stuur ek sommer dadelik oor na u eindpunt, moontlik kan u net die PRINT-knoppie druk sodat u sommer 'n papieruitdruk het om van te werk. O ja, voordat ek vergeet juffrou, indien u in u soektog dalk nög artikels of verslae oor die onderwerp kry, wat vir my van belang kan wees, sê asseblief. 'n Mens wil nie graag 'n belangrike bron mis nie.

Goed professor, wanneer wil u die verwysings graag terug hê?

As ek dit dalk so oor 'n dag kan kry, sal ek baie bly wees.

In orde professor, ek het tans 'n ander gebruiker wat ook haastig is. Ek sal hom waarskynlik vanoggend klaar help en dan sal ek u soektogte gou vanmiddag doen.

As ek dalk nie môreoggend in my kantoor is nie, juffrou, stuur asseblief maar die gegewens oor. My mikro is so ingestel dat hy u boodskap sal ontvang.

Die volgende dag teen ongeveer 11h00

Biep, Biep, Biep, Biep!

Goeie môre professor, dit is juffrou Van Vuuren hier van die Merensky-Biblioteek.

Goeie môre juffrou. Baie dankie vir u gegewens. Ek het vanoggend van die gegewens op my skerm nagegaan!

Ek is bly professor. Ek kon al die verwysings kontroleer en aanvul waar nodig, behalwe vir een. Ek kon dit nie op die DOBIS- of SABINET-databasisse kry nie, ook nie op die mikrofiche van ons ou voorraad nie, want dit lyk vir my soos 'n ou publikasie. DIALOG, SDC of van die ander databasis leweransiers kon ons ook nie help nie. Waar het u die verwysing gekry wat u in die oorspronklike lysie nommer 21 genommer het?

Juffrou, laat ek gou kyk op my mikro .......... Dit lyk vir my ek het die bron, altans, nou onthou ek, 'n paragraaf oorgestuur gekry van 'n kollega van my in Taiwan. Sover ek kan onthou was dit uit 'n vertaalde publikasie uit Chinees in Engels. Ek sal vanmiddag my kollega net weer skakel, moontlik het hy volle besonderhede. Hulle het mos so iets soos ons SABINET, ek dink dis CHINANET of so iets. Moontlik kan die man my terselfdertyd iets van hulle jongste publikasies oor die onderwerp vertel.

Goed professor. As u nie regkom nie, sal ek verder probeer soek, moontlik in die Indeks tot Chinese publikasies in Engels op die British Library se databasis. Terloops professor, stel u moontlik nog belang in 'n publikasie, skynbaar die jongste oor die onderwerp?

Laat my asseblief hoor, juffrou!

By Springer het so pas 'n verslag verskyn van navorsing oor 'n onderwerp wat in München verrig is. Die besonderhede daarvan, tesame met 'n ekserp, sal ek netnou aan u deurstuur, anders kan ek die uitdruk met ons interne pos aan u stuur. Laat weet my asseblief of u moontlik belangstel. Ek kan dit vir u elektronies oorgestuur kry of anders per telefaksimilee. Laasgenoemde is miskien die aangewese manier aangesien die artikels enkele afbeeldings en foto's bevat. Die bron is nog nie in Suid-Afrika beskikbaar nie en ter wille van ons nasionale voorraad sal Merensky dit graag as die afbeeldings en foto's op videoskyf beskikbaar is, wil aankoop.

Baie dankie vir u moeite juffrou. Ek sal so gou moontlik laat weet. Kan ek 'n boodskap op u eindpunt laat?

In orde professor.

(Ns Groot apologie aan die skrywers onder ons en die wat weet hoe 'n naslaanonderhoud behoort te verloop.)

PROF BOON




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# REDAKSIE

Wat op aarde gaan aan met ons Topbestuur?
Hulle word minder en minder so by die uur.



Prof Gerryts verdwyn toe skielik en gou.
Na Amerika om samesprekings te hou.



Mnr Duminy ontvlug Suid-Afrika se kou.
Deur vakansie in Europa saam met vroutjie te hou



En nou gaan dit dol en besig daarbo
met slegs EEN man oor, kan julle glo!
Met 130 om sy ore wat kerm en raas
Sê ons Baie Sterkte aan die Baas van die Plaas

## GELUKWENSE



| | |
|---|---|
| *Ria Viviers* | *B Bibl* |
| *Annie Pienaar* | *B Bibl (Hons)* |
| *Maureen Brässel* | *B Bibl (Hons)* |
| *Ernst Muller* | *BA* |
| *Esther Müller* | *BA* |
| *Christa Enslin* | *BA(Ed) (pre-primêr)* |
| *Sandra Groenewald* | *B Bibl (Hons)* |
| *Magda Coetzee* | *B Bibl* |
| *Elrien Swart* | *B Bibl* |
| *Marjorie Kleynhans* | *B(Ed)* |
| *Kobus Fouché* | *BD* |
| *Margie Kotze* | *HOD* |

*For success, attitude is*
*equally important as abiblity.*

*HARRY F BANKS*

*Success and failure have much in common*
*that is good.*
*Both mean you're trying.*


*FRANK TYGER*

| *VERJAARSDAE* | | *MEI* |
|---|---|---|
| *Mev J Duursema* | *Voorklinies* | *3* |
| *Mev A v Backström* | *Sekretaresse Direkteur* | *2* |
| *Mnr R Tönsing* | *Beplanning* | *6* |
| *Mej A vd Bergh* | *Ontsluiting* | *10* |
| *Mnr W Duminy* | *Adj-Direkteur* | *11* |
| *Mev M Rossouw* | *Bestelafdeling* | *12* |
| *Mev M Grobbelaar* | *GSV* | *25* |
| *Mev E Cronjé* | *Ontsluiting* | *27* |
| *Mev M Meyer* | *Bestelafdeling* | *27* |
| *Mev A Willemse* | *Ontsluiting* | *29* |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *poste restante*



MORS ONS TYD OF NIE??

Gister toe ek my daaglikse draai by Checkers maak, het die groot kennisgewing wat aan die glasdeur geplak is, my daarop attent gemaak dat hulle, hulle winkelure gedurende die Winter verander. Dit het my aan't dink gesit en ek het weer eens besef wat 'n belangrike en skaars kommoditeit TYD is. Vermorsing daarvan is sommer sonde. Nou wil ek summier sê dat ek persoonlik gevind het dat mens maar al te maklik daardie lang etensuur bedags mors.

Die uur is werklik net te lank om niks mee te doen nie, en net te kort om iets sinvols daarin te kan aanpak. Brandstof en geld word vermors, te veel word geëet, te veel word gepraat, na 'n uur se pouse kom mens soveel moeiliker weer op dreef en so kan ek aangaan. Dit is nou alles net my persoonlike opinie en ondervinding en ek sou graag wou hoor hoe die ander en veral Topbestuur hieroor voel. Daar moes al in die verlede iets hieroor gemor of gepor gewees het en ek verneem graag daarna. Wie doen wat etenstye, en kan ons almal eendag voor Engel Gabriël te staan kom, wetende dat ons al die honderde ure nuttig bestee het?

My vraag is: Kan ons nie eerder 'n halfuur vir ete neem en dan smiddags 'n halfuur vroeër huis toe gaan nie? Dan kan ons sommer op pad huis toe daardie lastige inkopies doen waarmee ons tans ons etenstye vul. Ek is seker die onnodige kopery, "net om die tyd om te kry en myself te bluf dat ek 'n doel het met my daaglikse uitstappie Galleries toe", sou staak of altans verminder. Om smiddags om vieruur huis toe te gaan, sal ons vrye tyd saans by huis en haard verleng en veraangenaam. Kosmaak, kinders, honde, huis, tuin en bediendes versorg, sal alles net 'n tikkie stadiger en rustiger kan geskied. Tyd vir draf, oefen of net ontspan sou daar vir diegene wees wat nie bogenoemde sorge dra nie.

Uit UP se oogpunt gesien - en dit is eintlik hoekom ek skryf, voel ek dat ons 'n beter diens sal kan lewer indien ons slegs 'n halfuur vir ete neem. Die nagstaf sal eenvoudig 'n halfuur vroeër moet oorneem en ek glo nie dié bietjie ongerief is enigsins noemenswaardig nie. Gedurende die etenstye sal dienspunte voortdurend beman word deur die persone wat werklik weet wat daar aangaan. Om dit met 'n voorbeeld te illustreer:

Persone A en B beman te alle tye dienspunt 1. A gaan eet van 1-1.30 en B bly agter. A kom terug na 'n halfuur en B gaan dan eet. Ek het self in 'n biblioteek gewerk wat hierdie stelsel geïmplementeer het en kan beslis sê dat dit baie vlot verloop het. Probleme met oorhandiging en "wat moet ek vandag weet" word sodoende uitgeskakel. Geen oppak, uitpak, heen en weer gekarwei van werk om 45 minute mee te vul nie. Geen frustrasies van "O wee, ek ken nie die antwoord op gebruiker se probleem nie", hetsy die papier van die fotokopieermasjien wat vasgehak het, of waar ek inligting oor die of daai haas onmoontlike onderwerp kry. En die kwessie van al die nodige apparaat ronddra (vra maar enige ontsluiter hoe 'n moeilike taak dit is) en dan heel moontlik bly daar tog iets noodsaakliks vergete agter. Hoe konstruktief word daardie 45 minute dan werklik gebruik?

Die administratiewe relaas van etensuur-roosters sirkuleer, opstel en tik sal uitgeskakel word. Al die uitruilery, geteken in die boek, tyd opskryf en afneem sal ten minste gehalveer word as dit nog net vir aanddienste gedoen moet word.

Voor sommiges my stenig, moet ek darem sê dat ek persoonlik geensins by enige veranderinge al dan nie sou baat nie, aangesien ek slegs halfdag werk en dus nie probleme met gemorsde etensure ondervind nie. Dit behoort dus duidelik te wees dat ek eerlik slegs die belange van my mede-kollegas en die Biblioteek se dienslewering op die hart dra. As ons dalk sou besluit om die halfuur wat gedurende etenstye gewen word, soggens af te gee, kan ons eers 8 uur begin werk!! Salige gedagte, veral op hierdie ysige Wintersoggende. Dit sou egter 'n verandering van ons diensure meebring en daaraan wil ek glad nie krap nie.

Hoe sê julle almal?

G STROEBEL




Vir ongeveer 'n jaar het prof Boon goedgunstiglik sy sekretaresse mev Marie Fourie met die Biblikasie-redaksie gedeel. Baie dankie Professor.

Marie, dis jammer ons kon jou nie behou nie. Nie met trane en soebat en selfs 'n dik tou nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# EERSTE VLOER

IN DIE HITTE VAN DIE OOMBLIK?

Het die Merensky-personeel al gewonder waarom prof Gerryts kort-kort oorsee gaan? Ons begin vermoed dat dit vir vars idees is!! (Of vlug vir die hitte?) In die teekamer was al die "ou dames" van Eerstevloer besig om te wonder of dit as gevolg van die "jare" is wat dit so "warm" is en of daar iets met die lugreëling skeel, toe ons verneem dat Marie Schoeman tussen ons oues van dae aangestel is om as termometer te dien. Is dit nou moontlik dat "jare" so 'n invloed kan hê dat dit ook idees kan laat stagneer?

ALIDA VON BACKSTRÖM

## Beplanning


Die stilte wat in April oor Beplanning toegesak het, is slegs gedeeltelik veroorsaak deur meer aangename redes soos langnaweke en verlof. Skaars skuif generaal Winter sy eerste koue oorlogsfront 'n bietjie nader aan ons, toe het hy ons al platgetrek met verkoues en griep. Reeds in Maart het die griep vir Rolf Tönsing 'n paar dae beet gehad en nou sukkel Erna Klopper weer daarmee.

Verder is Gerda Beukes in die bed met pampoentjies. Ons wens julle sterkte en spoedige genesing toe, Erna en Gerda!

Van ons ander personeellede het blykbaar so groot geskrik vir al hierdie siektes dat hulle maar liewers vakansie gaan hou het: Marie Fourie was vir die skoolvakansie met haar gesin Paradysstrand toe en hoewel die weer nie baie waffers was nie, het hulle die rus darem baie geniet. Thomas van der Walt is met Rika Stilbaai toe tot einde April en ons hoop hulle geniet dit sommer baie. Prof Boon het ook gedurende April 'n dag of twee verlof gehad en hard gewerk aan die verbouings in sy huis.

Ons hoop om in Meimaand ons wapenuitrusting teen die siektes beter gereed te hê en 'n drastiese vermindering van siektes te kan registreer!

ROLF TÖNSING



# TWEEDE VLOER

*Vakansie was dit beslis by ons die maand*
*maar sommiges moes werk van smôrens tot saans.*

*Zani en dr Trichardt het gebly*
*om die fort te hou*
*maar menige dae geroep*
*"Bella, waar's jy nou?"*

*Magriet het 'n bietjie gaan rus*
*By die huis waar dit maar die lekkerste is.*

*Marike het gewerk dat dit gons*
*vir die liewe ekonome en teoloë van ons*
*Ilse-Marié het die "normale" toonbank beman*
*en rigtingsnavrae beantwoord waar sy kon.*

*Alida en Maureen het gaan "rus"*
*langs die Titsikama kus*
*Beslis nie in die son gaan lê*
*maar was menige dae lekker pê.*

*Thea het weer haar (teologie) teoloë agterweë*
*gelaat*
*Om heerlik te gaan kuier in die Kaap.*

*Bowenals word Karin se vrolike gesiggie deeglik*
*gemis*
*Waar sy nou vir altyd in Bethlehem tussen haar*
*skoolkinders is.*

*MAAR*

*Vakansies is nou oor*
*en massas werk lê voor.*

*Op Tweede Vloer*
*is alles weer*
*in rep en roer.*

*ILSE-MARIé*

# DERDE VLOER

Die winde van verandering is nog steeds besig om hier bo by ons te waai; sommiges kry die wind van voor en met ander gaan dit voor die wind.

Rika van der Walt is een van laasgenoemdes want sy sit lekker in Stilbaai met haar voete in die see. En Margie Kotze het 'n nuwe man gekry - sy regeer nou ENGINEERING INDEX en hom en haar prutpot met 'n ewe ferm hand. En Piet is ook terug - nou kan sy darem asemskep.

Ėn Amanda van der Hoven het 'n nuwe huis en sy gaan 'n nuwe hond kry en - sy gaan ophou werk!

Een van diegene wat die wind van voor kry is arme Piet - al die vinnige werkies en yslike probleempies wat die agt vroumense op die derde verdieping; ên die drie en tagtig in die res van die gebou vir hom in drie maande opgespaar het tref hom nou op een slag! En hy't gedink hy gaan nou kan rus na die inspanning van die studieverlof! Gelukkig dryf dit hom na toffies!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BOEKBESTELLINGS

As ons klompie in bestelafdeling terugkyk op hierdie maand, sal ons dink aan al die werk, maar ons sal beslis ook dink aan die heerlike vakansiedae en langnaweek wat die daaglikse roetine afgewissel het. Die meeste van ons het ook sommer 'n paar dae verlof geneem. Ons wil graag vir Sandra Groenewald en Magda Coetzee wat graad "gevang" het baie geluk sê. Sandra het haar B.Bibl (Hons) gekry en Magda B.Bibl.

Daar word daagliks soveel interessante boeke in die bestelafdeling ontvang, maar ek wil hierdie maand drie boeke uitsonder. Twee van die boeke is deur Huishoudkunde bestel en het oulike resepte en wenke vir mikrogolfoonde. "Microwave Cooking: Everyday Dinners in half an hour" en "Microwave Cooking: Baking and Desert" is uitgegee deur Litton Industrieë. Hier is 'n resep uit een van die boeke:


*CHILI RICE (Serves 4 to 6)*

*1 lb ground beef*
*1 medium onion, chopped*
*½ green pepper chopped*
*1 clove garlick, minced or pressed*
*1 can (16 oz) whole tomatoes, cut up*
*1 can kidney beans, drained*
*1 cup instant rice*
*1½ teaspoons salt*
*1 teaspoon sugar*
*1 teaspoon chili powder*
*1 cup shredded Cheddar cheese*


*Crumble ground beef in 2 qut casserole. Add onion, green pepper and garlick. Cover. Microwave at high 4-6 minutes. Stir to break up meat; drain. Add reamining ingredients except cheese. Cover. Microwave 16 tot 20 minutes. Sprinkle cheese over top. Cover. Let stand five minutes.*

Die ander boek wat ontvang is, is deur Beeldende Kunste bestel. Die boek is "Botanical Illustration" deur Ronald King en is 'n baie aanskoulike boek. Die boek sluit veertig kleurplate in van die besondere en raar voorbeelde en groot meesters soos Redoutê, Ehret en die Bauer broers. Vanaf die Renaissance en tot vandag is plante 'n belangrike tema vir illustreerders in Europa, Amerika en die Ooste. Hier volg 'n paar voorbeelde uit die boek. Lekker lees en kyk!

RONEL BLAAUW



A drawing by Hans Weiditz from Brunfels' *Herbarium Vivae Eicones* (1530) which introduced a new realism into the drawing of plants.



An illustration from the *Ortus Sanitatus* (1485) showing the crudeness of the figures in the first printed herbals.

# TYDSKRIFTE



Soos die 'rumours' dit wil hê is die Tydskrifafdeling die afdeling van verlowings en troues. Die tempo waarteen daar die afgelope tyd beweeg word is absoluut verbysterend.

Esther trou op 15 Mei en sy is besig om die laaste-op-die-nippertjie-reëlings te tref. Esther ons wil vir jou en Alwyn baie geluk en voorspoed toewens. Verder wil ons net vir Esther baie gelukwens met haar nuwe pos as vakbibliotekaris-assistent op die tweede vloer. Esther sterkte ons gaan jou regtig baie mis.

Die ander sondebok is Liesbet, baie geluk ons wens jou en Johan alles wat mooi is toe. Bo en behalwe haar verlowing het sy ook op 28 April verjaar, weer eens baie geluk.

Anne het verfris en uitgerus teruggekeer na haar staptog by Tistsikama en 'n lui lekker wekie by Kaap St Francis. Het, en het sy ons nie vermaak met heerlike staaltjies daaromtrent nie. Anne het aan die einde van die langnaweek op 12 April verjaar - Baie Geluk!

Verona het intussen besluit dit is nou weer haar beurt om 'n bietjie uit te span en sy het 'n bietjie gaan rus by Buffelsbaai - sug!! Met al die ander swartskape het daar nie juis iets opwindends gebeur nie - maar nou ja wees POSITIEF - iemand moet darem 'n mate van normaliteit te midde van al dié gebeure handhaaf.

Groetnis tot 'n volgende keer.

TYDSKRIFTE

# ONTSLUITING

Met al die langnaweke, vakansiedae en dinge het meeste van die Ontsluiters 'n bietjie vakansie ingekry en uitgerus na 'n baie bedrywige eerste vier maande van 1982.

Dit het egter nie heeltemal voorspoedig met die Afdeling gegaan nie. Die wyse mense sê ongelukke of slegte dinge gebeur gewoonlik in getalle van drie. Gaynor Stroebel en Andrea Bosman loop albei sukkel-sukkel deur die afdeling as gevolg van 'n verstuite enkel en 'n af-toon. Om die getal vol te maak is Miemie Vink se een oog bloedbelope van 'n aartjie wat gebars het. Dit lyk byna of nie een van die drie gekyk het waar hulle loop nie!! Aan elkeen van ons drie siekes wil ons egter alle sterkte toewens, en mag hulle gou weer heeltemal gesond wees.

Ps Vandag gebeur - Dokter boek vir Jo Breed af a.g.v. verstuite regter-duim!


HELENE FOURIE







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# REKENAARSTORIES

Het u geweet dat kleur 'n geweldige invloed op ons daaglikse lewe het? Dit bepaal nie net die hoeveelheid en tipe werk wat afgehandel word nie, maar ook jou geestestoestand en baie beslis jou verhouding met jou mede-personeel en ander afdelings.

Vergesog? Snert?

O, nee. Ons sien dit daagliks vanuit ons Tydskrifte-hoekie op die Laer-grond as ons na ons bure om ons kyk - veral ons Ontsluiter-bure. Daar is mos drie kleure wat die verloop van hulle dag bepaal - Rooi, Blou en Groen in die vorm van KOLLE. En hoe het ons tog nie gewonder waarvoor hierdie kolle staan nie!

Ons het wel gemerk dat daar met tye omtrent nie 'n siel by die lessenaars sit nie en ander tye is dit net koppe waar jy kyk. Maar toe vind ons mos op die harde manier uit dat jy kan vergeet om iets in te sleutel op die rekenaar as daar 'n Rooi of 'n Blou kol teen Ontsluiting se bord pryk. En as daar vir 'n volle week 'n rooi kol op die bord is en Tydskrifte probeer 'n nuwe tydskriflys se gegewens insleutel? Dan verstaan jy baie goed hoe 'n Ontsluiter voel, as sy met twee trollies boeke gereed sit vir die masjien maar die masjien sit nie gereed vir haar nie. Dis genoeg om enige mens te laat verander van geloof!


Maar nou het ons bure neffens ons mos ook begin speel met dieselfde masjien, en dus sit Boekbestellings ook saam vasgevang in hierdie kleurespel.

Een ding waarvan aldrie ons afdeling gelukkig verseker kan wees, is onderlinge begrip en simpatie.

Daar is by Rekenaardienste 'n afdeling Administratiewe gebruikersdienste waarvan ons twee personeellede graag aan u voorstel:



***René***
Official Debugger




***Jan***
Re-bugger

Mej René van Zyl en mnr Jan de Wet. Ons stel ook mnr Tony Roberts van IBM aan u voor:



***TONY***
Original Debugger

Hulle is al omtrent heeltemal deur ons "oorgeneem" - hulle verskyn net nie op ons personeelbegroting nie. Veral René, wat al heel tuis lyk hier op Laer-grond.



***René***

So, as u dalk wonder wat aangaan as daar 'n vertraging vanaf Laer-grond is, onthou net iewers in die biblioteek speel kleur 'n GROOT rol.

ANNE VAN ZIJL

Illustrasies met dank van Rekenaardienste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## *...onthou jy nog...*

UIT HERINNERING SE WEI:

Magriet se herinneringe in die vorige Biblikasie, het my ook bietjie laat dink en terugverlang!

As ek aan my kinderjare terugdink, dink ek dadelik aan uiterstes, 'n moordende son in die somer, so warm dat niemand anders as ligvoets, kan beweeg nie en mens soms terugverlang na die kappies, lang rokke en moffies van die Voortrekkers se dae. Somer bring ook terugblikke op vyfuur se samekoms by die dorp se swembad, dan is daar "touch" gespeel en lank in die laatmiddagsonnetjie gelê en gesels oor: Skoolwerk, nuwe "kyse" of is daar sommer net oor die storm en drang van die lewe gefilosofeer. Somer beteken ook as gesin saans buite eet onder die maanlig, ons dorpie verlate en slegs krieke en paddas bedrywig. 'n Kenmerk van die ou Vrystaat is dat elke hittige dag 'n heerlike koel aand belowe wat weer aanleiding gee tot heerlike braaivleis geselllighede met sosaties, egte boerewors, krummelpap en - waatlemoen!

Winter weer laat my dink aan yskoue,donker wintersoggende op pad skool toe (te voet want dit is te koud om fiets te ry), alles wit geryp en vaal; die beurte staan by die ou koolstofie om die vingers los te kry voor jy begin skryf; die styf teen die muur sit in die wintersonnetjie pouses en dan saans die knetterende kaggelvuur waar elke lid van die gesin hom of haarself gerieflik inrig. Ek en my broers met ons huiswerk, my ma met 'n naaldwerkie of 'n dik boek, my pa met die koerant en 'n lekker stuk biltong waarvan daar elke nou en dan 'n stukkie vir elkeen afgesny word en dan Asjas, die hond, wat so na as moontlik aan die vuur lê en snork. Negeuur beteken klokslag Milo en gemmerkoekies.

So van kos gepraat (dit klink nou of my jonglewe uit eet bestaan het!): nêrens anders, is ek seker, sal mens nog sulke heerlike boeregeregte soos op die platteland vind nie - boontjiesop, bobotie, skaapafval, bredie, gemmerbier en souskluitjies!


My kinderjare het ek deurgebring op 'n klein vriendelike plattelandse dorpie waar almal vir almal ken en ek in my spoor moes trap om die volgende vry te spring: "Het jy gehoor wat Dolf du Toit se dogter aangevang het?" Meer as kritiek, was daar egter 'n gemeensaamheid, behulpsaamheid en gasvryheid wat ek nog nie in die stad beleef het nie. Nou nog is 'n naweek vir my gans te kort op my tuisdorpie. Daar is te veel geliefde omies en tannies wat opgesoek moet word, want die gemeenskap vergeet nooit een van sy kinders nie.

Gedagtes aan die skoollewe voer my ook terug na debatsaande wat nie net vir skoolkinders plesierig was nie; Kerkbasaars waar al wat leef en beef hulle hande diep in hulle sakke steek en dit een van die geselligste geleenthede van die jaar word; Landsdienskampe waar omtrent die hele skool per trein na die kamp by Glen vertrek; Duitse kampe en naweke waar daar net Duits gepraat word, geradbraak, maar moedig!

Ek sal nooit spyt wees dat ek op die platteland opgegroei het nie. 'n Mens bly soveel langer kind. Ek wonder watter stadskind sal eers in Matriek haar eerste paar sykouse kry!

Daar is soveel herinneringe dat mens skoon liries raak en miskien jou kollegas verveel!

MATILDA PIETERSE



## *ek vra maar net...*

OM TE GEE .......

"Dit is saliger om te gee as om te ontvang". Sô het Jesus gesê. Maar hoekom? 2 Korinthiërs 9:6-8 gee die antwoord: God het 'n blymoedige gewer lief.

"Gee" is nie net om materiële dinge te gee nie. Dit gaan veel dieper. So het Kahlik Gibran gesê:

"Dit is goed om te gee wanneer jy gevra word, maar dit is nog beter om ongevraagd te gee, omdat jy begryp; En aan die vrygewige is die soektog na iemand wat sal ontvang 'n vreugde groter as die van gee.

En is daar iets wat jy wil terughou? Alles wat jy het, sal eendag gegee word;

Gee derhalwe nou, sodat die seisoen van gee joune mag wees en nie die van jou erfgename nie."

Wat beteken dit? Dit beteken dat ek vrymoediglik sal gee aan wie ek graag wil op daardie oomblik, ongeag van die persoon se reaksie daarop .... dat ek sal gee omdat ek wil, omdat ek iets het om te gee, omdat ek sodoende die liefde wat God in my hart uitgestort het, beoefen .... gee vir die vreugde daarvan en nie om iets terug te kry nie.

Sô gee ek God self vir daardie persoon, so raak God daardie persoon diep binnekant aan. En omdat ek gee, doen ek afstand van alle maskers voor myself, en staan ek in my diepste wese ook ontbloot voor God, gereed sodat Hy ook vir my kan begin gee.....

Komaan, wat kan ek en jy vandag vir ons medemens gee?

ELRIEN SWART



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# LEESVREUGDE

MET NET DRIE BOEKE OP 'N VERLATE EILAND .....

Almal ken die storie van "as jy vir altyd op 'n eensame eiland moet gaan woon, en jy mag net drie boeke behalwe die Bybel saamvat, watter drie sal dit wees?" 'n Mens se eerste reaksie is seker die drie dikste boeke ter wêreld, want hulle sal jou lááánk moet besig hou - maar dan... dan begin jy weer dink, en so 'n slag jou eie boekrak in jou gedagtes fynkam.

Wat van ... die Groot Verseboek, of Kortverhale van die Wêreld - of die Versamelde Avonture van Asterix en Obelix?

Een boek wat ek sommer in my baadjiesak sal steek om op die skip al te lees, is Hannie Aucamp se Karnaatjie. Dis 'n boekie so groot as my hand, maar met 'n lewe se lekkerte daarin opgesluit. Op die titelblad staan daar "Karnaatjie; reissketse en essays", en die inhoudsopgawe beduie dan ook dat die boek uit hierdie twee afdelings bestaan.

Die eerste klompie is reissketse - van die Reis op die nagboot na Ierland, deur die lemoenboorde van Spanje, 'n Vlaamse lente, tot 'n mens "op die verre reis" na die herfs - ook van sy jeugjare met hom saam gaan.

Jy leer die Iere op die nagboot ken, die duidelik - arm paartjie in die wagkamer wat later die soveelste Guinness deel, die Ier wat kwansuis sy beurse en sy kaartjie verloor het, en die seesiek een wat in sy eie woorde "opgebring het dat sy kop daarvan sing," en deur die skrywer met outydse pepermente en seelug gesond gedokter word.

Jy beleef 'n spoorwegstaking in Italië, en 'n benoude Aucamp op pad na Leiden in 'n tot barstens toe vol trein. Die énigste ruimtetjie vir hom is om die hele pad te staan, behalwe vir die tydjies wat hy en 'n Amerikaner beurte maak om opgebondel te probeer slaap. Selfs die toilette was as kompartemente ingeruim, en dit lei tot die volgende: "Maar nie te lank nie of 'n uittog na die hoekie vir eensames begin. Die latrine moet ontruim word ... Elke keer moet daar met die latrinebewoners onderhandel word, meestal in geen onsekere terme nie. 'n Dik vroutjie met goedkoop oorringe in haar ore het die moed om 'n tweede tog te onderneem. Nou ontstaan 'n rusie wat ek net in Italiaanse operas moontlik geag het. 'n Jong man ... skree sy ergernis in haar gesig uit, haar gesig swel van woede, sy maak 'n reeks aantygings wat die man se voor- en nasate nie ontsien nie. Na haar aria volg daar 'n duet wat tot 'n rou crescendo styg; die koor val in; die soliste kryt hulle wrok bo die koorsang uit; maar uiteindelik raak almal verveeld... en is dit nog net die helder tenoor wat namurmel. En na al die ellende van die reis, as hy later in 'n Switserse trein saam met twee tantetjies van die land in 'n kompartement ry, en hulle die hele tyd sjokolade uitdeel om hulle meegevoel met die ervaring te betuig, loer 'n jong man om die deur - 'n jong man met 'n bekende gesig - die gesig wat Michelangelo oor en oor in sy werk gebruik het, en hierna kom die besef dat die lewe "ryk en mooi is juis om die swaar, nie ofskoon daarvan nie...."

In die tweede gedeelte van die boek kry 'n mens alledaagse ervarings wat vir almal van ons bekend is, maar ook telkens iets nuuts in het. Sy heerlike "Tot lof van die lemoen" waar hy die gebreke van ander vrugte stel in vergelyking met die lemoen, die Haarsny-a-la-Brutusstyl (of in Afrikaans die bekende kommetjiestyl!), die rooi kat wat kom kuier het, of dalk nooit daar was nie, die lot van nesskop - "waar dit party dae vir 'n mens voel asof jy die hele dag net die suikerpotte vol- en die asbakkies leegmaak", tot by sy "Protes teen die somer" (uiteindelik 'n geesgenoot!) as hy sê dat die somer "muggies, hooikoors, skaafplekke... nagte voos van hitte en motte en torre om jou lampe is" - maar ook dat die somer daar moet wees en weer sal kom.

In die essay "Winter op die Stormberge" is die skrywer terug in sy grootwordwêreld waar koud regtig koud is, en wanneer 'n rit op 'n perd so voel:

Wat kan jy van die landskap sê?
Wanneer dit toe is van die kapok soos nou.
Streng poësie, 'n huldeblyk aan Hokusai,
wanneer dit bar in die wintermiddag lê en
droog soos been ruik: strak, ru, wreed, nors
wanneer dit aand is en alles is innig en ligroos
en pers 'n akwarel, 'n fluistering.

Maar waar hy as seun ook moes kennismaak met iets wat mens nie regtig in woorde kan uitdruk nie, as 'n koei, ondanks pogings om haar te red vrek, en sy pa hulle " 'n aks te nugter" roep, en "die wêreld oud en hard en blink van die ryp" om hulle lê.

Amper 'n lofprysing so lank as wat die boek is, maar die boek met sy lekkertes in sy taalgebruik, sy vreugdes, humor en waarhede kruip onder jou vel in.

O ja, watter boek of boeke het jy nou weer gesê sou jy wou saamvat?

MAGRIET LEE

I would rather be a poor man in a garret with plenty of books than a king who did not love reading.

- Thomas B Macaulay



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *LUS OM TE RUS?*

BOTSHABELO : 'N TOEVLUGSOORD

Self 'n afstammeling van sendelinge was ek baie geïnteresseerd om te hoor dat die ou sendingstasie van die Berlynse Sendinggenootskap, Botshabelo, naby Middelburg, weer deur die Middelburgse stadsraad gerestoureer word as 'n opelug-museum, en dat mens daar ook verblyf kan kry. Gevolglik het ons as gesin die eerste naweek in April verleng tot Dinsdag en in die pad geval na Botshabelo. Verblyf het ons gekry in die enigste gesinsverblyf wat daar tans beskikbaar is: 'n Ou dubbelrondawel, maar toegerus met elektriese lig, yskas, stoof ens. Nie ver daarvandaan is daar egter ook 'n tipe jeugherberg met massas beddens, waar 'n groep Johannesburgers ongelukkig die eerste twee aande 'n bietjie te luidrugtig na ons sin was - vanaf Sondag het Botshabelo egter weer heerlik rustig geword.

Botshabelo het ontstaan nadat die twee sendelinge Alexander Merensky (vader van die geoloog Hans Merensky na wie ons hoofbiblioteek vernoem is) en Heinrich Grützner saam met hulle Pedi-Christene in 1864 deur kaptein Sekoekoeni verjaag is. Hulle het toe 'n plaas langs die Klein Olifantsrivier gekoop en dit Botshabelo, d w s "toevlugsoord" genoem. Nadat daar eers 'n hartbeeshuisie as kerk gebou is, is daar in 1868 'n groot kerk met self-gevormde bakstene gebou, wat in 1871 nog uitgebrei is, sodat dit vandag 'n baie groot kerk in die vorm van 'n kruis is, met pragtige geelhoutbanke en 'n grasdak. As beskutting teen Sekoekoene het Merensky ook op 'n koppie bokant die kerk 'n klipfort gebou, vandag bekend as Fort Merensky. Botshabelo het vinnig uitgebrei en was grotendeels selfversorgend met landerye, leivore, meule, winkel, boekbindery, wamakery en smidswinkel, en skool en kollege. Met tuislandkonsolidasie was die Pedi's van Botshabelo ongelukkig ook verskuif en het meeste geboue begin om te verval. Restourasie van die fort is vanaf 1959 deur die Stigting Simon van der Stel begin en in 1978 het die Stigting die hele kompleks aan die Stadsraad van Middelburg oorgedra, wat besig is met verdere restourasie. Sekere wonings is reeds gerestoureer en toe ons daar was, was hul besig met die opleidingskollege. Die groot kerk sal blykbaar vanaf 1983 aandag kry. Geweldige groot werk lê nog voor, en mens kan maar net hoop dat die arbeidskrag en fondse uitreikend sal wees vir restourasie van die hele kompleks. Een punt van kritiek is dat daar dalk sommige minder relevante projekte beplan word of gedoen is, soos bv die oprigting van 'n Ndebele-kraal, hoewel Botshabelo nooit met Ndebeles iets te doen gehad het nie.

Die natuurskoon van Botshabelo het ons baie geniet. Die meeste geboue lê tussen hoë en digte bome, terwyl die omgewing uit grasbedekte heuwels bestaan, met taamlike steil hange na die Klein Olifantsrivier. Drie sirkel-wandelpaaie is ook beskikbaar, twee van 4 uur en een van 8 uur. "Paaie" is belis 'n oordrywing, want mens stap eenvoudig deur die bos en veld, maar die wit voetspore op die klippe geverf dui darem die roete aan. Verder is daar heelwat plaas- en huisdiere op Botshabelo, van donkies wat snags rondom ons rondawel geslaap het tot 'n pratende kraai. Wat wild betref sal niemand waarskynlik die speelse trop ape in die bome kan misloop nie. Baie voëls kan ook gesien word en veral die gekoer van die duiwe begelei jou orals op Botshabelo. Ons het werklik heerlik uitgerus daar. Hopelik word die toeriste-aspek nie later oordryf sodat hierdie rus verlore raak nie. Want dit is soos ons Botshabelo ervaar het en graag weer sal wil ervaar - as 'n toevlugsoord waar ons weer uit die gejaag van die lewe tot rus en besinning kan kom.

R E TÖNSING

# deur die blare



BOLPLANTE

Vanaf Maart begin mens gewoonlik al gesigte en visioene kry vir jou tuin oor 'n plaat lelies in volle blom. 'n Keukenhof in die klein of 'n stukkie Engelse platteland op jou drumpel. Ongelukkig kom jy eers een jaar ordentlik hard aarde toe voordat jy besef dat om so 'n pragtige plaat blomme te hê, ordentlike beplanning en voorbereiding vra. Dis baie belangrik om vas te stel of jy in 'n warm, koel of koue streek bly want dit bepaal wanneer jy die bolle moet plant.

My ma het altyd klokslag middel Maart al wat bol is geplant, met wonderlike resultate. Maar dit was in Pretoria en dus die ideale tyd. Ons bly nou in 'n kouer Hoëveldstreek en dit is beslis nie die geskikte tyd nie. Die grootste gedeelte van Pretoria en omgewing kan mens bolle begin plant gedurende Maart. Affodille, renonkels en anemone moet in April geplant word en tulpe eers later, in Mei. Gelukkig kry die kwekerye eers hulle tulpebolle einde April.

Die voorbereiding van die grond is uit die aard van die saak die belangrikste. Baie goeie ou kompos moet ingewerk word sodat die grond lig is. As die grond enigsins kleierig is gaan dit om die bolle pak en die bol versmoor.

Moenie bolle te diep plant nie en moet tog nie die arme goed verdrink nie. Water alleen help nie dat die bolle groot en vet word nie. EN onthou dat affodille lank vat om op te kom. 'n Hele paar van ons het al begin bolle oopkrap om te sien wat aangaan - moenie, gee die bolle 'n kans.

Hou die plante goed dop nadat die groen blare uit is want die voëls kan groot skade aanrig. Span maar gerus 'n net bo-oor die bedding dis die moeite werd.

A VAN ZIJL



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## *Uit die pers*

THE PRIMAL DIVISION

"And it came to pass that when Kutta the Book God had made the first Library she saw that it was good. She called the librarians together and divided them as a herder divides the sheep and goats. To the first group she spoke, saying, 'You shall dwell in the light and serve the readers, and your glory shall be great.' Then she turned to the second group and spoke, saying, 'You shall dwell in the darkness. Secret shall be your ways and hidden your practices. You shall not know the public, neither shall any reader know you. Go forth and classify."

Deep in our collective consciousness as librarians, we believe this primal division into public and technical services is the way to run a library.

The tremendous impact of automation on our library processes had made it necessary for us to examine those processes in order to distinguish between the professional task and the nonprofessional task, and to distinguish between the task best carried out by a human being and that best carried out by a machine. Professionalism in librarianship is always under scrutiny. If I read the present circumstances aright, that scrutiny is now concertrated on such questions as, "What does a professional librarian do?"; "What is the most effective use of a professional librarian's time?"; and "How can I be a professional librarian and find the maximum satisfaction in my work?"


When one looks at the standard library with its division into technical processing departments and public service departments, one can readily see problems and anomalies produced by such a structure. For example, one finds catalogers who have a tremendous knowledge of the subject field in which they work, yet that knowledge is seldom or never used in reference work. Again, one finds reference librarian who disavow cataloging as a process and seem almost proud of their inabiblity to grasp the basic concepts underlying cataloging and the most important and expensive tool in the library - the catalog.

The absurd and damaging idea that there are "public services types" and "technical services. types" is partly produced by library education, which in most schools tends to follow the traditional divisions and insist on the uniqueness of each library subdiscipline. In fact, library education, if it is to be effective, must stress the seamlessness of professional librarianship and the importance of a well rounded understanding of the totality of librarianship.

The librarian, not just of the future but also of today, needs to comprehend the importance of reader service, the intricacies of library automation, and the nature and structures of bibliographic control. That librarian must also possess a keen and analytical appreciation of the materials libraries collect. In this way librarianship will regain its professional pride.

UIT: AMERICAN LIBRARIES VOL.10 NR 7

# *still cookin!*



VLA YSKASTERT

Genoeg vir 'n bak van ± 30cm x 20cm

2 pakkies Tennisbeskuitjies
2 blikkies Kondensmelk
Suurlemoensap
1 liter melk
Vlapoeier
Suiker

Maak van die melk 'n stywe vla.
Roer genoeg suurlemoensap by die kondensmelk om te laat stol.
Pak onder in bak 1 laag tennisbeskuitjies, smeer 'n laag vla en dan 'n laag kondensmelk.
Herhaal. Gebruik ongeveer ½ pakkie tennisbeskuitjies wat oorbly om te krummel en oor die laaste lagie kondensmelk te strooi.
Plaas in yskas tot gestol.



GELDINSAMELING VIR KOMBUIS- EN OOIEVAARTEES

Daar mag geen lyste "loop" nie.

Die persoon wat die geselligheid reël mag die Sosiale Klub verteenwoordiger van elke Seksie versoek om dit onder die aandag van die lede van die Seksie te bring. Persone wat dan wil bydra kan die geld na die Sosiale Klub verteenwoordiger neem. Daar mag nie van persoon tot persoon met 'n lys geloop word nie.

Indien die geselligheid gedurende etenstyd gereël word, moet die tyd wat vir voorbereiding en opruiming voor en na die ete-pouse gebruik word, opgeskryf word.

MNR W W DUMINY



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Mev Marie Abrie Boekbestelling Mev Ria Coetzee



Mev Ray Smithers Buitemuurs



Mev Sheila Grimbeek Klinika

**WELKOM**



Mev Rina Pelser Veeartsenykunde



Mnr Herman Smit Bindery



Mej Marjorie Marais IBL



Mej Margaret Kleynhans IBL


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1932–1982
AFRIKAANSWORDING

# BIBLIKASIE

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

MEI 1982




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



VERANDERING

Die afgelope paar jaar het verandering in die organisasie van die aktiwiteite in die Biblioteekdiens met rekenarisering gepaard gegaan.

Vanaf Junie 1980 is een van hierdie be-oogde „veranderings" stil-stil deur 'n klein groepie persone in Seksie Boekbestellings bestudeer en getoets en begin dit nou so stadigaan na die oppervlak beweeg. Hierdie verandering is die Bestelmodule van die LIBIS-Online programpakket.
Daar is op 16 Maart 1982 besluit dat die programme vir die bedryf van die bestelfunksie gebruik sal word en alle beskikbare manne -(vroue) kragte word ingespan om alles vir die implementering van die stelsel gereed te maak.

Daar word reeds met groot vreugde uitgesien na die nuwe bedeling want dit sal op sekere punte in die proses 'n verligting van werkslas beteken, soos byvoorbeeld

- die eenmalige vaslegging van bibliografiese data op bestelstadium, wat weer vir die druk van bestellings en by die ontsluitingsfunksie gebruik kan word
- 'n boekhoudingstelsel vir die onderskeie departemente se boekfondse ten opsigte van bedrae toegesê en bedrae werklik spandeer
- die omskakeling van vreemde geldeenhede volgens die heersende wisselkoerse (wat vir die stelsel gegee word) na rand en sent
- die moontlikheid om by enige rekenaareindpunt in die biblioteek vas te stel of 'n boek op bestelling is, wanneer en waarvandaan dit bestel is, of dalk wanneer dit ontvang is
- die intydse beskikbaarheid van alle bestelrekords - dus geen liassering sal meer plaasvind nie.

Die enigste wanklank wat uitgestuur word, is dat oudivisuele materiaal, plate en bladmusiek nog nie deur die stelsel hanteer kan word nie en sal dus nog op die handstelsel bedryf moet word.

Naas die vreugde bring die stelsel ook 'n groot uitdaging met hom saam. LIBIS-Online (Bestel) gebruik die DOBIS-ontsluitingsmodule vir die vaslegging van die bibliografiese data. Met die gevolg dat die persone wat die data vaslê beslis in die ontsluiting van materiaal onderleg moet wees. Indien ons dus nie-biblioteekkundig gekwalifiseerde persone op hierdie punt wil gebruik, sal 'n intensiewe indiensopleidingsprogram nou en vir elke nuwe personeellid geloods moet word.

Die logiese punt waarheen bestelaksie verplaas kan word, is na Seksie Makro-ontsluiting waar die DOBIS- en bestelekspertise lê.


Daar word nou gewerk aan die integrering van die bestel-en ontsluitingsfunksie. Elke ontsluiter sal die bestellings (in samewerking met die betrokke vakbibliotekaris), asook die ontsluiting van die vakgebiede waarvoor sy verantwoordelik is, hanteer. Hulp sal aan die ontsluiters gegee word vir die afhandeling van die addisionele administratiewe take wat die verskuiwing sal meebring. Die ontvangsaksie bly by die Seksie Boekbestellings.

Die samevoeging van die twee aktiwitiete is 'n nuwe gedagte en ons sal nog 'n rukkie spartel om alles uitgepluis te kry en veral om die wiel te laat draai tot op die punt waar die bibliografiese data van alle boeke wat ontvang word in die databasis is.

Ons is eintlik met die hele proses van rekenarisering met ons rug teen die muur. Ons word gedwing om aan te pas by al die nuwe dinge. Terugdeins mag ons nie, want dit kan dienslewering in die toekoms beïnvloed. Die rekenaar gekoppel aan die ontwikkelinge op die gebied van die telekommunikasie tegnologie het gekom om te bly en 'n onvermoë om daarby aan te pas mag dalk tot professionele selfmoord lei.

Aan almal wat deur die implementering van die LIBIS-Online Bestelfunksie geraak word, 'n GROOT DANKIE vir die gesindheid waarmee die verandering aanvaar word.

Mev E Langkilde



Another case of future shock.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

PROFESSIONELE VERGADERING

Die Dagbestuur van Vakbibliotekarisse het op 13 Mei 1982 'n vergadering gereël waarna alle Professionele Lede van die personeel uitgenooi is. Die doel van die vergadering was die eerste bekendstelling van ons Rekenaarmatige Inligtingsdienste (ERID). Hierdie dienste bestaan uit INEG, DIALOG en MEDLINE en al drie is Inligtingsdienste wat deur middel van Rekenaareindpunte vanuit Merensky bereik kan word. INEG is 'n Inligtingsdiens wat deur die Instituut vir Eietydse Geskiedenis van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, ontwikkel en beskikbaar gestel word. Die diens bestaan basies daaruit dat die Insttuut 'n knipseldiens saamstel uit die daaglikse Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte wat die eietydse geskiedenis weerspieël. Hierdie knipsels word op papier vasgeplak en op mikrofiche geplaas. Elke uitknipsel word onderwerpsgewys ontsluit en die inligting word dan op 'n rekenaar geplaas. Merensky het 'n rekenaareindpunt wat per telefoonlyn met die rekenaar in Bloemfontein kan skakel. Dit is dus moontlik dat 'n onderwerp hier ingevoer word en die bronnelys waar die inligting gevind kan word, word hier op die terminaal uitgetik. Merensky koop ook die knipsels op mikrofiche, aan en deurdat die mikrofichenommer ook op die bronnelys aangegee word, kan die inligting dadelik tot die beskikking van die gebruiker gestel word.

DIALOG is 'n Inligtingsherwinningstelsel van die Lockheedfirma in California, Amerika. Die Stelsel bestaan uit databasisse wat vergelykbaar is met Tydskrifindekse en Ekserpjoernale bv. Social Science Citation Index en Psychological Abstracts.

Aan die hand van 'n gebruiker se navraag, stel die vakbibliotekaris 'n soekstrategie op, wat deur die Senior op die Rekenaareindpunt ingelees word. Die soektog word dan per telefoonlyn oorgesein na DIALOG in California, waar daardie rekenaar deur die skyfpak van die betrokke databasis soek, en die verlangde soekwoorde op die skerm projekteer.

Die moontlikheid bestaan verder om, in geval van 'n groot aantal inskrywings per soekwoord, soekwoorde te kombineer om die onderwerp fyner te bepaal.

Die Bibliografiese verwysings word op die skerm aangegee en die moontlikheid bestaan om óf direk die verwysings uitgetik te kry, of om dit in bondelverwerking deur die rekenaar te laat uitdruk. In laasgenoemde geval word die uitdruk aan die Merensky gepos.

MEDLINE is 'n soortgelyke Inligtingsdiens wat op die Mediese Wetenskappe toegespits is en wat deur die National Library of Medicine (NLM) in Washington DC. ontwikkel is en beskikbaar gestel word.

Dit is kortliks wat ek uit die Vergadering wys geword het en bes moontlik glad nie 'n professionele en korrekte verslag van die Eksterne Rekenaarmatige Inligtingsdienste nie.

Matilda Pieterse

(Red. Baie dankie vir die kort en maklike verduideliking - nou kan ons 'leke' ook ten minste 'n benul hê waarvan daar gepraat word as ons al die geheimsinnige akronieme aanhoor:)




"Forward-thinking man, analytical and BASIC minded. Experience in Apple II Plus and TRS-80 Model III learning environments. Seeks lady with same."

It is with books as with men; a very small number play a great part; the rest are lost in multitude.

- Voltaire

A man is himself - plus the books he reads.

- Henry Fielding.

We are as liable to be corrupted by books as by companions.

- Henry Fielding

If time is precious, no book that will not improve by repeated readings deserves to be read at all.


- Thomas Carlyle

| *VERJAARSDAE* | | *JUNIE* |
|---|---|---|
| *Mej R Badenhorst* | *- 3e Verdieping* | *13* |
| *Mev J Rechav* | *- Ontsluiting* | *16* |
| *Mej M Roets* | *- Tydskrifte* | *25* |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *poste restante*



Geagte Redaksie


Alhoewel ek nie regtig die gevoel het dat ek my etensure vermors nie, (Ek gaan gewoonlik huis toe of woon een van die baie vergaderings, lesings of konserte by), wil ek graag met Gaynor saamstem dat daar baie voordele aan haar rooster verbonde is. Dit sal heerlik wees om elke dag 'n halfuur vroeër huis toe te gaan.

Maar hier kom my klip in die hennehok! Hoe produktief is die aanddiens wat ons lewer? Dit is baie gelukkig dat hier saans 'n klompie gebruikers kom wat deur 'n professionele bibliotekaresse of haar bekwame assistente met raad en daad bygestaan word. Maar wat van die dagligure wanneer hier dikwels 'n „afwesige-bibliotekaris-sindroom" te bespeur is? Gebruikers en kollegas trippel dan radelooos rond omdat die persoon wat hulle die beste sou kon help „af" is wanneer 'n mens normaalweg sou verwag om iemand op sy pos te kry.

My voorstelle? Dit sluit aan by dié van Gaynor. Gewone kantoorure tot om 16h00 en na-uurse diens vir die personeel tot om 18h00 en op Saterdae. Maandae tot Vrydae van 18h00 tot om 22h00 word hier 'n aantal jongmanne in diens geneem wat opleiding kry en elk 'n permanente punt beman. Die beheerpaneelword vergroot en bestaan nog steeds uit Merensky-personeel. Daar is baie jongmanne wat in so 'n betrekking die geleentheid sal sien om geld te verdien waarmee hulle die deposito vir 'n eie huis kan bymekaarmaak. Afgesien van die feit dat die permanente biblioteek-personeel dan minder „af" sal wees gedurende kantoorure, sal hulle ook minder vaak wees as hulle wél hier is en dan sal daar nie elke aand laat 'n paar dames onder gevaarlike toestande alleen huis toe ry nie.

Kollegas, skel my maar (veral die studente), maar moenie my stenig nie.

Joriet Coetzee




Geagte Redaksie

Graag wil ons ook ons stuiwer in die armbeurs gooi ter ondersteuning van „Mors ons tyd of nie" van mev G Stroebel wat in die vorige Biblikasie verskyn het.

Sy vra die vraag: „Kan ons nie eerder 'n halfuur vir ete neem en dan smiddags 'n halfuur vroeër huis toe gaan nie?" Met dié vraag roer sy 'n teer punt aan want talle Merensky dames sou dit presies so verkies.

Weens die feit dat Administrasie vanaf 1 Junie 1982 om vieruur gaan sluit, sou dit soveel geriefliker wees as Merensky se sluitingstyd ooreenstemmend kon wees want dan hoef mans wat by Administrasie werk darem nie 'n volle halfuur te wag vir hulle gades wat Merensky beman nie, en soos Gaynor tereg opgemerk het sal die dames dan vry wees om hulle huishoudelike- en ander pligte veel rustiger en aangenamer te kan verrig.

Verdermeer het aan die lig gekom dat saamry klubs gestig is tussen personeel van Administrasie en Merensky en sluitingstye wat met soveel as 'n halfuur verskil kan dalk veroorsaak dat 'n dame of twee vanaf 1 Junie 1982 met die hande in die hare gaan sit.

Ander afdelings van die Universiteit soos ondermeer Bantoe Administrasie het reeds vertoeë gerig om ook te kan inskakel by die nuwe reëling. Eenvormigheid sou tog ook verwarring by die publiek uitskakel.

Gaynor se voorstel in verband met etenstyd: Persone A en B beman te alle tye dienspunt 1. A gaan eet vanaf 13h00-13h30 en B bly agter. A kom na 'n halfuur terug en dan gaan eet B.

Leendienste se voorstel in verband met etenstyd: Verkort die etenstye met 'n kwartier, laat die middagtee verval, laat die aanddienspersoneel in plaas van vyf ure en dertig minute eenvoudig ses ure tot hulle krediet kry en siedaar - die sluitingstyd is vieruur!!!

Daar mag moontlik uiteenlopende menings en voorstelle in verband met etenstye en die roosters daarvoor wees, maar een feit bly staan en dit is dat ons almal graag vieruur wil sluit.

'n Klip in die bos: sou die wegdoen van die middagtee nie ook finansiële voordeel vir die sosiale komitee beteken nie? Gewoonlik drink heelwat minder mense middagtee, baie beskou dit as onnodig en derhalwe word baie tee vermors.

Voordat ons die brief geskryf het, het ons met verskillende dames gesels en het hiervolgens besluit dat die algemene gevoel ten gunste van vroeër sluit is.

Uit bogenoemde gesprekvoering het dit ook geblyk dat sommige personeellede Buitemuurs studeer en dit uiters ongerieflik vind om betyds by klasse te kom wat reeds vyfuur begin met net 'n halfuur tot hulle beskikking.

Beleef versoek ons dus dat hierdie saak positiewe oorweging sal geniet.

Leendienste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TWEEDE VLOER

MEI-MAAND OP TWEEDE VLOER

'n Maand van woelinge en gewerskaf. 'n Heerlike "vol" maand - en moenie dink die tempo neem enigsins af op Tweede vloer nie. Elkeen is maar besig met haar eie dinge - uitstallings, nuwe bestellings, bindbeurte en navrae. Die een so belangrik en tydrowend as die ander. Wat so heerlik is van hierdie tyd van die jaar is dat oriënteringlesings so-te-sê agter die rug is en soms kan 'n mens die resultaat wel agterkom! Daar bly egter nog die gebruiker oor wat van 'n katalogus niks weet nie - om nie van die mikrofiche-katalogus te praat nie! Geduldige verduidelikings bly nog steeds aan die orde van die dag.

So van uitstallings gepraat. Thea en Rentia het albei vir hul departemente uitstallings gehou. Thea se uitstalling was in die Opvoedkunde gebou - waar die Teologie departement 'n besoekersdag gehou het vir admissie-studente en Rentia se uitstalling was in die Senaatsaal - waar die konferensie oor Maritieme Strategie aangebied is. Heerlik interessant, maar baie werk. Sonder al die gewillige hande sou hierdie uitstallings gewis 'n fiasko gewees het!




Wat die bindbeurte betref, het die een helfte van die Tweede vloer - Magriet-hulle se kant - hul kans gekry - en baie nuttig gebruik. Magriet se raad as jou bindbeurt nader: „Koop vir jou 'n houer Wet-Ones". Dankie Magriet, klink na wyse raad. Een voordeel van so 'n bindbeurt, is dat dit dan makliker is om die verdwyning van 'n tydskrif te verklaar. Hy kán mos in die bindery wees, of hoe?

Verder gaan dit aan hierdie front rustig, dankie. Geniet maar hierdie heerlike wintermaande met hul warm oggendsonnetjie. Nie lank nie, of ons braai weer uit! Nie dat 'n mens altyd kan voorspel hoe die temperatuur in die Merensky vir die volgende dag sal wees nie!

Rentia Pretorius



"Herr Bolliger, I think I've found our bottleneck!"

# africana

Die Africana-afdeling sorg nie eintlik vir opspraakwekkende gebeurtenisse soos die ander afdelings nie, want ons het gedurende die afgelope jare geen nuwe mans of babas ryker geword nie. Op akademiese gebied presteer ons twee hardwerkende studente gelukkig baie goed. Joy het onlangs berig ontvang dat sy een van drie studente in die ANK III-klas is wat op grond van akademiese prestasie, 'n beurs ontvang het. Baie geluk, Joy.

Ons het vroeër altyd gedink dat die suisgeluid in die Merensky aan die lugreëling te wyte is, maar in die mooi nuwe boek van Cythna Letty: "Children of the Hours", is 'n gediggie wat ons tot ander insigte gebring het. Dit is waarskynlik die geruis van vele engelevlerkies, want hoor net wat sê Cathna:

*WORK*

*While you work the angels near*
*Lean and watch, but you, absorbed,*
*do not notice they are here.*

*Closer, closer you attend,*
*Many more come crowding in,*
*Richly deep their voices blend.*

*When your final touch is given*
*Warmth of wing upon the air*
*Proves the hour spent in heaven.*

JORIET COETZEE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONTSLUITING

Met Mei- maand agter die rug is die helfte van 1982 amper alweer geskiedenis. By die ontsluitingsafdeling het daar gedurende hierdie maand heelwat interessanthede plaasgevind. Eintlik kan mens praat van 'n verskeidenheid van soet en suur gebeure.

April- maand se krankhede wat skielik opgeduik het was mooi aan die genees toe Jo ons opnuut verras met 'n bloedrooi oog. Ons wens al die krankes 'n spoedige genesing toe en hoop dat Junie 'n verbetering in hierdie opsig sal wees.

Christine Ackerman het aan die begin van Mei by ons aangesluit en ons wil haar weer eens baie welkom heet en hoop dat sy sommer vir 'n lang tyd lekker saam met ons sal werk.

Ongelukkig verlaat Ansie Willemse ons diens aan die einde van Mei. Aan haar wil ons baie dankie sê vir alles wat sy in die afdeling beteken het. Ons sou jou graag wou behou, maar nou ja, 'n mens kan nie jou brood aan beide kante gebotter hê nie.

Hoe waar bg. stelling ook mag wees, sal elke ontsluiter seker getuig dat ons Vrydag die 14de Mei die teendeel bewys het nadat ons die San Francisco restourant in Arcadiastraat besoek het. Daar was ons brood bykans letterlik aan beide kante gebotter. Ons kan met oortuiging en aangename herinnering die eetplek by julle aanbeveel.

Nou ja, ons hoop dat die res van die jaar vol van verdere interessanthede sal wees.

SUSAN MARSH

# tiksters

Van nou af is ons altyd vrolik omdat ons einde ten laaste vaarwel kon sê aan die fotostaatmasjiene wat eens in die kelder was. Maar nou ja, probleme sal daar altyd wees ... van studente wat kla ... (gedurende aanddiens), „hoekom is dit nou skielik net biblioteekmateriaal" ... „hoekom net een persoon by 'n masjien" ...„waar is die ou Biochemiegebou?", en dan ten laaste, kan jy dit glo ... „waar is die ossewa?". Dankie dat ons sulke vrae net in die aand nog moet beantwoord!!

Verder gaan dit goed in die afdeling met die werk.

Sterkte aan Maretha van Vuuren wat griep onderlede het, en aan Mara se kat wat onlangs 'n oprasie ondergaan het. Sterkte ook aan Hannelie wat kliphard spaar vir 'n nuwe matras, (gelukkig het sy die elektriese kombers) sodat sy met 'n beter gevoel die dag kan begin.

Groete tot volgende keer.

## BOEKBESTELLINGS

*Hier by ons in bestel is 'n nuwe vent,*
*nog nie aan almal so goed bekend.*
*Sy streke moet ons nog leer*
*en soms kan daar snaakse goed gebeur.*

*'n Bestelling is so pas ingevoer*
*maar nou's dit nêrens, hoe goed ons ook loer.*
*Paniek daal oor die groepie neer!*
*Wat het gebeur?*
*Is dit alweer een van jou streke, Meneer?*
*Nee, die fout lê toe al die tyd by ons -*
*nooit die "yes" ingepons.*

*Vandag kom ons glad nie aan die gang*
*want die rooi kol is by Ontsluiting opgehang.*
*So met swoeg en sweet*
*begin bestel geleidelik met LIBIS kragte meet.*

*Sit Mev Nel en Kie voor LIBIS gebuk*
*Glo my word daar kopstukke gepraat -*
*Met mev Langkilde se hulp*
*word ons in die duister geheimenisse ingelaat*
*en hoop ons die nuwe "kollega" voel gou tuis*
*in bestelafdeling se huis!*

*HELENA THERON*

Aan woordspeling ontbreek dit ook nie hier in bestelafdeling nie. 'n Boek wat onlangs ontvang is, se titel is "The Soul of the Wolf" deur Michael W Fox

# TYDSKRIFTE

Na vier maande van heerlike rus (rus?) stap ek die oggend van 10 Mei by Tydskrifte-afdeling in. Verandering het ek wel verwag, maar wát 'n verandering! Benewens 'n paar krulkoppies bespeur ek toe ook 'n klomp gesiggies, totaal vreemd vir my. Warm verwelkomingsgroete klink oral om my. (Wonder nou of dit nie meer om die halsbandjie as die hondjie was nie). Die vier nuwe gesiggies word aan my voorgestel en nodeloos om te sê wil die een ouliker wees as die ander. Gou-gou is ek weer betrek by al wat werksaamheid is en dan word ek telkens verséker van die vrèügde oor my terugkoms. Die werk lyk na Grieks vir my, en tussen-in besprekings van die reëlings vir Essie se troue, en dan die verdere skok om te verneem dat sy en Alwyn hulle in Krugersdorp gaan vestig, dra nie juis by om my geheue te verfris nie. Daarbenewens het ek talle dinge om met almal te bespreek, en gelukkig kyk Anne (deur wysheid wat kom met jare) nie eenmaal in my rigting nie - horende doof en sienende blind-.

Na 'n opwindende dag, so eie aan onse Merensky, is dit uiteindelik half-vyf, en kan ek terugkeer na doeke en bababottels.

Dis lekker om terug te wees.

Stella.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## *Landbou*

Die Landbouvereniging het op 30 April 1982 'n boeredag gehou op die Hoëveldproefplaas by Bapsfontein. Die proefplaas is geleë op die Delmaspad sowat 20 kilometers uit die stad.

Teenwoordig was al die VIP's van die Universiteit en landbou. Sy Edele die Minister van Landbou, mnr Pietie du Plessis het die amptelike opening waargeneem. Die rektor prof Danie Joubert het erepennings oorhandig aan ouddosente wat verdienstelike bydraes gelewer het tot die landboufakulteit.

Na demonstrasie en uitstalling van plaasmasjienerie is 'n besigtigingstoer gereël vir al die persone teenwoordig. Met waens en trekkers, vragmotors en busse is die mense rondgewys. By elke departement se proewe was 'n segsman uit die betrokke departement wat 'n lesing gegee het.

Die dag se verrigtinge is met 'n tipiese boeremakietie afgesluit - 'n osbraai en 'n dans.
Dit was 'n wonderlike dag so in die buitelug in die veld. Met dankbare harte het ons huiswaarts gekeer met dié wete dat ons deel is van die span hier by landbou en van die boerenasie wat nog na aan die natuur kan lewe. Wat 'n voorreg!

Ons groet vanuit die Landboubiblioteek

Jeanette Bornman

## BUITEMUURS

Verlede week gaan haal ek my nuwe bril by die oogkundige af, en sien meteens die lewe in 'n helder, nuwe (fisiese én geestelike) fokus. Oor 'n lang tyd heen het ek te gewoond geraak aan my swakkerwordende gehalte sig, soos ons ook gewoond raak daaraan om ondankbaar te wees.

Nou sien ek egter weer, soos met nuwe oë, hoe mooi en seënryk hierdie lewe is, en ek sê dankie vir my nuwe lense (én die oogkundige, én die brilmaker) - en wat van my tandarts en die blink nuwe kroon op my kiestand, die werktuigkundige wat my kewertjie weer aan die loop gekry het (én my motor self, al is hy oud en lelik en stadig), én die samaritaan wat hom ingesleep het, toe ek halfpad gestrand was. Dankie vir die petroljoggie en elke kasregisterklerk, die manne wat die vuilis wegkry, elke bedagsame student, my kollegas - vir elke mens wat my lewe voller, ryker, mooier en makliker maak. (Hulle spoor my aan om self ook 'n beter dienskneg te wees - watter soort is ek?)

Almal van ons het af en toe 'n nuwe bril nodig (van watter aard ook al) sodat ons oë kan oopgaan en ons kan sien hoe deeglik die Here vir ons sorg, sodat ons weer die Onselfsugtige kan herken wat in ons, die ondankbares, kom sterf het.

Ek sê dankie vir my nuwe bril.

Buitemuurs

## MUSIEK

Voordat julle vergeet dat daar ook 'n musiekbiblioteek is ... kortliks 'n paar nuusberigte:

Anita „werk" baie hard as sy van diens af is. Dit is nl. die trek na 'n nuwe woonstel. Dit was groot inpak - lank bêre - om nou te kom uitpak en nes skrop. Die uitsig is so mooi boomryk en selfs die verligte Uniegebou verfraai haar uitsig op enkele Saterdagaande. Maar nie net dit hou haar besig nie. Dit is kursus in dit en in dat, selfs toetse word geskryf, sterkte hoor.

By Gertrud gaan dit ook maar dol - is dit nie toetse nie, dan is dit take en tussenin ook nog nuwe woonstel-soekery. Sy word blykbaar aangesteek by Anita met dié woonstel-verskuiwery.

Behalwe die gewone personeel was daar nou in Mei elke oggend drie gereelde en ywerige ontsluiters aan die werk. Helene Fourie, wat nou al vir jare lank die partiture en plate hier ontsluit het, verlaat ons. Nou word daar elke oggend gespook om al die praktiese kennis aan Miemie Vink en Erika Brits aan te leer. Dit was heerlik om in die oggende so 'n 'groot' personeel te wees. Helene, ons sal jou baie mis hier - maar ons wens jou alles van die beste toe in jou nuwe pos. Ook welkom aan Miemie en Erika, ons is bly dat julle soms by ons gaan aansluit.


Laastens 'n blik in die talente van die musiekdosente. Dié gediggie verskyn toe eenkeer hier saam met 'n paar gemerkte vraestelle wat studente hier in die biblioteek moes kry:

*„Moenie kla of ys ...*
*die res kom stuksgewys*
*druppend soos 'n kraan*
*wat aan en aan*
*bly drup*
*totdat die laaste druppel*
*sag op die gras*
*verys tot 'n kristal*
*in die wintemag se kou*

*die algemene standaard lyk goed*
*Jul' het die kennis in die bloed"*

*(Stefans Grové)*

*Groetnis*
*vanuit die Musiekbiblioteek*



How to Stand. How not to Stand.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TOONBANK

Die pas afgelope langnaweek was die weë van Toonbank se mense wydverspreid oor Transvaal.

Mev Hannetjie Erlank was van die weiniges wat in Pretoria agter gebly het.

Mev Johanna Gaigher het Woensdagaand alreeds in die pad geval na haar ouers op Hoedspruit waar sy haar man teen aap-mannewales moes staan.

Mej Irene Boon was op Potgietersrus by haar ouers. Dit blyk dat dit nie té rustige naweek was nie omdat die Boons 'n groot soektog op tou gehad het na 'n luislang.


Mej Estelle Stoltz het haar skrede na Kempton Park gewend om haar naweek daar deur te bring en moes sy nie kop bo water hou tussen 'n reëlery vir 'n troue nie?

Mev Irene Venter het 'n paar dae se verlof by die naweek aangelas en het deur Oos-Transvaal getoer.


Mev Corrie du Plessis het besluit moederliefde en dié se kos is net die ding vir so 'n langnaweek.

Wel, so het almal weer Maandag aangemeld by Toonbank, vol ywer en vertellinge oor die naweek!

Groete
Toonbank




# still cookin!





*Ekonomiese souttert*

*Druk 1 groot pak (150 g) aartappelskyfies fyn en gooi dit in gesmeerde oondpan.*
*Meng een 340 g blik soutvleis, dieselfde hoeveelheid gesnyde oorskietvleis, polonie, met 187,5 ml gerasperde kaas en 1 gerasperde ui.*
*Skep bo-op aartappelskyfies.*
*Klop 4 groot eiers, 375 ml melk, sout en peper saam.*
*Gooi dit bo-oor en bak teen 18o$^{o}$ C totdat vulsel gestol en gaar is.*
*Garneer met pietersielie*

RENTIA PRETORIUS

# deur die blare?







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ...onthou jy nog...

UIT HERINNERINGE SE WEI:

Ons wat kan praat en lees, want praat kom tog voor lees, is almal van die spesie homo sapiens. Mense is ook soos baie ander lewendige dinge. Hulle begin baie klein en word dan groter, volgroeid en dan ook weer oud. Die ontwikkelingsfases in 'n mens se lewe kan beskrywe word met begrippe soos suigeling, kleuter, jong kind, puberteit, adolessent en volwassenheid. Dit maak nie saak hoe en waar ons al hierdie ingewikkelde stadia deurloop het nie. Wat baie duidelik is, is dat ons almal dinge beleef, ervaar en onthou en sekerlik daardeur beïnvloed word. Dit blyk ook uit die twee baie mooi herinneringe wat reeds in Biblikasie verskyn het.

Dit lyk vir my ons in Suid-Afrika het almal iets in gemeen. Ek praat natuurlik van die hitte. My en Magriet se kinderwêreld is waarskynlik nie baie ver uit mekaar nie. Die somer is bedags sowel as snags warm. In die middae wanneer jy uit die dubbel-meduim laerskool kom, moes jy maak vir elke kolletjie koelte. Die sand is warm gebak en jou kaalvoete weet dit al.

Het u al gesien hoe vinnig en behendig selfs 'n verkleurmannetjie in sulke hitte beweeg? Hy verloor alle statigheid.

My liefde vir die berge en buitelewe het waarskynlik ontwikkel deurdat Pa, ousus en ek baie Sondag middae die rotsige koppies gaan klim het. Jou voete het lateraan ook in die seilskoene (tekkies) gebrand. Dit was egter deel van die pret. Name van wildevrugte soos mispels, suurpruime, maneas, stamvrugte, maroelas en kremetarte aktiveer 'n hele lang rits van aangename herinneringe. Het u al gesien watter mooi en groot blomme 'n kremetartboom dra?

So terloops Magriet, jy is nog altyd reg, want sien, jy is die enigste vakbibliotekaresse en ek is die enigste vakbibliotekaris wat die hoogste takke van die Kremetartboom aangedurf het. So hoog klim ons dat kop en skouers bo elke takkie en blaartjie uitsteek.

Die Limpopo het lank reeds deel van my geword. In die reënseisoen as die rivier afkom en jy staan op Beitbrug is die geweldige rustelose donkerbruin massa 'n onvergeetlike gesig. In tye wanneer die riviervlak laag was, het ons heerlik in die water baljaar. In die nag as 'n skietlamp oor die rotse beweeg is, kon die rooierige oë van talle krokodille maklik uitgeken word. Dit was selfs heerlik om onder die sterrehemel op die wal van die rivier te slaap. Ons het maar gehoop dat die baie sitronella olie wat ons aangesmeer het nie net die malariamuskiete van ons lywe sou weghou nie, maar ook die seekoeie.



Laat my toe om net enkele gebeure wat by die rivier afgespeel het, te vertel.

Oudergewoonte ry ek en 'n boesemvriend op 'n „dikwiel" fiets die lang ent pad (12 outydse myle) na die rivier. Indien ek reg onthou het hy die meeste van die tyd my „gelift", want sien, dit was my fiets en hy moes trap. Die grondpad was bekend vir sy sand en sinkplate. Visvang was vir ons baie lekker. Jy gooi jou lyn by „ons rots" in en dan neem jy plaas op 'n spesiale plekkie, so 'n paar duim van die wateroppervlakte. Want sien, jy het mos klaar uitgewerk dat dit veilig is. 'n Krokodil wat in die diep watergat skuil, sal jou nooit hier met sy stert kan bykom nie. Wanneer die vis jou dobbertjie onder die water trek, ruk jy so geweldig dat die vis sommer hier agter jou op die rots val.

Ons loop al langs die rivier af en by 'n watergat merk ons 'n aantal klein krokkedilletjies op. Wat sal ons nog verder sien, 'n nat kombers of twee mooi opgerol en vasgebind met 'n blikbeker daarby. Dit word vinnig losgemaak en 'n Bantoe se pas en geld word in 'n ou plat sigaretblikkie ontdek. Die Bantoe wat deur die rivier wou kom, is deur 'n krokodil gevang.

Laat die agtermiddag begin die vis so goed byt dat ons twee besluit dat hierdie kans goed benut moet word. Daar word naarstiglik na 'n lang wit doring gesoek en die fietsbande word goed vol gate gedruk. Indien daar nie lug is nie, so redeneer ons, sal Pa en Ma nie kan raas as ons nie huistoe kom nie.

Toe dit sterk begin skemer word en die muskiete en ander vlieënde goggas om ons zoem, en ons aan al die krokodille dink, besef ons eensklaps dat ons 'n groot fout gemaak het. Gou word daar opgepak want wie kan met pap wiele en sonder 'n lig die terugtog aanpak! Gelukkig vir ons het van die ouer visvangers se motor in die sandsloot vasgeval. Of hulle ons geroep bo die gedreun van die motor kon hoor, is vandag nog nie vir my duidelik nie, maar ons het betyds by hulle opgedaag.

Ons twee is in die motor en die stukkende fiets word op die modderskerm met hande deur die venster vasgehou. Een van die „groter ouens" het op sy fiets met een hand aan die motor vir ons plek gemaak.

Teen die redelike spoed waarmee die motor beweeg het, het die dinamo genoeg krag opgewerk sodat 'n skerp lig langs dié van die motor gegooi is. Dit was laat toe ons by die huis arriveer. Pa en Ma was te bly om ons lewend met al die vis te sien.

Mnr Otto





RONEL VAN STADEN CARIN AUGUSTYN



ANTHEA WHITE


# TOTSIENS



AMANDA VAN DER HOVEN

# WELKOM

CHRISTINE ACKERMAN




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1932-1982
AFRIKAANSWORDING

# BIBLIKASIE

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

JUNIE 1982




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



BESLUITE, BESLUITE, BESLUITE ENS. ENS.

My laaste sê!! Wat sal dit wees!? Sal ek gesels oor die nuutste perdjie wat ek opgesaal het, naamlik voorraadbou? Sal ek 'n betoog lewer oor die biblioteek se kompleksiteit en dat dit nie ontwerp is nie, maar ontwikkel het uit sekere probleemsituasies.

Die twee probleemsituasies is voorraadbou is eerstens hoe om die bes moontlike toegang te verleen tot gerekordeerde inligting wat steeds toenemend groei na mate die wetenskap groei. Kan ons nie 'n moderne aanpassing kry vir die ou cliché, naamlik die regte boek aan die regte persoon op die regte tyd nie-miskien iets soos "die regte databasis vir die regte eindgebruiker in die middel van die nag".

Die tweede probleemsituasie is die konsep van 'n "gebalanseerde versameling". Dis baie moeilik want hoe kry jy dit reg om uit driehonderd moontlike keuses twee boeke te koop en nog te praat van 'n "gebalanseerde versameling".

My laaste sê!! Nee niks meer oor voorraadbou nie; liewer iets oor ERID. Waarvoor staan dit? Eksterne rekenaarmatige Inligtingsdienste. Beteken dit nou 'n geheel nuwe diens? Nee, net 'n nuwe metode om 'n inligtingsdiens te lewer. Dit vorm dus deel van ons totale inligtingsdiens. ERID behels die aktiwiteite waar ons met behulp van 'n rekenaareindpunt verwysings na literatuur oor 'n sekere onderwerp vanaf 'n rekenaar uit Amerika verkry. Ons inligtingsdiens bestaan dus daaruit dat ons inligtingdraers in ons besit (boeke, tydskrifte, films ens.) beskikbaar stel, maar ook toegang tot inligting met behulp van rekenaars verseker.

Ek kan nog baie hieroor sê, maar nog steeds nie ............... my laaste sê nie!!!

My laaste sê, en dis nou my heel laaste!!!

WAARDERING - Waardering vir die voorreg -

*om saam met u te kon werk*
*om saam met u deel te kon vorm van so 'n span*
*om saam met u Woensdae tee te drink en koek te eet*
*om saam met u sommige aande tot 22h00 te swoeg*
*om saam met sommige van u laaang vergaderings te hou*
*om saam met u onder leiding van prof Gerryts, mnr Duminy en prof Boon ervaring te kon opdoen*
*OM VIR BYKANS SEWE JAAR IN DIE MERENSKY-BIBLIOTEEK TE KON WERK*

Groete
Alida Dippenaar

ALIDA

As 'n mens so 'n draai in Alida se akademiese verlede gaan maak word jy die volgende wys:

- Studeer aan UOVS, P.U. vir C.H.O., U.P.
- Werk eers by Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens, later by een van Dept. Nasionale Opvoeding se biblioteke
- Begin op 14 November 1975 by die Merensky werk as: Hoof Voorgraadse Versameling en Naslaanafdeling
- Sluit op 20 Februarie 1978 by die Vakbibliotekarisstelsel aan
- Word op 1 Januarie 1980 Senior Bibliotekaresse (Geestes- en Sosiale Wetenskappe) in die vakbibliotekarisstelsel
- Is vanaf 1 Julie 1982 Assistent-direktrise: Inligtingsdiens by dieselfde universiteit waar sy enkele jare tevore (gelukkig nie donkiejare tevore nie) haar studies begin het.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# REDAKSIE



*Dis winter in Pretoria*
*maar lente in die Bib*
*want ons kan mos nou in die middae*
*al vieruur huistoe wip.*

*'n Voordeel, ja, en salig*
*Vir ons wat tuine het*
*En dié met dringende inkopies*
*maak die winkels nou, net-net.*

*Etenstyd is wel korter,*
*maar wat maak dít nou saak.*
*Met so 'n lang-lang ete*
*het ons tog net vetter geraak.*

*Want nou's daar net tyd vir gou eet*
*en 'n bietjie gesels of lees,*
*of sommer net ewe gesellig*
*met kollegas in die teekamer te wees.*

*Die tee in die middag is wel 'n slag*
*Veral as mens tot ses-uur werk.*
*Want jou keel raak maar droog so teen vier-uur se kant*
*Maar wat, die koëel is deur die kerk!*

*Ons sê dankie aan die Topbestuur*
*dat u die sakie vir ons beklink het*
*U het lankal reeds met die saak begin*
*Voordat ons nog daaraan gedink het.*

## Beplanning

*Opgedra aan almal by Rekenaardienste, IBM en die Biblioteekdiens wat worstel om die lynkode-etikette gedruk te kry en in die DOBIS-voorraad te plak*




Vir die rekenarisering van die leenproses moet lynkode-etikette, soos in die tekening hierbo, in boeke en op gebruikers se identiteitskaarte geplak word. Hierdie etikette verteenwoordig boeknommers en lenersnommers respektiewelik en kan deur die "ligpenne" van die eindpunte by Merensky se hooftoonbank "gelees" en in die rekenaar ingevoer word. Die uitleen- en terugbesorgingsproses sal hierdeur hopelik bespoedig word. As eerste prioriteit word die druk van lynkodes vir die bestaande DOBIS-voorraad, dit wil sê die rooi-no-boeke op die rakke, beplan. Hierdie proses is ongelukkig heelwat vertraag deur verskeie probleme wat ondervind is, onder andere probleme met die programmatuur en meer onlangs skade aan die drukband van die rekenaardrukker op die Laergrondverdieping van Merensky. Nogtans hoop ons om etikette vir bestaande DOBIS-voorraad nog in die wintervakansie ingeplak te kry. Daarna sal etikette vir nuwe DOBIS-voorraad by Ontsluiting, en leners-etikette aandag kry.

Waarskynlik sal die vreugde om lynkode-etikette gedruk en ingeplak te kry so groot wees dat ons geneig sal wees om net so 'n plakaat soos in die tekening êrens op te sit!

ROLF TÖNSING

| *VERJAARSDAE* | | *JULIE* |
|---|---|---|
| *Mev R v d Walt* | *3e Vloer* | *1* |
| *Mev A Viljoen* | *Tukkiana* | *2* |
| *Mev A Botha* | *Tydskrifte* | *3* |
| *Mev Z Swart* | *2e Vloer* | *9* |
| *Mnr H Enslin* | *Reprografie* | *15* |
| *Mej I Boon* | *Toonbank* | *19* |
| *Mev S Geyer* | *Toonbank* | *20* |
| *Mej S Groenewald* | *Ontsluiting* | *25* |
| *Mev G Beukes* | *Beplanning* | *30* |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# africana

## *TWEEDE VLOER*

ŉ WINTERSGROET

ŉ Warm, sonnige groet vanaf Tweede vloer. Wie het ooit beweer winter is ŉ kleurlose seisoen? Al gesien hoe blou is hemelsblou? Kyk op ŉ wintersoggend na die kontras tussen die G.W. en die blou lug daarbo. Al opgelet hoe geel is wintersasters en hoe duidelik ŉ rooi blom teen die kleurloosheid van witgerypte gras afsteek? Vreemd hoe die kleurbaldadigheid van die lente en somer ŉ mens se oog bederf vir die skoonheid van ŉ enkele blom of plant.

So in die koue wintersmaand voel ŉ mens ŉ koue om die hart wat niks te make het met die seisoen nie. Helaas, die tyd kom nader om afskeid te neem. Alida, ons gaan jou mis! Jou stem, jou glimlag en jou hulpvaardigheid. Dink maar aan ons daar in ou „kleurlose Bloemfontein"! Maar voor 1 Julie gaan ons vir oulaas nog eers goed feesvier. Soos die spreekwoordelike nar lag om sy trane weg te steek?! Nietemin, Alida, ons gun jou dit en wens jou toe net alles wat goed en voorspoedig is.

Intussen het die studente begin met hul eksamens - of toetse soos sommige dit noem. Dit is dus aansienlik rustiger op ons vloer. Ilsé-Marié en Marike is ook druk besig, en van hulle sien ons maar min. Hiermee ook ŉ welkomgroet aan Anne-Marie Nel. As daar iemand is wat besonder bly is oor jou koms, dan is dit sekerlik Bella.

Met leedwese het ons verneem van die afsterwe van Thea Heckroodt se vader. Thea, ons innigste simpatie. Mag die Here in hierdie tyd van beproewing ook jou rots en bergvesting wees. Ons bid jou krag en sterkte toe.

Rentia Pretorius.

TOT SIENS ALIDA

Dit was eers die aand na die afskeidsfees dat ek besef het Alida gaan regtig weg. Die byna-koorsagtige DIALOG-opleiding, die kooroefenery, die fees se beplanning en Alida se nuwe tuiste daar in die glaskas met die groen skerms was amper net deel van die daaglikse lewe, opwinding wat 'n mens al ervaar het, tot die aand na die fees, toe 'n dag se seer voete geweier het om uit die bad te klim.


Toe het ek geweet dat om saam met haar te kon werk goed was. Dat die woorde "vra vir Alida" seker nog 'n keer of wat gesê gaan word. Dat ons nog lank op die spore gaan loop wat sy getrap het.

Dit was goed om 'n dankie-sê-fees te hou. Dit was goed om bymekaar te wees, om koor te oefen, van long-long-ago, tot by Ria se solo in die Grey Mare; dit was goed om al die saam-ete van die verlede (spangees bou) met so 'n fees af te sluit. Dit was selfs goed om saam op te ruim - (dankie vir al die koppies wat jy afgedroog het, Alida) dit het al tradisie geword.

Die Bloemfonteiners slaan nogal gereeld hier uit, en as jy eers jou Vrystaatse bril op het, kan jy ook weer 'n slag hier 'n draai maak. Kom kyk gerus, ons kan weer fees hou, - maar die singstukkie - die moet jy in die gedagtes maar aan herkou!

VAN JOU VLOER-VRINNE, VAKBIBLIOTEKARISVRIENDE EN MERENSKY-MATERS.


ONS WORD SO



AS GEBRUIKERS ALTYD PROBLEME HET NET AS DIT TYD IS VIR



DAN SOEK HULLE BOONOP DIE BOEKE IN DIE DONKERSTE HOEKIE.



MAAR DIE BOEKE OP DIE ONDERSTE RAK IS NOG DIE GEWILDSTE !



Met apologie aan die adverteerders.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DERDE VLOER

Soos Magriet en Zani altyd sê, kon ons die afgelope week heerlik 'binnepret' hê met al die dinge wat op en om ons vloer gebeur het! Ons hoop dat ons ander kollegas so 'n kykie na die afskeidsgeselligheid van Alida en nog wat, ook sal geniet.

Piet en sy hemp het die week ingelui - 'n student in opleiding het besluit Piet se hart is so groot en sy hemp so mooi dat sy sommer sy skouer toegesak het om haar hart op uit te huil - sy laat toe sulke onmiskenbare vroulike getuienis op sy hemp na, dat hy inderhaas 'n skone by die huis moes gaan aantrek (hy't die vuile om middernag gewas en geen 'hen' het daarna gekraai nie!) Om alles te kroon moes hy die middag die drinkgoedjies vir die afskeid gaan koop - die aankondiging op ons tydboekie lyk toe só : 2h00 Piet - agter die drank aan! (As mens nou die wetmatigheid van oorsaak en gevolg in ag neem, moes dit só gelees het -
die meisies agter Piet aan
Piet agter die drank aan...en later
die drank agter die kop aan)
Wel só het almal hulle deel bygedra tot die geselligheid wat Woensdagaand op 'n hoë noot geëindig het

- Irene se cuisine is tot die uiterste beproef toe sy nogal twéé hoenders moes gaan 'vang' en gaarmaak

- Jinnié kon amper haar vrieskas volpak met al die 'verslane' heuningterte (dié twee wat ons op die ou end geëet het was heerlik!)

- Terwyl Irene en Marie Schoeman hulleself vir die groot opwassessie voor drie wasbakke ingegrawe het, het Ria Viviers en Alida 'n stiergeveg gehou... Ria het 'gesidestep' met 'n rooi strepiesvadoek en Alida kon vir oulaas storm

- Dit het gelyk of Magriet se pienk bloes op haar wange weerkaats na al die sjerrie en wyn en sy het vir arme Marie Schoeman (wat vir die gemak haar pantoffels saamgebring het) amper uit die pantoffels uitgekyk.

- Irene wou almal dreigend 'opfoeter' maar sy sê toe dis 'n geluk dat Rita nie naby is nie, want dié sou haar taalkundig wou versorg

- Ons hoop die 'old grey mare' het darem 'n traan in haar oog gekry met die koorsang, want Ria was skoon benoud oor haar solo!

- Alida staan na Woensdagaand bekend as 'die vrou met die geheim' - sy wou nie die geskiedenis van Prof. Gerryts se bynaam aan ons vertel nie, en skynbaar weet sy veel meer van die lede van die vakbibliotekarisstelsel as wat almal dink.

Die lekkerste snaaksighede kan mens natuurlik nie altyd oorvertel nie, maar almal wat daar was het saamgestem dat dit 'n groot fees was. Sonja het gesê dis nogal jammer dat ons op Alida se afskeid eers moes uitvind hoe lekker ons partytjie kan hou.

## TOONBANK

Ek's baie seker dat ons by die Toonbank met die pittigste opmerkings getrakteer word en derhalwe gryp ek na my pen.

So pas het ek 'n dametjie gehelp wat graag haar boeke wil "her". Terwyl ek nog so herkou aan die "her" van die boeke sê sy vir my: „Jy moet mos nou my boeke staple." Nou ja kyk!

Of die uiters formele student met die volgende vraag: „Goeiemiddag dame, kan u asseblief vir my sê watter prosedures moet ek volg om by die biblioteek aan te sluit"? Of dan diesulkes wat graag lidmate van die biblioteek wil word.

Een môre so pas na half-agt storm 'n verboureerde student op my af: „Is die katalogus dan nog gesluit?" Ewe verbaas antwoord ek, „Nee" waarop hy sê, „Maar wat van die kettings"!

Ons moes al telkemale studente "red" wat die kettings losmaak en dan aan die agterkant van die kettings hulself probeer help. 'n Student het ook al op 'n slag vir Ina Boon geroep en gesê: „Sal jy asseblief vir my die katalogus oopsluit?" (bedoelende die kettings).

Nadat Johanna Gaigher op 'n keer 'n man se boeke gestempel het en besig was om dit deur die demagnetiseerder te stoot, vra die man: „Hoe weet hierdie masjien nou of hierdie boeke vir 'n maand of twee weke aan my uitgereik is?" 'n Oorblufde en geamuseerde Johanna antwoord toe ewe kordaat: „Jong, hierdie masjien is mos so geprogrammeer".

Sommige korrespondensie prikkel ook die lagspiere. Hier is 'n voorbeeld van 'n brief wat ons onlangs ontvang het. (onveranderd gepubliseer).

Meneer,


Ek is skuldig! Ek het die betrokke boek verloor en vra groot verskoning.

Ek kan dit net nie opspoor nie! Na 'n lang soektog. Kan dit net nie verstaan nie. Dis die eerste keer dit met my gebeur na al die jare studie.

Ek is bereid om daarvoor te betaal. Stuur asb. vir my die rekening.

Baie dankie

Groetnis
Toonbank






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## INTER

IBL, ALIVE AND WELL...

Diegene wat dink dit gaan stil by IBL omdat hulle so lanklaas van ons gehoor (gelees!) het, het dit ver mis! Na 'n paar stormagtige maande, is dit of dit 'n bietjie rustiger gaan en ons dus weer kan asem skep en die pen oplig om weer van ons te laat hoor.

Heelwat water het natuurlik intussen in die see gevloei (en ek kan julle verseker, seersekerlik net soveel IBL aanvrae in en uit...) soos sommige van ons wat reeds van vroeg in die jaar reuse omwentelinge aan die gang het. Dis nou Denise-hulle wat nóu al maande werskaf om hul woonplek splinternuut te maak. Dis nou letterlik van voor na agter en van binne na buite! 'n Swembad, nuwe tuinuitleg, 'n eetkamerstel, duvets... veel meer hoef ek seker nie te sê nie. (vra haar maar gerus om die detail)

René het veel om oor te glimlag desedae. Na 'n heerlike vakansie by die see hoor sy toe ook sy gaan tannie word. En kán sy glimlag! Dan is sy ook nog sommer bruingebrand - natuurlik genoeg om die res van ons, ons spierwit winter-beentjies net meer te laat bedek...

Die woordjie 'trou' laat Christi en (veral) Margaret se ore spits. Wie wil dan nou nie "tips vang" as daar 'n troue op hande is nie? Margaret doen deesdae allerlei huishoudelike inkopies. Oor die trourok-materiaal swyg sy natuurlik soos die grafons mag darem weet 'dis pragtig'! Ek hoop maar Christi gaan haar lang vakansie van binnekort nuttig gebruik vir die troureëlings. -dis darem ook nie aldag dat jou oudste dogter trou nie nê?

So op die onderwerp, 'n 'ou' IBLer, Helena Struwig raak toe op 'n naweek verloof en trou ook dus eersdaags. Baie geluk! Soos Denise sê, die bekruip jou soos 'n dief in die nag.

Anet word toe nou-die-dag sommer so bleek om die kiewe. Net toe haar werk mooi op datum is na weke se swoeg en sweet, kán daar op een slag 160 (honderd en sestig!) oorsese aanvrae op een dag. Nouja, dit is baie... Sy't maar net die mandjie met sulke groot oë aangekyk en gesluk.

Die aanbreek van die universiteits-vakansie laat die hele biblioteek sommer weer 'n rustiger atmosfeer kry - ons kom dit veral agter aan die afname van die druk verkeer verby ons. Waar's die dae van student - wees en vakansies!

Groetnis tot later

## BINDERY

39 Diensjare is agter die rug vir mnr Porter as hoof van die bindery by die Merensky.

Op die 1ste Junie het sy 40ste diensjaar 'n aanvang geneem. Oom Willie kan met reg die „oupa" van die Merensky genoem word, want om soveel gelukkige diensjare te hê, met goeie gesondheid, is voorwaar 'n prestasie waarna elkeen kan uitsien.

Ons wil hom alles van die beste toewens vir die volgende klompie jare in die Bindery.

## ONTSLUITING

So saam met die draai van die son het toestande in Seksie Makro-ontsluiting ook ietwat verander.

Jo kan nie meer aanspraak maak op die titel van „Long John Silver" nie en haar duim is weer op volle sterkte.

Om van Andrea nie eers te praat nie. Toontjie in die lug is nou toon op die grond. Sommer alweer lus vir die volgende skop!

Erika en haar manlief is deur 'n vreemde virus betrek. Ewe spoggerig moes daar spesiaal vir hulle 'n serum voorberei word om die invallers die hoof te bied - met klaarblyklike sukses.

Van die slagvelde na die groen weivelde.

Gaynor het 'n salige week by die blou waters van Mauritius deurgebring terwyl Susan die fort vir hulle tuis gehou het. Met so 'n toedrag van sake kon man + muis haar dit beny.

Amelia se week is op die beste plek ter wêreld verwyl. Waar anders as by ma se huis in die omgewing van Krugersdorp?

Manda sweer natuurlik by vars plaaslug en laatslaap. So amper moes daar gesimpatiseer word met die verlies van haar kat wat blykbaar die plaaslewe bo die stadslewe verkies.

Wie die laaste lag, lag die lekkerste en die langste. Onse Miemie het oorkant die water rondgerits en ons is bly om haar weer te sien.

"Wish me luck as you wave me goodbye..."
Helene jou plekkie is woes en leeg. As daardie tandartse soveel as een tand in jou mond skade aandoen, kom haal ons jou dadelik!

Daar was nog skaars tyd om bly te word oor die nuwe ligstraaltjie in ons midde naamlik Christine Ackerman, of sy staan helaas alweer op die punt van vertrek. Hierdie keer vergesel sy haar eggenoot (en die Weermag) na Windhoek.
Baie voorspoed Christine.

Intussen het Sandra Groenewald so stil-stil oorgeloop vanaf Seksie Boekbestellings.
Welkom Sandra. Dit is goed vir die oog om een van die kaal kolle gevul te sien.

Omdat ledigheid die duiwel se oorkussing is, het Susan en Gaynor hul druk besig gehou met 'n PL kursus. Dit staan vir "Programming Language"

Die winde van verandering is besig om te waai. 'n Nuwe baba is gebore in die vorm van die lynkode-etiket drukker wat een van die dae ingeburger behoort te wees.

Tot die son weer draai.

Elsa Cronjé



*"We do not say that those who are not interested in the future have no business here. We say they have no business at all" (Pericles).*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TYDSKRIFTE

Aan die einde van elke driemaande periode word daar statistiek van die voorafgaande drie maande gehou, en met die einde van so 'n periode in sig het ons nou op die volgende afgekom naamlik vir die periodes.

Januarie - Maart 1981 het ons 14 136 enkel tydskrifnommers ontvang en hanteer,
en
Januarie - Maart 1982 het ons 17 063 enkel tydskrifnommers ontvang en hanteer.

Daar is dus vir dieselfde periode dié jaar amper 3 000 enkel tydskrifnommers meer as verlede jaar ontvang.

Bogenoemde syfers sê nie eintlik veel nie, veral as 'n mens in aanmerking neem dat ons 'handearbeiders' is en hoeveel keer een tydskrif met die hand hanteer word. Dit word alles met die hand oopgemaak, geplak, gestempel, uitgedeel, na die afdeling, gesorteer, opgeskryf, uitgedeel en dit nog steeds alles per hand na die verskeie vakbibliotekarisse geneem. Dit geld nie net vir tydskrifte nie, maar daar word ook gebinde bande, geskenke, mikrofilms, mikrofiches ens. hanteer.

Benewens bogenoemde hanteer ons al die interne en eksterne pos nl. briewe, doeane pakkies, IBL en die takbiblioteke se pos. Om die waarheid te sê kan die tydskrif afdeling amper beskou word as die Merensky Tak van die Hoofposkantoor. Het julle al gesien hoe lyk die poskamer na 'n lang naweek? Om die waarheid te sê, is dit nogal aangenaam om soms twee volle dae in die poskantoor deur te bring, veral as 'n mens na dié spanpoging kyk?LUISTER!?

Wie het laas gesê kleure reël ons op laergrond se lewens? Wel in tydskrif afdeling se geval gaan dit binnekort beslis 'n bepalende rol speel. Om die waarheid te sê, gaan dit ons taak vergemaklik, want sien, daar is gerugte dat daar allerhande kleure sakkies aan die kom is om op dieselfde prinsiep as die blousakkies (vir IBL wat tussen die Merensky en die Staatsbiblioteek beweeg) te werk.

Nou wil ons net 'n puntjie waarby 'n ieder en 'n elk in die Merensky belang het, onder die aandag bring. Ons het 'n kennisgewingbord hier by die Tydskrif-afdeling vir die Bodes aangebring - so indien julle enige boodskappe vir die bodes het, kan dit op die bord geplak word. (Onthou egter net om jou naam en vloer by te skryf, anders kan dit vir hulle nogal probleme veroorsaak om uit te vind wie wat, waar, vanwaar en wanneer)

Nou ja, dit is in baie breë trekke wat daagliks hier by die tydskrif afdeling plaasvind.

Adri Botha



There is no such thing as a moral or an immoral book. Books are well written, or badly written.

- Oscar Wilde

# tiksters


Hoe lekker tog! Dit is letterlik 'n fees om nie meer etenstye te werk nie en te weet dat daar genoeg tyd is om 'n draai by die winkels te kan gaan maak ná werk. Verder is ons so verlig dat die stank van die 'dooie rot' uiteindelik opgelos is. Mens kon behoorlik nie gekonsentreer het nie, en tikfoutjies het ingesluip weens hoofpyn.

Terwyl ons hier in die koue ou Transvaal sit, het Maretha van Vuuren besluit om die warm weer by die kus op te soek - ons hoop sy geniet dit.

Mara neem, soos gewoonlik, die lewe stil en rustig. Hannelie het besluit om positief oor die saak te wees en volg Mara se voorbeeld - stil en rustig ... Ai tog!

Terloops ... met die nuwe gesiggie in ons afdeling gaan dit sommer voor die wind. Baie welkom aan Teresa Scott, wat met die intrapslag al tuis gevoel het

Tot volgende keer.



TALENT

Merensky-biblioteek het darem vele talent. Ons weet net nie aldag van alles nie. Magriet Lee het aan 'n rympie kompetisie deelgeneem en sowaar, 'n hele R30,00 in sak. Die rympie moes oor rugby gemaak word.

DIE WEN RYMPIE

As die lug na droë blare en nartjies ruik,
en naweke word nie meer gras gesny
dan weet ons dit is rugbytyd
die krieket en die somer is verby.

Dis ma wat Saterdag se kopies
vir die skool se rugbyveld verruil
want sy moet mos gaan kyk
dalk is daar 'n Naas in haar Pietie verskuil.

"'n Verwarmer die winter?
Dis gans en al te duur!"
Eintlik het pa net gister sy seisoenkaartjie
se geld vir die rugby-unie gestuur.

So leef ons volkie rugby,
van speenoud tot by oupa se geslag.
En toe die Suid-Amerikaners kom
het hul eers gehuil en toe gelag.

Het nou pas die nuus gehoor -
maar moet dalk die Britte ook vertel
Argentinië het vir Hugo Porta
as hoof van sy weermag aangestel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VREUGDES EN VRESE OOR MY VOETE

Maak 'n man se skoene hom ooit seer? Is die klompie manne wat saam met ons werk se voete soms teen looptyd smiddags gedaan, en is daar dalk soms by hulle net een begeerte, of dit nou half nege of half drie is, om hulle skoene uit te trek, en summier in die rooi asblik te gooi, en hoop al die serigheid wat van jou voete tot aan jou siel sit, saam in die asblik sal beland.

Thea se versugting dat dit 'n reël moet word dat ons tekkies as deel van ons uniform saam met ons baadjies moet dra, het al by meer as een van ons weerklank gevind.

Dink net, as ons nie hoef om te gee hoe ons van ons enkels af onder toe lyk nie, en met veerkrag deur die dag te hop, trappe op, en trappe af, katalogus toe en terug na die eindes van ons vloere.

Ek sal ook soos my voorgeslagte kaalvoet oor die Drakensberge loop, liewer as een dag by die werk met die haai polfaais waarmee ek daagliks gestraf word. Die meeste van ons ken dáárdie paar skoene wat ek net kan werk toe aantrek as daar die dag 'n lang vergadering in sig is - daardie paar skoene wat my uitrusting en selfbeeld opkikker, - solank as ek die grootste deel van die dag op 'n gedeelte van my anatomie deurbring wat veel groter as my voete is!

So van uitrustings gepraat. Jy kan die dag 'n uitrusting aanhê wat jou hele bonus ingesluk het jou hare kan soos dié in die TV-advertensies lyk, maar as jy die paar skoene aan het wat jy eintlik op die vergaderingdag moes aanhê, dan lyk jy wel soos die ou advertensie van *"ieder prentje spreekt van lijding"*.

'n Alternatief vir Thea se tekkies is my eie pantoffels. Toe ek as anti-pantoffeldraer 'n jaar of wat gelede die paar pantoffels raakgeloop het, was my grootste bekommernis na 'n week dat die paar luukshede dalk op 'n stadium mag opraak. Die paar pantoffels lyk soos stewels, en strek tot so drie vinger bokant my enkels. Binne-in is hulle wol, en bo-op is 'n rits wat tot die aantrek vergemaklik. Met die paar pantoffels kan ek rondom die aarde loop - of sommer twee dae se werk op een dag doen. Ongelukkig is hulle beperk tot die binnekant van my woonstel, en kan ek hulle vir baie min mense wys. Dis net so nou en dan 'n kuiergas wat my goed genoeg ken dat hulle sal weet my kop kap nie aan nie, as ek met groot gebaar my pantoffels in die slaapkamer gaan haal, en sê: *"Kyk my lekker pantoffels"*. Selfs my kleintyd se Jack-en-Jills met die ballon in kon my nie soveel vreugde gee nie.

'n Mens kom seker op 'n stadium wat jy besef dat jy die einde van 'n werksdag met veel meer grasie sal haal in 'n paar woestyntrappers as daardie Aspoestertjie-glasskoentjies. Buitendien loop al die *"prinse"* vandag met tekkies rond - hulle sal nie eers 'n glasskoentjie raaksien nie.

As Tydskrifte se mense dus beurte maak met Ann se gehekelde sokkies, of as jy oor 'n paar Klompe val as jy by Africana se deur inkom, of as 'n sekretaresse se fyn skoentjies in so 'n posisie langs haar lessenaar staan dat haar voete onmoontlik nie daarin kan wees nie -
Manne, verdra dit met mededoënis een plek waar vrouebevryding nog swig onder vroulike egoïsme.

MAGRIET LEE

## ...onthou jy nog...

UIT HERINNERING SE WEI

Na aanleiding van Magriet en mnr Otto se herinneringe het my gedagtes ook na my kontrei teruggegaan. Met die winter nou op hande, het ek gedink aan die koue winters in die Riemland, in die Noord-Oostelike hoek van die Vrystaat. Die vroeg opstaan in die oggend, gewapen met dik truie en jasse teen die ysige Suidewind wat jou baie duidelik laat verstaan dat die Malutiberge weer wit van die sneeu is, is nog sterk in my geheue. Kraak, kraak het ons oor die ryp wat soos 'n dik laken uitgesprei lê, geloop en dan die salige warmte in die klaskamer ervaar waar die swart smeulstofie vroeg oggend al aan die brand gesteek is. Soos bye swerm die koue kinders om die stofie terwyl daar van serpe, jasse en handskoene ontslae geraak word.

Die lang wintersaande het die groot kaggel in die sitkamer gebrand en na ete het my pa, veral in die vakansies vir ons stories gelees. Ek onthou nog goed hoe ons na „Brolloks en Bittergal" geluister het, en Pa het altyd op so 'n spannende plek opgehou. Warm boontjiesop met spek in en vars tuisgebakte brood het die salige genot net verder versterk. Ons het altyd gedraai om bed toe te gaan, want ten spyte van warmwatersakke was die lakens maar goed koud.

En dan die herfs in ons kontrei. As enigeen van julle 'n wonderlike herfs wil sien, gaan dan in herfstyd Golden Gate toe, of ry al langs die Lesothogrens af. Die berge is geel en die populiere se blare lyk soos goue muntstukke en die lug is die helderste blou. Die dae is windstil en jy voel hoe die loom herfsson jou koester. Die heimwee word sterk in die herfstyd as 'n mens hier in die stad na die rook en mis kyk, en jy verlang na die skoon helder lug van jou kontrei.

Jo Breed



Vriendinne vanaf 1965 het ons nie kon dink dat ons ooit tussen al die ander sosiale aktiwiteite deur, by een gradeplegtigheid saam sou grade kry nie.

Van links na regs:- A Pienaar R Viviers M Brassel




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Boekoorhandiging - Republiek van Sjina

Op 2 Junie 1982 is 'n stel versamelde werke van Chine se wysgere aan die Universiteit van Pretoria geskenk. Die werke is deur die Chinese Ambassadeur, H.K. Yang aan die Rektor, Prof D.M. Joubert oorhandig tydens 'n geselligheid in die Klubsaal.



Rektor Prof D M Joubert, Ambassadeur Republiek van China H K Yang, Kanselier U.P. Dr H Muller




Die skenking bestaan uit 102 volumes en 'n lys met vertaalde titels van die werke is opgestel en sal saam met die bundels in Merensky opgeneem word.

中國子學名著集成
Chung-kuo-tze-hsueh-ming-chu-chi-chen
(A Collection of Selected Works of Chinese Scholars of Various Schools of Thoughts)

| NO. | TITLE | AUTHOR(S)/COMMENTATOR(S) |
|---|---|---|
| 001 | 諸子概說與書目提要<br>Chu-tze-kai-shuo-yu-shu-mu-ti-yao<br>(Introduction to the Various Schools of Thoughts and Listing of Titles) | |
| 002 | 論語注疏解經<br>Lun-yu-chu-shu-chieh-ching<br>(Commentaries and Annotations of the Analects of Confucius) | 何晏<br>HO Yen (Wei Dynasty)<br>邢昺<br>HSING Pin (Sung Dynasty) |
| 003 | 論語筆解<br>Lun-yu-pi-chieh<br>(Annotations of the Analects of Confucius) | 韓愈<br>HAN Yu (Tang Dynasty)<br>李翺<br>Lee Au (Tang Dynasty) |
| | 論語張宣公解<br>Lun-yu-chang-suen-kung-chieh<br>(CHANG's Annotations of the Analects of Confucius) | 張栻<br>CHANG Shih (Sung Dynasty) |
| 004 | 論語全解<br>Lun-yu-chuan-chieh<br>(Collected Annotations of the Analects of Confucius) | 陳祥道<br>CHEN Hsiang-tao (Sung Dynasty) |
| 005 | 論語集注大全（上）<br>Lun-yu-chi-chu-ta-chuan (I)<br>(Collected Commentaries of the Analects of Confucius, Volume I) | 胡廣等<br>HU Kwang (Ming Dynasty), et al |
| 006 | 論語集注大全（下）<br>Lun-yu-chi-chu-ta-chuan (II)<br>(Collected Commentaries of the Analects of Confucius, Volume II) | 胡廣等<br>HU Kwang (Ming Dynasty), et al |

# still cookin!



***SHORTBREAD***

*1/2 lb botter*
*2 koppies meel*
*1/2 koppie maizena*
*1/2 koppie versiersuiker*

*Metode:*
*Maak aan en druk vas in 'n bakpan.*
*Bak in 'n matige oond tot strooi bruin.*

*Crumpets*

*1 koppie meel*
*2 teelepels bakpoeier*
*1 eier*
*2 Eetlepels suiker*
*1 Eetlepel olie*
*3/4 koppie melk*
*Bietjie vanilla*
*Knypie sout*


*Metode:*
*Klits eier goed, voeg suiker, vanilla en olie by en klop tot room.*
*Sif meel en bakpoeier saam en voeg om die beurt met melk by eerste mengsel.*
*Bak in 'n warm pan met 'n bietjie olie in.*

*Bettie Langkilde*






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Thomas van der Walt



Christine Ackermann

# TOTSIENS



Alida Dippenaar



Mnr Dries Grobler

# WELKOM



Annemarie Nel



Teresa Scott

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1932-1982
AFRIKAANSWORDING

# BIBLIKASIE

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

JULIE 1982




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD




INSAKE: LYNKODE-ETIKETTE

Na die ietwat kriptiese paragrafie in die vorige Biblikasie oor lynkode-etikette, verskaf ek graag ietwat meer inligting oor die Biblioteekdiens se beplande gebruik vir hierdie etikette, en oor ons vordering tot dusver met die inplak van die etikette.

Lynkodes is een manier van inligtingskodering, om data in 'n rekenaar te kan invoer. Net soos 'n syfer of nommer by 'n eindpunt ingetik kan word, of deur middel van 'n ponskaart in die rekenaar ingelees kan word, so kan so 'n nommer ook in die vorm van 'n lynkode uitgedruk word en kan hierdie nommer dan met behulp van 'n lynkodeleser of "ligpen" en die rekenaar ingelees word. Die voordeel van so 'n manier van invoer in die rekenaar is eerstens die groter spoed waarmee so 'n nommer ingelees word, en tweedens die groter akkuraatheid, teenoor hand-intik van so 'n nommer. By die Biblioteekdiens sal lynkodes gebruik word by die gerekenariseerde leenstelsel om lenersnommers met boeknommers te koppel: vir elke leser sal die Biblioteekdiens agterop sy UP-identiteitskaart, wat vanaf einde 1982 voorsien sal word, 'n lynkode-etiket met dié persoon se registrasie- of personeelnommer opplak.

Ook in ~~of~~ óp alle biblioteekmateriaal sal 'n lynkode-etiket geplak word wat, in die geval van DOBIS-materiaal, die item se registernommer sal bevat of, in die geval van die ou voorraad, 'n nommer wat DOBIS/LIBIS self aan die items toeken soos hulle uitgeleen word. As voorbeeld word 'n lynkode-etiket vir 'n boek hier afgebeeld:

Die ligpen of lynkodeleser waarmee hierdie lynkodenommer in die rekenaar ingelees word lyk as volg:



Om 'n uitlening te registreer word die uitleen-subfunksie op DOBIS/LIBIS gekies en word die volgende skerm dan verkry:

```
Circulation
Charge-out

     Borrower     _

   Document     Due          Message          Call number
1
2
3
4
5
6
7
8
9

Read or type in numbers
```

Nou word die lynkodeleser van links na regs oor die lynkode agterop die identiteitskaart van die lener getrek en daarna oor die etikette van die biblioteekmateriaal wat hy/sy wil uitleen. Hierdeur word lenersnommer en dokumentnommers op die skerm ingelees, as volg:

```
Circulation
Charge-out

     Borrower      000005432

   Document     Due          Message          Call number
1  000471201
2  100032985
3  000328821
4
5  -
6
7
8
9

Read or type in numbers
```

Wanneer hierdie inligting deur middel van die "enter" sleutel na die rekenaar versend word kontroleer DOBIS/LIBIS elke dokumentnommer om vas te stel of die item wel uitgeleen mag word en indien wel bereken dit die vervaldatum vir elke dokument volgens die materiaaltipe van die dokument en die kategorie waarin die betrokke lener val. Die vervaldatum, of 'n boodskap dat die dokument nie uitgeleen mag word nie, word weer op die skerm vertoon en daarmee is die uitlening op DOBIS/LIBIS geregistreer. Terugbersorgings is nog eenvoudiger aangesien slegs die lynkode van die dokument met behulp van die ligpen in die rekenaar ingelees word. Enige boetes sal dadelik op die skerm vertoon word.


Wat betref vordering met die druk en inplak van die etikette is die massa etikette vir die bestaande DOBIS-voorraad net voor die wintervakansie gedruk, en wel in klasnommer-volgorde. Die etikette vir Merensky-voorraad is hierna verdeel in kleiner groepe en gedurende die eerste twee weke van die vakansie deur tien studente wat daarvoor gewerf is, ingeplak. Oorblywende etikette (vir voorraad wat op daardie stadium uitgeleen was, ens.) asook probleemgevalle word deur die vakbibliotekarisassistente hanteer.

Sommige van die groter takbiblioteke se etikette is ook reeds ingeplak, ander s'n sal eers in die tweede semester aan hulle besorg word. Intussen is daar ook begin met die druk van leners-etikette wat vir 'n eksperimentele groep gebruikers op tydelike identiteitskaarte geplak sal word. Met hierdie eksperimentele groep sal ons gedurende die tweede semester gerekenariseerde uitlenings op 'n paralelle basis begin voordat daar hopelik vanaf 1983 ten volle oorgeskakel word na 'n gerekenariseerde leenstelsel.


R E Tönsing



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



ROLF TÖNSING, RENÉ VAN ZYL EN TONY ROBERTS





HELENA THERON en MAGDA COETZEE wat verantwoordelik is vir die druk van lynkode-etikette gedurende etenstye

AGTER DIE SKERMS MET DOBIS/LIBIS

In 'n vorige berig het ons gesels oor René van Zyl wat gemoeid is met die instandhouding van die DOBIS/LIBIS programme asook die aanbring van veranderings waar nodig. Sy is die persoon wat dag en NAG gepla word as die IETS met die programme skeefloop. René resorteer onder Mnr M.C. Willemse, hoof van die Afdeling Administratiewe Gebruikersdienste wat deel uitmaak van die Buro vir Rekenaardienste. Maar René kon egter niks sonder 'n rekenaar doen nie en daarom is sy en so ook die Biblioteekdiens absoluut afhanklik van die dienste van die Rekenaarsentrum wat een van die ander bene van die Buro vir Rekenaardienste is. Hierdie mense hou die rekenaar aan die gang en moet na alle klagtes oor aftyd, swak reageertye, eindpunte wat nie werk nie, luister(!) Die groepie persone wat by die Rekenaarsentrum na ons belange omsien het aan die hoof van sake Mnr Konrad Zimmermann.
Die ander persone is soos volg:
Hoof operasionele Dienste: Marie Birk
Rekenaaroperateurs
In die dag: Janneman van Wyk
Piet Nel
Luc de Graeve
Greta Nel
In die nag: Piet Esterhuyse
Chris Odendaal
Johan van Zittert
Dataverwerkings Kontroleur: Marie van der Vyver. Een van haar take is om die rugsteundata vir DOBIS te versamel.
Stelselprogrammeerder: André van der Walt. Hy is die bewaker van CICS.
Terloops CICS is die akronieme vir Customer Information Control System en is die beheerprogram waaronder DOBIS/LIBIS loop. En soos by René het ons ook by die spannetjie ons Hulp in Nood van IBM nl. Mnr. Tony Roberts.

Soos ons opskrif sê spartel hierdie mense agter die skerms en kry nie altyd die dank wat hulle toekom nie, maar ons in die Biblioteekdiens weet dat ons nie sonder hulle kan klaar kom nie en is baie dankbaar vir die hulp en vriendelikheid wat ons altyd ontvang.

Bettie Langkilde



'n Student besig met die inplak van lynkode-etikette



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# REDAKSIE



*Baie dankie vir die mooi reaksie,*
*sê 'n baie baie gelukkige redaksie.*
*Met sulke artikels kan mens mos toor!*
*En ons sien reeds uit na volgende*
*maand, hoor.*

*Die studente is terug na die*
*lang vakansie*
*en verby is ons eie blaaskansie.*
*Gelukkig is die lente binnekort hier*
*En soos julle weet gaan ons September*
*fees vier!*

| *VERJAARSDAGLYS* | | *AUG* |
|---|---|---|
| *Mej A Bosman* | *Ontsluiting* | *2* |
| *Mnr C Buys* | *Bindery* | *3* |
| *Mev I Venter* | *Toonbank* | *5* |
| *Mev L Briers* | *Voorklinies* | *8* |
| *Mev I Smit* | *Vakbibliotekarisstel-sel* | *10* |
| *Mev A Botes* | *Vakbibliotekarisstel-sel* | *13* |
| *Mej E M Kruger* | *Bestelafdeling* | *18* |
| *Mnr P Erasmus* | *Bindery* | *19* |
| *Mej R Potgieter* | *Vakbibliotekarisstel-sel* | *26* |

## DIE LOUIS TRICHARDT

In Mei se Biblikasie het die Tiksters genoem dat die studente voorgee dat hulle nie weet waar die ossewa is nie.

Kan dit wees dat die Louis Trichardt wat in 1938, op sy lang tog van die Suide af, tientalle bakens op Die Pad van Suid-Afrika nagelaat het in die vorm van klipstapels, gedenktekens en wielspore wat in sement verewig is, nou nie meer oor 'n afstand van 50 meter self 'n baken kan wees op die pad tussen Merensky en die ou Biochemiegebou nie?!

Dis gelukkig darem nie so ernstig soos dit klink nie. Almal weet waar hy is, maar dis baie gerieflik om onkundigheid te veins en daardeur die dame agter die toonbank se simpatie te kry!

My belangstelling in die wa spruit uit die feit dat sy onderstel van Albertinia, die dorp waar ek skoolgegaan het, af kom.

Die inskripsie op die wa lui soos volg:
Die onderstel, wat oor 'n 100 jaar oud is, is aan die A.T.K.V. geskenk deur die broers Dan en Petrus van Wyk, Albertinia. Die bo-stel is op Hartenbos deur die A.T.K.V.-personeel vervaardig. Gebruik op Die Pad van Suid-Afrika - Voortrekker-Eeufees 1838-1938.

Die Van Wyk-broers is albei reeds oorlede. Mnr Petrus van Wyk het op die plaas Soutpan, 'n ent buite Albertinia, geboer. Die wa is waarskynlik op hierdie familieplaas gebruik.

Mnr Dan van Wyk het hom in 1910 as prokureur op Albertinia gevestig (Dit was ook die jaar waarin Burggraaf Gladstone, die eerste Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, die hoeksteen van die Ou Letteregebou gelê het - 3 Augustus om presies te wees)


Aangesien ons aan 'n opvoedkundige inrigting verbonde is, behoort dit vanpas te wees om iets te sê oor mnr Van Wyk se bydrae tot die opvoeding.

In 1914, toe hy 27 jaar oud was, is hy as lid van die skoolkomitee verkies. Tussen 1914 en 1951 het hy vir altesaam 35 jaar op die skoolkomitee gedien en vir die grootste gedeelte van die tyd was hy sekretaris van die komitee. Hy het sy invloed gebruik om fondse vir Albertinia se skool te kry vir uitbreidings en verbeterings gedurende die jare toe geld baie skaars was en die Kaapse Provinsiale Administrasie baie vir skole bewillig het.

In 1926 het hy die leiding geneem met die stigting van 'n Opvoedingsfonds om behoeftige leerlinge van Albertinia te help.

(Volgende maand iets oor hoe die wa in U.P. se besit gekom het en die rol wat dit sedertdien gespeel het)

Pieter Ferreira




Die „Louis Trichardt"-wa.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# poste restante



Road: Pers en Voorligting
S.A. Ambassade
Wassenaarseweg 40
2596 C J Den Haag
NEDERLAND

Beste Merensky-vriende

Ek het belowe om te skryf... Die probleem is net dat die Merensky-personeel so 'n berese klomp is dat alles wat ek te vertelle het dalk vir hulle ou nuus gaan wees. Alles is vir my egter 'n belewenis. In die vliegtuig het ek soos 'n klein seuntjie gevoel wat 'n groot present gekry het, alhoewel ek gemaak het of dit ook maar my soveelste reis is!

My oppervlakkige of eerste indrukke is net soos mens lees: groen velde; Frieskoeie wat wei; orals watervore; kanale of gragte; mense op fietse; hoë regop huise teenmekaar gedruk; oop gordyne met honderde potplante in elke woning...en orals is blommestalletjies.

Tot dusver het ek nog geen ondervinding gehad van ongeskikte of onbehulpsame Hollanders waarteen sovele Suid-Afrikaners my gewaarsku het nie. As ek nie iets weet nie, vra ek, en nog elke keer is ek gehelp. Wat die taal betref is 'n mens nie so vreemd nie, aangesien jy alles kan lees, en meestal die taal verstaan ook. Gesprekke tussen Hollanders is bietjie moeiliker om te volg. Die Hollanders het 'n interessante humorsin wat hulle soms heel aangename mense maak. Nog 'n kenmerk wat mens dadelik opval is die feit dat hulle so lief vir gesels en redeneer is. Hier is ontsettend baie besprekings programme oor die televisie en daar kan geredeneer of 'gediscuseer' word, soos hulle dit noem, oor die onbelangrikste onderwerpe, en sonder einde. Hulle noem dié gawe van hulle 'om te rammelen' m.a.w. om aan te hou en aan te hou praat oor iets.

'n Mens het hier ook die Suid-Afrikaanse dames regtig na waarde geskat. Behalwe dat hulle mooier (en mooier gebou - moet dit eerder nie skryf nie) is, is hulle veel beter versorg en skep hulle 'n baie beter indruk. In elk geval ek kan seker nog nie 'n oordeel fel nie aangesien ek my uitsprake maak n.a.v. wat ek in Den Haag se strate sien, en dis nou vakansietyd en hier is hordes toeriste!

Ook opvallend, maar dan aan die negatiewe kant, is die graffiti wat orals op gekrap word. Eintlik is dit nie eers ordentlike graffiti nie, dis meestal sommer 'n gekrap, en niks word ontsien nie.

Meer positief is die straatmusikante. In Amsterdam is daar saans (onthou dis 10uur nog lig) op die Leidse plein 5 of 6 verskillende individue of groepe. Rondom elk staan die mense dan en luister, gee applous, en ook meer tasbare vergoeding in die vorm van kwartjes of guldens. Sommige van hierdie mense maak heel mooi musiek. In die ou deel van Delft was daar Saterdag 'n rommelverkoping en ook hier was daar 'n jongman en meisie wat tussen al die geraas Beethoven op hulle viole laat hoor het.

So van musiek gepraat. As daar nou een ding hier is wat my elke keer laat stil staan, en my elke keer laat besef jy is in Holland, dan is die klank van die draaiorrel. Dit is darem die mooiste geluid!

Ek het gepraat van Delft se mark. Elke plek het sy mark op een of meer dae van die week, en dan kan dit 'n 'algemene' mark wees waar enige iets verkoop word of dit kan 'n meer spesifieke of spesialiteitsmark wees soos Delft se rommelmark. So het Gouda sy kaasmark op Donderdae, Naaldwijk het sy blommemark en Den Haag het Donderdae 'n vrugtemark. So 'n mark is natuurlik 'n belewenis op sy eie. Behalwe wat te kope is, is dit interessant om na die mense te luister, en almal help verkoop, nie net pa en ma nie, maar ook die kinders en oupa en ouma ook.

Ek het reeds van die potplante in die huise gepraat, en die mense se liefde vir blomme en plante is opvallend. Elke vertrek het sy paar potplante en in elke huis is daar altyd vars blomme. Nou moet mens dadelik bysê blomme en potplante is veel goedkoper as by ons in Suid-Afrika.

Wat die klimaat betref is dit baie warm op die oomblik. Toe ek hier aangekom het was dit twee dae 32°C. Dit is nou nog warm in die dag, maar die aande is al koeler, en 'n mens begin ook agterkom dat dit vroeër begin donker word.


'n Mens het baie gehoor dat die Hollanders sulke slordige taalgebruikers is, en dit is wel so dat daar baie Engelse woorde en frases in hulle taal voorkom: twee voorbeelde in vandag se koerant: 'de skip was gecapsized' en 'een disastreuze brand'.

Ek het gepraat van hulle humor: Die volgende is 'n uittreksel uit 'n resensie vir die film "Rocky III": Eens was daar Rocky, toen nog niet 1 geheten, een voltreffer ...

Maar ja, toen kwam Rocky II, minder van hetzelfde. En Rocky III welnu, daar hoef je niet heen om hem gezien te hebben. Daar staat Stallone weer, met zijn klassieke profiel, zijn stem als een droefgeestige misthoorn, en de filosofische blik van een koe in de wei. Van wie moet hij nu weer winnen. O, een allerverschrikkelijkste neger daagt hem uit, slecht tot in het merg... ... met een punkstaart op zijn vieze kop en bontslierten in zijn grote oren...!

Laat dit goed gaan. 'n Mens mis al die gawe mense van Merensky!

Groete
Thomas





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Pasadenawoonstel no 16
President Reitzstraat
Westdene
Bloemfontein

22 Julie 1982

Liewe Vriende

Groete hier uit Disneyland ..... ag ek meen uit Bloemfontein, die hoofstad van die OVS. Ek dink ek moet die eerste week hier in Bloemfontein oorslaan anders klink dit dalk na selfbejammering. Ek sal dit net met een woord omskryf en daarmee volstaan ..... MISTROOSTIG.

Ek het nou al baie gehoor van die gesegde "iemand by die diep water ingooi." Ek dink ek begin nou verstaan wat dit beteken. Tot dusver het ek nog nie verdrink nie en ek weet darem al hoe om tekeninge volgens skaal te teken, lees al elektriese planne en het al uitgevind wat die verskil is tussen 'n meesterterminaal en 'n slaaf. Wanneer ek by kantore verbystap stel ek net belang in hulle meubels en besluit baie vinnig of dit mooi of funksioneel of sommer net lelik is.

Daar is mos altyd sulke goeie grappies oor statussimbole, byvoorbeeld om 'n bakkie te hê met 'n drom agterop dan dink die mense jy het 'n plaas. Nou my statussimbole bestaan uit 'n agterdeursleutel, 'n onderdak parkeerplek en tee in my kantoor. Die laaste een het ek baie gou besluit is nie lekker nie en het gou by die naaste klomp in 'n kantoor ingeval. (Hier is nog nie 'n teekamer nie en ook nie koek op Woensdae nie).

As ek te veel verlang het, het ek gou iets uitgedink waaroor ek Pretoria toe kon skakel - iets oor rakafmetings of Dialog en terwyl ek op die lyn is skakel my sommer asseblief deur na Tydskrifte toe of die een of daardie een.

Net om een en almal vriendelik uit te nooi om te kom koffie drink of oornag as julle deur Bloemfontein ry. Of kom maak sommer 'n draaitjie by die werk. Hopelik sal ek volgende jaar met trots "ons" nuwe biblioteek aan "julle" kan wys.

Baie groete

Alida Dippenaar

ALLE DIERELIEFHEBBERS

Aangesien die Biblikasie, en veral die briewekolom, ons spreekbuis is, voel ek dat ek met groot vrymoedigheid 'n skrywe kan rig aan Merensky se dierneliefhebbers. Ek doen dit na aanleiding van 'n berig deur die D.B.V. in 'n onlangse Pretoria News.

Die D.B.V. hou 30 Oktober 1982 'n môremark en die fondse wat ingesamel word, sal aangewend word vir die vele eise wat gedurende die Kerstyd aan die D.B.V. gestel word. Die vereniging vra egter nie net geldelike bydraes nie; hulle doen ook 'n beroep op elkeen om net weer 'n bietjie in die huis rond te krap en van die baie dinge wat nutteloos rondlê aan hulle te skenk. Dit sluit in:

* enige ou poppe, wat hulle weer kan aantrek,
* boeke en tydskrifte: dit is dwarsdeur die jaar welkom aangesien die Vereniging weekliks boekstalletjies het - u het dalk al self Saterdae by Barclay-plein ou Sarie's en Huisgenote vir 10c gaan koop.
* ou kers - en verjaarsdagkaartjies
* oorskietwol en -lap
* ou komberse
* verder benodig hulle dames om vir hulle te brei en naaldwerk te doen, maar dit sal ek liefs net noem...

Die D.B.V. is miskien nie vir almal maklik bereikbaar nie, en dit is waarom ek nou die brief skryf. Indien enige iemand graag iets wil bydra kan hulle dit by my kom inhandig. Ek sal dan teen die einde van Augustus ry om die goedere by die D.B.V. te gaan aflewer.

*So maak hy ons die lewe lig;*
*Hy's altyd klaar vir speel-*
*Nooit nuk'rig of neerslagtig nie-*
*Sy plig is nooit te veel.*

*Maar is dit ék wat treurig is,*
*Hy voel en deel my smart:*
*'n Natte neusie in my hand*
*Bring troos uit hondehart.*

*O spraakloos, sielloos, reedloos dier!*
*Waar is 'n mens soos jy?*
*O ongeloonde lewensslaaf!*
*Waar's so 'n vriend te kry?*

Uit: C.J. Langenhoven, Ag wat, dis maar 'n hond!

Sonja Potgieter
Africana

DIE KAART AS INLIGTINGDRAER

In Oorsese lande is kaartversamelings en die ontsluiting daarvan al 'n gevestigde praktyk. 'Library Trends' het in 1981 'n hele uitgawe aan die bespreking daarvan gewy. 'n Internasionale Kaartseminaar is onder leiding van die Staatsbiblioteek in 1979 in Suid-Afrika gehou, wat die situasie in Suid-Afrika in verband met kaartversamelings ondersoek het.

Tot op hede is kaarte nie in Merensky biblioteek ontsluit nie, maar 'n definitiewe behoefte aan 'n kaartversameling begin vorm aanneem. 'n Komitee is benoem om die aangeleentheid te ondersoek. Daar is besluit om die kaarte wat tans in die biblioteek is te ontsluit en dan is die doel om die versameling verder uit te brei. Die behoefte is huidiglik nog nie baie omvangryk nie, maar ons verwag dat dit in die toekoms baie sal toeneem.

Joriet Coetzee, Sandra Groenewald, Erika Brits en Rentia Pretorius het besoeke afgelê by die kaartversamelings van verskillende instansies, naamlik die Staatsbiblioteek, Afrika Instituut en die Geografie departement van UP. Aandag is veral geskenk aan die probleem van berging, en dit het geblyk dat soortgelyke kabinette as die van die Geografie departement waarskynlik die doeltreffendste sal wees vir ons behoeftes. Die Afrika-Instituut stel wetenskaplike kaarte vry wat moontlik nuttig sal wees vir die uitbreiding van ons versameling. Die Wartenweiler biblioteek van WITS het 'n uitgebreide kaartversameling wat ons nog graag sal wil besoek.

Die klassifikasie van kaarte is 'n probleemarea. Daar bestaan verskillende klassifikasiestelsels wat moontlik gebruik kan word, byvoorbeeld Dewey en ander stelsels wat spesiaal vir kaarte ontwerp is soos 'Boggs and Lewis'. Om in ons gebruikers se behoeftes te voorsien, sal 'n gespesialiseerde klassifikasiestelsel of gedetailleerde onderwerpsontsluiting toegepas moet word. Ontsluiting van die kaartversameling sal geskied volgens die beginsels van AACR2

'n Spesiale ruimte vir die berging, uitstalling en gebruik van kaarte sal op die tweede verdieping gemaak word. Die stimulasie wat gebruikers behoort te verkry uit 'n goed georganiseerde aantreklike kaartversameling behoort die gebruiksfrekwensie van kaarte te laat toeneem.

Sandra Groenewald en Erika Brits



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## EERSTE VLOER

OU MEESTERS KRY STATUS

Die ouer en oudste Meesters van die regsafdeling het status gekry. Nie alleen staan hulle nou in die glaskas wat eers vir die gebruik van dosente alleen gereserveer was nie, maar voortaan sal hulle ook met 'n eie sekuriteit kan spog. Al die ou Meesters (dis nou ná 1800, met die uitsondering van 'n paar), staan egter nog steeds tussen die plebs. Weens hulle "onlangse" verskywing verdien hulle nog nie die rang van NOBILE nie.

Om soveel ou bronne saam gegroepeer te sien, doen iets aan elke sintuig van 'n mens. Hulle ruik anders as die ander boeke - glad nie muf nie, o nee! eerder geleerd. Hulle voel ook besonders. Die papier is nie gly-glad soos eietydse boeke nie, maar neig meer na 'n soort kladpapier toe. Die drukwerk is so diep dat dit byna met die vingerpunte gelees kan word. Ek sou selfs dink dat die geskiedenis van die drukpers volgens die verskillende ou boeke moontlik nagevors sou kon word (verder voel sommige van hulle baie swaar as jy hulle afpak, oppak op 'n trollie en weer afpak). Meeste dra varkleerbaadjies en daar is alle groottes om na toe kyk - en as iemand dalk 'n probleem het met 'n naam vir 'n baba, laat ons julle voorstel aan AVERANIUS, ZOESIUS, LAMSWEERDE, SCHOMAKER, ZURCK, PECCHIUS, of wat van CARPZOVIUS? Almal is baie soetklinkend op die oor maar stof eers julle Latyn en Hooghollands af, asseblief - die here ken geen ander taal nie.

Intussen het almal seker opgemerk dat die "winterkreukels" om ons middels verdwyn het. Of 'n mens in Latyn of Hooghollands arbei, Werk is Werk en dit verbruik kilojoules!

Ria en Rita van Regte

At the seminary of the Dutch Reformed Church (Pretoria), the professor of Church history gave us a group assignment to discuss on which day would we commemorate Reformation Day: 31st October, 10th December or 17th April. As you may recall that on the 31st October 1517 Luther posted his 95 Theses on the door of the Castle Church in Wittenburg, which served as the university bulletin board. On the 10th December 1520 he burned the papal bull that ordered the burning of all his books. On the 17th April 1521 Luther appeared before the Emperor and Reichstag at Worms, where he was placed under imperial condemnation for the rest of his life.

The majority of the class voted for the 31st October. When the professor asked about the other dates, one of the students voted for the 10th December. Motivating his answer he said, 'so that we could have a holiday to barbeque, because that is the day when the "bull" was roasted!'

Kobus Fouché

## TWEEDE VLOER

Hallo vanuit die studente-stilte hier op tweede vloer. Die vakansiegees het behoorlik soos 'n kombers oor ons neergesak. Ons antwoord nou wel nie op die oomblik tientalle algemene kortnavrae 'n dag nie, maar wat wel gebeur is dat ons daardie taai l-a-n-g navrae kry i.v.m. skripsies, verhandelinge, seminare en toesprake - dinge wat spesiaal gedurende vakansies voorbereiding en aandag geniet.


Van ons kollegas het elkeen 'n rigting ingevlug en die moedige oorblewendes hou die fort op 'n aflosbasis. Rentia en Maureen het 'n draai in die Wildtuin gaan maak, Bella is vir twee heerlike weke Margate toe en Magriet sit heerlik in die son by die huis in Pietersburg. Ilse-Marie, met manlief op 'n militêre kamp, het 'n stewige deel van die kort aandbeurte gekry. Ons hoop al hierdie ure van swoeg kom handig te pas as hy eers weer terug is Ilse-Marie!

Die afgelope twee weke het ons ook die inplak van lynkode-etikette vir rekenarisering van die uitleenstelsel beleef. Gewillige studentehande het die groot werk vir ons kom doen en nou is dit nog net die laaste paar raaisels wat opgelos moet word. 'n Groot dankie aan al die studente - sonder julle sou ons beslis nie die mas opgekom het nie.

Nog 'n groot uitkoms vir die vakbibliotekarisassistente is Martha wat nou die aktualiteitsdiensfotostate maak. Dit het tot gevolg dat die assistente nou nie meer vir lang rukke van die vloer af is nie en natuurlik is die lang staan by die masjiene nou iets van die verlede. Van die assistente se kant aan topbestuur: baie dankie vir hierdie reëling.

Die tweede vloer huisves deesdae ook soos almal weet die terminaaleindpunt vir eksterne rekenaarmatige inligtingsoektogte. Die afgelope maand het, Dialogue en INEG nog 'n "vriend" bygekry in die vorm van die Poskantoor se BEL-TEL stelsel. Ons op die vloer "oooee" en "aaah" nog oor hierdie nuwe toevoegsel tot ons geledere.

Van 'n kommunikasiebewuste tweede vloer, totsiens tot volgende keer.




"Sure, I used to carry your books, but THIS is a bit much!"

## DERDE VLOER

*Almal knip hulle oë verstom*
*Die hele derde verdieping blom*
*'n Uitstalling hier*
*'n uitstalling daar*
*- die ene swier*
*- kom kyk gerus*
*dis werklik waar!*

*Irene Smit*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# GSV

INFLASIE

Alles gaan op!
Ja, en die statistiek by GSV is so hoog, dat die arme personeel nie kans gekry het om 'n pennevruggie te lewer nie. Toemaar Kollegas ons lewe darem nog ...... (net-net).

Ons wil darem net staaf wat ons hier kwyt geraak het. Die statistiek vir die Afrikaanse boeke hier by ons uitgeneem, was in 1 maand hoër as die hele verlede jaar!!!!

Met die Tukkiana as bykans die 'enigste' bron van inligting oor die curiculum vitae van onse Alma Mater het die statistiek oor hierdie jaar al die hoogte ingeskiet, met al die studente en dosente wat inligting soek oor die Afrikaanswording van die Universiteit gedurende 1932.

Mnr Otto was ook 'n gereelde gebruiker. Hy het 'n dieptestudie gemaak oor die herkoms van die benaming "Ou-Biochemie." Skynbaar is die benaming heeltemal verkeerd ........... hou asb. die Perdeby vir hierdie artikel dop.

Met die twee studente van GSV gaan dit ook nog voor die wind. Mara probeer haar take afhandel voor die universiteit weer in volle swang is, en Kobus se skripsie is al geproeflees en goedgekeur. Lekker aanstoom Kollegas die einde is in sig.




# TYDSKRIFTE

Almal het my altyd vertel hoe vriendelik en hulpvaardig geregsdienaars is en dat hulle uit hulle pad sal gaan om jou te help. Groot was die skok dus toe ek uitvind dat die lang arm soms 'n geweldige dwarsbomende effek kan hê. Dit kom alles daarby in dat my ma vir my mos 'n kar gekoop het - wel wetende dat ek nie bevoeg is om 'n hom te bestuur nie. Ek sien alle mense wat sonder lisensies bestuur, in 3 groepe: Die wat uit dwarsheid en nukkerigheid sonder een bestuur, die wat nie tyd het om te gaan vir 'n lisensie nie en die laaste skaars kategorie, is die wat deur die gereg gedwarsboom word.

Nou ongelukkig val ek nou in die laaste afdeling. Vir die afgelope 12 maande het ek onverpoosd pogings aangewend om die stukkie papier te kry en elke keer het die gereg dit in die wiele gery. Hulle wil my nie eens 'n kans gee om my bestuursvernuf te wys nie.

Die hele proses kan teruggevoer word na een oorsaak: Ek bly nie waar ek behoort te bly nie! - dis nou volgens my Id-Boek se blyplek. Toe't ek maande lank geloop en tob oor die situasie. Ek kon of my adres in my Id verander het, of ek kon gaan bly waar ek behoort te bly.

Nou om te bly waar ek behoort te bly beteken dat ek weer by my ma kan gaan bly en nooit meer skottelgoed hoef te was of woonstel skoon te maak nie. Ek hoef nie soggens halfgevries by die werk in te val nie en ek hoef ook nie saans tot middernag by buitemuurs rond te karring nie. In die oggende kan ek beskuit en moerkoffie in die bed kry en in die aand boontjiesop by die hardekoolvuur in die kaggel.

In elk geval, ek moes toe 'n keuse maak en vanoggend het ek besluit dat ek eerder die vuil Civitas-gebou sal trotseer as 'n trekkery af Kanaän toe.

Een krisis is dus afgehandel: ek het 'n Id-boek, (tydelike) met 'n Pretoria adres en nou moet ek, nadat ek eers genoeg tyd bymekaar gemaak het, begin soek na iemand wat my op 'n middag voor 4 Silverton toe kan ry vir 'n oogtoets en 'n afspraak vir 'n lisensie.

O ja - die verkeersowerhede op Ellisras het na menige verduideliking besef dat wanneer mens swot jy op 'n ander plek as jou tuisdorp bly en as vergunning mag ek toe my leerlinglisensie dáár kry.

As alles dus goed gaan en die verkeersmense hou op om my te dwarsboom, sal ek hopelik 'n lisensie kry voordat my tydelike Id-boek oor 6 maande verval. Die hele tydskrifte-afdeling behoort by die heugelike gebeurtenis baat te vind want dan hoef hulle nie meer na al my treurmares te luister nie en Anne sal meer gereeld nog 'n paar handjies in die afdeling hê - siende dat ek dan nie meer hoef af te neem om alles te reël nie.

(Nou kan sy tenminste 'n gelisensieerde ongeluk maak - Tydskrifte)

Elizabeth Pretorius



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BOEKBESTELLINGS

NUWE BOEKE BY BESTELAFDELING ONTVANG

'n Boek waarin die dames seker sal belangstel, is "The Woman's dress for Success Book" deur John T. Molloy. Die boek is al in 1977 uitgegee deur Warner Books in New York. Dit het eintlik betrekking op die Amerikaanse vrou soos die outeur ook in die inleiding opmerk: "This book is designed as a classic 'how to' book. Its purpose is to give every American woman a simple set of rules so that she can make her clothing and her accessories work for her." Daar is 'n paar oulike wenke wat miskien selfs vir die Suid-Afrikaanse vroue nuttig kan wees. Iets interessants is die aanbevelings vir die gebruik van verskillende soorte materiale, o.a. dié vir denim "Excellent upper middle class sportswear - the blue work shirt look, which means you don't work with your hands. All denim is good, except at word."

'n Ander interessante boek is die "Tower Pressure Cook Book" van Annette Yates. Behalwe vir die geurige resepte en kleurvolle illustrasies, is daar ook raad aan huisvroue o.a. hoe om die verskillende soorte drukkokers te gebruik en te versorg. Albei die boeke is deur die Departement Huishoudkunde bestel.

APPLIEKWERK

Appliekwerk is baie na aan collage, maar die materiaal word vasgestik aan die basis en nie vasgeplak soos in die geval van collage nie.

'n Bekende kunstenaar op dié gebied, is Ernst Ullman. Hy doen veral figuurkomposisies. Die materiale word plat op die agtergrond met 'n stikmasjien vasgeheg. Om voue en detail te beklemtoon, word stiksels op die vorm aangebring.

Vir beginners word vilt aanbeveel om probleme met die aanpas, gewig en tekstuur van die tekstiel uit te skakel.

Die ontwerp kan uit papier gesny word, voordat die ontwerp op die materiaal vasgeheg word, kan dit met rubbergom in die regte posisie geplaas word, of aanstrykmateriale kan gebruik word.

As die materiaal te sag is, kan dit op 'n stewiger materiaal soos seil of binnevoering geplak word.

Detail wat op vorms aangebring moet word, kan vooraf gedoen word of volgens Ullman se tegniek na die tyd saam met die vashegting aangebring word.

Appliekwerk op kinderklere was nog altyd baie gewild. 'n Ou kledingstuk kan met groot sukses weer opgekikker word, veral as daar ook gebruik gemaak word van interessante naaldwerksteke.

Postma, Annabi: Kreatiewe Tekstiel; 1981 C.U.M. - Boeke, Roodepoort



*Appliekwerk deur Ernst Ullman.*

## BINDERY

Het u miskien gedink hier word net boeke gebind? Ons tipiese dag verloop omtrent so:
"Goeiemore, jammer ek is laat. Die motor wou nie aanskakel nie."
Of, bietjie later: "Wat maak ek nou, my sleutels is in die motor toegesluit."
Of: "Ag man, ek kan nie hierdie tikmasjien se rol losgedraai kry nie. Bring asseblief 'n tang."
Of: "Die 'urn' lek."
Of: "Hier is 'n baie snaakse reuk, kom 'luister' bietjie."
Of: "Die studente het alweer ons penne weggedra, kom plak tog vas asseblief."
Of: "Iemand sit in die hysbak vas."
Of: "Ek moet 'n uitstalling hou, en het s-o-o 'n groot stuk papier nodig."
En dan is dit reeds vieruur en tyd om huistoe te gaan.
Ag, wat sou 'n bindery ook wees sonder 'n biblioteek en sy mense, en dié se probleme!

Groete van Bindery tot Biblioteek

I have somewhere seen it deserved that we should make the same use of a book that the bee does of a flower; she steals sweets from it, but does not injure it.

- Charles C Colton

## Kelder

Wat 'n stilte na die storm! Dit is so stil, dat ons amper vergeet van "agter die ossewa - as jy deur die tent kyk dan sien jy die ossewa - of - Meneer gaan net uit by die Biblioteek, dan sien jy die ossewa - Wat! Nog nooit gesien nie!! Meneer hoe lank studeer jy al hier? Sewe jaar en jy het nog nooit die ossewa gesien nie?"

Of soos die volgende briefie wat op die Toonbank gelaat is:
Liewe Fotostaat Departement!
Ons almal dink dat hierdie nuwe opset uiters vertraag is.
Dink julle as daar meer as een by 'n masjien is dat die ander dalk met die ding kan wegloop, hê? Hy's dalk 'n bietjie groot om weg te steek weet julle!
Wel, hoop julle verbeter spoedig!
Van ons,
xxxxxxx

Nog 'n goeie storie - Annatjie Myburgh loop een middag perkeerplek toe, toe 'n hele groep studente wat buite in die son gesit en braai het vir haar skreeu: "Haai, daar gaan die terror van die Keller!" en 'n ander een toe skreeu: "Nee man, dis die geheime agent van die KGB!"

Wel, terwyl daar nog 'n week van die vakansie oor is, kry ons darem kans om ons agterstallige werk af te handel voordat die gróót storm weer losbars.

Groete,
Keller!!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONTSLUITING

Laat ons hierdie maand begin deur baie welkom te sê aan Magda Coetzee - Magda ons hoop jy werk lekker by ons!

Ons het ook vir Leonie van Wyk gegroet vir 'n kort rukkie en sy het belowe om die baba aan ons te kom wys. Daarna sien ons baie uit.

Dit was vir 'n ruk baie stil in Ontsluiting. Daar was diegene wat siek was en andere wat met vakansie was. Elrien Swart is vir twee weke Pongola toe saam met ± 20 ander RAU studente. Vir Elrien beteken haar vakansie ook werk, maar werk waarna sy uitsien. Die Admissiebond reël dat studente gedurende vakansies gaan huise bou! Laas jaar het sy en mede-studente 'n pastorie gebou en vanjaar hoop hulle om in twee weke 'n kerk by die pastorie te bou. Die damestudente doen die afrondingswerk en sorg natuurlik ook vir die kos.

Sandra Groenewald was vir twee weke by 'n Stranddienskamp in Natal en blyk dit baie te geniet het.

Almal wat siek was, welkom terug. Jo het ook 'n week verlof geneem - merendeels om die tydjie saam met haar pa deur te bring. Jo, ons hoop jou pa sterk gou weer aan. Julie het vir 'n week in die Oos-Transvaal gaan rondtoer en het lekker uitgerus teruggekom. Erica Brits was ook so tussen haar studies besig met iets heel anders. Sy het deelgeneem aan 'n mannekynparade in Barclay Plein. Laat ons vroeër weet volgende keer Erica sodat ons almal kan gaan kyk!

Intussen het ons begin om alle nuwe boeke wat op DOBIS ingevoer word, van lynkode-etikette te voorsien. Elke middag na ete kom die nuwe etikette, en dan is alle Ontsluiters druk besig met die inplak daarvan. Oorspronklik was ons almal maar bietjie skrikkerig vir hierdie addisionele takie, maar alles verloop vlot.

Tot volgende keer
Julie Rechav

KENNISGEWING

Hier is afval rekenaarpapier beskikbaar. Diegene wat kleuters het of weet van kleuterskole wat dit kan gebruik, kan asseblief met Manda Mörsner in verbinding tree.

## tiksters

Na amper twee jaar van huisvrou wees is ek weer terug by die Merensky. Waar ek by die huis net doeke omgeruil het en nooit aan 'n tikmasjien geraak het nie, het ek teen alle verwagting in, die tikmasjien gou baas geraak. Dankie aan Mara, Maretha, Teresa en Hannelie wat my so gou tuis laat voel het.

Annemarie Pienaar

## *MUSIEK*

Dis al weer 'n maand verstreke en Biblikasie roep ons tot herkoue:
Weens die vakansie was dit hier besonder stil - die koue het seker ook daartoe bygedra. Maar dit beteken nie dat die werk stilgestaan het nie ...

Een van die groot take was die inplak van lynkode-etikette en dit word toe deurgevoer terwyl altwee van ons nie hier in die biblioteek kon wees nie. Vir dié wat toe so vinnig moes inspring sê ons baie dankie.

Interessante nuwe boeke wat ons onder julle aandag wil bring is die volgende:

1. Copland, A <u>What to listen for in music. rev. ed. New York: McGraw-Hill, 1957.</u>

   Hierdie boek is veral vir die leek en die musiekstudent geskryf. Dus maklik leesbaar vir iemand wat meer in die algemeen iets oor die elemente van musiek, vorm, opera, film ens. wil weet.

2. Osborne, C <u>The Complete operas of Puccini. London: Victor Gollancz, 1981.</u>

   Die boek sal nóu veral bruikbaar wees terwyl die operaseisoen in die Staatsteater aan die gang is. "Turandot" van Puccini word nl. vanaf einde Augustus opgevoer. Dié opera word in die bg. boek baie volledig bespreek ... vir dié een wat deeglike huiswerk wil doen.

3. Vir die Jazzliefhebber het ons ook 'n boek nl. Shapiro, N + Hentoff, N <u>The Jazz Makers. New York: Da Capo Press, 1957.</u>

   21 invloedryke jazzkunstenaars word bekendgestel om sodoende hulle musiek beter te kan verstaan. Die bekendstes is seker Louis Armstrong, Bessie Smith, Coleman Howkins, Duke Ellington, Fletcher Henderson e.a.

Op die boeke "noot" sê ons:

Groetnis

Vanuit die musiekbiblioteek



*Caricature of Sullivan from* MR. PUNCH'S ANIMAL LAND, *by E. P. Reed.*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## *VEEARTSENYKUNDE*

OOR KOEITJIES EN KALFIES

Na 8 maande by die Veeartsenykunde-Biblioteek het ek 'n heelwat "beter" siening van wat 'n veearts nou eintlik is.

Hy is nie net iemand wat hondjies en katjies liefhet nie - hy is die een wat met 'n besmette (sal liewers nie sê waarvan nie!) growwe groen oorpak en lompe stewels inderhaas die Biblioteek instorm om gou 'n paar verwysings tussen sy praktiese klasse na te gaan. Wat daardie praktiese klasse alles behels, laat ons liewer aan die verbeelding oor, maar dat hulle soms dramaties kan wees, getuig die verskeie beserings van wat ons al in die Biblioteek opgemerk het - die blou oog van 'n perd se skop, die gebreekte arms (kwaai bul se toedoen) ens. Ek wonder of hulle nie soms wonder oor hulle beroepskeuse nie. As ek hulle vra, is daar geen twyfel by hulle nie. Hondjies en katjies, koeitjies en kalfies, kwaai ofte nie, hulle wil uithou en aanhou.




*Because I remember Bandit's last visit, Ms. Scott!*

Sy ander "uniform" is die wit safaripak. Teetye wemel die Biblioteek, veral die fotokopieërmasjiene-terrein, van hierdie klinieswit wesens, met hier en daar 'n stetoskoop wat by 'n sak uithang - nes mensedokters, dink ek altyd! Ja, dierepasiënte word nes hulle menslike eweknieë behandel (of miskien selfs beter?) Daar by Chirurgie sien jy hoe die pasiënt mooi gemaklik op sy trollie lê, 'n 'drip' in sy arm (ekskuus, poot), die verpleegsters met maskers aan besig om hom na sy "saal" te neem. As sy toestand kritiek is, gaan hy na die Intensiewe-sorg eenheid. Hy het sy eie apteek ook met medisyne wat spesifiek in sy behoeftes voorsien. Soms wonder ons watter pille dit is wat die apteeksuster Biblioteek toe stuur as die hoofpyn skielik pla. Wat dit ookal is, dit werk soos 'n bom! (Sal liewers nie vra nie).

Tien persent van hierdie voornemende veeartse is vroulik. Die Fakulteit kry soveel aansoeke dat hulle die vrouestudentetal tot 10% moet beperk. Dis interessant dat hierdie minderheid beter vaar as die mans, as mens na die uitslae van die finale jaars kyk wat einde Junie klaargemaak het. Al die meisies is deur, maar 7 mans moet sekere vakke herhaal. Hierdie meisie-veeartse werk, dis nou nie altemit nie. Soms hoor jy 'n giggel in die Biblioteek, maar dit gebeur ook selde. Hierdie is die praktiese, voete-op-die-grond, energieke deel van die Evasgeslag. Ek was skoon verbaas toe ek nou die dag opmerk dat een fotokopieë van 'n artikel oor grimeerwenke vir modelle maak!

Moenie dink hulle is nie mooi nie. Daar is een, byvoorbeeld, (alreeds "dokter" en nou besig met nagraadse studies) wat so pragtig is dat as sy die Biblioteek binnekom, daar 'n skielike stilte heers en alle oë in een rigting draai. Brains and Beauty. Wie het gesê daar is regverdigheid in die lewe?

Toemaar, ons tweetjies in die Biblioteek kry ook "huldeblyke" van waardering. Dose sjokolade en roomkoeke is al ontvang. Lekker! En nog lekkerder is die dankie wat dit verteenwoordig.

Groete van ver (20 km. vanaf Merensky)

Erica van der Westhuizen
Rina Pelser


## *VOORKLINIES*

Net voor die studente met vakansie is, het dit baie bedrywig by die Voorkliniese Biblioteek gegaan. Tussen al die studente wat hard besig was om aan take te werk of te leer vir al hul honderde toetse, was Johanna Duursema en Helene Fourie ook hard besig om te leer. En dit wel aan al die geheimenisse van MEDLARS en MEDLINE.

Intussen het Anthea White ook 'n nuwe werkie bygekry. Haar nuwe dogtertjie sal nou pas twee weke oud wees. Ons wil dus vir pa, ma en dogter baie gelukwens. Mag dit baie goed met julle gaan en ons is bly dat alles voorspoedig afgeloop het.

Ten slotte sterkte aan almal vir die laaste skof van 1982. Van nou af gaan dit gewoonlik vinnig eindeksamens en Kersfees se kant toe!

## klinikala



Dis nie net ek wat kyk na die boekrak en nie sien wat ek graag wil sien nie.

Sheila



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BUITEMUURS




DIE BIBLIOTEKARIS

"Calm and cool amid tumult see the desk
attendant stand,
With contentment on her features and a date-
stamp in her hand.
As they feed beasts at the circus to appease
their hungering rage,
So she throws this man a poet and she drops
that man a sage.
And her wild beasts growl in fury when they
do not like her meat...
When the sage is tough and fibrous and the
bard not over-sweet...
But she feeds 'em and she leads 'em, and be-
guiles 'em with sweet guile,
And wounds 'em with a two-cent fine and
heals 'em with her smile.

J D Marshall

Erika Brits

*Gee pad voor*

*Eerste vader: "Wat moet ek doen? My seun wil renjaer word."*
*Tweede vader: "My raad is: moenie in sy pad staan nie."*

*Nogal vinnig*

*Die hysbak skiet soos blits boontoe en toe dit stilhou, vra die operateur aan 'n man in die hysbak: "Het ek te vinnig gery?"*
*Man: "Nee wat, ek dra maar altyd my das om my heupe."*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# MEDIES

Nuus vanaf Medies was die afgelope tyd maar min in Biblikasie, maar dis nie omdat ons niks gedoen het nie. Afgesien van hope en hope bestellings (die geld is gelukkig?! nou bietjie min) het ons darem ook nou bietjie rekenaarsgewys gevorder.

Die Texas 738 is na baie swoeg en sweet om 'n telefoonlyn in die reeds oorvol sentrale van H.F. Verwoerd hospitaal te bekom, geïnstalleer. Gaandeweg het ons bewus geword van die belangrikheid van kommas en spasies en Elhill se kommunikasietaal en ons is nou almal dik vriende. Behalwe wanneer die lyne befoeterd is dan speel die rekenaar nie lekker saam nie. En o, is die ding logies - dis om van rasend te word. Dié kom jy natuurlik eers agter as jy die antwoord kry.

Wat die rekenaareindpunt vir DOBIS betref - die telefoonlyn en modem staan gereed op die toonbank en ons hoor die rekenaareindpunt staan by Rekenaardienste. Ons kry soms lus om dit maar self daar te gaan haal want ons is nou-al baie haastig! Weet julle hoe dit voel as 'n gebruiker 'n boek soek wat jy weet in die biblioteek is, maar jy kry nie die gegewens op die fiche nie, die boek staan nie waar die klasnommer behoort te wees nie en as jy Merensky bel en vra om te kyk dan sê hulle met 'n sug groter as joune - en ek is seker 'n gesig langer as myne - DOBIS is "af". Gelukkig het ons onthou dat dit 'n dikkerige blou boek was...

Ten slotte, vanuit die Mediese Biblioteek behoort daar seker so af en toe bietjie mediese raad ook te kom. Dit het ons ore bereik dat personeel by Merensky baie maal siek is - en dat die lugreëling daarvoor verantwoordelik is. Uit 'n boek wat ons sopas ontvang het van C.A. Rinzler: The Dictionary of Medical Folklore kom die volgende:-

**air conditioning.**

***Air conditioning causes colds.*** Only viruses cause true colds, which are viral infections. But there are two ways in which air conditioning can cause allergic reactions which resemble colds.

In the first case, the swift change in temperature experienced in going from the warm weather outside to the cold of an air-conditioned room can cause the mucous membranes in the nasal passages to swell and "weep." This is called vasomotor rhinitis: the allergic person sneezes, coughs, and in general exhibits all the symptoms of a classic cold. Second, turning on an air conditioner which hasn't run in some time can blow dirt, dust, and, most important, mold spores through the room so that, once again, an allergic person shows all the signs of having a cold when what is actually being experienced is a run-of-the-mill allergic reaction. (Steam heat, of course, can cause precisely the same reactions for precisely the same reasons: a swift change of temperature and/or a fine spray of allergens.)

En as u dan nou vieserig hieroor voel en u toevlug neem na die ou boereraat vir 'n verkoue - dan wag die volgende demper, uit dieselfde boek, op u:-

***A hot toddy relieves the symptoms of a cold.*** Yes and no. It may anesthetize you so that you really don't feel anything, but there are drawbacks. First, the alcohol in the hot toddy (which is usually rum) will cause blood vessels to dilate and mucous membranes to swell so that your nose will be more stuffy and drippy than ever. Second, if you are already taking aspirin for your cold, the alcohol may combine with the aspirin to cause stomach bleeding. Therefore you should never combine the two, whether or not you have a cold.


Wees gegroet op 'n meer positiewe noot:-
Smile: A smile uses fewer muscles than a frown.
Right. And you thought it was all propaganda for one of those smile - button manufacturers.

Annie Pienaar

Hiermee wil ek een en almal by die Merensky-biblioteek en takbiblioteke bedank vir al die jare se lekker saamwerk. Wees daarvan verseker dat ek julle almal sal mis. My beste wense vergesel julle.

Mathilda du Preez

# still cookin!



*VINNIGE MAASKAASTERT*

*1 Blikkie kondensmelk*
*1 Pakkie suurlemoenjellie*
*1 250g Pakkie maaskaas*
*Bietjie kaneel*

*Maak enige krummeltertkors en voer tertbord uit daarmee (Gewone tennisbeskuitjies, soos vir 'n yskastert, kan ook in 'n tertbord gepak word)*

*Meng die suurlemoenjellie met 250 ml kookwater en laat afkoel.*
*Roer die kondensmelk daarin.*
*Roer die maaskaas daarby en laat dit goed meng (nie korreltjies nie).*
*Gooi in tertbord met tertkors uitgevoer. Strooi bietjie kaneel oor.*
*Plaas in yskas om te stol.*

*Annatjie Botes*

*LASAGNE*

*Braai: 1 Groot ui*
*1 Soetrissie*
*1 Knoffelhuisie*
*3e Olie*
*Voeg by: 1kg Beesvleis*
*1 reep gekapte spek*
*Braai tot bruin*
*Voeg by: Sout en peper*
*1e tamatiepuree*
*2 tamaties of 1 klein blik tamaties*
*knippie orego*

*Prut 10 minute in 1 koppie rooi wyn.*
*Kook 125g groen noedels gaar en maak 2-3 koppies kaassous van:*


| | |
|---|---|
| *2e botter* | *1t droë mostert* |
| *1e meel* | *1k kaas* |
| *2k melk* | *sout en peper* |

*Skep in afwisselende lae in gesmeerde bakskottel.*
*Bak 30 minute by 180°C*


*Marie Abrie*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



MATHILDA DU PREEZ



MARJORIE MARAIS

# TOTSIENS



VERONA BLIGNAUT



RIA COETZEE

# WELKOM



ANNEMARIE PIENAAR



HANNELIE GROBLER



FREDDIE SCHOEMAN


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1932-1982
AFRIKAANSWORDING

# BIBLIKASIE


U.P. BIBLIOTEEKDIENS

AUGUSTUS 1982




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



SO MAAK ONS IN MAKRO-ONTSLUITING

Soos al die ratjies in 'n masjien saamwerk om die produk te vervaardig, so is die Ontsluitingsafdeling ook 'n rat in die masjinerie van die Merensky-biblioteek. Die een is nie belangriker as die ander nie maar nie een kan weggelaat word nie, want dan kan die produk nie gelewer word nie. Die doeltreffendheid van ons dienslewering hang grootliks af van die mate waarin ons op mekaar steun. As Boekbestellings nie boeke bestel nie, kan ons niks ontsluit en toeganklik maak nie. Dit beïnvloed dan weer die werksaamhede van die Vakbibliotekarisse, want as hulle nie boeke op hul rakke kry nie, moet die gebruikers onbevredig die biblioteek verlaat. So vervul elke afdeling in eie reg 'n baie belangrike rol.


In hierdie artikel vertel ons een en ander oor die dagtaak in die Ontsluiting afdeling, 'n dagtaak wat hoegenaamd nie eentonig of vervelig kan wees nie. Diegene wat ons aansien as 'n klompie neus-in-die-boeke katalogiseerders, maak beslis 'n groot fout. Reg genoeg is ons belangrikste plig die ontsluiting en toeganklikmaking van bronne deur middel van die toepassing van die AACR II-reëls, die toekenning van 'n staanpleknommer uit die DDK 19 en die invoer van hierdie, plus die besondere bibliografiese inligting van elke boek, in die DOBIS-stelsel. Daarby egter is daar allerlei ander take en sake waarby ons betrokke is. Ons hou tweemaandeliks in afdelingsvergadering waarby ons 'n oorsig en insig kry in ons doen en late, asook 'n professionele vergadering een keer 'n jaar waardeur ons verryking vind. As Merensky-biblioteek die dag wil spog met al sy dienste, doen ons ook ons deel deur 'n demonstrasie te lewer op ons DOBIS-stelsel. Ons lewer ook na-uurse diens aan ons gebruikkers en bekom dus op hierdie manier insig in die werksaamhede van die Vakbibliotekarisstelsel. 'n Hele mondvol vir so 'n huidige klein spannetjie van veertien.

Gedurende hierdie maand het ons nuwe verwikkelinge beleef in die afdeling in die opsig dat die opset in ons bestuur verander het. Waar ons voorheen in die Dagbestuur van die Seksie Makro-ontsluiting kontroleerders gehad het van wie een op 'n roteerbasis as seksiehoof opgetree het, het hierdie beleid nou verander. Daar is besluit dat slegs een persoon hierdie hoedanigheid in die toekoms sal beklee en dat die ander kontroleerders as hoofontsluiters sal optree. Dit was vir ons almal 'n groot vreugde om te verneem dat die keuse op Manda Mörsner geval het om hierdie posisie te vul. Ons hartlike gelukwense weereens aan ons Seksiehoof.

Ons professionele vergadering vind plaas op 24 Augustus om 14h00 in die Geesteswetenskappegebou, lokaal 4 op die grondvlak. Mnr. I.H. Robson kom ons toespreek oor Produktiwiteit en personeel.

Een van ons terminale is nou ingeruim vir TOETS-CICS en programontwikkeling en dit bring mee dat ons deesdae slegs vier terminale beskikbaar het vir invoere. Hierdie TOETS-DOBIS-terminaal het egter ook die voordeel dat persone in die afdeling wie opleiding moet ondergaan, op die terminaal kan oefen sonder die vrees dat hulle foute in die lêers opgeneem word.

Ons reaksietyd op DOBIS was die afgelope tyd stadig en ons beleef ook af en toe aftye sodat ons nie altyd soveel boeke kon afhandel as wat ons graag sou wou nie. Die probleem het ontstaan as gevolg van die toekenning van rekenaartyd aan alle rekenaarstudente, selfs eerstejaars. Die Rekenaarsentrum het ook een dag laat weet dat hulle probleme het met 'n stukkende waaier wat veroorsaak het dat nie te veel ingevoer kon word nie. Dit gaan darem nog nie so sleg met ons soos met ons langhaarvriend op meegaande spotprent nie. René van Zyl het dié prent aan ons kom wys sodat ons nog dankbaar kan bly vir wat ons het.




Deesdae het ons meer dikwels besoek van René van Zyl van die Rekenaarsentrum en Tony Roberts van IBM. Hulle is hard besig met die implementering van die LIBIS-uitleen- en LIBIS-aanskaffunksies. Hulle doen ook programontwikkeling, programverandering en die herstel van foute in die pakket. Vir ons is dit moeilik om te begryp presies wat die omvang van hulle taak is, en ons het almal groot bewondering vir die geduld en uithouvermoë wat hulle aan die dag lê.

Op Vrydag 6 Augustus het ons besoek ontvang van die dosente en biblioteekkunde studente van die Universiteit van die Witwatersrand. Clarisse Venter, Susan Marsh, Erika Brits en Elsa Cronje het aan hulle die soektog- en katalogiseerfunksies op DOBIS gedemonstreer. Op 9 Augustus het mev. Langkilde 'n demonstrasie gelewer aan besoekers van die RAK (nou KERNKOR) se biblioteekpersoneel.

As dit by tye baie stil lyk hier in ons afdeling, is dit daaraan toe te skryf dat hier weer Dewey-veranderinge aangebring word. Van tyd tot tyd ontvang ons vanaf Forest Press die nuutste "Additions, notes and decisions" van toepassing op die Dewey Desimale Klassifikasie, uitgawe 19. Een en almal bring dan hierdie veranderinge in hulle Deweys aan en sodoende bly ons dus op datum. Die impak van hierdie veranderinge/besluite op boeke wat alreeds ontsluit en afgehandel is, word ook in aanmerking geneem.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Interessantheidshalwe noem ons ook die nuwe tabelle wat ons ontvang het vir die 301-307 klas en wat meer uitgebreid is as in die DDK 19. Ons pas hierdie tabelle alreeds toe en sal binnekort ook kyk na boeke in hierdie klasse wat alreeds ontsluit is en op die rakke staan.

Op 4 Augustus het vyf lede van die afdeling 'n werkswinkel van die Belangegroep vir Ontsluiting by Buitemuurs bygewoon. Dit het gehandel oor Hoofstuk 12 van die AACR II, te wete die katalogisering van tydskrifte. Mev. Robarts van TISAB het die besprekings gelei. Kleiner werksgroepe is gevorm en aan die hand van voorbeelde is spesifieke probleme opgelos en weer later in die groot groep bespreek.

Waar ons met die eerste verskyning van die lynkode-etikette dit self in die boeke wat daagliks ingevoer is in DOBIS, ingeplak het, het die taak nou oorgeskuif na die tiksters en verloop dit vlot.

Erika Brits het die lastige takie onderneem om die Deutsche Bibliographie uit te sorteer. Kumulasiebande is ontvang wat meegebring het dat los weeklikse en maandelikse aflewerings oorbodig geraak het en dus weggegooi kan word.

Praktykervaring as deel van biblioteekkundige opleiding is in 'n praktiese beroep soos ons sin baie belangrik. So gaan ons dan ook nou weer in samewerking met die Departement Biblioteekkunde van die universiteit, deel hê aan praktykopleiding vir die nagraadse studente in Biblioteek- en Inligtingkunde. Gedurende Oktober sal nege studente dus hier in ons afdeling opleiding ontvang ten opsigte van die proses van ontsluiting en invoer in die DOBIS-stelsel. Bo en behalwe die take wat van dag tot dag verrig moet word, duik daar ook ander pligte op waarby ons as span ons deel moet doen. 'n Voorbeeld hiervan is die ontvangs van 'n groot skenking waarvan die katalooguskontrole dadelik deur die hele afdeling aangepak en afgehandel word. Ook word ons prosedurehandleidings gereeld op datum gebring en werk ons gedurig aan verbeteringe en veranderinge wat die werksvloei meer vaartbelyn maak.

Ons verstout ons om te sê dat dit wat ons hier in ons afdeling verrig, onontbeerlik is vir die doeltreffende dienslewering van die biblioteek as geheel.





# REDAKSIE

*As die Lente kom was daar in ons gesin*
*'n Totale verandering en 'n nuwe begin.*
*Ons ma het ge-"spring clean" en vernuwe in die Lente*
*En pa moes in dié tyd maar klou aan sy sente,*
*Ons jonges het geglo aan iets nuuts om te wys*
*En wat was daar beter as 'n nuwe "kys".*

*Ons Topbestuur hou by die resep van vanmelewe*
*want kyk nou net na al die veranderings*
*so ewe!*
*Adri, Manda en Professor Boon*
*Is hierdie maand as hoofde bekroon.*
*Drie ander mense moet ook nou verhuis*
*Ons hoop Annie, Magriet en Anne voel gou tuis.*

*In 'n nuwe pos moet jy jou slag wys*
*Wie het gepraat van 'n nuwe "kys?"*

# *poste restante*



MERENSKY-PERSONEEL

Ek wil dankie sê vir die dankie.
Julle weet nie hoe ek en Tony julle waardeer nie. As ek by Merensky instap sien ek net vriendelike gesigte. Almal groet. Vra hoe gaan dit en sê dankie vir wat ons doen. Ek glo nie daar is nog rekenaargebruikers op die kampus wat maar altyd verstaan en vergewe soos julle nie. 'n Spesiale dankie aan die ontsluiters vir die terminaal wat hulle afgestaan het. Ek weet julle het hom nodig.

Vir die bindery wil ek ook dankie sê. Hulle sny en bind altyd baie gewillig as ek vra.

Julle teeklub is fantasties. Elke dag tee en Woensdae koek. Ek is al skaam om my gesig in die teekamer te wys. Tony waardeer dit net so. Ek wil ook vra dat julle die operateurs moet waardeer. Hulle doen altyd gou-gou iets spesiaal vir DOBIS. Sonder om te kla omdat hulle ander werk dan agter raak.

René Rekenaar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

*VERJAARSDAE*

*September*

| | | |
|---|---|---|
| *7* | *Mev A Myburgh* | *(Alg Admin)* |
| *15* | *Mnr D Hughes* | *(Bindery)* |
| *15* | *Mev H Grobler* | *(Boekbestel)* |
| *16* | *Mev C Enslin* | *(Tydskrifte)* |
| *18* | *Mej M Mörsner* | *(Ontsluiting)* |
| *19* | *Mej S Möller* | *(Medies)* |
| *20* | *Mev A Moolman* | *(Musiek)* |
| *20* | *Mnr W Porter* | *(Bindery)* |
| *22* | *Mev I van Niekerk* | *(2$^{e}$ Vloer)* |
| *23* | *Mev A Pienaar* | *(Tiksters)* |
| *25* | *Mev D Wheeler* | *(IBL)* |
| *27* | *Mev E van der Westhuizen* | *(Veearts)* |
| *27* | *Mev R Viviers* | *(Regte)* |
| *28* | *Mev C du Plessis* | *(Toonbank)* |
| *30* | *Mev J A Prinsloo* | *(Medies)* |

INTERESSANTE FEITE OOR 'n WAARDEVOLLE SKENKING

Die Merensky Biblioteek het onlangs 'n baie waardevolle skenking van Rabbi W.M. Bernstein ontvang. Hierdie skenking bestaan uit 'n aantal baie ou Hebreeuse boeke.

Een stel van hierdie skenking is 'n volledige versameling van Maimonides se Hebreeuse kommentare oor die Mishnah. As deel van my plig as Ontsluiter het ek in die "Encyclopedia Judaica" gaan oplees oor Maimonides en op 'n paar feite afgekom wat ek graag met my kollegas wil deel.

Maimonides, wat ook as Moses ben Maimon bekend gestaan het, is hoofsaaklik bekend as Joodse filosoof en kenner van die Mishnah. Hy is gebore in Cordoba in Spanje en het geleef vanaf 1135-1204. As gevolg van die vervolging van die Jode in Spanje, het hy en sy gesin verhuis na Fez in Marokko. Daar word hy geneesheer aan die koninklike hof van die heersende Kalif. Daar is heelwat geskrewe bewyse dat Maimonides baie hoog aangeskryf was as geneesheer deur die Moslems, soos dit blyk uit werke van bekende Arabiese historici soos Ibn al Qifti en Ibn abi Usaybi'a. Maimonides het etlike mediese werke geskryf, waarskynlik tydens sy verblyf in Kairo vanaf 1190-1204. Van die werke het ondermeer ingesluit 'n werk oor die oorsake en behandeling van asma, 'n algemene handleiding oor gesondheidsaspekte en 'n kommentaar oor medisyne en verdowingsmiddels wat uit plante verkry kon word. Hierdie werk bevat ook 'n lys van 350 name van sodanige middels, met hul Arabiese, Griekse en Persiese name asook verduidelikings in al hierdie tale van hoe hierdie middels verkry en geïdentifiseer kan word.

Jo Breed
Ontsluiting

N.S. Ons wonder of Maimonides, toe hy so lekker gesit en skryf het, ooit gedink het aan die Ontsluiter wat in die 20e eeu moet sit en sukkel met die ontsluiting van sy gewigtige kommentare! Sterkte, Jo.

DIE ROL VAN DIE BIBLIOTEEK IN DIE JAAR 2000

Ons staan huidiglik te midde van 'n elektroniese wêreldoorlog. Die bibliotekaris wat aan die bekende dinge wil bly vaskleef (die vyand van elektronika), moet maar oorgee en by die stroom van elektronika inval. Die vroegste biblioteke het begin met 'n versameling van manuskripte, later boeke - tydskrifte - films, kasette en plate - mikrovorme ens. Vandag staan ons op die trappie van rekenaarstelsels. Soos inligtingverskaffing meer en meer toegeneem het, moes die tegnologie hulpmiddele ontwikkel om hierdie geweldige hoeveelheid inligting te kon hanteer. Mikrovorme is vandag nie meer voldoende nie, daarom dat die rekenaar nou die veld van die Biblioteekkunde binnegetree het. Biblioteke word uit die aard van hul behoeftes gedwing om van die rekenaar gebruik te maak. Huidiglik voldoen dit nog aan die behoeftes van die biblioteek, maar die vraag ontstaan nou: Hoe lank sal die rekenaar nog die vrag kan dra voordat sy rug breek? Daar bestaan baie bespiegelinge en vooruitskouings vir die toekoms.


K.E. Dawlin beklemtoon die toename in belangrikheid van die rekenaar. Dit word bewys deurdat meer en meer mense persoonlik mini-rekenaars vir hul huise aanskaf, en al hoe meer gebruikers direk met databasisse skakel vir inligting. Die kostes het al sodanig gedaal om so 'n situasie moontlik te maak. Programme vir tuis-rekenaars is beskikbaar vir minder as $25 en sal mettertyd nog goedkoper word. 'n Groot elektroniese maatskappy sal binnekort 'n tuisrekenaar-terminaal bemark wat minder as $400 sal kos. In Frankryk en verskeie ander lande word beplan om elke telefoon met 'n terminaal toe te rus.

Dus: Sal die biblioteek in die jaar 2000 nog ooit 'n plek in die samelewing hê? Sal ons nie 'n situasie kry waar, - elke gebruiker oor sy eie terminaal tuis beskik en direk met die verskillende netwerke gekoppel is;

- vergaderings, samesprekings en konferensies met behulp van die rekenaar, terminaal en 'n TV skerm gehou word, waar elke lid tuis voor sy eie terminaal sit en met die ander intyds skakel; en
- waar die bibliotekaris óf in 'n kantoor óf tuis sekere navrae van gebruikers ontvang, die soektog vir die gebruiker doen en inligting tydelik op sy tuisrekenaar stoor totdat die gebruiker die inligting onttrek nie?

Ons as bibliotekarisse moet deeglik bewus wees van sulke bespiegelinge oor die toekoms, want dit raak ons persoonlik. Gaan die bibliotekaris werklik nog van nut wees in die jaar 2000? Neem die gebruikers nie alreeds al hoe meer van ons professionele take oor nie? Ons kan nie voorsien wat die toekoms inhou nie, maar as bibliotekarisse moet ons, ons net nie blind staar teen die huidige situasie nie

Erika Brits



"I've enrolled in the Open University."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TWEEDE VLOER

IEDER WOELT HIER...

Toe Rentia my so teen die einde van verlede maand herinner dat Augustus my Biblikasiebeurt is, was my woorde aan haar "Kom ons wag so 'n bietjie, miskien gebeur hier iets om oor te skryf" "Dink jy regtig hier sal nog iets gebeur?" wou sy ongelowig weet. Ons het per slot van sake nog aan Alida se weggaan gely, en dit was genoeg gebeurtenis vir 'n baie lang tyd.

En nou laat die verskuiwings op Tweede Vloer die laaste Kabinetskommeling na 'n piekniek lyk. Eers het Marike Viljoen verhoging gekry Derde Vloer toe toe sy die Kerkgeskiedenis en Kleinhandelspryse vir die Kookkuns verruil het. Gelukkig kon Fritz Visser dadelik in haar plek inval en sal hy seker hier teen die einde van die maand alles weet van die Dow Jones-indeks en dalende goudprys, voordat Maureen Medies toe skuif. Welkom Fritz, ons hoop jy is sommer klaar tuis hier by ons.

Dit is dan seker ook die laaste keer my voorreg om Tweede Vloer se nuus te skryf. Miskien, as ek in die toekoms die pad Beatrixstraat langs, by die lykshuis verby, en al teen die pyle op na die Mediese Biblioteek gewoond geraak het, en minder bewe, kan ek dalk weer probeer!

Aan Anne van Zijl wat nou Tydskrifte vir Taalonderrig en Trimparke verruil - baie welkom! Ons weet jy kom uit 'n lekker afdeling, maar as ek uit eie ervaring ook met Alida se kalf mag ploeg - dis 'n lekker klomp mense saam met wie, en met wie jy gaan werk.

Met woorde wat half min is hierdie keer, (half teen die aard en gewoonte in) dankie aan almal wat van saamwerk lekkerwerk gemaak het.

Magriet

## DERDE VLOER

Die derdevloer het 'n hele gedaantewisseling ondergaan. Hier pryk twee nuwe gesigte by ons - Martie van der Walt en Marike Viljoen. Martie is vakbibliotekaresse vir natuurwetenskappe in Amanda van der Hoven se plek, en kom uit Durban. Marike se vertrekpunt was heelwat nader - sommer die vloer onder ons. Sy is nou assistent in Rika van der Walt se plek. Baie welkom aan julle twee!

Nog iets wat die vloer sy gedaante help verwissel het, is natuurlik die uitstallings. Julle kan gerus kom kyk. Daar is nie minder as vier nie: Rita Badenhorst het 'n uitstalling gemaak oor Sheila Cussons, wat dié maand sestig geword het en nou, na 25 jaar in die buiteland, vir goed in Suid-Afrika terug is. Mej. Cussons het die C.N.A.-prys, die Louis Luyt-prys en die W.A. Hofmeyr-prys vir haar nuutste digbundel "Die Woedende Brood" ontvang.

Rika het, net om ons nog meer na haar te laat verlang, vir ons 'n uitstalling oor koring in Suid-Afrika agtergelaat. Daar is inligting oor prosesse, statistieke en ook heerlike resepte.

Irene Smit het 'n uitstalling gemaak oor die "Son, maan en sterre". Twee baie ou boeke
M. Ball: A Popular guide to the Heavens (1910) en
Proctor: The Poetry of Astronomy (1880)
vorm deel van die uitstalling, net om ons ook die outydse siening van sterrekunde te gee.

Margie Kotze se uitstalling oor bemande ruimtereise neem ons op 'n blitstoer deur die geskiedenis: van-af Yuri Gagarin wat in 1961 die eerste mens word wat een omwenteling om die aarde voltooi, tot by die Columbia wat nou, na skaars twintig jaar, die ruimte verken.

So van gedaantes gepraat. 'n Gedaante wat ons gaan verlaat, en eersdaags Suidwes toe vertrek, is Matilda Pieterse. Ons hoop sy geniet die jaar daar - ons is almal skoon jaloers op die nuwe ondervinding wat vir haar wag.

En so tussen blomme en baie gebruikers deur sê ons... vrolike lente!

## AFRICANA

Na die lekker verposing van die Julie-vakansie is ons weer almal volstroom aan die gang. Joy het rustig tuis gebly want sy is besig om haar kragte en verlof vir die einde van die jaar te spaar. Dan wag daar 'n finale eksamen, die uitslag en die vakansie by die huis in Windhoek. Sy is op die oomblik oortuig daarvan dat sy nie volgende jaar gaan studeer nie maar ons weet almal dat sy nou al so verslaaf is aan "swot" dat sy maar net sal móét inskryf.

Sonja was vir 'n naweek weg om die Drakensberge by Witsieshoek en Golden Gate te verken en het dit soos gewoonlik weer baie geniet. Sy is besig om 'n kenner van ons natuur en voetslaanpaaie te word.

Die Coetzee-familie was 'n bietjie Wildtuin toe om Pretoria se winterkoue te ontvlug. Ons het vir die eerste keer die heel noordelike gedeelte van die Wildtuin besoek en was aangenaam verras. Die natuur is pragtig - baie meer welig en tropies as die suidelike gedeelte. Gewapen met 'n bome-naamlys is dit 'n heerlike tydverdryf om al die mooi ou bome te bekyk en te leer ken. Die Impala-lelies is in hierdie gebied besonder mooi sodat 'n mens nie die versoeking kan weerstaan om 'n plantjie te koop nie. Eintlik weet jy goed dat jy hom in Pretoria gaan laat verkluim of versuip. Die Punda Milia ruskamp is klein en rustig (selfs in die Julie-skoolvakansie) en saans braai almal saam gesellig vleis en vertel diere-stories.

'n Kenmerk van die huisvesting in die Wildtuin wat ons as stadsmense verstom het, is die feit dat daar geen sleutels is nie en daar nogtans niks wegraak nie. Die enigste diefstal wat ons beleef het was 'n halwe brood (vir die voëltjies bedoel) wat 'n bobbejaan van ons stoeptafel kom gryp het.

Soos dit 'n goeie bibliotekaresse betaam, het ek ook aan die Stevenson-Hamilton-biblioteek in Skukuza 'n besoek gebring. Dit is daar nog rustiger as in die Merensky se Africana-afdeling, miskien omdat daar nie oudiovisuele apparate is nie. Aangesien daar in Skukuza ook 'n gholfbaan is (waar die wilde varke en Rooibokke op die setperke wei) begin 'n mens se gedagtes sommer in die rigting van aftrede dwaal.

Joriet Coetzee



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *INTER*

RESOLUTIONS FOR TODAY

JUST FOR TODAY I will try to live through this day only, and not tackle my whole life problem at once. I can do something for twelve hours that would appal me if I felt I had to keep it up for a lifetime.

JUST FOR TODAY I will be happy. After all, most people are about as happy as they make up their minds to be.

JUST FOR TODAY I will look as agreeable as I can, dress becomingly, speak low, act courteously, criticize not one bit, and not try to improve anybody except myself.

JUST FOR TODAY I will adjust myself to what is; and I will not keep trying to adjust everything else to my own desires.

JUST FOR TODAY I will exercise my soul in three ways: I will do somebody a good turn, and not get found out. I will do at least two things I don't want to do...just for exercise. And today, if my feelings are hurt, I will not show it to anyone.

JUST FOR TODAY I will try to strengthen my mind. I will learn something useful. I will read something that requires effort, thought and concentration.

JUST FOR TODAY I will have a programme. I may not follow it exactly, but I will have it. I will save myself from two pests: hurry and indecision.

JUST FOR TODY I will have a quiet half-hour all by myself for meditation and relaxation. During this half-hour I will try to get a better perspective of my life.

JUST FOR TODAY I will be unafraid. Especially I will not be afraid to enjoy what is beautiful, and to believe that, as I give to the world, so the world will give to me.

Kenneth Holmes

# tiksters

Die afgelope dae het ons tiksters geswoeg en gesweet tussen die oorsese tesisse. Vir ons tiksters begin die dae blou-blou. Liewe Vader wanneer gaan dit stop!

Ons hele afdeling is onder in die kelder besig om tesisse te soek. Kort, kort hoor jy net, a, daar is hy! Of ag nee die nommers hou hier op - waarheen nou. Sommige van die boeke het 'n lelike gewoonte om sommer net uit die rak te val en dan is dit ons tiksters wat met 'n bloukol, seer kop of stofbedekte gesig daarvan afkom.

Wel, dit gaan nie altyd so rof in ons seksie nie. Eintlik altyd stil en rustig....

Nou ja kamerade, moed hou, die einde is in sig... wat die tesse betref!!!

Tiksters

# ONTSLUITING

Die vakansie is verby en ons is weer volstroom aan die gang. Die winter se ysigheid begin afneem en af en toe soggens voel dit al soos lente. Dit stel ons almal hier by Makro-Ontsluiting in 'n geesdriftige stemming om ons daaglikse pligte aan te pak.

Ons wens ons nuwe Seksiehoof sterkte toe met al haar verpligtinge en verseker haar van ons bystand en ondersteuning te alle tye.

Aan Prof. Boon ons hartlike gelukwense met sy aanstelling as Hoof van die Departement Biblioteekkunde, ons hoop hy gaan dit baie geniet om weer klas te gee.

Baie geluk aan Tjaart en Ansie Willemse met hul babadogter Inge. Ons het ook nuus ontvang van oud-kollega Jean Maree vanuit Stellenbosch. Dit gaan goed met haar Honneurs Engels studies en sy geniet dit om weer student te wees. Gaynor Stroebel en Susan Marsh het eksamen afgelê nadat hulle die PL/1-kursus (Rekenaartaal) gevolg het en albei het met goeie gevolge geslaag. Ons gelukwense aan albei.

Ons wil ook graag ons gelukwense oordra aan ons kollegas in die Vakbibliotekarisstelsel met hulle onderskeie bevorderings/verskuiwings. Ons hoop julle gaan baie gelukkig wees in julle nuwe poste, Annie Pienaar, Magriet Lee, Maureen Brassel en Ann van Zyl, asook Adri Botha wat as Seksiehoof by Tydskrifte gaan waarneem.

Konferensiekoors loop hoog vir ons afdeling! Op die oomblik klink dit asof man en muis in Durban gaan wees, maar hier gaan darem 'n paar agterbly om die fort te hou.

Ons het kennis geneem dat Jesse Hauk Shera op 8 Maart oorlede is. Tydens die volgende Takvergadering wat op 31 Augustus plaasvind, sal prof. Johan Bekker van Unisa hulde bring aan hierdie biblioteekkundige filosoof.

Tot volgende keer
Gaynor Stroebel en Mienie Vink

# BINDERY

*SIELKUNDIGE:* *Meneer kan jy my sê hoekom jy hier geland het?*

*SIEK MAN:* *Meneer die saak staan so: Ek het getrou met 'n weduwee met 'n groot dogter. Daarna trou my vader met my vrou se dogter. Dit maak toe my vrou die skoonmoeder van haar skoonvader, en my vader is toe my stiefseun. Toe kry my stiefmoeder, die dogter van my vrou, 'n seun. Dit was toe natuurlik my broer, want hy was my vader se seun, maar hy was ook my vrou se stiefseun en dus haar kleinseun, en dit maak my toe die oupa van my stiefbroer. Toe kry my vrou ook 'n seun met die gevolg dat my skoonmoeder die stiefsuster van my seun, ook sy ouma was. Ek is die broer van my eie seun wat ook die seun van my stiefouma is... Ek is my ma se swaer, my vrou is haar eie kind se tante, my seun is my pa se neef, en ek is my eie oupa.*

*Meneer wonder jy nou nog hoekom ek hier geland het?*

*Bindery*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TYDSKRIFTE

Tydskrifte is in rep en roer. Alles en almal is aan't beweeg en verander - soos gewoonlik.

Anne en Adri het die duplikaatrak reggepak en omskep in 'n lus vir die oog.

Anne het die belangegroep vir Ontsluiting bygewoon en die onderwerp was Tydskrifkatalogisering volgens hoofstuk 12 van AACR 2. Die van julle wat sukkel daarmee weet nou waar om aan te klop vir hulp.

Om in Tydskrifte tred te hou met almal se voorkoms is basies 'n voltydse werk. Maryna het verander in 'n krulkoppie en Zanda in 'n ligte koppie. Dit het tot 'n invloed op Anne gehad want sy het ook haar haarstyl verander - blykbaar het dit iets te doen met "mushrooms" (of iets).

Die "bekkige" Elizabeth se tandarts het aanbeveel dat sy draadjies kry en nou moet sy van vooraf die rympie "Sewe sakke sout" oefen. Die res van ons kry nou ook so hier en daar 'n woord in.

Intussen het ons ook 'n nuweling bygekry. Makkie is al so tuis en deel van Tydskrifte dit is asof sy al jare hier werk.

Die twee getroude ma's en ek glo nie aan verandering nie, en karring maar op dieselfde paadjie aan.

Die persone wat eintlik ons afdeling in rep en roer gebring het is ons ou Baas en Nuwe Baas - Anne en Adri.

Anne kan haar na 21 jaar eers wegskeur van Tydskrifte. Sy vertrek aan die einde van die maand na die 2de vloer. Anne baie geluk. Geniet dit, en verlang maar so nou en dan na ons as jy 'n kansie kry. Ons gaan jou verseker baie mis. Ek is bevrees die pantoffels sal maar hier moet bly, want ek glo nie die opvoedkundiges gaan daarmee tevrede wees nie.

Adri aan jou baie geluk as hoof van Tydskrifte. Ek weet net nie hoe sy met ons spul dommes oor die weg kom nie - ons probeer daagliks meer leer en te onthou wat ons leer en in die proses raak ons eintlik net meer deurmekaar. Ons sal in elk geval ons bes probeer om jou te help. Sukses en Voorspoed.

Christa Enslin

## BOEKBESTELLINGS

NUWE BOEKE IN BESTELAFDELING ONTVANG

"The complete guide to herbs" deur Josie A. Holtom en William H. Hylton is deur Med 610 bestel. Die boek gee 'n volledige beskrywing van baie verskillende kruiesoorte. Kruie kan gebruik word om die alledaagse lewe te verryk; gesonder en gelukkiger te maak. Selfs rose kan as kruie gebruik word. Die roosblare kan versuiker word en as koekversiering gebruik word, of as 'n basis vir pot-pourri Rooswater bied verligting vir moeë oë.

Ons neem dikwels kruie as vanself-sprekend aan. Hoeveel mense weet bv. dat knoffel 'n natuurlike antibiotika is en nuttig is vir infeksies. Knoffel kan ook tussen ander plante soos byvoorbeeld framboosriete geplant word om insekte weg te hou.

Die boek word in twee dele verdeel. Die eerste deel handel oor die kweek van kruie, die gebruike en geskiedenis daarvan. Die tweede deel is 'n ensiklopedie wat oor die 140 verskillende kruie bevat met inligting oor elk.

Die boek is goed geïllustreer met foto's, botaniese lyntekeninge, kaarte en diagramme. Daar is ook 'n kort woordelys met mediese terme en 'n breedvoerige bibliografie.

Nog 'n interessante boek is "Food from the veld" van F.W. Fox en M.E. Norwood Young. Die boek beskryf oor 'n duisend wilde plante wat geëet word in Suidelike Afrika. Elke plant word botanies geïdentifiseer en beskryf, ook met die gewone naam in 'n paar Suider-Afrikaanse tale. Hier volg 'n voorbeeld uit die boek:

**CACTACEAE**


**Opuntia vulgaris Mill.**

*Common names:*
English – *prickly pear;* Afrikaans – *turksvy;* Tswana – *toroko* (broad-leafed variety); Zulu – *umtelekisi.*

*Description*
A shrub up to 5m tall with sturdy, often branching, trunks. Joints flattened, thin, bright green when young, obovate to narrowly elliptic. Spines sharp, straight. Flowers tubular, 7-9cm long, many-petalled, yellow. Fruit an edible obovoid reddish-purple berry.

*Distribution*
Origin unknown, probably from South America, now widespread. Common in South Africa; planted as hedges and also for fodder and fruit.

*Use*
Watt & Breyer-Brandwijk (1962) say that the fruit of Opuntia vulgaris, the commonest species, is the sour prickly pear of the coastal districts from Cape Town to Natal and is not really edible in the raw state . . . but a very pleasant syrup is made from the ripe fruit.



*Opuntia vulgaris*

Other edible OPUNTIA:
There are several species of which the fruit is edible and much eaten by whites and blacks. Pedi not only eat the fruit fresh but also when dry in relishes, porridges and fermented drinks. O. ficus-indica (L.) Mill. The fruits are eaten by blacks in Transkei (Rose and Guillarmod, 1974). O. dillenii (Ker-Gawl.) Haw. These fruits, when skinned, have a sweet, pleasant tasting crisp flesh; they are widely planted in Malawi (Williamson, 1972). Opuntia spp. Tswanas eat the fresh fruits of *toroko* in Botswana (Grivetti, MS).

## *BUITEMUURS*

Dis 'n ander ou wat skryf dié maand, my liewe kollega se kop is heel gesmokkel met trousake. Geniet dit maat, dié dag kom vinnig, hy snel verby, hy's uniek, onherhaalbaar, die sweet werd.

Ons hou toe mos 'n noodtoestandsoefening. Die sirenes het geloei, alle lokale is ontruim, die volkie was paraat. Net een ou studenteomie het stuurs deur toe aangestrompel gekom; my toe sommer ook net daar oor die kole gehaal oor die "sinneloosheid" waarmee ons besig was. My liewe Omie, ek hoop tog net daar is min van jou stoffasie, anders mag daar dalk te veel voete wees wat op die swakkes trap as dit nie meer "speel-speel" is nie.

Verder gaan dit met ons almal hier nog baie goed dankie. Ons almal het Vrydag die 13e heel deurstaan.

Groetnis
Jan Petrus

NS. Omie, net eergister moes 15 van ons jongstes die hoogste prys betaal toe dit "rerig" was.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Kelder

'n LEKTOR VAN DIE DEPT. ENGELS HET DIE VOLGENDE MET ONS KOM DEEL

MEMO 1

From: Divisional General Manager
To: 'Factory Manager
On Friday at approximately 5 pm. Halley's Comet will be visible in this area, an event which occurs only once every 75 years. Please have the employees assemble in the area outside the factory in safety helmets and I will explain this rare phenomenon to them. In case of rain we will not be able to see anything, so assemble the employees in the canteen and I will show them a film of it.

MEMO 2

From: Factory Manager
To: Assistant Manager
By order of the Divisional General Manager on Friday at 5 pm. Halley's Comet will appear above the area outside the factory. If it rains please assemble the employees in safety helmets and proceed to the canteen where this rare phenomenon will take place, something which occurs every 75 years.

MEMO 3

From: Assistant Manager
To: Personnel Officer
By order of the Divisional General Manager in safety helmet at 5 pm. on Friday, the phenomenal Halley's Comet will appear in the canteen. In case of rain in the area outside the factory, the Divisional General Manager will give another order, something which occurs once every 75 years.

MEMO 4

From: Personnel Officer
To; Foreman
On Friday at 5 pm. the Divisional General Manager will appear in the canteen with Halley's Comet, something which happens every 75 years if it rains. The Divisional General Manager will order the comet into the area outside the factory.

MEMO 5

From: Foreman
To: Employees
When it rains at 5 pm. on Friday, the phenomenal Bill Halley, accompanied by the Divisional General Manager, will drive his Comet through the area outside the factory to the canteen in safety helmets.

*"Who steals my purse steals trash, 'tis something, nothing;*
*'Twas mine, 'tis his, and has been slave to thousands;*
*But he that filches from me my good name*
*Robs me of that which not enriches him,*
*And makes my poor indeed."*

*SHAKESPEARE "ORTHELLO"*

## MUSIEK

FLUIT-FLUIT VANUIT DIE MUSIEKBIBLIOTEEK

Die toenemende erkentlikheid van die blokfluit as medium vir fundamentele musiekonderrig op skoolvlak blyk duidelik uit die aandag wat dosente aan hierdie faset van Skoolmusiekopleiding verskaf. Uitgebreide lesings, verskeie uitvoerings, demonstrasies en 'n uitstalling is onder meer gebruik as stimulus vir die opleiding van professionele musiekonderwysers.



IN LIGTER LUIM

Dit is vir my 'n riem onder die hart dat die Ou Lettere-gebou gerestoureer gaan word om Tukkies se kunsbesit te huisves. As daar nou een "iets" is wat ek graag daar sal wil sien, is dit Merensky se kaal mannetjie, wat om een of ander rede voor Africana staan.

Sien, die mannetjie het ons al baie hoofbrekens besorg: As ons nie moet sê wié die beeldhouer is nie, dan is dit wié die mannetjie is, hoekom hy by Africana staan, of hy is een oggend in reënboogkleure aangetrek...maar ook moet ons antwoorde verskaf op opmerkings soos die volgende:

*Bode (van Onderstepoort): Miesies wie is die man wat daar bo staan?*
*Personeellid: Nee ek weet nie, dit is sommer net 'n man - nie iemand spesifiek nie.*
*Bode: Maar miesies, hoekom het hy nie 'n broek aan nie?*
*Personeellid:. (Rooi en stotterend) Hmm nee... jy sien...hmmm...dit is nou mos kuns.., dit gaan nie eintlik om die man nie (my woordeskat en verduidelikingsvermoë laat my in die steek)*
*Bode: Nee, sies miesies, dis mos nie mooi nie!*

*Sonja Potgieter*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WOULD YOU MIND IF I BORROWED THIS BOOK?


Never lend books, for no one ever returns them: the only books I have in my library are books that other folk have lent me. Anatole France

Of all the terrifying circumstances to which one's home is vulnerable, nothing equals that of a guest who stares straight at one's bookshelves. It is not the judgmental possibility that is frightening: the fact that one's sense of discrimination is exposed by his books. Indeed, most people would much prefer to see the guest first scan, them peer and turn away in boredom or disapproval. Alas, too often the eyes, dark with calculation, shift from title to title as from girl to girl in an overheated dance hall. Nor is that the worst. It is when those eyes stop moving that the heart too stops. The guest's body twitches; his hand floats up to where his eyes have led it. There is nothing to be done. You freeze. He smiles. You hear the question even as it forms:
"Would you mind if I borrowed this book?"
(Mind? Why should I mind? The fact that I came upon that book in a Paris bookstall in April 1959-the 13th I believe it was, the afternoon, it was drizzling-that I found it after searching all Europe and North America for a copy; that it is dog-eared at passages that mean more to my life than my heartbeat.
Mind?)
"Not at all. Hope you enjoy it."
"Thanks. I'll bring it back next week."
"No rush. Take your time. (Liar.)"
Not that there is any known way to avoid these exchanges. One has books; one has friends; they are bound to meet. Charles Lamb, who rarely railed, waxed livid on the subject: "Your borrowers of books- those mutilators of collections, spoilers of the symmetry of shelves, and creators of odd volumes." But how are such people to be put off, since *they* are often *we*, and the nonreturn of borrowed books is a custom as old as books themselves? ("Say, Gutenberg, what's *this?* And may I borrow it?") It is said that Charles I clutched a Bible as he mounted the scaffold. One shudders to imagine the last earthly question he heard.

Still, this custom confutes nature. In every other such situation, the borrower becomes a slave to the lender, the social weight of the debt so altering the balance of a relationship that a temporary acquisition turns into a permanent loss. This is certainly true with money. Yet it is not at all true with books. For some reason a book borrower feels that a book, once taken, is his own. This removes both memory and guilt from the transaction. Making matters worse, the lender believes it too. To keep up appearances, he may solemnly extract an oath that the book be brought back as soon as possible; the borrower answering with matching solemnity that the Lord might seize his eyes were he to do otherwise.

But it is all a play. Once gone, the book is gone forever. The lender, fearing rudeness, never asks for it again. The borrower never stoops to raise the subject.

Can the borrowers be thwarted? There are attempts. Some hopefuls glue EX LIBRIS stickers to the inside covers (clever drawings of animals wearing glasses, and so forth) - as if the presence of Latin and the imprint of a name were so formidable as to reverse a motor reflex. It never works.




One might try slipping false jackets on one's books - a cover for *The Secret Agent* disguising *Utility Rates in Ottawa: A Woman's View.* But book borrowers are merely despicable, not stupid; they tend to leaf before they pluck. Besides, the interesting thing about the feeling of loss when a book is borrowed is that the book's quality rarely matters. So mysterious is the power of books in our lives that every loss is a serious loss, every hole in the shelf a crater.

And this, of course, is the key to the sense of helplessness in this matter. Our books are ourselves, our characters, our insulation against those very people who would take away our books. There, on that wall, Ahab storms. Hamlet mulls. Molly Bloom says yes yes yes. Keats looks into Chapman, who looks at Homer, who looks at Keats. All this happens on a bookshelf continually - while you are out walking the dog, or pouting or asleep. The Punic Wars rage; Emma Bovary pines; Bacon exhorts others to behave the way he never could. Here French is spoken. There Freud. So go war and peace, pride and prejudice, decline and fall, perpetually in motions as sweeping as Milton's or as slight as Emily Dickinson condidering the grass. Every evening Gatsby looks at Daisy's green light, which is green forever. Every morning Gregor Samsa discovers that he has been transformed into a giant insect.

All of which would appear to offer an argument that booklending ought to be encouraged. It is the supreme selfless act, after all. Should we not abjure our pettiness, open our libraries, and let our most valued possessions fly from house to house, sharing the wealth? Certain clerics with vows of poverty did this. Inside their books was printed not EX LIBRIS but AD USUM - for the use of - indicating that it is better to lend than to keep, that all life's gifts are transitory. Should we not follow the clerics? Or might we just for once summon our true feelings on this subject and, upon hearing the terrible question, smile back and speak from the heart: "Mind? I'll break your arm, you bastard!"

By Roger Rosenblatt
Uit: TIME, April 5, 1982

When they clean up all the comic books and literature that might be harmful to children; many adults will not have anything to read.

A classic book is a book everyone wants to have read, but no one wants to read.

In science, read by preference the newest works; in literature the oldest. The classics are always modern.

- Lord Lytton



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## *Op my ontsluitingstrollie*

Mummies, disease, and ancient cultures, Cockburn, A.E. (ed.) C.U.P., 1980 616.009 1061880

Hierdie interessante boek vra vrae soos waar siektes dan nou oorspronklik vandaan kom en of daar reeds in pre-historiese tye aansteeklike siektes bestaan het. Deur mummies patologies te ondersoek, soos verduidelik in die boek, kan sommige van hierdie vrae wel beantwoord word en die skrywers glo dat dit uiteindelik sal lei tot 'n alomvattende teorie betreffende aansteeklike siektes in ons huidige samelewing. Ek het altyd gedink dat mummies slegs in Egipte voorkom, maar ek lees nou dat hulle wêreldwyd aangetref word, selfs in Amerika en Japan. Die boek is beslis 'n kykie werd, maar miskien, moet die grillerige leser liewer daar wegbly!

VAN REENEN, R Op die randakker. Tafelberg, 1980
ZA 839.3635 1084686

Hierdie boek het soos 'n ou vriend gevoel toe dit sy verskyning by ons gemaak het. Dit bestaan uit rubrieke wat jare lank in Rykie van Reenen se Randakker-rubriek in Die Beeld en Rapport verskyn het. Die een wat my die meeste opgeval het, is 'n rubriek geskryf in 1965, Hol, rot, hol, wat te make het met die bekende 'rat race'. Saam met ander staan die skryfster en kyk na 'n rot wat al vinniger en harder in 'n wielfuik onophoudelik om-en-om-en-om hardloop. Toe sy simpatie uitspreek teenoor die arme diertjie wat so gemartel word, kry sy die antwoord:
"'Oh NO maDAM!' roep die eienaar van 'n stralende stel wit tande langs my uit, 'he KNOW to get out, he KNOW to get out, he jus' TRAINING, madam, you see!'
"Gelukkige rot! Hy kan dus darem uit, as hy wil. Hy hoef nie tot elke prys by te hou om die ontwil van die pelsjas en die wit Mercedes, die swembad en die proteatuin en die tweede badkamer waarmee die bure so meedoënloos die pas aangee nie!"
Laat mens dink, nê!

FOXCROFT, E.K. Russia and the Anglo-Boer War 1899-1902. Roodepoort, CUM Books, 1981. ZA 968.04821 FOXCROFT

Vanweë die feit dat mev. Foxcroft van Russiese afkoms is, kon sy Russiese bronne, waarvan daar geen vertalings in ander tale bestaan nie, raadpleeg en bestudeer om hierdie werk van haar tot stand te bring. Dit is 'n oorsig van die amptelike houding van die tsarisregering en die Russiese publiek ten opsigte van gebeure rondom die Anglo-Boere Oorlog. Russiese dokumente toon aan dat die simpatie van die meeste Russe, insluitende tsar Nicholas II, by die Boere gelê het, maar dit moet gesien word in die lig van die spanning en wedywering wat in daardie tyd bestaan het tussen Engeland en Rusland. Mev. Foxcroft was die eerste hoof van die eerste Departement van Russiese Studies aan Unisa.

PAKENHAM, T. Die Boere-Oorlog, vertaling deur L. Rousseau. Johannesburg, Ball, 1981. ZA 968.048 PAKENHAM 1080944
Engelse kopie: 968.048 PAKENHAM 1087065

Pakenham het gebruik gemaak van ongepubliseerde berigte om hierdie werk van hom oor die Boere-Oorlog te skryf. Oorspronklikke dokumente van die Argiewe van Engeland is geraadpleeg, asook private geskrifte van persone wat betrokke was by die oorlog, o.a. briewe van Sir Redvers Buller, 'n geheime joernaal van die Britse militêre inligtingsdiens, briewe van die Minister van Oorlog en ander lede van die Britse kabinet, en van manne wat aan die oorlog deelgeneem het. Ook herinneringe van oorlewendes is ingewerk in die verhaal.

FOOD PROCESSOR COOKBOOK, by The Editors of Consumer Guide. New York, Random House, 1976

Al ooit probeer 'Pâté de Foie à la Crème' of 'Pâté Brisée' volgens 'n resep maak? Wat voorsien jy - die hele spul in ou Boel se kosbak of dalk 'n paar voet onder die grond tussen manlief se groentetjies? Dit kan iets van die verlede wees indien jy hierdie boek raadpleeg.

"Food processor cookbook" is 'n goed geïllustreerde resepteboek wat 'n groot verskeidenheid resepte van allerlei geregte bevat, spesifiek vir jou voedselverwerker. Sommige van die resepte is ook toegerus met illustrasies wat die hele proses stap vir stap duidelik uiteensit. Sop, slaaie, hoofgeregte en gebak is slegs 'n paar voorbeelde van wat in hierdie boek gevind kan word.

Jou voedselverwerker tesame met hierdie resepteboek sal bewondering uit manlief se oë laat straal, want soos die ou spreekwoord sê: "'n Man se liefde loop deur sy maag". Raadpleeg hierdie boek gerus!

GESONDHEID

WEINSTEIN, M.S. Health in the city. New York: Pergamon Press, 1981. 363.7

Vandag het ek bogenoemde interessante boek wat deur Stad- en Streeksbeplanning bestel is, ontsluit. In die boek word gewys hoe die stadslewe die fisiese en geestesgesondheid van mense beïnvloed.

Die groot, moderne stede van vandag het reeds grootliks daarin geslaag om baie van hul fisiese probleme die hoof te bied. Ons leef dus nie meer in vrees en bewing vir plae en aansteeklike siektes nie. Die brandweer-, polisie- en ambulansdienste verskaf aan die stadsbewoner 'n gevoel van veiligheid en beskerming in 'n goed georganiseerde samelewing.

Desnieteenstaande is daar baie mense wat vandag sieker, ongelukkiger, meer ontevrede en sommer net altyd moeër is as in vorige dekades. Weinstein se boek skryf dit daaraan toe dat terwyl stadsbeplanners druk besig was met die fisiese dinge, die sake van die gees en gemoed agterweë gebly het.

Orals kan ons vandag lees en hoor van rook en kanker, hartsiektes en fiksheid, besoedeling, gesinsbeplanning en cholesterol. Ons is reeds elkeen 'n deskundige in die kleine op hierdie gebiede en dié wat gesondheid nastreef, probeer darem die "slegte" vermy. Hoeveel weet ons egter oor spanning en druk en watter impak alledaagse gebeurtelikhede op ons en ons medemense het?

Wat vir my so interessant is, is die Social Readjustment Rating Scale wat in Weinstein se boek aangehaal word. Hierdie tabel is deur wetenskaplikes by die Universiteit van Washington ontwikkel. Daar is bepaal dat daar 'n definitiewe verwantskap bestaan tussen sosiale veranderinge/aanpassings en fisiese gesondheid. Dit is natuurlik waar dat almal nie om dieselfde rede of in gelyke graad spanning of druk ervaar nie. Tog kan mens gemiddeldes bepaal en dan probeer om òf dit wat angswekkend is te vermy, persoolik te bewerk òf sommer net te verstaan en te verdra wanneer jyself of jou naasbestaandes knorrig voel. Die tabel lyk so:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Table 5.1. Social Readjustment Rating Scale

| RANK | LIFE EVENT | MEAN VALUE |
|---|---|---|
| 1 | Death of spouse | 100 |
| 2 | Divorce | 73 |
| 3 | Marital separation | 65 |
| 4 | Jail term | 63 |
| 5 | Death of close family member | 63 |
| 6 | Personal injury or illness | 53 |
| 7 | Mortgage | 50 |
| 8 | Fired at work | 47 |
| 9 | Marital reconciliation | 45 |
| 10 | Retirement | 45 |
| 11 | Change in health of family member | 44 |
| 12 | Pregnancy | 40 |
| 13 | Sex difficulties | 39 |
| 14 | Gain of new family member | 39 |
| 15 | Business readjustment | 39 |
| 16 | Change in financial state | 38 |
| 17 | Death of close friend | 37 |
| 18 | Change to different line of work | 36 |
| 19 | Change in number of arguments with spouse | 35 |
| 20 | Mortgage over $10,000 | 31 |
| 21 | Foreclosure of mortgage or loan | 30 |
| 22 | Change in responsibilities at work | 29 |
| 23 | Son or daughter leaving home | 29 |
| 24 | Trouble with in-laws | 29 |
| 25 | Outstanding personal achievement | 28 |
| 26 | Wife begin or stop work | 26 |
| 27 | Begin or end school | 26 |
| 28 | Change in living conditions | 25 |
| 29 | Revision of personal habits | 24 |
| 30 | Trouble with boss | 23 |
| 31 | Change in work hours or conditions | 20 |
| 32 | Change in residence | 20 |
| 33 | Change in schools | 20 |
| 34 | Change in recreation | 19 |
| 35 | Change in church activities | 19 |
| 36 | Change in social activities | 18 |
| 37 | Mortgage or loan less than $10,000 | 17 |
| 38 | Change in sleeping habits | 16 |
| 39 | Change in number of family get togethers | 15 |
| 40 | Change in eating habits | 15 |
| 41 | Vacation | 13 |
| 42 | Christmas | 12 |
| 43 | Minor violations of the law | 11 |

Die skrywer se aanmerkings i.v.m. werk-spanning, is ook belangwekkend. Alhoewel werk 'n bron van verryking is, is dit ook 'n betekenisvolle potensiële bron van spanning. Met behulp van statistiek is bepaal dat hoe meer geskoold en professioneel jou dagtaak, hoe hoër die spanningsvlak en dus hoe laer jou lewensverwagting.

Eksperimente het bewys dat daar wel 'n oplossing bestaan vir spanning in die werksituasie. Daar is gevind dat werknemers wat vir 12 weke hul gewone teepouses eerder vir meditasie gebruik het, beslis minder spanningsimptone getoon het. Bowenal het hulle werkverrigting verbeter, was hulle minder dae af siek en het hulle sosiaal makliker verkeer. Hul bloeddruk was selfs laer! Nogal 'n idee, nê? Dit sal darem vir sommiges verskriklik moeilik wees om daardie salige koppie tee met sy gepaargaande geselsie af te staan ten gunste van meditasie. En DIT is juis die kern van die hele saak soos deur Weinstein uitgemaak: dit is nie almal wat gesondheid wil hê nie of wat enigsins weet wat dit beteken.

Maar as julle teetye 'n kaal kol of twee opmerk, wees gerus. Ons sal wel iewers aan't mediteer wees!

G. Stroebel

# deur die blare



CALADIUM (Araceae)

Al ooit gewonder oor die wonderlike mooi helder kleure van ons nuutste plante in die teekamer? Ek voel net gelukkig dat ek nie die eerste was om te loer of daar nie 'n steggie "rondlê" nie (Ek verneem baie vertroulik dat 'n kollega my vóór was!)

Die werklike plante heet Caladium (Araceae). Ek lees in een van die Reader's Digest se jongste publikasies dat hulle ook o.a. 'Elephants Ears' en 'Angels Wings' heet.

Caladiums is lief vir vogtige lug, baie lig, maar nie direkte sonlig nie aangesien hulle oorspronklik van tropiese woude afkomstig is. Hulle is ook baie gevoelig vir trekke.

Houers waarin die plante geplant word moet baie deeglik gedreineer wees. 'n Mengsel van gelyke dele veen, kompas en tuingrond sorg verder goed.

Gedurende die aktiewe groeityd moet die grond goed nat gehou word, maar in die rustyd moet daar baie skraps met water gewerk word. 'n Vloeibare bemesting kan twee-weekliks gedurende die aktiewe groeityd toegedien word.

Die tweetjies in die teekamer vra net 'n afspoel so nou en dan - en ek moet sê hulle is uitstekend nageboots!

Norrie Nel

'n NUWE MAGRIET

Die magriet is roomkleurig met 'n diep geel hartjie wat "oorloop" op die blomblare. Sy mooiheid lê in sy eenvoud.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Vanaf die eerste keer toe ek dié blom op die Griekse eilande gesien het, het ek dit begeer. En met groot moeite en dramas het ek dit toe ingevoer. Dit het die hele somer in my tuin geblom en reg deur Pretoria se winter, tot nou toe. Saans vou die blomblare terug en lyk dit na 'n ou blom, maar môre is dit weer regop en vars.




Saad hiervan is by Thea beskikbaar (d.i. voetstoots, want nou die dag toe ek na die bye op 'n naburige wit magriet kyk, het ek gewonder... Ingeval daar interessante nuwe kruisings die lig sien, laat my tog weet.)

Vir dié wat nie geduld het vir saad nie, is daar 'n beperkte aantal plante, reg om in die grond te plant. Vra ook vir Thea.

Marié Rautenbach

# still cookin!



*VRUGTEKERRIEBREDIE:*

*1 Hollandse Rookwors (o.a. verkrygbaar by Checkers)*
*1 Blikkie aartappels (gewas en puntjies afgesny)*
*1 Tamatie*
*1 Appel*
*1 Piesang*
*1 Blikkie pynappel*
*± 4 Uie*
*½ Pakkie Sampioene (opsioneel)*
*3-4 eetlepels kerrie (na smaak)*
*Sout en peper na smaak*
*Bietjie asyn*
*Braai aartappels en uie in baie botter + asyn + kerriepoeier tot bruin*
*Sny rookworsie in stukkies. Voeg by*
*Skil appel en sny in stukkies, voeg by*
*Sny tamatie in stukkies, voeg by*
*Sny sampioene in stukkies, voeg by*
*Voeg blikkie pynappelstukkies en sap by*
*Sny piesang in stukkies, voeg by*
*Laat stadig prut op plaat of in oond vir ± 20min.*
*Dien op op witrys.*

*G Botha*

*GEKOOKTE DADELPOEDING*

*(ten minste 6 porsies)*

*Handig as oond nie beskikbaar is nie*
*Stroop: 3½ koppie water*
*1½ koppie suiker (of minder- na smaak)*
*klein stukkie botter of margarine*
*Kook 5min. in kastrol en laat eenkant staan.*
*Deeg: 1½ koppie meel*
*1 teelepel botter of margarine*
*1 eetlepel goue stroop*
*1 koppie fyn dadels*
*1 teelepel koeksoda*
*1/4 koppie lou melk*

*Vryf botter en meel en voeg goue stroop by.*
*Meng koeksoda en melk en gooi oor dadels*
*Voeg dadelmengsel by meelmengsel en maak tot 'n stywe deeg (soos vir skons)*
*Skep lepelsvol (soos met souskluitjies) in kastrol met stroop*
*Kook 1½ uur baie stadig (plaat no.2) oppas vir aanbrand*
*Bedien met vla, room of roomys*


*CAROLINI DI BRUSSELLE ALLA MILANESE*

*(4 persone)*

*NB. Bestanddele en hoeveelhede kan na smaak aangepas word*
*500g Brusselse spruitjies*
*1 teelepel suiker*
*25g spek (opsioneel)*
*1 gekapte ui (grootte na keuse)*
*1 knoffelhuisie (opsioneel)*
*1 blik geskilde tamaties (±500-750g of vars)*
*1 eetlepel olie*
*sout*
*swart peper*
*rooi peper (Cayenne) (opsioneel)*
*50g gerasperde parmesaankaas (enige ander soort is ook goed)*

*Kook spruitjies in soutwater met suiker tot gaar en dreineer*
*Intussen, kap spek fyn en braai in olie. Voeg ui en gekneusde knoffelhuisie by en braai tot ui deurskynend is.*
*Haal knoffelhuisie uit. Voeg tamaties (met die sap) by en laat kort opkook. Geur na smaak met sout, peper en rooipeper.*
*Voeg spruitjies by en laat kort (±15 min) marineer*
*Skep in oondskottel, strooi kaas bo-oor, en bak ±40 min. by 200°F.*

*C. Venter*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



RIKA VAN DER WALT

# TOTSIENS



RONéL BLAAUW



LINDA BRIERS



BOKKIE MALAN FRITZ VISSER

# WELKOM



MAKKIE BIGGS



ROELIEN LAMBRECHT



ESMé KRUGER MARTHA VAN DER WALT


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1932-1982
AFRIKAANSWORDING

# BIBLIKASIE

U.P. BIBLIOTEEKDIENS

SEPTEMBER 1982




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



ONS WORDING.........

Ons word mondig en mooi en soms ook mollig en verstandig. Présies wanneer, is moeilik om te sê - mondig as ons 21 is, mooi as ons verloof raak, mollig as ons getroud is? Ons kan gerieflikheidshalwe sekere datums of gebeure kies, maar dit is bloot 'n indikasie van 'n vergestalting in 'n wordingsproses. Al gaan dit ook om onsself in hierdie wordingsproses kan ons ons eie wording nie ten volle bepaal nie en staan die wordingsmomente in ons eie lewe nooit geïsoleerd nie.

Wat geld vir die indiwidu, geld kollektief ook vir die universiteit. So lê U P se Afrikaanswording veel dieper as 'n Raadsbesluit van 13 September 1932. Die besluit is hoogstens 'n baken op 'n wordingsweg wat vêr terug ontspring het en huidiglik nog wyd voor ons uitgestrek lê. Die Raadsbesluit van September 1932 gee weliswaar formele erkenning aan U P se Afrikaanse inslag. 'n Vrede van Vereeniging (1902) wat Hollands as taal vir skool en owerheid van die veroweraar afgedwing het, 'n Smuts-onderwyswet (1907) en 'n Rissikordonansie in Transvaal (1912) wat skoolonderrig in moedertaal verskans het, en 'n Suid-Afrikaanse Akademie vir Lettere en Kuns (gestig 1909) wat Afrikaans as skryftaal sy beslag sou laat kry, was egter nodig om 'n gemeenskap so te voed en te vorm dat 'n eie Afrikaanstalige universiteit onafwendbaar was.

Wat intern aan U P gebeur het, is geïnspireer deur wat die eksterne omgewing, die gemeenskap, verlang het. In Februarie 1908 is U P maar 'n onderdeel van die Engelse Transvaal University College van Johannesburg. Van die Engelssprekende studente was jong soldate in die driejarige oorlog. Aan Afrikanerkant was daar seuns uit die konsentrasiekampe. Vanselfsprekend was die vet in die vuur toe die eerste studenteraad in 1909 sy uitnodigings na 'n funksie slegs in Engels rig. Die ASB kom in 1916 in die Noordelike universiteite tot stand om Afrikaans as universitêre voertaal te bevorder. 'n Dosent wat in 1932 dit waag om die Afrikaner te verkleineer, word deur studente geteer en geveer.. Toe Erlank (Eitemal) boonop die Union Jack van die vlagpaal voor die Ou-Lettere haal en pers en platteland ewe heftig reageer, het die interne U P-situasie die Raad tot 'n besluit geforseer.

Die Afrikaanse karakter van U P is geensins geërf nie. Dit het eerder bevestig wat op 'n veel breër terrein met stryd en inspanning verwerf is. Soos toe, vra die vryheid wat nodig is om hoëre eie geesteswaardes te kan laat gedy altyd nog stryd. Die Afrikaanswording van 1932 was maar een van die bakens in die Universiteit se wordingsgeskiedenis van akademies-wetenskaplike selfrealisering.

In daardie lig beskou, beteken wording die beweging en ontwikkeling wat gepaard gaan met vordering in die rigting van 'n ideaal; mits dit met nugterheid ook prakties betrag word. Sodoende bly die taak onvoltooid en duur die stryd om nog beter te presteer voort.

Dit geld in 'n besondere mate ook vir ons Biblioteekdiens. Langs die afgelegde pad staan bakens waarna ons met trots terugkyk. Wat die toekoms betref, stoot ons ideale die onvoltooidheid van ons taak egter duidelik op die voorgrond. In die wyse waarop ons hierdie taak aanpak, lê ook ons wording.

Tog moet ons daarteen waak dat wording nie dalk in 'n verwording ontaard nie. Dit vra 'n voortdurende selfevaluering en sal ons steeds bereid moet wees om eerlike antwoorde op lastige vrae te gee. In die volgende agtien maande sal ons almal daarby betrek word wanneer al ons aktiwiteite onder die vergrootglas geplaas word. Hierdie rasionaliseringsaksie sal ons loods met die voorveronderstelling

dat ons deel is van 'n groter geheel;

dat ons eie doelwitte gerig is op die verwesenliking van die oorkoepelende doelstellings van ons universiteit;

dat ons deur ons werk sake altyd sal bevorder in plaas van vertraag;

dat nuwe uitdagings nuwe benaderings en 'n besondere aanpasbaarheid van ons sal vra en

dat ons deur ons bydrae tot die opvoeding en die ontwikkeling van die wetenskap en ons kultuur, inderdaad ook trou is aan die Hoër Hand se skeppingsverordening.

Baie dankie by voorbaat aan almal wat deur hulle deelname aan hierdie projek gaan meehelp om praktyk en ideaal suiwer op mekaar in te stel en ingestel te hou. Sodoende voorsien ons saam 'n sinvolle raamwerk vir die wording van ons Biblioteekdiens.

PROF E D GERRYTS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# REDAKSIE

*In ons*
*wonderlike Afrikaans...*
*het ek gevind my*
*pêrel van grote waarde*
*waarvoor dit 'n*
*goedkoop prys sou*
*gewees het,*
*as ek*
*tot die betaling*
*geroepe was,*
*om al my*
*ander besittings*
*af te staan.*

*C.J. Langenhoven: "Afrikaans ons pêrel van groot waarde"*

*"En hy praat Afrikaans, die*
*sweepklap, lekkersê, hartepunt*
*Afrikaans van die oop werf, die*
*oorloopdam en die froetangveld*
*in die lente"*

*Audrey Blignault: "Ons sappige Volkstaal"*

*Maar ons, Afrikaners, ach, hoe naar!*
*O, hoe dikwels moet ons dit gewaar:*
*Hul steek dit so weg*
*En durf nie te seg:*
*Ons't self ook 'n taal,*
*Waarmee ons kan praal,*
*Waar geen spraak by haal.*

*Oom Jan: "My Volk en Taal"*

*Myn niggie met haar stywe nek,*
*Die loop in rooi satyn,*
*En baing jonkmans loop haar na;*
*Sy denk hier baas te syn.*
*Maar as die awenduurtjie kom,*
*Dan is die klomp by my:*
*Dis "hartjie" voor en "hartjie" na,*
*"Laat ons 'n bietjie vry!"*


*J. Lion Cachet: "Die Afrikaanse Taal"*



*VERJAARSDAE*

| | | |
|---|---|---|
| *Oktober* | | |
| *2* | *Mnr. W. Oliver* | *Medies* |
| *6* | *Mev. A. Booyzen* | *IBL* |
| *20* | *Mej. M. van Vuuren* | *Tiksters* |
| *22* | *Mev. M. Kotze* | *3e Vloer* |
| *22* | *Mej. E. Swart* | *Ontsluiting* |
| *23* | *Mev. R. Pelser* | *Veeartseny-kunde* |
| *25* | *Mej. E. Klopper* | *Beplanning* |
| *26* | *Mev. S. Marsh* | *Ontsluiting* |
| *31* | *Mev. M. Viljoen* | *2e Vloer* |

# poste restante



MERENSKY-PERSONEEL

My dag van afskeid in Merensky het veel gouer aangebreek as wat ek ooit kon droom of voor gewens het. Toe ek drie jaar gelede hier begin het, was ek vreemd van die Vrystaat af, ek was bang en tog bly vir die uitdaging. Die heel eerste dag tydens Prof. Gerryts se gebruiklike praatjie met nuwelinge, het hy iets gesê wat my bygebly het. Hy het gesê dat Merensky 'n plek is waar 'n mens minstens een persoon sal vind met wie jy lewenslange vriende sal maak. Ek kan vandag sê dat dit waar is behalwe dat ek meer vriende hier gemaak het as wat ek kan tel.

Aan almal van julle wil ek dus sê: Baie dankie vir vriendskappe, vriendelikheid, saam werk en soms saam sosiaal verkeer. Ek gaan julle baie mis, want 'n werkplek soos Merensky vind mens nie maklik weer nie.

Groete
Matilda

BLINK GEDAGTE

Wanneer die son begin water trek saans en almal smul tuis aan gebraaide skaapboud en artappels, moet sommige van ons ongelukkiges/gelukkiges slegs met die gedagte aan en reuke van so 'n heerlike maaltyd ons honger magies vul. Partykeer kwyl my mond so van die lus dat ek skaars kan opstaan om 'n moeilike probleem van 'n gebruikers op te los.

Ons vra nou nie regtig 'n heerlike gebraaide skaapboud nie, net ietsie om die gaatjies vol te stop. Wat van 'n toebroodjie of 'n koppie sop (gratis en met liefde voorberei deur die persoon in beheer, dalk kan nog iemand help?) vir die mensies wat deur die hongerpryse tydens aanddiens gefolter word.

Is daar iemand wat ons magies dalk wil hoor skreeu?

Tydskrifte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

AFRIKAANSWORDING VAN UP.

Dit wil vir my voorkom of die volgende voorafgaande insident grootliks bygedra het tot die skielike Afrikaanswording van UP in 1932.

'n Opspraakwekkende boek WAR,WINE AND WOMEN verskyn onder 'n skuilnaam "Wilfred van Saint-Mande".

Die Afrikaanse gemeenskap kom in opstand oor die boek, omdat daar aanmerkings oor die "plattelander" gemaak word (en die buskruit van 1904 het nog nie mooi gaan lê nie). Op 'n kongres van die S.A. Vroue Federasie op Pietersburg lees die Voorsitter uittreksels aan die vroue voor en die gemoedere loop hoog. Ek haal aan ".....the Backveld boer baths only for babtism, marriage and burial. He has no notion about sanitation and often uses his bedroom as a latrine".

Petisies word opgetrek om die boek aan bande te lê. Die Afrikaanssprekende dosente aan UP stel hulle standpunt as volg in 'n brief aan die Minister van Binnelandse Sake: "We challenge the writer to reveal his identity and to bring support for his allegations out of any authoritative historical source". Die brief word ook onder andere deur die eertydse rektor Mnr. A E du Toit onderteken. (Dié oorspronklike brief, is tans nog in die Tukkiana)

Die Afrikaanse en Engelse koerante voer hulle eie oorlog oor die aangeleentheid. Die Engelse koerante sien dié boek as 'n goeie kunswerk terwyl die Afrikaanse koerante die boek uitmekaar trek.

Die studente laat ook nie op hulle wag nie. Iewers lek daar 'n storie uit dat die outeur van die berugte boek 'n dosent op die kampus van UP is. Die studente kry snuf in die neus wie die betrokke persoon is en gou word daar werk van gemaak.

Vier mans besoek 'n sekere professor Lamont by sy woning. Toe Prof. Lamont saam met hulle uitstap, gryp hulle hom, en laai hom in 'n voertuig. Hy word gedwing om sy klere uit te trek. Hierna word hy geteer en geveer, en 'n groot bord om sy nek gehang "WAR,WINE AND WOMEN". Hy word poedelnakend op die plein afgelaai, onder toejuiging van die vier kwaaddoeners. Een van die rakkers Mnr. G W Trichardt was die kleinseun van Louis Trichardt (voortrekkerleier).

## COWARDLY ATTACK IN PRETORIA

### PROFESSOR H. P. LAMONT TARRED AND FEATHERED

### VICTIM RELEASED ON CHURCH SQUARE IN NUDE STATE


### Four Men Make a Statement to the Press

Rand Daily Mail 20 Mei 1932

Nou voel die Engelse weer in hulle eer gekrenk. Koerantopskrifte lui "Take off the gloves" en "Where is the British Spirit." (Pretoria News 26 Mei 1932)

Dit duur ook nie lank nie of die Lamont-saak kom voor. Prof. Lamont erken outeurskap van die boek "WAR, WINE AND WOMEN" en die vier aangeklaagdes kry elkeen 'n boete van 50 pond.

Weer staan die Afrikanergemeenskap saam. Die Pro-Patria fonds word deur studente gestig. Die doel van hierdie fonds ".....om die lank verwaarloosde Afrikaanse belange tot hul reg te laat kom" en 'n beroep word op die publiek gedoen om mildelik by te dra tot die betaling van die boete wat die vier jong Afrikaners opgelê is. Van oor die hele land stroom die geld in en die vonnis is sommer gou betaal. Mnr Lamont word ook afgedank.




Burger 6 Augustus 1932

Nie lank na die Lamont voorval nie, word in Augustus 'n mosie by die Universiteitsraad ingedien waarin gevra word dat die Universiteit sy beleid van "vyftig-vyftig" sal laat vaar en 'n nuwe beleid van "100 persent Afrikaans" moet aanneem.

Die raad moes egter die volgende sake in oorweging bring.

a) Die Stadsraad het 'n bedrag van 25,000 pond aan die Universiteit geskenk, met die voorwaarde dat die Universiteit sy beleid van "vyftig-vyftig" sal handhaaf.
b) Die kanselier van die Universiteit mnr. Tielman Roos het met die aanvaarding van sy amp, die hoop uitgespreek dat die Universiteit op twee pilare sal rus nl. Afrikaans en Engels.
c) Die gevoel onder sommige van die studente dat die handhawing van 'n vyftig-vyftig beleid voordeel vir albei taalgroepe hou.

Op 1 September 1932 word 'n vyf uur lange debat deur die Universiteitsraad gevoer, waartydens die aangeleentheid van 'n suiwer Afrikaanse universiteit bespreek word. Daar kan egter tot geen ooreenkoms gekom word nie.

Intussen loop die gemoedere onder die studentegemeenskap hoog. Tydens 'n opvoering "Die drie van der Walts" in die Macfayden-saal begin die orkes met "God safe the king" 'n Paar sterk studentestemme trek los met "Afrikaners Landgenote" en dadelik val die hele gehoor in en los 'n verwarde orkes verslae.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Rand Daily Mail: 3 September 1932

# PRETORIA UPROAR

## Played "God Save the King"

## AUDIENCE OBJECTS

Die koerante is ook weer betrokke en voer hulle eie stryd. Elkeen maak op sy beurt 'n sommetjie van uit watter groep van die gemeenskap die meeste fonde vir die Universiteit kom.

Op 'n vergadering gehou in September 1932 besluit die Senaat met 'n meerderheid stemme van twee en dertig teenoor nege, dat die Universiteit Afrikaans as voertaal sal gebruik, maar dat daar in die Engelssprekende studente se behoeftes voorsien sal word. Die rektor Mnr A.E. du Toit bevestig dan ook in 'n brief aan lede van die Senaat die punte van ooreenkoms.

Op 'n finale raadsbesluit gehou op 13.9.32 is daar met dertien stemme teen vier besluit dat UP in die eerste plek ingerig sal word om te voorsien in die behoeftes van die Afrikaanssprekende bevolking.

# UNIV. PRETORIA SLAAN NUWE KOERS IN

## Behartiging Afrikanerbelange Vernaamste Doelwit

## FINALE RAADSBESLUIT

## Geleidelike Inwerkingstelling Van Nuwe Gedragslyn

„Dat die dienste van die Universiteit in die eerste plek ingerig word om te voldoen aan die behoeftes van die Afrikaans-sprekende gedeelte van die bevolking", sal, kragtens 'n besluit wat gisteraand deur die Raad van die Universiteit Pretoria aangeneem is, voortaan die definitiewe beleid van die inrigtng wees.

### GELEIDELIKE TOEPASSING.

*Besluit is ook „dat die inwerkingstelling van hierdie beleid geleidelik toegepas sal word en met die beskerming van die belange van eentalige lede van die personeel." Die studente wat nou aan die Universiteit studeer, het 'n lid van die Raad aan 'n verteenwoordiger van Die Vaderland gesê, sal dus, insoverre dit die taal betref waarin hulle onderrig word, glad nie deur die nuwe gedragslyn geraak word nie.*

### DERTIEN TEEN VIER STEMME.

Die voorstel is, soos reeds vermeld, op 'n vorige raadsvergadering deur die rektor, prof. A. E. du Toit, ingedien en grondig bespreek. Ten einde die lede egter in staat te stel om die saak nog eenmaal goed te oordink, is besluit om eers op 'n volgende vergadering daaroor te stem. Dié vergadering het gisteraand plaasgevind, en die voorgestelde nuwe beleid is met dertien stemme teen vier aangeneem.

**Gisteraand se vergadering het tot byna elfuur geduur, en *Die Vaderland* verneem dat die besprekings hoofsaaklik gegaan het oor die beskerming van die eentalige lede van die personeel, wat nou deur die geleidelike toepassing van die nuwe beleid, in staat gestel sal word om die nodige kwalifikasies te verwerf.**

Die volledige besluit lui as volg:

„(1) Dat van die huidige 50-50-beleid afgestap word;

„(2) Dat die dienste van die Universiteit in die eerste plek ingerig word om te voldoen aan die behoefter van die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking;

„(3) Dat die taal van die Universiteit Afrikaans sal wees met die voorsiening:

„(4) (a) Dat sorg gedra word om die opleiding in en die volle gebruik van die ander amptelike taal te verseker;

(b) Dat die inwerkingstelling van hierdie beleid geleidelik toegepas word en met die beskerming van die belange van die eentalige lede van die personeel."

„Hierdie besluit," het 'n raadslid aan 'n verteenwoordiger van Die Vaderland gesê, „beteken dat die Universiteit hom ten doel stel om die Afrikaner in eie omgewing so groot te laat word as wat sy potensiële kragte toelaat, maar ons is van mening dat dit in belang van land en volk verpligtend is dat hy die twede landstaal ook volkome beheers.

„Die Afrikaner het nou ook in die Noorde 'n Universiteit, wat sy dienste in die eerste plek aan die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking sal wy. Die Afrikaner moet nou van hierdie dienste volle gebruik maak, en ook trag om die dienste te verbeter deur soveel moontlik geldelik en andersins te help."

Verneem word dat die besprekings op gisteraand se vergadering besadig en sonder animo was. „Die lede het in die volle besef van hul verantwoordelikheid gehandel," het 'n prominente raadslid aan ons gesê.

Vaderland 14 September 1932


Die Afrikaanse studente is oorstelp van vreugde. Die Woensdag na die finale besluit deur die Rektor en sy raad, word klasse afgeneem. Die Rektor se kantoor word toegegooi onder die blomme en hy word skouerhoogte op die kampus rondgedra. 'n Nuwe era het aangebreek!


Amanda Viljoen





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# UITSTALLINGS












Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BOERETAAL, MOEDERTAAL!

Deur die jare het Afrikaans 'n nuwe baadjie gekry. Ons en ons taal het wel van voorkoms verander maar tog ons (unieke!) karakter behou. Die spreekwoord lui mos, 'n jakkals verander van hare maar nie van streke nie!

Ons het bietjie gaan kyk hoe daar in ou Afrikaans geskryf is, en die gevolgtrekking gemaak: soek jy lekkerleesgoed, Afrikaans sal dit vir jou doet. Kyk net hoe is die kinders vroeër dae in Afrikaans geleer:

"Di mense is mos ni te vrede om op di grond te loop en te ry, en deur di water te vaar ni, ne, hulle wil in di lug oek vlieg. Hier is 'n lugbal, waar hulle baing hoog mee in di lug gaat. Di ding is van binne hol, nes 'n blaas. Daar laat hulle 'n soort lug, hulle noem dit gas, ingaan, di gas is ligter as di lug, wat ons inasem en so gaat dit op. En tog lees ons in di profeet Jesaje dat daar nog een dag lugskippe sal uitgevinde worde. Een dag sal ons di kinders oek uitle hoe so 'n lugbal gemaak word, en iets vertel van di vernaamste lugreise wat di mense al gemaak het, en hoe dit daar bowe in di lyk lyk."



Vandag se takbakboere sal moontlik viervoet vasskop teen Oom Jan wat versies maak se onderwysing in Eerste Afrikaanse Printjies Boeki, goeie Afrikaans of te nie!

"Dis ver alle mense nadelig om te rook. Di tabak is oek een van di slegte dinge wat uit Amerika kom. Dis mar net 'n verkwisting van geld, en nadelig ver di gesondheid oek. Veral ver kinders en jong mense onder di 20 jaar is dit baing nadeling om te rook. En tog is daar baing kinders wat ver hulle verbeel dat hulle 'n groot man is as hulle 'n pyp of 'n seroet in di mond het."

Hoe lekker kan Afrikaans ons mense laat leef nie. As dit by vry- en troustories kom, gebruik hullė die taal wat hul ken. As die kop vol muisneste is, begin die jong meisie oor die onderdeur loer. 'n Kêreltjie wat doodgegooi is op haar kom kuier dan by die oom se enigste ooilam. Hy pronk by hierdie nooi waar hy lêplek soek. As hy ernstig raak moet hy likkewaan staan anders kom 'n ander kêrel onder sy duiwe skiet. Besluit die paartjie om bokkies en skapies bymekaar te jaag, moet hulle ouers vra en word hulle gewaarsku: Trou is nie perdekoop nie!

Afrikaans is seker ons lekkerste speelding. Toentertyd is daar al gerym.

*"Ja, Tillegraaf draad,*
*Waarme hulle praat,*
*Die goed en die kwaat,*
*Kom vroeger of laat."*

(Afrikaanse gedigte, p.91)

Die ou taalvaders sou nie kon dink wat nog met die taal gemaak kan word nie. So verskaf die "Wilde Woordeboek" ons baie vermaak! Wie gaan stry oor die betekenis van die volgende:

Baksteen = gawe klip

Kussing = musikale soen

Matrieks = moeder se tegniek

Wat is daar nou nog te sê?

*"Ek het nie gestuit;*
*myn liet is nou uit;*
*Nou tot die besluit,*
*'n Juigkreet geuit.*

*Laat kos nou maar lè.*
*Ek wou nou graag hè,*
*Dat almal moet sè,*
*Hiep, hiep, hiep, hoerè.*

Elrien Swart en Amelia van den Bergh

ONS TAAL IS DIE ENE WATER

Van ons lekkerste taal het ons met water aangemaak of sommer net uit die water gehaal, kant en klaar. Ons het sommer baie waterwoorde en baie watertaal, want in 'n land waar water min is, dink 'n mens maar gedurig aan water.

Geen wonder nie, want oral het 'n mens maar met water te doen en met water kan jy so baie dinge aanvang. Jy kan hom *afkeer, inkeer, afdam, uitdam, oopmaak, toedraai, boor, grawe* .....

Steek jy jou hand in die pot waar woorde in die water lê, haal jy mooies uit soos *lawaaiwater, kapaterwater, brulwater, rumatiekwater*.... en baie ander soorte waters.

Daar's genoeg om met altwee hande te vat: *wateraar, waterbobbejaan, waterdam, watereend, waterfiskaal, waterloot, watertand, watertrek* - so kan 'n mens 'n paar bladsye ver aanhou.

Of andersom: *kraanwater, fonteinwater, staanwater, blouwater, hoogwater, vuilwater*....

Handevol woorde kan 'n mens uit dié pot haal.

Met water het ons al 'n lekker taal gemaak - taal wat nie in 'n ander taal oorgesit kan word nie, al maak jy ook wat.

*"Daar's water!"* Vertaal hom 'n bietjie! Hy het sommer eendag uit 'n man se hart gespring en daar is hy toe - splinternuut, handig en blywend.

Watername, waterwoorde, water-idiome - sou daar nog 'n land wees waar water so diep en helder deur die taal vloei?

Verkort uit WATER deur F.A. Venter
*Irene Smit*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE "LOUIS TRICHARDT"

(vervolg van Julie-uitgawe)
Tydens die eeufees in 1938 het Fritz Steyn en Anton Rupert namens die Tukkiegemeenskap, op 10 Oktober na Bulhoek gegaan om die geboortedag van pres. Kruger saam met die trekgeselskap te herdenk. By dié geleentheid is daar namens die studente 'n versoek tot die hoofleier van die trek, mnr Klopper, gerig om 'n wa wat as blywende besieling vir die studente kon dien. Op die aand van 14 Desember het mnr Klopper aan die menigte rondom Monumentkoppie meegedeel dat die wa "Louis Trichardt" aan die studente van die Universiteit van Pretoria ter bewaring toevertrou sou word. Op 17 Desember het studente dit na die Universiteit getrek.

Jare lank is die wa jaarliks gebruik in die optog by geleentheid van die kransleggingsfunksie op Krugersdag. Aanvanklik is dit deur 'n span bloedrooi Afrikaners van die proefplaas getrek, maar later deur die studente self.

Deesdae word die wa gebruik as koets vir die Lentekoningin en haar prinsesse tydens die jaarlikse lentedagfeesvieringe. Op dié dag "speel" die studente met hom - soos een van die Swartes dit eenkeer uitgedruk het.

Sedert dit in UP se besit gekom het was dit ook by 'n hartseer-gebeurtenis, die begrafnis van die Afrikaner-stoeiheld, Johannes van der Walt (9.11.1908-25.3.1943), betrokke.

Johannes van der Walt is in Desember 1941 in hegtenis geneem op aanklag dat hy 'n rewolwer sonder lisensie in sy besit gehad het. 'n Paar dae later het hy uit polisiebewaring ontsnap. Op 22 Februarie 1942 is hy in die rug geskiet toe die polisie hom in 'n huis naby Krugersdorp vasgekeer het. Meer as 'n jaar daarna is hy aan die skietwond oorlede.

Prof. Abel Coetzee was destyds met die begrafnisreëlings gemoeid en die gedagte het by hom ontstaan om UP se wa na Johannesburg te bring sodat van der Walt se stoflike oorskot daarmee na sy laaste rusplek vervoer kon word. Talle probleme het egter opgeduik. Dit was die dae van petrol-rantsoenering en voertuie was boonop baie skaars. Ongeveer twee uur voor die begrafnis sou plaasvind het die wa nog steeds hier in die Ou Letteregebou gestaan. Ter elfder ure is daarin geslaag om iemand te kry wat dit per vragmotor na Johannesburg kon vervoer. Die wa is deur jong mans na die begraafplaas getrek.

Die jonger geslag van vandag sal moeilik begryp hoe 'n groot heldefiguur J. van der Walt was, maar 'n mens kry 'n idee as in aanmerking geneem word dat daar op 10 Oktober 1975 'n gedenkplaat by die Randse Afrikaanse Universiteit ter nagedagtenis aan hom onthul is. Hy het naby die terrein gewoon waar die Universiteit later opgerig is.

Bronne geraadpleeg:
1. Ad Destinatum; gedenkboek van die Universiteit van Pretoria
2. Ensiklopedie van die wêreld, deel 10, bl.119
3. 'n Radio-praatjie deur Prof. Abel Coetzee gelewer in 1981 (Nie op skrif hier beskikbaar nie)

P. Ferreira

## AS LÔ BEGIN LOL

Dit sou goed gewees het as ons almal ons bediendes beter verstaan het. Ons sit stil en verwag dat hulle ons taal moet leer of bestook hulle so nou en dan met 'n paar woorde uit die Esperanto van Afrika: Fanakalo. Ek het bewondering vir die mense wat Fanakalo goed kan praat, hulle kom verbasend goed reg met Zoeloes en aanverwante nasies. Ons ander sit 'n fana en 'n lô oral in en verbeel ons praat hulle taal.

'n Storie wat van oorkant Messina se grens gekom het, vertel van 'n vrou wat haar splinternuwe bediende instruksies gegee het voor sy dorp toe is en was seker sy sou 'n heerlike maaltyd op tafel hê as sy terug kom. Haar instruksies het gelui: "You kill lô chicken. You cook lô chicken."

Toe sy tuiskom was die hoender nie geslag nie en sy was verontwaardig. "I tell you to cook lô chicken. You fool, you don't even understand your own language."

My swaer beweer dat hy gehoor het dat 'n Johannesburger sy bediende met die volgende sin bestook het: "You don't even appreciate lô goedertienrenheid I show towards you."

My skoonsuster het op 'n keer baie gesukkel om 'n ou Blantyre te laat verstaan dat hy 'n netjiese wortelbeddinkie moet maak. Uit moedeloosheid stuur sy hom toe maar na die bejaarde handlanger op die plaas wat behalwe Engels en Afrikaans ook die meeste swartmense se tale geken het. Haar woorde was: "Hamba lapa ou Jim. Hy sal show you". En sowaar hy het verstaan.

Daar is ook die storie van die vrou wat wou hê dat haar bediende die teepot moes uitspoel en die teeblare moes weggooi, haar instruksie was: "Jy spoel lô teepot en voertsek lô teeblare."

Ek het self 'n ondervinding met 'n bejaarde ou Bantoe gehad. Die koue winteroggend kon ek sien dat ou Johannes nie gesond voel nie. Toe ek na sy welstand verneem, bekla hy sy lot: "Miesies, my horing is seer." Ek kyk na sy kop en sien geen noemenswaardige uitgroeisels nie.
"Die miesies het die marsyn van die horing?" vra hy angstig.

Ek was verslae. Ek het regtig nie geweet wat se medisyne die ou man wou hê nie en toe ek so sê, het hy sy kop skeef gehou en met aangebore mimiekkuns vir my beduie dat mens oordruppels in die oor gooi. Meteens het ek geweet dat die horing wat ek gehoor het eintlik oording of oorring of sommer oor beteken. Ons twee was altwee ewe verlig dat ek wel medisyne vir sy seer oor gehad het.

...

Dis ons probleem. Ons appreciate nie eers die goedertierenheid van ons Swartes wat ewe gelate ons taal of tale probeer praat nie. Ons kill lô geleentheid om in vrede met hulle te lewe.

Kom ons hamba lô library en begin leer aan een Bantoetaal en voertsek lô baie misverstande.

Die Noord-Transvaler 6 Augustus 1982



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## AFRIKAANS EN MUSIEK

Op Woensdagaand 8 September 1982 het ek die Afrikaanse Kunsliedaand wat deur Die Kultuurburo van die Universiteit aangebied is ter viering van die Universiteit se vyftigjarige Afrikaanswording in die Musaion bygewoon. Werke van 4 hedendaagse Afrikaanse komponiste is uitgevoer deur Hanna van Niekerk, op die klavier begelei deur Heinrich van der Mescht. Die siklusse wat gesing is was: Die Vrou van Hubert du Plessis; Aan die Noordweste ('n Volkslied-idioom) van Chris Lamprecht; Vyf liedere op tekste van Ingrid Jonker, van Stefans Grové; en Kleuterland van Pieter de Villiers.

Dit is nie my doel om hier op die musiekaspek van die uitvoering in te gaan nie, maar iets te sê oor die gebruik van Afrikaans in hierdie kunsvorm.

Voor elke uitvoering het Anna Neethling Pohl eers die teks van die betrokke siklus voorgelees en kon 'n mens haar voordrag in Afrikaans terdeë geniet en sommer ook sien hoe geniet sy dit om dit met trots voor te lees.

In Die Vrou is o.a. 2 gedigte van ons baie bekende digteres, Elizabeth Eybers opgeneem, nl. Die Meisie en Die Moeder. Die ander 3 gedigte in die siklus is deur die sangeres in die oorspronklike tale nl. Frans, Nederlands en Duits gesing, maar op die program het vertalings daarvan deur Heinrich van der Mescht voorgekom.

Dit was met 'n lekker gevoel dat mens dié vertalings kan lees en kan dink: Maar dit kan net so goed oorspronklik in Afrikaans geskryf gewees het. Vergelyk bv. die eerste gedeelte uit De Bruid van Hendrik Marsman:

"Ik dacht dat ik geboren was voor verdriet
en ben ik opeens een lied
aan't worden, fluisterend daar het ijle morgenriet"
en in Afrikaans:
"Ek het gedink dat ek gebore was vir verdriet
en nou word ek opeens 'n lied fluist'rend
deur die yl môreriet."

Vir sy siklus het Chris Lamprecht self die woorde vir vier van die vyf liedere geskryf. Luister net die heerlike Afrikaans van die titels van die liedere: Die Kameeldoringboom, Grootrivier se voël, Reën op die veld (dis 'n tradisionele vers), Namakwalandse blommetjies, en Loeriesfontein.
In Grootrivier se voël lui die woorde as volg:

"Hoor die Jan Fiskaal van die Grootrivier
hoor hoe roep hy sy maat in die fluitjiesriet"
Refrein: "Lank om te wag voor die reëntyd kom
lank om te wag voor die gousblom blom."

En dan vol plesierigheid Loeriesfontein:

"Askoek trap op die traporreltjie
speel tant Hessie le Roux op Loeriesfontein
Loe-loe Loeriesfontein, Loeriesfontein
Loe-loe-loe-loe-loe-loe-loe-loe-, Loeriesfontein".

Die gedigte van Ingrid Jonker wat Grové in sy siklus opgeneem het is: Lied van die Lappop, Windliedjie, Puberteit, Ek het gedink .... en Ontnugtering

Pieter de Villiers se Kleuterland bestaan uit 'n aantal gedeggies wat in D.J. Opperman se Kleuterverseboek opgeneem is. Dit is bekende gediggies wat ook suksesvol voorgedra kan word. Luister na die Gebed van 'n baie klein babatjie:

"Teen mense wat met stewels stap,
Teen deure wat aanhoudend klap.
Teen winde, krampe en nog meer
Beskerm my asseblief o Heer!"

In Sommer is dit die antwoord wat Sannie Kompaan gee op elke vraag wat aan haar gestel word, ook vir die volgende een:

"Sannie Kompaan kom sê vir ons mooi
Waarom het hul Jona in die see gegooi?
'Sommer', sê Sannie."

In Afrikaans ken ons heelwat lekkersing liedjies, en met trots kan ons ook nou luister na kunsliedere wat suksesvol in Afrikaans uitgevoer kan word.

Miemie Vink

## AFRIKAANS - 'n LENTE NODIG

Agter die feit dat Lentedag die viering van die Afrikaanswording van UP is, lê 'n verskuilde, dog indringende boodskap.

In die lente kry die natuur nuwe lewe. Die doodsheid van die winter word losgeskud en 'n algehele vernuwing vol lewenskrag vind plaas - om maar net weer dood te gaan. Hierdie dood-lewe-dood siklus is nimmereindigend. Dit is ook noodsaaklik, want sonder dood kan daar nie lewe wees nie.

Net so moet taal, in hierdie geval spesifiek Afrikaans ook voortdurend doodgaan en vernuwe. Totale verdwyning kan die gevolg wees indien dit nie gebeur nie.

Taal is die weerspieëling van die ervaring van die mens. Ervaring is voortdurend aan die verander, die een ervaring volg die ander onmiddellik op. Ervaring kan nie stilstaan nie - anders beteken dit niks nie.

As dit stilstaan, staan die taal ook stil, en as die taal stilstaan, sterf dit eindelik.

Om die voortbestaan van ons taal te verseker, moet ons sorg dat ons ervaring nie stilstaan nie. Ons moet nie iewers vashaak nie. Ons moet voortdurend vernuwe soos die lente die natuur. Nuwe idees moet ou idees vervang. Verstarde ideologieë moet op die komposhoop gegooi word. Die verrotting daarvan kan energie vir nuwe idees verskaf.

Ongelukkig het 'n verstarring ingetree in die Afrikaanse taal. Skrywers wat gepoog het om die ou ideologieë op die komposhoop te werp en gepoog het om weer 'n lente in die Afrikaanse taal teweeg te bring sit óf in die tronk (Breyten Breytenbach) of word deur die veiligheidspolisie gejaag (André P Brink).

Ons is besig om ons taal te versmoor. Ons taal vergaar stof en spinnerakke - en die mense wat die moeite doen om dit af te stof word uitgeskel as sou hulle onchristelik, liberalisties, selfs kommunisties wees.

Mede Afrikaans-gebruikers, laat die lente in die lug ons aanspoor om 'n nuwe lente vir onse liewe Afrikaans te gee.

Freddie Schoeman



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MEDIES

NIKS NUUTS ONDER DIE SON NIE...

Soos die benoudigheid in verlede maand se Biblikasie gewys het, so het ons, dis nou Maureen en die uwe, toe op 1 September die paadjie gekry Medies toe. Die laaste maand het ek Maureen se kalmte en selfvertroue bewonder, dit terwyl die een groot Bekommernis na die ander my wou insluk, en ek dit aan elkeen wat wou luister vertel het; maar toe Maureen daardie tweede dag vir my sê "Ek dink ek het nou daardie gevoel wat jy voor die tyd gehad het..." het ek sommer geweet - die vrees vir die onbekende is maar universeel - hy lyk net anders op verskillende mense se gesigte.

My eerste navraag? Tussen die eerste dae se dolle leerdery van nuwe terme, kennisname van ELHILL, (ken hom nog nie) en ander bates wat die rekenaar in die Geneeskunde het - was die eerste inligting wat ek moes soek: DIE OPLEIDING VAN TOORDOKTERS. Ek was sprakeloos, en het tweekeer seker gemaak dat dit nie 'n gekskeerdery is nie!

Van die eerste gedagtes wat in 'n mens se kop koerskry, is dat omstandighede so vreemd is by 'n takbiblioteek, dat 'n mens net sowel by 'n ander instansie kon begin werk het. Daardie gevoel wat 'n mens gehad het dat jy weet waarvan die mense praat, is vervang met so 'n benoude vreemdheid wat net met ondervinding weggewerk kan word. Miskien ook nog 'n gevoel dat mens jammer is ons sit nie almal onder een dak nie, want daar is so baie inligting wat ek seker is vir ander ook van belang is.

Die hoop tydskrifte wat daagliks hier aankom, is ook genoeg om 'n mens sprakeloos te laat. Annie het my gewaarsku dat 'n mens nie elke siekte het waarvan jy lees nie, maar die eerste tydskrif wat ek oopgemaak het, het gehandel oor allergieë, en al die middels om dit te genees is soos skoonheidsmiddels in 'n vrouetydskrif geadverteer. Vir een wat op daardie stadium die lente verby gewens het, net om van die genies en rooi oë ontslae te raak, het dit meer as net selfbeheersing gekos om nie al die medisyne se name af te skryf en alles gelyk te gaan probeer nie.

Aan Sophia, Sannie, Avrille en Willem - dankie vir al julle geduld. Ons hoop daardie stroom vrae en gevoel van weet-nie-wat-nou-nie, sal darem op 'n stadium ophou.

Magriet Lee

## BUITEMUURS

Die sieletal weerbares hier by ons is vier, twee op 'n slag. Soms raak twee pare hande en ore te arm, te dom om oral by te kom, te help. Maar ook is daar soms tyd soos nou om te dink oor die voorreg wat ons het.

Dankie aan die Groot Helper vir lewe en gevoel, vir mense wat hulp vrá, dat ons dit kan gee. Dankie vir 'n Buitemuurs, dankie vir kennis, dankie vir nóg 'n pragtige lente!

Lente groetnis
Jan Petrus

"To ease another's heartache, is to forget one's own."
- Abraham Lincoln

## OP MY ONTSLUITINGSTROLLIE

Israel en sy inwoners het nog altyd vir my 'n besondere bekoring ingehou. Die Israelies is mos bekend vir hulle deursettingsvermoë en vindingrykheid. Hierdie kwaliteite van hulle word duidelik onderstreep in die boek "Arid Settlement Planning: the Israeli Experience."

In hierdie boek word beskryf hoe die Israelies te werk gegaan het om hulle ariede land maksimaal te benut. Nie alleen het hulle die ontwikkelings moontlikhede van hierdie barre en dorre streek ingesien nie, maar hulle het ook daadwerklik begin beplan om dit tot sy volle potensiaal vir menslike gebruik te ontgin.

In hoofsaak dek die boek die volgende terreine: stedelike beplanning en die ontwerp van huise (wat spesiaal aangepas is vir ariede streke); beplanning op regionale en streeksvlak, landbou ontwikkeling, watervoorsienning en besproeiingsbeleid asook gesondheidsdienste. Daar is ook 'n interessante hoofstuk oor 'n argitek se ervarings by die Dooie See.

Die boek is goed geïllustreer en berus op deeglike wetenskaplik-gefundeerde ondersoeke en kan beslis aanbeveel word vir vakkundige gebruik. Dit is egter ook 'n lekkerlees boek vir die leek wat 'n belangstelling het in Israel en sy mense.

Arid Zone Settlement planning: The Israeli experience ed by G. Golany. 333.73 ARID 1089006

HEILDRONK, uit Wynboer saamgestel deur André P. Brink. Kaapstad, Tafelberg, 1981. ZA 394.13 HEILDRONK 1080591

André P. Brink het hierdie volkse wynboek in opdrag saamgestel uit artikels wat in die KWV se tydskrif 'Wynboer' verskyn het. Saam met kenners van wyn, onder wie ook bekende skrywers, word die wynwêreld beskou vanuit verskillende hoeke: geografies, histories, vakkundig, volkskundig en letterkundig. Wynsoorte word bespreek, en inligting oor mense wat te doene het met wyn, en oor wynplase word ook verskaf, trouens alles wat met wyn in verband staan word onder bespreking geneem, somtyds luimig en geestig, somtyds stemmingsvol en meelewend.

VAN REENEN, Rykie: Op die Randakker. Kaapstad, Tafelberg, 1980. 839.3635 VAN REENEN 1089924
Tobie Boshoff het die bundel saamgestel uit die beste artikels van die skryfster se Randakker-rubrieke wat in Die Beeld en Rapport verskyn het tussen 1965 en 1977. Dit is 'n lekkerlees boek met allerlei staaltjies vol humor maar daar is ook meer ernstige stukke.

KÜHNE, W.O. Vloedramp. Kaapstad, Tafelberg, 1981. ZA 363.3493096875 KUHNE 1080935.
Die boek is geskryf in opdrag van die voorsitter van die direksie van die Nasionale Pers. Getuienis van diegene wat die vloedramp in Laingsburg en die ander streke oorleef het, word gegee. Dit is meestal berigte wat in die maande na die ramp in die Burger verskyn het asook waarnemings deur die skrywer self.

SCHOEMAN, P.J. Uit die dagboek van 'n wildbewaarder. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1971. ZA 839.3635 SCHOEMAN 1085283
Vir diegene wie graag P.J. Schoeman se boeke oor sy jag- en diereverhale lees, sal hierdie boek 'n lekker warm gevoel in die hart bring, want sommer met die eerste bladsy se lees is 'n mens klaar saam met hom in die veld en beleef jy saam met hom sy kennis en gevoel vir die veld en die diere.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TOONBANK

Nou ja, as dit dan moet, moet dit maar - 'n berig vir Biblikasie bedoel ek! Kyk, hier by ons gaan dit só stil en voor die wind dat 'n Biblikasie-berig 'n beproewing raak.

Mej. Estelle Stoltz gaan na twee jaar en nege maande reageer op die wink van die wolke - van biblioteek-assistent na lugwaardin! Alle sukses Estelle en geniet dit.

Daar is darem 'n stukkie interessantheid wat in ons midde beland het. Mev. Bokkie Malan, voormalige onderwyseres, dosent, koorleidster, orreliste, bloemiste, ens, ens. het by ons aangesluit sedert 9 Augustus 1982. Tussen die agt seuns wat sy grootgemaak het en die Loftushuis wat sy besit, broei nog allerlei ander snaaksighede uit. Baie welkom in ons midde, Bokkie!

Mev. Irene Venter is druk besig met voorbereiding vir die eksamens wat voorlê terwyl die res van ons op die ou trant voortgaan (tussen woonhok en werkhok, sê hulle). Mev. Johanna Gaigher het darem 'n vakansie by die see op hande, terwyl Mev. Hannatjie Erlank gebruik maak van die somerweer vir die beplanning van haar tuin.

Groete
Toonbank

Ns. Met die toename in kragonderbrekings, sal ons 'n verklikkerstelsel wat m.b.v. batterye werk baie waardeer. Menige van ons gebruikers neem nou al 'n dreigende houding in as dit by die deursoekery van hul tasse kom!

## ONTSLUITING

Dagsê, vriende,

Soos gewoonlik was Ontsluiting weer vol gebeurtenisse. Saam met die lentegevoel het Hannetjie Scheepers haar intrek in ons geledere geneem. Met die Kaap se stof van haar voete afgeskud, is sy volstoom besig om groot vriende te word met DOBIS en die geheimenisse van ontsluiting. Voorspoed en baie welkom, Hannetjie!

Die mannekrag van die kontroleerders het weer toegeneem. Met Julie ook agter een van die skuins tafels, gaan dinge sommer klopdisselboom. Aan jou, baie geluk en sterkte, Julie.

Aan Jo: ons simpatie met jou verlies. Krag en sterkte vorentoe.

Konferensiekoors loop hoog en Ontsluiting loop leeg. Wat 'n vooruitsig: son, see en referate! Aan almal wat gaan, geniet dit, en dink aan dié wat agterbly.

Was Lentedag 'n belewenis: Mooi blomme, baie koek en 'n gesellige halfuur teetyd verwesenlik enige Ontsluiter se droom. Baie dankie, dit was 'n fees!

DOBIS/LIBIS is stadigaan besig om hom in te wurm in Ontsluiting. Só getuig o.a. die kleurvolle mandjies wat ons pioniers se tafels versier! Gewapen met mev. Langkilde en Estelle Els se ondersteuning is hulle gereed vir die stryd - ons geld is op julle!

Totdat die jakarandas weer blom, groetnis.

Amelia en Elrien

## TWEEDE VLOER

Saam met die Lente het die Afrikaanswordingviering en Lentedag gekom. Na 'n draai in die verlede, 'n soektog in Tukkiana en 'n hele ruk by die katalogus, het ons tot die gevolgtrekking gekom dat Tukkies se dosente flukse skrywers is. Dit was nie maklik om uiteindelik 'n keuse vir ons beperkte ruimte in die uitstalkas te maak nie. By Tukkiana het ons interessante ontdekkings gemaak, onder andere dat Sielkunde eers by Natuurwetenskappe ingedeel was, en dat Maatskaplike Werk 'n paar jaar lank afgeskaf was. Hier om en by die tiende September het die uitstallings een na die ander verrys in 'n verskeidenheid van kleure. Van die interessante boeke wat uitgestal is, is Prof. B.F. Nel se afskeidsbundel toe hy afgetree het, en Prof. F.A. van Jaarsveld se artikel Kruger se eerste pennestryd in die Huisgenoot van 10 Oktober 1947.


Tussen al die dinge deur het Zani so 'n wekie verlof gevat (en Lentedag se lekker koek gemis!) en Anne het sommer vinnig 'n hartlike kennismaking met haar nuwe departemente gehad so met die uitstalling saam. Die eksamenrooster het vir die studerendes onder ons laat besef dat die jaar vinnig einde se kant toe staan, en dat dit tyd is om die boeke met erns nader te sleep.

So tussen deurmekaar wegpakkamers wat weer intussen reggepak is, tydskrifrakke wat deurmekaar was en weer georden is en boeke wat weg was en weer gevind is (of sommiges wat nog steeds weg is) groet ons tot 'n volgende keer.

Tweede vloer

## BINDERY


Relief from pain in the good (?) old days was probably more picturesque than effective. One so-called cure was for the sufferer to place a piece of pumpkin on the afflicted spot. Later, the area of concern was ironed with a moderately warm iron for ten minutes and then immediately rubbed with Camphor oil. It was understood that if this treatment were kept up for a few days, the sufferer could expect relief. Optimism and patience were obviously included in the cure.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DEUR DIE BLARE



*IN MEMORIAM*

*Een maand van verlange is verby*
*Waarin ek sonder my baadjie moes ly.*
*Met skouerknoppe koud in geblikte lug*
*Wens ek daagliks my baadjie was terug.*

*Pen, potlood en sakdoek in die hand*
*Voel ek sonder sakke gestrand,*
*En waarheen kan ek my tog wend*
*Met my vleispastei en peperment?*


*Die baadjie het soveel sondes bedek*
*Van bultende figuur tot kleregebrek.*
*Mens was so anoniem-professioneel*
*Slegs lid van die Merensky-personeel.*

*Nou sit ek in Africana se stof*
*Met die drukkersink ook maar rof*
*En vrees die nuwe kaart gaan verklap*
*Die jare het nie gestaan nie maar gestap.*

*Joriet Coetzee*



# still cookin!



*APPLE CRISP*

*750g appels (blikkie/tertappels, gesny en ontpit)*
*125ml koekmeel*
*125ml Oats(hawermout)*
*175ml bruin suiker*
*125ml botter/margarine*

*Rangskik appels in 'n gesmeerde tertbak (20cm vierkant of rond). Kombineer meel, hawermout en suiker. Sny botter (of harde margarine) in totdat mengsel soos growwe broodkrummels voorkom.*
*Bak by 190° tot appels sag is en kors bros en ligbruin (± 35 min.)*

Annatjie Botes (Nagereg: Dept. Huishoudkunde en Dieetkunde middagmaal)

*KLAPPERKOEKIES*

*3k. hawermout*
*3k. meel*
*3k. suiker*
*1pak (200g) klapper*
*1¾k. botter*
*3eetl. stroop*
*3½t. koeksoda*
*1k. kookwater*
*1 knypie sout*

*Meng eerste vier bestanddele saam*
*Smelt botter en stroop saam*
*Los koeksoda in kookwater op en voeg by bottermengsel*
*Meng met droë bestanddele*
*Skep teelepels vol op gesmeerde plaat bietjie ver uitmekaar want dit maak 'n plat koekie.*
*Bak teen 150°C vir ± 15min.*
*Oppas vir brand.*
*Skep dadelik af met eierspaan en laat droog word op rak.*

*A Myburgh*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



ESTELLE STOLTZ



MATILDA PIETERSE

# TOTSIENS



HANNATJIE SCHEEPERS

# WELKOM

# BESOEKERS



Mnr P Lor en Prof E Gerryts saam met Argitekte en Beplanners van die Universiteit van Bophuthatswana.

Die Biblioteek het onlangs besoek ontvang van 'n Afvaardiging van die Universiteit van Bophuthatswana met die doel om inligting uit te ruil oor die Fisiese Beplanning van Universiteitsbiblioteke.

Die Universiteit van Bophuthatswana is tans in die beplanningsfase vir die oprigting van 'n nuwe Universiteitsbiblioteek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1932 – 1982
AFRIKAANSWORDING

# BIBLIKASIE


U.P. BIBLIOTEEKDIENS

**OKTOBER 1982**




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



REKENSKAP

Volgens die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek-en Inligtingwese (SAIBI) is die doel daarvan die ontwikkeling van die biblioteek-en inligtingwese ten einde te verseker dat biblioteek-en inligtingdienste van 'n hoë standaard gelewer word. Daarna word gestreef deur 'n groot verskeidenheid van funksies, waaronder, die bevordering, skepping en verspreiding van kennis op biblioteek- en inligtingkundige gebied, o.a. deur die reël van byeenkomste en kursusse vir die oordrag van kennis. Verder wil dit ook deur byeenkomste op nasionale en ander vlakke kommunikasie en samewerking tussen lede van die beroep, bevorder. Een van sodanige byeenkomste op nasionale vlak is die gewone jaarlikse konferensie wat om die beurt in verskillende takgebiede belê word. Die konferensie van die Instituut is, behoudens die bepalings van die Grondwet, die wetgewende gesag van die Instituut (Grondwet, art. 12.1) wat die verslag van die Raad oor die werksaamhede en die finansies van die Instituut tydens die afgelope boekjaar ontvang en behandel en dieselfde doen met verslae van vaste- en ad hoc-komitees in verband met opdragte wat deur die Raad of vorige Konferensies aan hulle gegee is. Verder behandel dit beskrywingspunte wat deur lede, takke, afdelings, geaffilieerde verenigings, vaste komitees, die Uitvoerende Komitee of die Raad voorgelê is, en verrig sodanige ander werksaamhede as wat die Raad bepaal. (Vgl. Grondwet, art. 12.4) Die Konferensie maak dan telkens die lede van die Instituut uit wat fisies byeenkom om genoemde sake te behandel met die bereiking van die algemene doelstelling van die Instituut vir die beroep en sy lede, in die oog. En almal wat kragtens die Grondwet op lidmaatskap van die Instituut reg het en dit bekom het, kan met volle stemreg deel uitmaak van die Konferensie en dus met sy stemreg en reg tot deelname aan diskussie en besluitneming, deel wees van die wetgewende gesag van die Instituut!

Behalwe besluitneming ter bevordering van die belange van die beroep en sy lede, dien die Konferensie ook om in kompakte sin tydens 'n konferensie tot die ontwikkeling van die beroepsbeoefenaar by te dra. Ooreenkomstig die ontwikkelingsbehoeftes van die beroep en om aan te pas by die ontwikkeling in die wêreld buite die beroep - vir die biblioteek-en inligtingswese van besondére belang - met die oog op inligtingsdiens lewering aan daardie wêreld - word by elke konferensie 'n bepaalde saak van belang intensief behandel. Afgesien dus van die gewone belangrike werk wat te doen het met die praktyk en prosedures van elke dag vir elke afdeling van die beroep, is daar ook die sterk klem op 'n program van intensiewe voorgesette beroepsopleiding deur middel van bv. referate en paneel- en groepbesprekings wat alles tydens so 'n konferensie ingepas word.

Deur die loop van 50 jaar, sedert in 1930 die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging tot stand gekom het, is veel op die wyse bereik. In 1932 staan ons midde- in 'n wêreld waarin die elektrotegniek alledaags geword het in die bestaan van mense en was SAIBI gereed om die gemoedere van almal wat reeds met opgewondenheid hierdie wêreld betree het, verder te inspireer en die realiteit van die wêreld waarin ons ons bevind aan hulle wat nog net daarna wil kyk, helder voor oë te stel-selfs op te helder. En as die Instituut daarin kan slaag om van tyd tot tyd met tred hou te prikkel en aan te moedig om óok tred te hou-ter wille van die doelstellings van die beroep, wat hom sy bestaansreg gee en sin aan die taak van elkeen wat die beroep beoefen-bly dit sinvol om konferensie te hou.

1. SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT IS VIR BIBLIOTEEK-EN INLIGTINGWESE. 1980. Grondwet van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SLEUTELVOORDRAG

Integrasie van die nuwe tegnologie met die oog op die behoeftes van die eindgebruiker van inligting.

Die voordrag is deur mnr. D.N. Lock van IBM Johannesburg gelewer. Sy interessante historiese oorsig het mens met 'n skok laat besef dat kleitablette eintlik die voorloper van die Hollerith-kaart is - voorwaar 'n groot sprong.

Hy sluit heel gepas af met die woorde van A. Saint - Exupéree "as for the future your task is not to foresee but to enable."

WOORDVERWERKERS-DIE TEGNOLOGIE

Mev. Carol Lewis het kortliks verduidelik wat 'n woordverwerker is, die toerusting wat beskikbaar is, en faktore waarop gelet moet word by die aankoop van 'n woordverwerker.

Die oorspronklike spreker is deur mev. Lewis vervang - sy is die sekretaresse van 'n groot, ongenoemde prokureursfirma met 35 prokureurs - en het gebieg dat sy maar min van biblioteke af weet. Sy het egter heelwat van woordverwerkers en die aankoop daarvan geweet en het dit op 'n lewendige en interessante wyse vertel. Woordverwerkers is ekonomies voordelig, omdat hulle nou 1 sekretaresse vir elke 15 prokureurs het - groot gesug onder manlike topbesture - met 'n nuwe probleem vir die een enkele "dolly-bird"-op watter een se skoot moet sy nou sit?

'n Woordverwerker kan bestaan uit 'n sleutelbord met 'n skerm, verskillende stoormedia, bv. die harde-, argief- en flapskyf, en 'n onafhanklike drukker. Toerusting wat beskikbaar is, is die sg. "stand alone system" wat uit 'n enkele eenheid bv. 'n sleutelbord bestaan en die "shared logic system" wat 'n groter breinkapasiteit het. Die basiese vermoëns van 'n woorderwerker is teksherhaling, die uitskakeling van tikfoute en die algemene redigering van teks.

Wat die toepassing van woordverwerkers in biblioteke betref het Mev. E. Williams (alias Mej. E. Butterley) duidelik daarop gewys dat dit nie met die oog op biblioteke ontwerp is nie, en eintlik net goed in die eenmansbiblioteek, d.w.s. 'n spesiale biblioteek, met ongeveer 45,000 dokumente gebruik kan word. Heelwat roetinewerk kan daarmee hanteer word bv. aanmanings, sirkulasielyste en nuwe aanwinslyste. Maar, het sy afgesluit, daar moet ook ander gebruikersmoontlikhede in jou organisasie daarvoor wees.

MIKROREKENAARS

Die tegnologie (Mnr. P. Roets - W.N.N.R.)

Die ontwikkeling van mikrorekenaars het 'n groot invloed op die nuwe rigtings in die rekenaarbedryf. Die gebruiker moet hom daarna skik, en moet ook kennis hê van die rekenaarbedryf voor hy dié nuwe tegnologie in sy eie bedryf begin implementeer.

Die vervaardiging van die mikrorekenaar is 'n gespesialiseerde en arbeidsintensiewe proses. Met die faktore van onderhoud, bemarking en inflasie ook in ag genome, is die daling in die pryse van komponente 'n belangrike aspek in die aanskaf en gebruik van mikrorekenaars.

Die gebruiker moet verder let op die volgende punte:
- Markstruktuur: voor- en nadele van goedkoop stelsels, programkoste en oordraagbaarheid van programmatuur tussen verskillende stelsels.
- Markverwagtings: vermoëns van maatskappye
  toenemende vermoëns van stelsels
  teen 'n konstante prys
  toenemende sofistikasie van sagteware.
- eie vermoëns: m.b.t. instandhouding
  ontwikkeling van eie programmatuur
  afhanklikheid van buite-organisasies vir sy spesifieke projek-programmatuur
  leeftyd van sy projekte in samehang met die ontwikkeling van nuwe programmatuur

TOEPASSING IN DIE PRAKTYK (mej. N.M. Lodder - WNNR)


Mikrorekenaars in die praktyk kan in twee kategorieë verdeel word, nl. 'n onafhanklike stelsel en 'n geïntegreerde stelsel.

- 'n Onafhanklike stelsel kan gebruik word:
  - in 'n klein biblioteek/inligtingsdiens met 5000 tot 10 000 dokumente vir die vaslegging van bibliografiese rekords en herwinning van inligting, afhangende van die kompleksiteit van die rekords
  - in geprogrammeerde onderrig

- 'n Geïntegreerde stelsel (koppeling met 'n hoofrekenaar)
  - verskaf toegang tot verwyderde stelsels soos DIALOG
  - verskaf toegang tot ander interne stelsels of tot SABNET
  - verskaf rugsteunfasiliteite vir 'n hoofrekenaar

M.b.t. praktiese faktore is sagteware die mees problematiese, omdat biblioteke gewoonlik 'n kompromie moet maak i.t.v. die bruikbaarheid van beskikbare programpakkette.

E. Swart



"Look, I know we're switching more and more to microforms, but about my paycheck here . . ."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VIDEOSKYF, ELEKTRONIESE PUBLIKASIE EN DOKUMENTLEWERING - Mnr. Russin (Hoof van die British Library Lending Division)

Video- en digitale optiese skywe kan massiewe hoeveelhede inligting berg.

Die referaat gee aandag aan die moontlike gebruik van video- en optiese skywe vir die hantering van volle tekste en gee voorbeelde van ontwikkelinge wat oorweeg word of wat reeds in Europa en Noord-Amerika onderweg is.

Die ontwikkelinge in die pos- en telekommunikasiewese stimuleer ontwikkelinge in die publiseringswêreld omdat albei dieselfde doel het, nl. om dokumente en inligting so gou moontlik by die gebruiker te kry.

Die klem val nie soseer op die tegnologie self nie, maar wel op hoe dit gebruik kan word deur instansies en organisasies.

Die videoskyf
- lyk soos 'n platinalangspeelplaat
- kan klank, beeld, teks, illustrasie bevat
- word d.m.v. apparaat met 'n laserstraal teruggespeel
- word vervaardig d.m.v. 'n meester, waarvan die nodige afdrukke dan gemaak word.

Die digitale optiese skyf
- stem in hoofsaak ooreen met die videoskyf, behalwe dat 'n meester nie nodig is nie, en elkeen afsonderlik vervaardig kan word.
- beide tipes kan 50,000 bladsye inligting bevat wat blitsvinnig die spesifiekgevraagde inligting kan weergee.
- Die skyf is egter nog net in prototipe beskikbaar en sal eers van 1984 bemark word.

Die elektroniese tydskrif
- bestaan uit 'n databank waartoe outeurs direk toegang het om inligting in te voer en die gebruiker kan dit dan direk onttrek.
- Nog nêrens in geslaagde vorm nie - nog baie navorsing voor.


Implikasies in die Praktyk- Mnr. Steyn (WNNR)
Vir Mnr Steyn is dokumentlewering baie belangrik. Hy wys op die huidige tekortkomings en gee sekere praktiese voorstelle wat nou reeds oorweeg kan word om sake te verbeter.

Implikasies
- Inligting wat vroeër ongeskrewe gebly het, kan op 'n eenvoudige manier geberg en beskikbaar gestel word.
- Die prestigewaarde om te publiseer sal altyd bly bestaan.
- Inligting kan volgens aanvraag beskikbaar gestel word dus geen oorskotpublikasies nie
- Inligting veel beter beheerbaar - outeursreg hier ter sprake
- Enorme finansiële implikasies

Invloed op die Biblioteek
- Belangrik vir bewaring en berging
- Lomp, moeilik-bekombare materiaal soos RP's kan netjies ontsluit en georden word.
- Nasionale biblioteke kan argiefmateriaal beter berg en hanteer in elektroniese vorm
- Toerusting moet aangeskaf word om die materiaal te kan lees en beheer.

Invloed op die Gebruiker
- Sal 'n keuse hê tussen goedkoop en stadige of duur en vinnige bekombaarheid van inligting
- Inligting sal in soveel meer vorms beskikbaar wees en apparaat om dit te hanteer moet vir die gebruikers beskikbaar wees.

Toekoms
- Daar is nog baie navorsing nodig, en die effek daarvan sal eerste in die VSA, Europa en Engelan[d] sigbaar wees.
- Die gaping met die Derde Wêreldlande sal na all[e] waarskynlikheid nog groter word. Die inligtingrykes sal nog ryker word, en die inligtingarmes nog armer.



"Here, one doesn't use one's chewing gum to repair floppy discs ..."

Dolly birds
fiche en chips
vlokkies en skywe
floppy disc, slapskyf en flapskyf.
Ons leer dinge in mikro en mini
en fiches waarop jy niks kan sien nie.
Woordverwerkers en woordprosesseerders
is só oorweldigend dat jou kop later seer is.
Videotex, viewdata, Prestel en Beltel
Ons is hieroor ook baie baie dinge vertel.
Ons weet nou van On-line down loading en software
Inter-aktief en stand alone en share.

Hou nou Konferensie hieroor laat ons sien!
Die ou wat alles verstaan, het sy Durban-week verdien



"Come see how it's been enhanced."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KONFERENSIE-VANUIT DIE ONTSLUITERSHOEK

Die 1982 SAIBI-konferensie in Durban het besondere belangstelling vanuit die ontsluitersgeledere gelok-en beslis nie net vanweë die interessante program op die agenda nie! Reeds weke vooraf het beelde van blou branders en wit strande met die groen strepies en syfers op sommige ontsluiters se DOBIS-skerms deurmekaargeraak, planne en somme is bedink en beraam, en toe die Vrydagoggend voor die konferensie aanbreek, moes Manda, Gaynor, Andrea, Elrien, Susan, en Clarisse om 7:00 op die parkeerterrein aanmeld. In die ongewoonheid van die situasie het Elrien se woonstel soek geraak, en by die tyd toe almal en alles bymekaar was, was dit reeds 7:25. Die Ontsluitersafdeling was egter stiptelik om 7:30 voltallig en die motors kant en klaar gepak. By die tyd toe dit 8:30 was, was die stemming feestelik, en is die uittog onder algemene aanmoediging van die tuisblyers aangedurf - 2 motors, 6 konferensiegangers en hulle bagasie, voldoende musiek en Manda se kat, wat later met 'n welkome koppie tee by Standerton afgelaai is.

Enige bibliotekaris sal saamstem dat dit harde werk is om 'n konferensie by te woon, en daarom was daar vir ons ontsluiters niks beter as 'n vakansietjie om in die regte stemming te kom nie. So het die naweek in Amanzimtoti vooraf dan ook gedien om ons innerlik te versterk vir die gebeure wat voorlê.

Na 'n aanvanklike brandstofkrisis in Westville waar Elrien haar kophouvernuf bewys het, is die naweek ingelui met 'n verjaarsdag en 'n luilekker dag op die strand, gevolg deur 'n aand by die Mykonos, waar die dag se sonbrand gewys en die geregte beproef is - oor die 25 verskillende soorte slaaie en 30 verskillende nageregte moes probeer word! Ná so 'n fees was Amanzimtoti heeltemal te ver, en het 'n vertoning van "Ragtime" die perspektiewe weer reggestel.

As voorgereg tot 'n braaivleisaand is 'n kooksel vars mossels uit die see onder algemene aanmoediging en Gaynor en Andrea se knoffel tot 'n vyfstergereg omgetower. Daar was nie eers 'n skulpie op Susan se bord oor nie, en die invloed daarvan op Elrien was blykbaar van so 'n aard dat sy haar toon verstuit het, maar sy het dit met die grootste grasie hanteer. Net Gaynor sou 'n olyfie daarby waardeer het.

Met so 'n heerlike naweek het ons begin benoud voel oor ons motors se vermoë om beide ons en ons bagasie betyds in Durban vir die konferensie te besorg, en onder Andrea se leiding is fluks fiksheidsoefeninge op die mat gedoen. Dit was só suksesvol dat ons nog die hele res van die week al 6 dames in een motor oor die weg kon kom, aangemoedig deur oorverdowende musiek, tot verbasing van sommige motoriste, soos blyk ná die besoek aan die Zoeloemark aan die Suidkus, gelaai met mandjies, klappers en vrugte.

In Durban was dinge egter heelwat kalmer, en kon ons ons aandag hoofsaaklik aan die konferensie (se onthale) wy. Manda het ook 'n rekenaaruitstalling bygewoon, en met haar tuiskoms was daar vir ons 'n paar benoude oomblikke toe dit gelyk het of ons seksiehoof net tot 'n sprakelose "biedie-biedie-biedie" in staat was. 'n Rondte koffie van die "tea chief" het egter alles spoedig na normaal laat terugkeer.

Benewens 'n uitstappie na Umhlanga was die laaste funksie 'n ete by die "British Middle East Indian Dining and Sporting Club" (for Gentleman, ladies welcome) nog in die oorspronklike klubgebou. Met Indiese musiek, en terwyl Koningin Victoria goedlewend op ons neerkyk, was die Oosterse geregte van kebabs, kerrie, Tandoori-hoender, locum, baklawa, halva, Kasbah-koffie en port op die huis 'n passende afsluiting van 'n heerlike week.

## EN TOE HOU ONS KONFERENSIE

'n Mens kan nooit 'n week in Durban in 'n neutedop saamvat nie. Veral nie as SAIBI daar konferensie hou nie, en ook nie as omtrent 20 van die Biblioteekdiens se personeel hulle in 'n woonstelblok tuismaak nie.

Ek wou begin vertel van Maandagoggend se ryery, wat die ergste was - my klein tassie of Annatjie se grote, maar die ses Ontsluiters wat reeds Vrydag hulle ry gekry het, het toe al Saterdag Manda se verjaarsdag gevier, by die Mikonos geëet, Amanzimtoti se strand platgeloop, en al van spierwit na ligbruin begin verkleur.

Die Annie-Anne-Maureen-Alidakombinasie het besluit om die hele kaboedel Maandagaand vir ete te nooi, want die een klomp het reeds die hele dag in 'n vergadering gesit, en ons ander wat pas aangekom het, het nog nie eers 'n trekseltjie koffie gehad om uit te deel nie.

Na die eetgoed, drinkgoed ("so van 50-50, dankie") en geselskap, het die base baie swaar weer dasse aangesit en verder gaan vergader, terwyl ons ander verder gekuier het - totdat Annie op 'n stadium begin vermoed dat Alida besig is om onder haar personeel te werf, en die twee assistent-direkteure in 'n kussinggeveg aanmekaar gespring het. Die uitslag - hou maar die aanstellings of bedankings dop.

Maandagaand moes daar natuurlik ook 'n draai in die "Children's Amusement Park" gemaak word, veral na Alida Annie vir R10 gewed het dat sy nie by die waterglytonnel sal afgly nie. Gelukkig is daar nie 'n ouderdomsbeperking op die kinders wat hierdie park mag besoek nie, en is daar tot groot vreugde van almal in die stampkarre rondgejaag, bo-oor die stad gery, en het Annie toe, met die hulp van Maureen haar R10, gewen. Met die geld sou sy ons vir 'n ete by die "pannekoekhuis" skiet, maar toe ons 'n paar aande later wel by die pannekoekplek uitkom, het sy alleen omtrent R10 se pannekoek opgeëet!

Dinsdag was Simposiumdag vir party, en paselladag vir ander. Die Ontsluiters en Annatjie het agter gekom dat Umhlanga se strand veel skoner is as Durban s'n, terwyl Thea gaan kyk het of daar nog êrens vir haar 'n ou rokkie oor is nadat Maureen byna 'n winkel gekoop het, en Anne ook so 'n aandeel of twee vir haar saam geneem het.

Die res van die week was dit konferensie, wafels uit die prof se sak, woordverwerkers en mikrorekenaars, eet Chinees, Indies of Grieks, teletex en videoskywe, ver stap op die strand, mosies en amendemente, waterkraffies en pepermente, en sommer net saans, as al die praat en kuier en kaas en wyn verby is, sommer net lê en luister na die see wat selfs die straatlawaai uitdoof.


Alles wat gedoen en gesê is, al die lekker en die snaaks kan 'n mens nie op papier sê nie, maar as ons terugkyk, na die laaste aand se pannekoek en inpak, die vroegoggend se ry, met 'n vaak Annie en Maureen by die motor, maar met nog 'n paar pasella-dae by die see, weet jy, dit was lekker, en dit was goed om te sien hoe jou mense lyk en klink sonder neonligte, komiteekamers en agterstande.

Magriet Lee



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# poste restante



Geagte Redaksie

Na aanleiding van Freddie Schoeman se artikel in die Biblikasie van September '82, het ek die behoefte gevoel om vir die veiligheidspolisie in die bresse te tree. Alhoewel 'n mens besef dat Freddie nie wil beweer dat Breyten Breytenbach in die tronk sit omdat hy 'n omstrede Afrikaanse skrywer is nie, bemerk 'n mens tog 'n negatiwiteit wat dalk aantoon dat hy nie die hele storie ken nie.

Ek het nooit vir die veiligheidspolisie gewerk nie (ek het ook nie familie daar nie) maar ek het wel van 1964 af vir organisasies gewerk waar ek 'n insae in hulle werk en probleme gekry het. Hulle is die mense wat 24 uur per dag wakker is sodat ons elke nag rustig kan slaap en sodat terrorisme en sabotasie nie 'n alledaagse verskynsel in ons stede is nie.

So van ideologieë gepraat: dit het mode geword om vir alles wat verkeerd is, altyd die skuld op die kommuniste te pak maar wat wéét ons regtig van Sowjet-kommunisme en sy ideologiese kleinboeties se beplanning vir Suid-Afrika? Nog altyd gedink dat ons "manne aan die grens" die sg. Russiese Beer uit ons land sal weghou? Daar wag dalk vir ons 'n groot ontnugtering as ons té rustig slaap.

Dit alles net terloops om te kan sê dat ek baie groot agting vir die werk van ons veiligheidspolisie het.

Joriet Coetzee



*VERJAARDAE*

*November*

| | | |
|---|---|---|
| *2* | *Mev. S. Potgieter* | *Africana* |
| *7* | *Mnr. E. Muller* | *Buitemuurs* |
| *11* | *Mej. H. Mostert* | *Tiksters* |
| *13* | *Mej. G.A. Kruger* | *Tydskrifte* |
| *13* | *Mej. M.M. Kleynhans* | *IBL* |
| *15* | *Mnr. F. Schoeman* | *Medies* |
| *18* | *Mev. A. Visagie* | *Kelder* |
| *19* | *Mej. M. v.d. Walt* | *3e Vloer* |
| *20* | *Prof. J.A. Boon* | *Adjunk-Direkteur* |
| *25* | *Mev. C. Lamprecht* | *Bestel* |
| *28* | *Mev. C. de Klerk* | *IBL* |
| *29* | *Mev. J. Bornman* | *Landbou* |

## INTER

WAT IS LEKKER WERK? SAMEWERKING

Nog nooit het dit so sleg gegaan in IBL soos in 1982 nie. Daar was tot dusver 2 oorplasings, 3 bedankings en 2 aanstellings. 'n Mens hoop in so 'n situasie dat die aantal aanvrae sal verminder, maar daar is geen genade nie - die statistiek klim net hoër.

Daar word gesê dat uit iets slegs daar ook iets goeds kom. Dit is presies wat nou hier gebeur het. Nieteenstaande die berge werk wat skynbaar nooit verminder nie, die frustrasie van meer op ander tafels werk as jou eie was die personeel altyd positief, entoesiasties en vol planne hoe om die probleme te bowe te kom. Hierdie gees van samewerking was al wat die situasie nog houbaar gemaak het, nee meer nog: dit maak jou werk vir jou lekker. Dis lekker om werk toe te kom en al die vriendelike gesigte te sien, dis lekker om 'n vloot trollies op pad vloere toe in die hysbak te sien verdwyn, dis lekker om op niemand se nommer hoef te druk nie - die aanbod kom vanself.

Aan die volgende mense my opregte dank vir dit wat julle doen en veral hoe julle dit doen: Christie de Klerk, Annette Booyzen, Margaret Jorissen, René Benade, Joy Roos, Kobus Fouché, Amanda Viljoen, en Caroline van die Kelder. Ook aan die afdelingshoof, mnr Otto, dankie vir u insig en ondersteuning.

Soos 'n mens kan sien dit gaan goed en sleg by IBL.

Denise Wheeler

## MUSIEK

Na 'n lang stilte vanuit die Musiekbiblioteek het daar intussen groot dinge gebeur. Dis lente, soos ons almal gesien het, en in dié tyd is Cupido baie vrygewig met sy pyltjies. Hier in die biblioteek sien ons die resultaat, nl. 'n blink klippie aan Anita se ringvinger. Ons sê almal baie geluk met jou verlowing Anita.

Hierdie tyd van die jaar is die vierdejaar B.Mus studente, wat uitvoerende kunste studeer, besig om hulle "Eenman konserte" aan te bied. Elke student gee dan 'n volledige konsert op sy of haar hoofinstrument. Dit word in die aand aangebied en hulle stuur self kennisgewings en uitnodigings uit na familie en vriende wat hulle graag wil uitnooi. Dié konserte is deel van hulle eksamen en 'n vereiste vir hulle graad.

Verder raak dit al bietjie stiller met gebruikers. Is dit miskien die eksamenspook wat al sy invloed wys ...?

Sterkte met almal se eksamens en baie dankie vir dié wat by die werk vasbyt terwyl die ander met eksamenverlof is.

Groete uit die Musiekbiblioteek.

Mev Anita Moolman is verkies as sekretaresse van die Belangegroep vir Musiekbiblioteke (BELMUS). Baie geluk, Anita, mag dit 'n vrugbare en interessante termyn wees.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TWEEDE VLOER

'n MOONTLIKE OPLOSSING - DRAAI DIE HORLOSIE TERUG

Biblioteek-
gebruiker: "Die boek is nie uitgeneem nie .... ook nie op die rak nie ...! ??? Waar is dit?"

Vakbiblio-
tekaris: "*£!!???" (Onuitgespreek)

In die jaar 1070 het Aartsbiskop Lafranc die volgende reëls vir die Benediktynse broeders opgestel:

"On the Monday after the first Sunday in Lent, before brethern come into the chapter house, the librarian shall have a carpet laid down and all the books got together upon it, except those which the year previous had been assigned for reading. These the brethern are to bring with them, when they come into the chapter house, each his book in his hand. Then the librarian shall read a statement as to the manner in which brethern have had books during the past year. As each brother hears his name pronounced, he is to give back the book which had been entrusted to him for reading; and he whose conscience(!) accuses him of not having read through the book which he had received, is to fall on his face, confess his fault and entreat forgiveness. The librarian shall then make a fresh distribution of books, namely a different volume to each brother for his reading."[1]

Langs LIBIS lyk dit bietjie outyds maar vir wanneer die uitleendiens rekenaarmatig (nie-aktief-nie - probeer-weer-later) gestrem of in die wiele gery word, is dit dalk die antwoord!

1. TROTTI, J.B. 1982. The theological library; in touch with the witnesses. Text: Hebrews 11: 32-12: 2. Reformed review 35(3): 158, Spring.

Die taal wat ons besig.

Uit 'n boekaankondiging - Taal: Nederlands: De surprise van het najaar! Dit fameuze (seker bietjie Frans ook) werk als paperback voor een piepklijn prisje!


Wat fabuleuze Hollands taalgebruik! sou ons wel wil sê. Geen geskrif in soortgelyke Afrikaans sal by die verklikker deurkom nie! Dis mos pure verminking van kultuurgoed - eie kultuurgoed!

En tog....

Fou-re-staêdd ons by die aêddmin en op: hoe gaan dit? ....goed-'n-jy ons; dan cheers ons vereers, om chips en paais te gaan koop voor ons bá-baai en ou-kybaai om tiee-wiee te gaan kyk en typs te gaan speel.

Koe-baai in wandelgang-Afrikaans

Thea Heckroodt



Daardie bibliotekaressie by Kriminologie wonder seker wat van my geword het.

# MEDIES

Nog 'n maand is verby, waarvan een van die hoogtepunte seker die "pasella-dag" was wat ons hier uit die bloute gekry het. Ons afhanklikheid van elektrisiteit is weer beklemtoon toe ons die Woensdag by die werk kom, en die hele gebou pure donkerte is. Die kragopwekker het soveel aandag nodig gehad dat daar tot byna twee-uur nie ligte of lugverkoeling was nie, dus moes ons maar ewe ons handsakkies vat en die tyd op 'n ander plek gaan verwyl. Gelukkig of ongelukkig was dit die dag voor betaaldag, anders het party mense se finansies seker nooit weer herstel nie.

Ons vierde vakbibliotekaresse (Medies begin Merensky opdraande gee) het teen hierdie tyd ook al haar vuurdoop beleef. Monica Lor is sedert die begin van Oktober hier by ons, en help tot en met die einde van die jaar veral by die Toonbank uit - enersyds sodat sy die omgewing kan leer ken, en andersyds om die stroom verlofvorms wat opdaag, ook tydelik die hoof te bied. Baie welkom Monica! Teen hierdie tyd is jy seker al gekonfyt in fotostaatmasjiene se wispelturigheid.

So stil-stil het Sophia Möller ook haar tassies uitgehaal en afgestof en solank die lugdiensetikette opgeplak. Sy gaan Europa platry vir die volgende maand. Ons hoop sy dink darem so nou en dan aan ons, so tussen die Tiroolse berge en Paryse plesier deur.

Met Freddie Schoeman se koms om vir Willem Oliver as nagdienspersoneel te vervang begin ons na 6 weke "ou hande" raak. Welkom hier by ons. Ons is baie dankbaar jy kan sommer nou al inval terwyl Willem moet eksamen skryf. Dis nou een plek waar die dames definitief nie stoei om saans te werk nie, die paadjie en donkerte hier vra nou nie juis 'n groot verbeelding om jou maar skrikkerig te maak vir die omgewing nie.

Willem, voorspoed met die eksamen. Ons hou almal vir jou duimvas, en hoop dit sal goed gaan.

Annie het toe weer eendag haar opwagting hier gemaak, en glo my dit was alles behalwe 'n sosiale kuiertjie. Van vroeg af het sy MEDLARS in ons ingeprop en toe daarna ons die kennis prakties met die rekenaar laat toepas. Toe middagete aanbreek en ons dankbaar is vir die ruskansie besluit sy om iets wat sy by Topbestuur aangeleer het, op ons te kom toepas, nl. 'n "werksete". Vir die ander afdelings - so 'n stukkie raad, as julle base met die idee kom, moenie dit eers probeer nie, want as julle na die ou verdwaalde koppietjies op die foto kyk, en dit vergelyk met die dik boeke wat so rondlê, wat dink julle het die meeste aandag geniet?

Tot 'n volgende keer
Mooiloop van Medies





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONTSLUITING

In die afgelope maand was daar heelwat dinge onder die ontsluiters. Vir Magda, Jo en Gaynor was daar 'n aangename en welverdiende rustydjie, asook vir René van die Rekenaarsentrum. Susan en Amelia was egter albei siek en ons is bly dat Susan nou by ons terug kan wees en haar ou sonnige self is. Hoe sê die spreekwoord nou weer van te veel vrolikheid...? Sterkte ook aan Amelia.

Volgens die terugrapporteringsvergadering het die ontsluiters wat die SAIBI-konferensie in Durban bygewoon het - Manda, Andrea, Gaynor, Susan, Elsa, Elrien en Clarisse - die referate oor die nuwere tegnologiese ontwikkelinge op die gebied van die inligtingswese baie interessant en stimulerend gevind, en te oordeel aan die opgewonde vertellings rakende die sosiale sy van die konferensie, is so iets net die ding om 'n gees en gestel weer op te kikker.

Die tuisblyers kon darem ook 'n kykie kry in die vreemde wêreld en geheimenisse van die nuwe tegnologiese ontwikkelinge en die invloed wat dit op ons biblioteek-wêreld kan uitoefen d.m.v. die lesing wat Stella Keenen, een van die konferensie spreeksters uit Engeland, hier by die Dept. Biblioteekkunde aan U.P. gehou het die 14e Oktober.

Saam met die lente het Bestelafdeling se LIBIS-gogga vir Ontsluiting 'n aangename verrassingspakkie in die mou - of is dit nou "geheue" - gehad: die afdeling gaan 'n splinternuwe voorkoms, sowel as 'n paar nuwe kollegas, binnekort bykry. Die hele afdeling gaan geherorganiseer word wat uitleg betref, en toesluitkassies vir die opsig-boeke gaan bykom.

Deesdae vlot alles ook weer met DOBIS danksy René en Tony se goeie versorging; ons ontsluiters sê baie dankie vir al die ure se swoeg en sweet.

Clarisse Venter

## BUITEMUURS

MEDALJEPARADE

Ek wil 'n medalje laat munt en waar ek gaan altyd 'n sakvol saamdra. Dié wil ek dan plegtig oorhandig aan hulle wat na my mening sulke erkenning werklik verdien.

'n Bronsmedalje vir die melkjong (wat donkernag al opstaan sodat ek melk in my vroeë koffie kan hê) en tog onthou om die hek agter hom toe te maak. Vir die tannie by die poskantoor wat nog met my (nommer hoeveelste in die ry van knorrige kliënte) vriendelik is 'n silwer ster. Die klerk by die stasie wat my die stoorgeld kwytskeld want "ag meneer, ek verstaan jou probleem", sowaar 'n swaar goue dekorasie.

Vir elke winkelassistent wat regtig wil help, vir elke petroljoggie wat nie brandstof op die verfwerk mors nie, vir die kelner wat uit die staanspoor uit glimlag en nie eers ná hy sy "tip" gekry het nie, vir elke geduldige en rustige stem oor die telefoon, vir al die hulpvaardiges, dienswilliges - aan elkeen wat my pas so 'n stukkie makliker, mooier, vroliker maak, 'n blyk van my waardering.

Maar as hulle nou pryse sou gee vir hulle kliënte? En die studente vir toonbankklerke? En as hulle pad met myne kruis hier waar ek werk? Of in die spitsverkeer? ... sal ek ook dan dalk 'n penning kry?

Laat 'n mens dink né.

## TOONBANK

Na 'n aanloop van bykans twee jaar was die implimentering van die eksperimentele groep gebruikers op die Libis-leenstelsel tog in 'n mate traumaties. Die toekoms was ewe skielik met ons en twee-en-twintig Toonbankpaneellede moes baie vinnig vertroud raak met die stelsel. Opleiding, oefen en nogmaals oefen was aan die orde van die dag. Elkeen wou die stelsel graag bemeester en sodoende die dreigende toets deurstaan.

Wel, behalwe vir hierdie toets was die entoesiasme onder almal verstommend. Dit het derhalwe voor die wind gegaan met die Libis-leenstelsel terwyl die onderskeie seksiehoofde maar moes oë toeknyp. Ek wil graag byvoeg dat die toets die verwagte resultate gelewer het. Daarom kan elkeen wat by hierdie poging betrokke was homself op die skouer klop.

Dit is egter belangrik om permanent op hoogte van sake te bly. In hierdie verband word 'n volgehoue rooster van opleiding beplan.

Ek wil dan ook graag aan al die betrokkenes dankie sê vir hulle opoffering, geduld en gewilligheid.

Sanette Geyer




"The computer is a tool used to solve problems, but in your case, McElroy, you're the problem . . ."

*Ek luister na wat my jong vriendin sê:*
*Ek is dertig en weet nie wat ek wil hê*
*Al die jare soek en soek ek*
*Na my één groot talent*
*Sodat ek my daarna kan wend*
*En my doel hier kan uitleef*
*Maar nou loop alles bra skeef*
*Want ek kry niks, niks*
*Wat die moeite werd is*
*Ek sien haar hart is seer*
*en wil haar weëmoed keer*
*"Wees jy maar net jy*
*Dis genoeg, glo vir my*
*Klein lekker dinge bring meer vreugde*
*as asemrowende deugde!"*

*Marié Rautenbach*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# OP MY ONTSLUITINGSTROLLIE

STEENBERG, E. Twee om te slaap. Kaapstad: Tafelberg 1978 839.363S


'n Verhaal van 'n twaalfjarige dogter wat op naïewe wyse probeer om haar pa en ma na sewe jaar van egskeiding weer bymekaar te bring. Annemart hou egter nie rekening met die feit dat haar pa dalk alweer getroud kan wees nie. Van oom Brent, wat met haar ma wil trou, se smart weet sy ook niks nie...totdat sy haar pa en ma 'n hele nag lank saam toesluit in 'n kamer. Elsabe Steenberg stel die leser op oortuigende wyse bekend aan die kindergemoed, asook die problematiek van egskeiding.

KENCH, J. Cape Dutch homesteads. Cape Town: Struik, 1981. 720.9687 KENCH

'n Boek met pragtige foto's deur David Goldblatt en Margaret Courtney-Clarke oor tien Kaaps-Hollandse wonings. Kench verskaf in sy teks 'n historiese agtergrond van die gebou, die argitektuur daarvan, die omgewing waarin dit staan, die restourasie van die gebou asook van die mense wat tans daar woon. 'n Mens kry ook 'n kykie in die ameublement en versierings van die wonings en daarmee dus ook 'n kykie in die verlede en hoe ons Kaapse voorgangers geleef het.
Dis 'n pragtige boek vir die koffietafel en die prys is R29.95

VRYSTAAT-FOKUS: P.J. NIENABER EN C.J.P. LE ROUX (968.5)

Hierdie is 'n boek waarin nie net die Vrystaters onder ons sal belangstel nie. Die leser word op verskillende roetes deur die Vrystaat geneem en bekend gestel met die rykdom van bewaringskatte in die provinsie. Het jy ooit geweet van die Vensterrots buite Zastron, Adam Kok se kanon ('n regte een!) by Philippolis en die boodskap, ingemessel in die Voortrekkereeufeesgedenkteken op Marquard, wat oor eenhonderd jaar vanaf 25 Oktober 1938 oopgemaak sal word? Dis 'n fotobeeldboek wat die moeite werd is: jy sal volgende keer met wyd-oop oë deur die Vrystaat ry!




'n STUKKIE LOGIKA

Customer: I'll buy the car only if, if I buy the car, you'll guarantee it.
Salesman: But let's suppose that if you buy the car, then I'll guarantee it: what then?
Customer: Then I'll buy the car.
Salesman: Can I hold you to both the things you've just said?
Customer: Certainly.
Salesman: Then you are logically committed to buying the car anyhow, even if I don't guarantee it.
Customer: What?!
Salesman: You say you'll buy the car only on condition that if you buy the car I'll guarantee it?
Customer: Yes, I do say that: I'm not a complete idiot!
Salesman: Well then: if you'll buy the car, you'll buy the car only if I'll guarantee it. Right?
Customer: Uh-uh.
Salesman: But in logic 'p only if q' is just a variant of 'if p then q'; so 'if p, then p only if q' is equivalent to 'if p, then if p then q' - and that's equivalent to 'if p, then q'.
Customer: What on earth has that got to do with my buying the car?
Salesman: You said that if you'll buy the car, then you'll buy the car only if I'll guarantee it. But that, you see, is logically equivalent to saying that if you'll buy the car then I'll guarantee it.
Customer: Never mind what is logically equivalent to what! Will you guarantee the car?
Salesman: I'm not saying anything about that just now. You said - remember? - that I can hold you to what you've said. And you've as good as said that if you'll buy the car then I'll guarantee it.
Customer: Well, yes, it looks as if I did say that.
Salesman: But you also said that, on condition that if you'll buy the car I'll guarantee it, you undertake you'll buy the car.
Customer: Yes, I did.
Salesman: But you are logically committed, as we just saw, to saying that the condition you stipulated is fulfilled: namely, that if you'll buy the car then I'll guarantee it.
Customer: -*-?*!*
Salesman: So you've just got to buy the car, guarantee or no guarantee.
Customer: But I said that I'll buy the car only if you'll guarantee it. So if I am going to buy the car - as you pretend to have proved I must - you've got to guarantee it.
Salesman: I don't have to accept that. You said I could hold you to what you said: that's all I've been doing. I'm not bound by what you said, obviously. So it's a deal. I see you have your Access card there, Sir. Thank you very much, Sir. Please sign here.

(Due to Robert Hamourger)

UIT:
Geach B.P.: Reason and Argument.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# DEUR DIE BLARE



JAKARANDAS AS POTPLANTE

Alhoewel Jakarandas 10 meter en hoër in die natuur groei is dit tog moontlik om hierdie boom met sy pragtige varingagtige blare as huisplant te kweek. Die enigste nadeel is natuurlik dat bome wat as huisplante gekweek word, nie blom nie.

Potte met 'n deursnee van ±12cm kan met groot sukses gebruik word. Jong boompies kan suksesvol en maklik van saad gekweek word - dit is raadsaam om die saad vir 'n paar dae in water te laat lê voordat dit geplant word.

Meer as een boompie kan in 'n pot met 'n mengsel van gelyke dele sand, tuingrond en kompos geplant word.

Om die grootte en vorm van die boom te reguleer, moet die wortels en takke ten minste elke tweede jaar gedurende Julie/Augustus teruggesnoei word. Plant die boom weer in 'n vars grondmengsel.

Binneshuise plante moet ten minste vir drie ure per dag direkte sonlig kry. Baie vars lug is ook natuurlik belangrik.


Soos vir enige ander potplant moet sorg gedra word dat nie te veel water gegee word nie! Gee slegs water as die boonste 2-3cm droog is! Terloops, meer potplante is al van te veel as te min water dood!

Om die potplant se versorging verder af te rond kan enige standaard potplantvoedsel elke tweede week toegedien word.

En het julle geweet dat plante kan hoor? Gesels maar so 'n bietjie af en toe. Mens sal verbaas wees om te sien hulle reageer!

Norrie Nel

# still cookin!



*HEERLIKE BIEFSTUK MET SAMPIOEN/BRANDEWYNSOUS*

*Marinade*
*1 Eetlepel olyfolie*
*1/4 koppie suurlemoensap*
*Sout en peper na smaak*
*Aromat na smaak*
*Knoffelsout na smaak*
*Marineer biefstuk vir minstens twee uur*
*Braai gaar in warm roosterpan, bêre in matige oond*

*Sous*
*1 Koppie gekapte sampioene*
*1 Klein ui - fyn gekap*
*1 eetlepel vars pietersielie gekap*
*1 eetlepel suurlemoensap*
*1 blikkie sampioenroomsop*
*1 eetlepel room*
*1 eetlepel brandewyn*

*Braai uie tot bruin. Voeg sampioene by. Voeg blikkie sampioenroomsop by en meng goed. Voeg by suurlemoensap, brandewyn en pietersielie. Voeg room laaste by (maar moenie kook nie)*
*Gooi oor biestuk. Bedien met klein gekookte aartappeltjies in bottersous, ertjies en gemengde slaai.*

*A.S. Botes*

*SAPPIGE FRIKKADELLE*

*± 500 gm binneboud maalvleis*
*1 dik sny brood*
*1 etl. asyn*
*1 ui, gerasper*
*± ½ koppie kookwater*
*Na smaak: sout, peper, koljander, neut; fyn naeltjies*


*Sny korsie van brood af en sny brood in klein blokkies. Gooi kookwater oor blokkies en laat brood week tot heeltemal pap. Voeg res van bestanddele by en meng baie goed. Vorm frikkadelle en plaas in gesmeerde oondskottel. Gooi so 'n bietjie water (± 1/4 koppie) in skottel. Bak in matige oond 180°C tot ligbruin. (30-45min)*

*Enige ander geurmiddels kan ook bygevoeg word; pietersielie, knoffel, tamatie, ens.*

*Denise Wheeler*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Gaynor Stroebel

# TOTSIENS



Stella van der Westhuizen

# WELKOM



Monica Lor



Erna Bosman


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1932 – 1982
AFRIKAANSWORDING

# BIBLIKASIE


U.P. BIBLIOTEEKDIENS

*NOVEMBER 1982*




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORWOORD



DANKBAARHEID EN UITDAGINGS

Om na 'n hoogs aangename afsluitingsfunksie 'n voorwoord vir Biblikasie te skryf is voorwaar 'n voorreg. Ons funksie het bewys dat Merensky (alias die Biblioteekdiens) nog nie van die ou tremspoor af is nie. Sy spore en wissels van die afgelope jaar lê duidelik sigbaar en sy rigting in die bloutes vorentoe lok om gevolg te word. Die personeelfunksie het weer eens getoon dat die talent onder ons personeel volop is: die sprekerstalent van mnr Dawie Hughes, die musiektalent van Rolf en Christel, die kaas en druiwesaptalent van die Sosiale klub en lesbes die digter- en sangerstalent van Bokkie Malan, Ria Viviers en hul koor. Dit was meesterlik!

As 'n mens terugkyk na hierdie jaar, die jaar waarin ons die Afrikaanswording van UP herdenk het, dan is daar 'n aantal hoogtepunte waarop ons met dankbaarheid wys. Ek noem slegs 'n paar. Die voorbereiding en opleiding van die Leendiens vir die volle implementering van die LIBIS-uitleenfunksie op 3 Januarie 1983. Daar was die harde werk van die Afdeling Ontsluiting en Bestellings vir die LIBIS-bestelpakkie wat DV in 1983 ten volle operasioneel sal word. Die volle afskop van ERID-dienste, die inrigting van die ERID-kamer, al die opleiding en voorbereiding van die vakbibliotekarisse vir die soektogte op bibliografiese databasisse, om nie die demonstrasies te vergeet nie. Almal hoogtepunte! Wat moet ek nog verder sê van die voorraadboubeleid, die opleiding van gebruikers in die benutting van inligting en inligtingsbronne ens....

Van al hierdie hoogtepunte is af te lei dat die Biblioteekdiens 'n duidelike koers het en dat vernuwing en verandering van hulpmiddels en tegnieke dit moontlik maak om met 'n groter kwaliteit daardie koers te hou.

Dit word vir my die afgelope tyd al hoe duideliker dat die bibliotekaris aan die begin staan van 'n professionele beroepsontplooiing wat hy tans nog nie self kan oorsien nie. In 'n wêreld waar kennis en inligting 'n wesenlike deel en komponent vorm van ons ontginning van die werklikheid, speel die bibliotekaris as inligtingsbemiddelaar 'n belangrike rol, ja 'n onontbeerlike rol. Namate dit in die toekoms al hoe minder nodig word dat die bibliotekaris self sy eie hulpmiddels in inligtingopsporing en sistematisering opbou, dink aan gespesialiseerde dienste soos SABINET en ander eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste, des te meer kan hy hom toelê op die verdieping van hierdie professionele bemiddelingsrol. Die metodes om gebruikers se inligtingshoeftes te bepaal kan verfyn word, verspeidingsdienste kan uitgebou en meer vaartbelyn gemaak word. Dink net aan die uitdaging wat vir die Biblioteekdiens voorlê om aan elke dosent in die "navorsingsjaar 1983" 'n eie gerigte SDI-diens te lewer! Die ontwikkeling van nuwe gesofistikeerde ontsluitingsisteme, elektroniese publikasie en dokumentlewering stel die Biblioteekdiens in staat om in die toekoms in 'n toenemende mate te voldoen aan die groot verskeidenheid inligtingsbehoeftes van die dosente, navorsers en studente aan die universiteit.

Terloops, in die afdeling Beplanning en Ontwikkeling is die afgelope tyd 'n aantal sake geïdentifiseer wat verdere navorsings- en ontwikkelingswerk verg om die Biblioteekdiens in staat te stel om sy funksies veral ten opsigte van inligtingverskaffing verder te verdiep. Ek noem enkele projekte wat in 1983 verdere aandag sal ontvang:

- Toepassingsmoontlikhede van BELTEL as videoteksdiens in 'n universiteitsbiblioteek
- Inligtingsdienste aan die gemeenskap
- Rekenaarmatige mikro-ontsluitingstelsels
- Inskakeling by verdere eksterne inligtingsdienste, plaaslik sowel as oorsee
- Indiensopleiding

Op die langtermyn is dit ook vir die Biblioteekdiens noodsaaklik om die invloed van elektroniese publikasies van inligting te bepaal.

Is ons bang vir hierdie ontwikkelinge? Nee ek dink nie dis nodig nie, dit doen niks aan die wese van ons beroep nie, naamlik om 'n inligtingsbemiddelaar te wees. Soos wat die mediese dokter met sy gerekenariseerde X-straal masjien sy pasiënte uiteindelik 'n beter behandeling kan toedien, so kan ons met ons gerekenariseerde hulpmiddels nou en in die toekoms beter dienste lewer - 'n pragtige roeping en uitdaging!

Vergun my om in hierdie voorwoord namens die Biblioteekdiens 'n groot dankwoord uit te spreek teenoor die leier van ons span, prof Gerryts. Baie dankie dat u met vergesigte en perspektiewe maar ook met realisme die afgelope jaar leiding gegee het. Dit was vir ons 'n voorreg om te volg.

Ten slotte met die Christusfees voor ons is dit my bede dat u almal in die geloof opgebou en verseker mag word, veral van die waarheid dat God die Vader besig is om sy herskeppingsplan, wat Hy met die geboorte van Christus begin het, tot uitvoering te bring.

Aan almal word 'n aangename rustyd toegewens. Mag u met nuwe perspektiewe terugkom.

J A BOON



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# REDAKSIE



*Ai ja jai oe, ai ja jai oe*
*Ai ja jai, dis Novembermaand.*
*Dis Novembermaand, die jaar is amper klaar.*
*Dit klink miskien onmoontlik maar dis waarlik waar.*

*Kersfees lê en wag nou*
*met vakansie om die draai*
*maar voor die feesdae hier is*
*moet ons nog eers laat waai*

*Die Redaksie sê Baie dankie*
*vir al die hulp die jaar.*
*Vir al die mooi artikels,*
*en vir die tiksters - 'n hele paar.*

*'n Baie mooi Desember*
*'n Vrolike Nuwejaar.*
*En as dit so bestem is*
*sien ons Januarie weer mekaar!*

*REDAKSIE*

*PROMISE YOURSELF*

*To be strong so that nothing can disturb your peace of mind*

*To make all your friends feel that there is something in them*

*To look at the sunny side of everything and make your optimism come true*

*To think only of the best, to work only for the best and to expect only the best*

*To be just as enthusiastic about the success of others as you are about your own*

*To forget the mistakes of the past and to press on to the greater achievements of the future*

*To wear a cheerful countenance at all times and to give every living creature you meet a smile*


*To give so much time to the improvement of yourself that you have no time to criticise others*

*To be too large for worry, too noble for anger, too strong for fear and too happy to permit the presence of trouble.*

*VERJAARSDAE*

*Desember*

| | | |
|---|---|---|
| 2 | Mej. H. Fritz | Boekbestellings |
| 7 | Mej. A. Pienaar | Assistent-direkteur |
| 9 | Mev. E. Nel | Boekbestellings |
| 10 | Mnr. K. Fouché | GSV |
| 20 | Mev. J. Gaigher | Toonbank |
| 22 | Mnr. E. Snel | Bindery |
| 22 | Mev. M. Vink | Ontsluiting |
| 31 | Mej. J. Breed | Ontsluiting |



"I have Swedish steel in me and my chips are Japanese. What's your background?"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

HOW DID WE GET OUR CHRISTMAS CARDS?


They are the descendants of decorated sheets of paper on which schoolboys wrote compositions just before the Christmas holidays, to show how they had improved in composition and writing during the year. These "Christmas pieces," as they were called, were popular from 1800 to 1850. In 1845 some private people adopted the idea for Christmas greeting, to their friends, and soon afterwards printers began to prepare Christmas cards for sale to the public.

According to Mr. William S. Walsh, Cuthbert Bede had a card printed from his own design for circulation in 1845, and two years later his printers, a Newcastle firm, put a number of Christmas cards on the market. About the same time, in 1846, J.C. Horsley designed a card for Sir Harry Cobe of Summerley's Printing House, Old Bond Street.

'The subject was a typical scene of feasting and jollity. One thousand copies were printed. Joseph Cundall, a London artist, also issued a card in that year. It was printed in lithography, coloured by hand, and was of the usual size of a lady's card."

It was not till 1862, however, that the custom of sending Christmas cards obtained any real foothold. In that year experiments were made with cards of the size of carte-de-visite photographs, inscribed simply with the words, "A Merry Christmas" and "A Happy New Year." Later robins in the snow and berried holly branches came to be added, and so the Christmas card of today was evolved. Now the varieties of cards, produced in every size and style, may be described as legion.

THE CHRISTMAS PUDDING



Christmas pudding, which is now such an indispensable feature of the Christmas festivities, is not a very ancient institution. It gradually came into the Christmas fare in the early years of the 18th century, and according to the Oxford Dictionary the very earliest reference to plum-pudding is in 1711. It developed from the plum-porridge which used to be eaten at Christmas in earlier days, and continued as late as the beginning of the 19th century.

Still earlier Christmas pie used to be a feature of the Christmas feasting.

Plum-pudding is essentially an English dish, and foreigners rarely know how to make it properly. It is the custom to put silver coins in Christmas puddings and there is no reason why the small silver threepenny-bits should not be used for this purpose, except that being so small they are liable to be unnoticed on the plate and swallowed.

THE CHRISTMAS TREE

The Christmas tree is first met with in Germany in the time of Martin Luther, and rightly or wrongly its use at Christmas has been attributed to the great reformer. But it does not seem to have become common till the 18th century, and only by the middle of the 19th century did it become universal throughout Germany. From that country it spread to other lands. Finland adopted it about 1800 and Denmark and Norway in 1830.
It only became an institution in England after the Prince Consort set up a Christmas tree at Windsor Castle in 1841. Only about 1860 was the Christmas tree introduced into Bohemia and Sweden. It is believed that the Christmas tree was adorned with lighted candles as far back as Luther's time, but the hanging of small gifts upon its branches came later - exactly when no one can say definitely.

EVERYBODY'S ENQUIRE WITHIN edited by Charles Ray

NEWNES' PICTORIAL KNOWLEDGE edited by H A Pollock

HANNA EN DIE JESUS-KIND

Regine Schindler

Hanna sit langs die straat in Betlehem. Haar mandjie is nog altyd leeg. "Het jy al iets gekry?" vra sy vir die bedelaar Joagim. Joagim skud sy kop. Elke keer as verkoopmanne verbystap, steek hy sy hoed uit.

"Gee asseblief vir my geld! Ek is verlam," roep hy uit. Maar hy skree nie hard nie. Hy skaam hom om dit te doen. Vir Hanna sê hy: "Gaan huis toe, kind! Bedel is nie vir kinders bedoel nie!" "Ek moet hier sit - my ma het my gestuur. Ons het geld nodig."
Joagim sê niks verder nie. Hy is bly dat hy nie alleen is nie. Hy hou van Hanna. Hy weet dat haar pa 'n arm skaapwagter is. Die verlamde man vertel vir Hanna ou stories uit die geskiedenis. Hy vertel dikwels óok van 'n koning wat nog sal kom. "Hy sal ons vry en gelukkig maak. Hy sal familie wees van Dawid uit die stad Betlehem. Dit staan sò in die ou geskrifte."
"Miskien kom hy gou," sê Hanna.

Skielik hoor hulle harde voetstappe op die ronde straatklippe. Hanna sit doodstil so bang is sy. Die bedelaar kyk anderpad. Hy hou nie van hierdie soldate nie. 'n Mens kan dit sommer sien as jy na kom kyk. Die soldate verdwyn in Betlehem se raadsaal.
"Verstaan jy hulle taal?" vra Hanna vir die verlamde man.
Joagim skud sy kop. "Nee, hulle is dan Romeine! Ek kan hulle nie verstaan nie en ek wil hulle ook nie verstaan nie. Hulle wil net altyd geld hê. Hulle maak ons arm."

Die plein voor die raadsaal is vol mense. Verkoopmanne skree. Donkies balk. Hanna staan op. Skaam steek sy haar hand uit. "Iets vir my klein boeties," bedel sy.
Elke keer hoor Hanna dieselfde soort antwoord: "Ons kom van ver af", "ons is moeg", "ons is ook arm". "Wie is al hierdie vreemdelinge eintlik?" vra sy. Joagim verduidelik vir haar: "Almal moet na die plek gaan waar hulle families vandaan gekom het. Hulle moet hulle name op groot perkamentrolle laat skryf. Die Keiser wil ons mense tel. Die magtige Romeinse keiser Augustus!"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Hanna sit haar kop op haar knieë en raak so aan die slaap. Toe sy weer wakker word, hoor sy stemme naby haar.
"Miskien vind ons tog nog 'n plek in 'n losieshuis. Kom, staan op, Maria!" sê die man wat naby Hanna in die straat staan. Hy steek sy hand uit.
Hy wil die vrou wat langs Hanna sit, optrek. Maar sy huil saggies. "Ek kan nie meer nie, Josef! Al die losieshuise is vol. Niemand wil ons hê nie."

Verskrik kyk Hanna na die gesig van die vrou met die blou rok. Sy is baie jonk, eintlik nog maar 'n meisie.
"Gaan na die losieshuisman by die onderste poort - hy het my ook al gehelp," sê Joagim vriendelik.
Stadig staan Maria op. Toe sien Hanna dat Maria se liggaam groot is. Sy gaan seker 'n kindjie kry!
Hanna spring op. "Ek sal help! Gee my die bondel."
Maar Josef keer: "Dis nie swaar nie. En ons moet eers na die raadsaal gaan. Bly jy hier, my kind!"
Maria glimlag en sê: "Ek sou graag iets in jou mandjie wou sit, maar ons is self arm."
Gou verdwyn die twee tussen al die mense.

Hanna en Joagim wag weer. Dit word later donker. Die verlamde bedelaar se vriende dra hom na sy huis toe. Hy waai vir Hanna en roep:
"Kyk in jou mandjie! Terwyl jy geslaap het, het 'n koopman vir jou iets daarin gesit."
Hanna voel daarin. "'n Stuk materiaal? Maar ek het geld nodig! Ons het brood nodig vir my boeties."
Hanna kry koud. Sy staan op. "Ek moet huis toe gaan," sê sy treurig vir haarself. Die mandjie is lig.

Hanna se pad huis toe loop oor 'n vlakte en deur 'n weiveld. Dit laat haar skrikkerig voel. Dit het donker geword. Sy hoor 'n geritsel uit die bosse. Is dit 'n wilde dier? Eindelik sien Hanna die skaapwagter se vuurtjie en die spits dak van die tent. Die waghond blaf. Maar toe herken hy Hanna en word weer rustig.

Die skape slaap. Haar pa sit by die vuur. Hy hou wag en knik vir sy kind. In die lig van die vuur kyk Hanna weer 'n slag vinnig na die stuk materiaal uit haar mandjie. Toe gaan lê sy stilletjies in die tent. Haar ma en haar boeties slaap vas.
"Dit is 'n kosbare stuk materiaal," dink Hanna. "Daar is goue drade en pêrels ingeweef." Sy steek die materiaal onder haar bloes in. Hier is dit goed weggesteek.
Deur die halfoop tentdeur sien sy die vuur; dit het klein geword. Haar pa wikkel hom stywer in sy mantel toe. Heel agter in die tent lê Hanna wakker.
Skielik sien sy haar pa spring op.
"Ek kom, ek kom!" roep hy.
Waarheen gaan hy tog? Hanna kan nie langer bly lê nie.
Stilletjies soos 'n kat kruip sy oor haar ma en haar boeties uit die tent. Saggies loop sy agter haar pa aan. Dis nie lank nie of haar pa ontmoet ander skaapwagters. Hulle wys na 'n klein heuwel. Daar staan 'n man. Hy roep hulle na hom toe en waai met sy hand. Hanna het dié man nog nooit gesien nie. Rondom hom is dit helder lig. Die lig skyn tot ver in die donker nag. Hanna is baie bang. Die herders is ook bang.
Toe begin die man praat: "Moenie bang wees nie! Ons Verlosser is vannag gebore.
"Hy kom van God na alle mense toe. Julle sal Hom hier naby in Betlehem vind. Hy lê in 'n krip in doeke toegedraai. Hy is nog 'n baba. Maar eendag sal Hy magtig wees. Hy is ons Helper en ons Koning."
Skielik is daar om die man nog ander wesens. Helder lig skyn om hulle, en hulle sing: "God in die hemel, ons loof U nou! U bring vrede op die aarde! Groot vreugde bring U vir die mense!"
Toe sê 'n ou skaapwagter hardop: "Vriende, hulle is engele! Die Here het hulle na ons toe gestuur sodat ons die Verlosser kan vind. Kom, kom! Laat ons na Betlehem gaan."

Dit het weer donker geword. Elke herder het 'n geskenk by sy blyplek gaan haal: 'n bondel vuurmaakhout, 'n beker skaapmelk, 'n paar eiers en 'n brood. Een van hulle bring 'n jong skapie: "Vir die Kind wat ons Helper gaan wees," sê hulle.
Opgewonde begin hulle met hulle lanterns aanstap. Hanna loop al agter hulle aan. In die maanlig sien die herders gou die huise van Betlehem. Die dorpie is donker.
"Dáár is nog 'n lig," roep iemand.
"Dis die grot van die losieshuisman by die onderste poort. Hy hou sy diere daar," sê 'n ander een.
Hulle loop haastig verder na die flou liggie toe. In die grot kry hulle skape en koeie. Hulle sien die krip en daaragter 'n man en 'n baie jong vrou. In die krip lê 'n pasgebore babatjie.
"Dis ons Verlosser," sê hulle. "Die engel van die Here het ons van Hom vertel!"
Die Kindjie se ma was baie verbaas oor hierdie woorde. Een vir een gaan die herders nader na die krip. Elkeen sit sy geskenk neer en kyk dan in die krip. Hulle is baie bly en kniel voor Hom neer.
Net Hanna staan nog al die tyd by die grot se ingang. "Julle is mos Maria en Josef," sê sy duidelik. Toe eers sien die skaapwagters dat Hanna saamgekom het.
"Vanwaar ken jy hierdie mense?" vra haar pa.
Hanna antwoord nie. Baie stadig loop sy na die krip toe. Onder haar bloes haal sy die pragtige stuk materiaal uit, die materiaal met die goue drade en die pêrels.
"'n Kombersie vir die kleine Koning - ek gee dit vir Hom!" Maria glimlag. "Sy naam is Jesus," sê sy trots. Daarna begin die herders weer huis toe loop. Hulle praat oor die Verlosser, oor hierdie Koning. "Hy sal 'n goeie Koning wees. Hy móét sterker wees as die slegte koning Herodes. Hy sal sterker as die Romeine wees. Hy sal ons help." Op haar pa se rug raak Hanna aan die slaap.
"Ons het die Verlosser gesien," sê Hanna die volgende oggend vir haar boeties. Opgewonde vertel sy alles wat sy in die nag belewe het.
Toe loop sy so vinnig soos sy kan dorp toe.
"Joagim," roep sy van ver af na die verlamde bedelaar.
"Joagim, die Verlosser is gebore - die Verlosser vir wie jy wag. In 'n grot! Hy lê in 'n voerkrip by die diere. 'n Klein kindjie - sy naam is Jesus!

"Joagim, ek weet: Hy sal jóú ook help as Hy groot is. Hy sal sorg dat jy weer kan loop!"
Hanna vertel van die engele en van die mooi kombersie wat die Kindjie gekry het. Sy loop oor van vreugde.
Maar Joagim kyk net verbaas na Hanna.

Illustrasies: Hilde Heyduck-Huth
Afrikaans: Elizabeth van der Merwe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

JOU KAARTJIE ASSEBLIEF, MENEER

Die nuwe geel biblioteekkleenkaart in my posrak het my laat besef dat die jare toe my kennis van kaartjies sover gestrek het as treinkaartjies, kerskaartjies en padkaarte, permanent verby is. Die binnekant van my handsak is vandag my Kaart en Transport tot die lewe.

'n Klompie jare gelede was die eerste erkenning wat jy as landsburger geniet het, gekoppel aan 'n identiteitskaart. Die is vervang met 'n boek, wat ook al weer 'n slag van vorm verander het. Vandag kry jy, pas na jou eerste skree, al jou eerste identiteitsboek, gelukkig darem nog sonder foto.

Finansiële sekuriteit het vroeër jare in Pa se tjekboek gelê, en solank daar nog bladsye in die tjekboek was, solank, het jy geglo hou die geld in die bank. Wat Pa op die teenbladsy ingevul het, en gesien het hoe die pennies minder word, en daar briek aangedraai moes word, was nie deel van jou wêreld nie.

Toe kom die kredietkaart, en saam met die formaatsverandering, het die swart op wit bewys van die stand van jou finansies ook verdwyn. Die ou tjekboek wat 'n handsak vol gelê het, het verander in 'n plastiekkaartjie wat sommer so tussen die parkeergeld in jou beursie inpas. In onkunde oor die stand van jou finansies kan jy maar nog 'n ou ietsie koop, want soos Lodewyk XV gesê het: "Na vry die sondvloed". Betaaldag lê nog 'n maand ver.

Die stoeiery tussen motorhawens en banke oor brandstof per kredietkaart het nog 'n kaart geskep, en vir die sê-nou-maar ek moet dringend oor 'n naweek ver ry, het jy maar gaan toustaan vir 'n petrolkaart.

Selfs klerewinkels het nou hulle eie kredietkaarte geskep, en word die bondeltjie in jou handsak nog een dikker.

Vandat Sekuriteit die wagwoord van die samelewing geword het, is daar byna nie meer 'n organisasie wie se werknemers nie uitkenbaar is aan die identiteitskaart wat êrens aan sy klere wasgeknyp sit nie. Smiddags, as die kantoordeur agter jou toeslaan word hy afgehaal, en by die ander gesit.

Die advertensies van 'n outokaart by die bank het jou eers nie getrek nie. Met nog 'n kaart, en nog 'n rekenaarkonfrontasie wat jy liewers wil vermy - totdat jy die Saterdag in 'n ellelange tou beland, en so kaartdronk sê: "Gee maar nog een."

Die foto's wat normaalweg op die kaarte voorkom toon 'n sterk ooreenkoms met die "sterre" van Police File, en jy is dan half dankbaar dat jy op party kaarte net 'n nommer en 'n handtekening op 'n plastiekskyf is.

Die bondel kaarte wat in 'n normale vrouehandsak net die situasie nog vererger, het dan ook die manier om so te vertrooi dat juis die een wat jy nodig het, net weg is. Sulke gebeure laat 'n mens gou aan oplossings dink. In my kleintyd kon 'n mens sulke plat, rooi suigstokkies in sulke ritse by die kafee koop. As daardie omhulsel net so 'n bietjie aangepas word, kan 'n mens so 'n rits koop waar jy jou kaarte so kan inskuif, met so 'n fyn geborduurde toneeltjie aan die twee punte, en 'n silwer knippie om dit mooi vroulik te maak. In die winkel kan jy dit dan so ewe ongeërg uithaal, en die regte een uitsoek. Die winkelassistente sal haar oë nie kan glo nie, en jou kredietwaardigheid sal hemelhoog wees (al het jy nie eers parkeergeld op jou naam nie).

Vir die mans kan daar so 'n binnesakgrootte boekie gemaak word, soos daardie klein foto-albumpies waarin tieners foto's van filmsterre sit, waarin daar dan in elke bladsytjie afskorting is vir twee kaarte. Maar Meneer, gaan soek tog u een by 'n eksklusiewe kaarthouerwinkel uit. Kies een van egte leer - in swart, met u voorletters in goud daarop gedruk. U kredietwaardigheid sal dan soveel hoër wees as wanneer u 'n kunsleerhouer met supermarkvoorletters daarop gebruik.

Magriet Lee

DIE AFRICANA-MANNETJIE OFTEWEL "JO DIE VERSKRIKLIKE"

Die naakte heer wat met so 'n aggressiewe houding die ingang van die Africana-afdeling bewaak, is nie sommer net enige ou mannetjie nie. Hy was in sy jeug een van Frankryk se mees geslepe boewe, Georges Hainnaux, met die bynaam "Jo la Terreur".

Mnr A.R. Johnson van Port Elizabeth het vir ons in 'n brief vertel van die biografie wat A. le Breton oor die lewe van Jo la Terreur geskryf het. Die boek se naam is "Les Pegriots" en daar verskyn o.a. ook 'n foto van die standbeeld van Jo, geskep deur Fanie Eloff (kleinseun van Pres. Kruger), in die boek. Jo het blykbaar ook vir die beeldhouer, Rodin, as model opgetree. Die beeld wat Eloff gemaak het, heet "Le Pugiliste" (die bokser).




1934. Jo de Boulogne et Jo les Cheveux Blancs n'existent plus. Georges Hainnaux est Jo la Terreur sous la plume de Georges Simenon, qui l'a baptisé de la sorte dans Pari pour le compte duquel il a enquêté sur le scandale Stavisky. Pistolero du génial escroc, Jo dans sa poche les talons des chèques qui ont failli faire basculer la IIIe République. (Arch. Magazine.)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Jo was 'n bekwame bokser met 'n diploma om dit te bewys, maar sy bekendheid het hy te danke aan 'n joernalis, Georges Simenon, wat gefassineer was deur die gedugte klein mannetjie se lewe. Simenon het gedurende 1934 'n reeks voorbladartikels oor hom die lig laat sien. Daaruit blyk dit dat Jo oor inligting beskik het wat die toenmalige wankelende Stavisky-regering tot 'n val kon bring. Jo was in daardie stadium 38 jaar oud en reeds die laaste oorlewende van 'n heroïse tydperk, nl. dié van die "Groot Deugniete van die Onderwêreld," nog lank voor Al Capone, Chicago en die Mafia. Hulle was die kavaliers van die misdaadwêreld, nie skorrie-morries soos hulle navolgers nie. Hulle wêreldhoofstad was Parys; hulle vroue was harde vroue van die wêreld en polities was hulle groot ondersteuners van die anargiste.

Jo was blykbaar op 78-jarige leeftyd nog springlewendig en dalk sit hy nog êrens in 'n kamertjie in Parys(nou 86 jaar oud) oor die goeie ou dae en peins.

Joriet Coetzee en Clarisse Venter.

---

'n KWAAL VIR ELKE GELEENTHEID

Ons ken almal die geselskap waar kwale uitgehaal en bespreek word, en daar dikwels probeer word om die siekste persoon in die omgewing te wees. Dink net hoe gaan die geselskap stil word as jy kan aankondig: "Ek ly aan Boo-hoo fever, of het julle dalk raad teen Volkswagen Dermatitis? Selfs my dokter weet nie meer herwaarts of derwaarts nie."

In die boek "Folk Name and Trade Diseases" van E.R. Plunkett het ek 'n kwaal aan te bied vir elke personeellid in die biblioteek. Sommige ly reeds aan party van hierdie siektes, en dit is al so ernstig dat kanse op herstel redelik skraal is.

Credit-card- Itis is die "sciatic nerve irritation with pain over the buttock and down the thigh due to pressure from a wallet stuffed with credit cards," en is in 1966 reeds beskryf.

Writer's Angina is 'n kwaal wat sekere tye van die jaar voorkom, en erg aansteeklik is. Dit behels "symptoms of coronary insufficiency, induced by writing against time, i.e. mental anxiety, poor posture and muscle cramping." Mense wat al met jaarverslae deurmekaar was, en Biblikasie se redaksie ken hierdie skeet baie goed.




Writer's Angina

Oor Air Conditioner Pneumonitis hoef 'n mens nie veel te sê nie. Luister maar net na al die teekamerklagtes van te warm of te koud, sinusse en lugverkoelerhoofpyn, en jy het die verklaring.

Informational Indigestion is 'n "condition seen among physicians when the volume of new information generated by research exceeds the doctor's capability to learn and use it." Of dié soort sooibrand ook toepasbaar op bibliotekarisse is, word nie gesê nie.

Examination Nerves en Academy Headache is veral die lot van die studerendes, terwyl Change-of-shift-syndrome wat "loss of appetite and insomnia related to the rotation of work shifts" by al die aandwerkers bekend is - dit het nog net nooit 'n naam gehad nie. Miskien kan Railway Brain Strain wat "nervous symptoms among railway employees due to excessive overtime work" met 'n bietjie variasie in die naam ook goed in die biblioteekwêreld inpas.

Bureaupathy, "headache, fatigue, lassitude and other psychosomatic symptoms among office workers" voel ook half bekend, en voeg daarby Telephone Paralysis (partial vocal paralysis due to excessive use of the telephone" - al in 1900 beskryf!)
Scribes Palsy (writer's cramp 1861) en Stapled Finger Syndrome (crusting and puncturing injuries caused by staples ejected from an electric stapling machine), en jy het genoeg verskonings om 'n week lank in die bed te bly.



Bureaupathy

Die skrywer van die boek se eie toevoeging is die Index Readers' Syndrome wat "fatigue, irritation of the eyes and nose and occasional heartburn from reading many dusty volumes in uncomfortable postures" tot gevolg het. Dit is nou een kwaal waarop die biblioteekberoep seker kopiereg het.


As die persoon in die motor agter u vanmôre aan Reflex Horn Syndrome gely het ("tendency for auto drivers waiting behind other cars at a light to blow their horns when the light turns green,") hoop ek dat daar voor die einde van die dag nog so 'n gelukkie na u kant toe sal kom - 'n gelukkie wat u 'n Money Counter's Cramp sal besorg - 'n kwaal wat deur mnr Plunkett as "a most acceptable disease" beskou word.

Miskien sal 'n tweede uitgawe van die boek voorsiening maak vir Komperkrampe, Eindpuntelendes, Terminaaltreurmares en Skermsindrome, want van hierdie laat - twintigste-eeuse kwale is daar tot nog toe geen spoor nie.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TARGET 50,000




Is jou oë seer? Is jou neus rooi van nies? Het jy 'n tikstersnek? Maak jou hande al outomaties 'n boek by die datumblaadjie oop sodra jy hom optel? (Selfs al is dit nie 'n biblioteek nie?) Is jou hande al permanent vuil? Kan jy al toe-oë /a/1/1 insleutel? Hoor jy in jou gedagtes die lugpen-toet selfs as jy in die aand jou kop op die kussing neerlê? Kry jy nagmerries?

Dan's jy sekerlik deel van die drama(!?) rondom die ou-voorraad projek wat tans die biblioteek op horings het.




"THE COMPUTER SAYS IT'S BORED. IT WANTS TO KNOW IF WE'VE GOT ANY NEW BOOKS TO READ."

Want ons DOBIS/LIBIS toe mos!
Die aanloop kom van ver-24 maande ver. Die proses het begin met die opleiding/inlywing/inburgering van Mnr. Otto en Sanet Geyer onder die wakende oog van IBM en Rolf Tönsing.

Daarna begin die opleiding van die Toonbankpersoneel in Oktober 1981 en almal kyk met medelye en simpatie na hierdie arme personeel wat die duistere geheime van die duistere uitleenstelsel moet begryp en toepas. Maar helaas, die res van ons word nie gespaar nie. Die aandpersoneel word opgelei met 'n paar individuele sittings en 'n hele paar lesings per persoon, en selfs ook 'n besoek aan die Rekensentrum. Hierdie opleiding het verloop met fronse van Mnr. Otto, sugte van Sanet en die kenmerkende laggie van Rolf.



Die helfte was ons egter nie vertel nie want die ou voorraad kom vervolgens aan die beurt. 'n Doelwit word gestel van 50,000 boeke se kort inligting insleutel voor 21 Jan. 1983 vir uitleendoeleindes; man en muis word betrek. Almal word touwys gemaak, in spanne ingedeel en val weg.


Sonder frustrasies was dit definitief nie. Soos wanneer die lenersnommer 'invalid' is en die insleutelaar dit eers agterkom wanneer al die nommers van die boeke reeds ingelees is. Dan moet daar maar weer van voor begin word.

Die ligpen het ook geblyk nie foutloos te wees nie. Menigmaal was die nommer op die skerm nie eers na aan verwant aan die boek se nommer nie.

Met die dat DOBIS/LIBIS ons in Engels aanspreek, kon gemengde taal natuurlik nie uitbly nie: 'Invalid number', 'Lagon error', 'Have the following information ready', 'Enter', 'Borrower', 'Document Status', 'Charge-out' en 'Check-in' is al deel van die woordeskat hier in die Bib.

Volgens Sanet vorder die insleuteling besonder fluks in teenstelling met die algemene gevoel wat in die Biblioteek heers. Van die mikpunt van 50 000 boeke wat gestel is, is reeds ±10,000 ingesleutel.

*Freddie Schoeman en Anna van Zijl*




KONSENTRASIE!



PRAAT VAN NONCHALANT!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



## 21 JAAR DIENS

Mej Anne van Zijl het eintlik reeds in 1956 by die Merensky Biblioteek begin werk - met so een lang dik swart vlegsel en violetblou oë. Haar werkstasie (in die trein idioom) was by die Aanskafafdeling en vandaar is sy na die Tydskrifafdeling. In 1961 het sy die diens verlaat om in die Oos-Transvaal te gaan skoolhou, maar in 1963 het sy as hoof van die Tydskrifafdeling teruggekeer.

Mens kan baie oor iemand sê vir wie jy lank ken - kom ons begin by haar vervoermiddels. Haar eerste een: 'n Vespa "scooter". Hierop wou sy ry maar toe het sy nog nooit eers op 'n fiets gery nie. Die gevolge - sy het haar self bekonkeld geval. Toe koop sy so 'n blou Volksie "Madalla", was haar naam. Toe die geel Toyota wat haar eendag, blink gewas en skoon met 'n yslike strik om, van 'n oorsese reis af verwelkom het. Nou jaag sy met 'n spiksplinternuwe wit Toyota heen-en-weer tussen die biblioteek en Irene.

'n Uitstaande kenmerk van Anne is haar liefde vir plante en blomme. Sy het reeds menige kwynende plant uit 'n vergeetagtige natgooier se hande gered, met soveel gepaardgaande verwyte dat die natgooier later begin kwyn het.

Blommerangskikkings in die Merensky en die twee Van Zijl-susters is sinoniem. Afgesien van blommerangskikkings wat hulle vir baie van ons by ons belangrike gebeurtenisse enige tyd van die nag of dag gedoen het, dink ek dat diegene wat die inwyding van die nuwe Merensky beleef het, daardie vier groot ronde geel rangskikkings, wat oor die uitleentoonbank se ruimte gehang het, nooit sal vergeet nie.

Haar werk by Tydskrifafdeling: sy het dit met groot toewyding en entoesiasme verrig en daar is baie min wat sy nie van tydskrifte weet nie. In September 1982 is Anne na die Vakbibliotekarisstelsel oorgeplaas waar sy tans besig is om met dieselfde ywer haar as vakbibliotekaresse van Opvoedkunde in te grawe.

En altyddeur in die 21 jaar kon mens maar op Anne se knoppie druk as jy gevoel het jy soek nou 'n staatmaker, hetsy vir sosiale funksies of vir Biblikasie ...

Anne en haar suster Bets bly nou in 'n huis op Irene waar hulle ywerige tuinmakers is - dis nou wanneer hulle nie met Trixie speel nie.

Anne, baie dankie vir 21 jaar van getroue diens, dis heerlik om so 'n kollega en vriendin te hê.

ANNIE PIENAAR

## *AFRICANA*

Dit wil voorkom asof die Africana-afdeling nie die Topbestuur se rasionaliseringsprojek gaan vryspring nie. Die eerste aanduidings daarvan het gekom toe Sonja en Joy "geleen" is om op die grondvloer te gaan hand bysit. Ek verwag nie dat een van die twee gaan terugkeer na Africana nie - daarvoor is hulle gans te bruikbaar.

Die afgelope twee jaar was voorspoedige jare vir Africana en ek wil graag vir Sonja en Joy baie dankie sê vir die aangename samewerking. Toe ek in Africana ingestap het was Sonja reeds 'n veteraan wat elke donder hoekie en nou draaitjie van die afdeling geken het en baie moeite gedoen het met my opleiding. Die positiewe gesindheid wat sy teenoor die lewe in die algemeen en die Merensky in die besonder, openbaar, is nog steeds vir my 'n bron van inspirasie. Meer as een dag het ek 'n stille dankgebedjie opgestuur dat sy een van daardie sonderlinge vroumense is wat nie vir die temperamentele ingewande van 'n masjien skrik nie.

Joy het die onbenydenswaardige taak gehad om honderde films van Nasionale Opvoeding te administreer en duisende pamflette te sorteer. Dit was vir my dikwels 'n stille bron van vermaak om te sien met hoeveel grasie sy haar frustrasies hanteer as dosente besluiteloos en vergeetagtig is en as pamflette tot satwordens toe dieselfde politieke slagspreuke verkondig. Maar Joy het ook aan die einde van die jaar 'n boekprys gewen vir haar kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en dis nét die soort kennis wat by Africana baie nuttig is.

Die Africana-prentjie sonder bogenoemde twee personeellede lyk vir my maar donker en as ek aan Maart 1983 dink, dwaal my gedagtes sommer in diè rigting van 'n vreedsame betoging.

Aan die mense van die Tweede Vloer weereens baie dankie vir die vriendelikheid en hulpvaardigheid gedurende die afgelope jaar. My dogter en haar studentemaats van RAU maak nogal dikwels gebruik van ons biblioteek en dis altyd lekker wanneer hulle vir my vertel dat hulle aangenaam verras was met die personeel se behulpsaamheid.

'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe jaar aan almal!

Joriet Coetzee



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DERDE VLOER

Die einde van nog 'n jaar is baie, baie naby - 'n jaar van baie veranderinge (ons het drie "ou gesigte" verloor en twee "nuwes" bygekry) en 'n jaar van harde werk. Anders as ander jare is die pas eintlik nog nie baie rustiger nie, en is ons besig om soos elders in die biblioteek, ou voorraad te rekenariseer. Ook maar goed, want dié van ons wat periodiek alleen of amper alleen op die vloer agterbly, se eensaamheid word darem deur die baie werk verdryf, en dan is daar nie tyd om jou kollegas wat die land ingevaar het of sommer rustig by die huis ontspan, te beny nie.

Almal van ons wonder maar wat 1983 gaan meebring, op werksgebied (en daar ís beloftes van baie veranderinge) en ook in jou persoonlike lewe. I.D. du Plessis sê só in 'n klein gediggie - Carpe Diem (dit beteken: gryp die dag):

*Die lewe is 'n spotter wat lag en verskeur*
*En die uiterste verg as hy troos.*
*Geniet dit: die ergste wat met jou gebeur*
*Oorval ook die kind en die roos.*

'n Geseënde Kersfees en gelukkige nuwe jaar aan almal in die Merensky!

## INTER

IBL verwag binnekort weer 'n tydelike ontvolking as daar koers gekies word na die verskeie vakansieoorde. Denise en haar gesin gaan vir 'n volle maand uitwyk na die Kaapse strande en die hoogtepunt is glo die Kersfees-kalkoen uit haar ma se oond. Daar word heimlik bespiegel dat Mnr Otto hom tuis heerlik gaan oorgee aan die algemene meemaking van die gesinslewe (en ons dink hier in die lyn van die drie bedorwe katte wat onlags by hulle 'n tuiste gevind het) en dan gaan Mnr Otto ook vir 'n paar dae na die berge wat maar altyd vir hom 'n bekoring bly.

Na 'n jaar se harde werk en leiding is hierdie vakansie beslis welverdiend vir hulle. Annette is ook net so bly dat die skoolvakansie nou vinnig nader want die vrystelling van die rondjaag tussen Merensky, Skool en Onderwyskollege het haar menige dae dwalend gehad.

Margaret hulle het onlangs teruggekeer van 'n onvergeetlike vakansie in Mauritus. Die troue op die plaas was sekerlik net so 'n feestelike geleentheid as die vakansie daarna, en Inter was bly om hierdie belangrike gebeurtenis met haar te kon meemaak; Sy sukkel nog om haar nuwe van te onthou - maar moenie bekommer wees nie dit is net 'n tydelike toestand. René swoeg egter nog met die swarighede van eksamenskryf maar die einde is darem nou in sig. Ons hoop dit het baie goed gegaan - as duimvashou help om iemand te laat deurkom sal jy in elk geval geen probleme hê nie. Ons sê ook dankie aan Joy vir al haar broodnodige hulp wat sy kon verleen tussen haar eksamens deur ons sien ook saam met haar uit na die eksamenuitslae. Aan 'n ieder en elk wat met vakansie die komende maand gaan: lekker uitrus vir die nuwe jaar wat voorlê.

Christie de Klerk

## TIKSTERS

Uit die tikstertjies se hoekie gaan dit nog voort, vinniger nou na al daardie tesisse.

Die afgelope twee weke het ons nie juis veel van ons eie afdeling gehad nie.
Annemarie voor die terminaal, Maretha op derde vloer vasgekluister en Mara onder in die "Keller", het ons net so af en toe van mekaar gehoor. Net in die môre ingekom en gesê "Hallo"! en daar gaan ons weer vort na ons dienspunte.

Trane word daar gestort hierdie maand want ons neem afskeid van ons goeie seksiehoof Mara. Dié gaan nou na 'n nog warmer wêreld, bietjie kleiner maar miskien meer gesellig - Tzaneen van alle plekke. Mara, ons sê vir jou baie dankie vir al jou geduld met ons. En dankie vir tye wat jy vir ons in die bresse getree het. Ons wens jou alle sterkte toe daar aan die ander kant, soos hulle sal sê "Keep jour feet on the ground and reach for the stars."

Om iemand baie opgewonde en gelukkig te sien, is Annemarie. Sy praat net van die huis wat hulle gaan bou. Annemarie, April is nie meer so ver nie, so jy kan nou maar al jou dingetjies begin bymekaar maak.

Hannalie se vakansie is ook tot 'n einde. Nou moet sy maar net weer skouer aan die wiel sit en begin werk. Maretha kan nou maar weer terug lê, want dié gaan nou met 'n lang verlof. Ons hoop jy geniet jou vankansie en kom sommer weer vol moed terug in die Nuwe Jaar.

Teresa



"I used to unleash my hostilities by browbeating the teachers, but I can't intimidate a computer."

## TOONBANK

Vandat rekenarisering ingetree het heers daar chaos by Toonbank. Dis gedurig 'n "Wie trek boeke?" en "Wie sleutel in" en dan word die rooster nadergetrek gewoonlik tot groot verbasing van persone 1 en 3 wat immers antwoord "Haai, ek't nie geweet dis ek nie". Tussendeur staan ons pligte by Toonbank ook nie stil nie. So tussen die navrae oor die sluitingsure van die biblioteek, die hernuwing, uitreiking en terugbesorging van boeke kry ons darem ook nog ons geselsies en grappies ingepas! (Darem so net-net!)

Ons Toonbankers wil egter almal in die Merensky 'n baie aangename en geseënde Kersfees toewens. Mag die jaar 1983 voorspoedig wees.

Aan almal wat in Desember met vakansie gaan - ry veilig en geniet elke oomblik daarvan. Aan al die Engeltjies wat die Fort Merensky beman - raai vir wie koop ek?

Irene Venter



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TWEEDE VLOER

Die jaar 1982 is by ons verby nog voor ons behoorlik daarmee begin het- so voel dit altans. Dit was 'n jaar propvol bedrywigheid, veranderinge en nuwighede. Van die elf mense op die vloer met wie ons 1982 binnegestap het, is daar net ses op die vloer oor. Die ander is almal nuwe gesiggies.

Dit was die jaar waarin Afrikaanswording herdenk is met spoguitstallings op die vloer en buite die biblioteek waaraan almal hard gewerk het.

1982 Was ook die jaar waarin die rekenaar sy duidelike beslag op tweede vloer gekry het. Met die groterwordende DOBIS-voorraad moes ons hierdie jaar al meer na Dewey gryp om 'n gebruiker te help en die ERID-kamer is ingewy. Hier word nou die BELTEL - INEG-en DIALOGUE-stelsels gehuisves. Demomstrasies is vir al die biblioteekpersoneel gereël en twintig demonstrasies is opsy gesit vir dosente. Aan die begin was die "demonstreerders" maar op hulle senuwees en raad wat gewissel het van diep asemhaal to iets om te sluk is oor en weer uitgedeel. Teen die einde egter het almal hulle eie sowel as hulle kollegas se rolle so goed geken dat hulle sonder om te aarsel van mekaar kon oorneem. Dit was wonderlike spanwerk!

Die studente hier by ons toon natuurlik almal tekens van eksamensindroom. Duidelike simptome is luide besprekings waarop ons telkens 'n demper moet plaas, kleredrag wat sterk aan die strand herinner, humeure wat vir 'n oomblik opvlam en 'n uiterste sensitiwiteit vir enige steurende geluid. (Behalwe dié deur hulself gemaak.)

Soos orals in die biblioteek sleutel tweede vloer ook die afgelope twee weke ou voorraad in vir LIBIS. So tussen die tik en plak deur het ons sommer baie pret. Die "r" word soms vergeet te midde van uitroepe van ontsteltenis, die terminaal word bepraat omdat hy soms stadig is en wanneer nege boeke suksesvol ingevoer is, is die glimlag groot.

Intussen merk ons ook nog tydskrifrakke met ons deftige nuwe lettermasjien en die projek vorder fluks.

Op Anne van Zijl is tweede vloer baie trots. Sy kry hierdie maand erkenning vir een-en-twintig jaar getroue biblioteekdiens van die Merensky. Anne, baie geluk! Ons is so bly dat jy jou volgende skof hier by ons aanpak. Jou voorbeeld dien as inspirasie!

Aan almal in Merensky wens ons 'n geseënde Kerstyd toe - rus lekker!




## BINDERY



When Oupa suffered from a sore throat, one of his cures was to sit on the edge of his bed, or a chair, with his feet in a wooden tub filled with steaming hot water mixed with a teaspoon of mustard. With a thick blanket covering his head he would then imbibe a special 'ginger punch' — a high octane concoction evolved from ginger, vinegar, sugar or honey and hot water. After half an hour of sweating it out, he would retire to bed. This treatment, backed by optimum optimism, was considered efficacious.

## BOEKBESTELLINGS

Ons groet hier uit Seksie Boekbestellings. Met die eksamenspook wat hierdie tyd van die jaar nie juis skaam is om gesien te word nie, is die personeel maar goed uitgedun, terwyl die vakansiegangers ons hardwerkendes erg watertand hier agtergelaat het.

Mev. Rita Botes, mej. Helena Theron, mej. Estelle Els en mnr. Ferreira het net so nou en dan, bleek om die kiewe, ingeloer om ons te vertel van al die vrae wat hulle "misgespot" het - duidelik nog in 'n "toestand" van senuwee-aandoening.

Vir mej. Marina Marx het die getroude status van haar kollegas so 'n bekoring ingehou dat sy ook besluit het om haar in die huwelik te begeef. Die nuwe egpaar gaan in Bethal woon. Voorspoed!

Mnr. Freddie Schoeman het by Medics gaan loer hoe die gras aan daardie kant van die draad lyk, maar deesdae kry ons hom heel dikwels by die Toonbank te sien. Einde November sal hy ook 'n strop om die nek kry en ons wens hom 'n gelukkige huwelikslewe toe.

Mej. Hulda Fritz was in November met vakansie en pak nou "Universitas" met nuwe ywer aan.

By een van ons twee terminale gaan dit druk soos die tiksters van die ou voorraad boeke insleutel. Die rekenaardrukker is ook elke etenstyd aan die werk om voor te bly met die lynkodes vir die Ontsluiters se nuwe boeke sowel as die ou voorraad.

Ons sê baie dankie aan die Sosiale Klub vir die gesellige en "vreetsame" afskeidsfunksie, met die lekker eet- en drinkgoed. Mag daar nog vele meer wees!

'n Baie geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar aan al die ander afdelings!!!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## LANDBOU

Hier op die oos-kampus is die studentebesoek aan die biblioteek besig om af te neem. Die dosente wat self besig is met nagraadse stüdie het nou 'n "stiller" tyd om aandag te gee aan hul eie studies.

Wat die landboubiblioteekpersoneel betref: Mev. Jeanette Bornman was drie maande met studieverlof vir haar M.Bibl. Vraelyste is uitgestuur aan al die landbouvoorligters wat verbonde is aan die Departement van Landbou. Met behulp van die vraelyste sal die inligtingsbehoeftes van die landbouvoorligters bepaal kan word. Daar het alreeds 73% van die vraelyste teruggekom. Dit is te danke aan die Departement van Landbou wat hulle samewerking gegee het met die uitstuur van die vraelyste.

Mev. Alet Fisher het noudát sy 14 jaar in diens van die Universiteit is ook langverlof ...., maar dis kraamverlof. Sy het 14 jaar gelede in die resestyd getrou en nou is die welkome toevoeging tot hul gesin ook bestem om in die resestyd te arriveer. Ons wens haar sterkte toe en wil haar bedank vir die afgelope ses jaar van saamwerk. Dit is lekker as twee karperde so kan saamtrek!

Die personeel hier by die Landboufakulteit het tereg opgemerk dat 1982 'n groot jaar was vir die personeel hier by die biblioteek. Na 6 jaar se saamwerk trou Mej. Jeanette du Preez in Januarie 1982 en aan die einde van Desember 1982 arriveer mev. Alet Fisher se baba.

Ons wil vir Mnr. Piet de Kock, Mevv. Irene Smith, Margie Kotze en Marike Viljoen bedank vir die kere wat hulle hier kom aflos het. Ons waardeer dit en hoop julle het die rooibostee geniet.

Aan die ondersteuningsdienste by die Merensky wil ons dankie sê vir die goeie gees van samewerking van die afgelope jaar.

Ons groet hier vanaf die Landboubiblioteek.

## VEEARTSENY

Die oplettende biblioteekgebruiker merk deesdae op dat ons in 'n skemer-duisternis hier in die takbiblioteek werk. Dis nou nie dat ons die Universiteit se elektrisiteitsverbruik probeer besnoei nie - eerder 'n geval van selfsug. Die Lancet van 17 Augustus 1982 het 'n paar skokkende feite in sy artikel "Malignant melanoma and exposure to fluorescent lighting at work" genoem - genoeg om ons liewers ons oë te laat ooreis as om die risikos van velkanker te loop. "Furthermore, in both Australia and Britain, melanoma rates are high among professional and office workers and are lower on people working outdoors", word daar geskryf. Al troos is die feit dat die songebrande vel minder deur die ligte geaffekteer word.

Die artikel eindig op 'n versigtige noot: "This is, however, the first report of an association between melanoma and exposure to fluorescent light. The findings should be interpreted cautiously until futher relevent data accumulate."

Verder gaan dit goed met ons!
Ons embrio-oorplasing-uitstalling lok steeds baie belangstelling. Dis 'n veld waarvan die studente self nie baie ondervinding het nie omdat net die span gespesialiseerde veearste daarmee werk. Die studente vind dit verstommend dat ons die demonstrasie op 4 November nie vir hulle gereël het nie, maar vir bibliotekaresse! Hulle "job" is mos boeke!

Groete
Erica v.d. Westhuizen
Rina Pelser

## MEDIES

Die jaar se einde kan 'n mens hier waarneem uit die stilte in die biblioteek, en die personeel wat so skelm-skelm sit en slapies tel tot wanneer die vakansie aanbreek. Die stilte is al reeds besig om iets van die verlede te word want die studente hier het net so 'n afknyptydjie vir eksamenherstel voordat hulle weer inval.

'n Gas wat tydelik sy/haar (?) intrek in die biblioteek geneem het, het 'n groter toestroming biblioteek toe gelok as al die nuwe personeel saam. Gertrud soos die pofadder (gelukkig in 'n glaskas) gedoop is deur die Verpleegkundiges het 'n toeriste-aantreklikheid geword, en vir die personeel heerlike binnepret besorg toe 'n student die toiletrol wat vir haar algemene higiëne gebruik word uitgeruik het, en dit bo-op die glaskas neergesit het, met die woorde: "Vir as jy GROOT SKRIK", daarop. Dit wys jou-selfs in eksamentyd is daar plek vir 'n plesierigheid.


Ons rekenaareindpunt het toe begin werk, tot groot vreugde van ons almal, totdat ons agter gekom het hy is soos die spreekwoordelike flikkerlig - hy werk, hy werk nie, hy werk, hy werk nie... Sanette, Manda, Rolf en die Rekenaarsentrum sal nou behalwe hulle korttermynprobleme ook langafstandfrustrasies begin ervaar.

Sophia Moller is toe heel en veilig terug uit die buiteland en het sy by aanskoue van haar tafel gou vergeet van sulke wonderlike plekke soos Parys en Switzerland. Gelukkig is sy so klein dat sy darem nie aan Economy Class Syndrome ly nie. Dis glo 'n kwaal wat 'n mens in jou bene kry van te veel opgebondel sit in die gedeelte van 'n vliegtuig wat 'n bibliotekaris darem kan bekostig as hy lank gespaar het.

Aan Willem Oliver, Avrille Prinsloo en Freddie Schoeman wat vir 'n korter of langer tyd hier gewerk het, baie dankie vir alles, en voorspoed by Dept. Grieks, in Tübingen, en met LIBIS.

Vir elke kollega wens ons 'n ware Kersfees, en 'n nuwe jaar vol wonderlikhede toe.

Mooiloop van Mediès



*Economy Class Syndrome*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TYDSKRIFTE

Om na byna 'n maand se afwesigheid weer skielik op 'n bloue Woensdag in die Merensky in te stap en uit te sien na 'n gewone Woensdagtee, maar ewe skielik oorval word met dit waarmee ons die 24ste oorval is, is byna te goed om waar te wees. Einaeina ontbyt, geen middagete nie (dis kosbare studietyd) en 'n raap-en-skraap aandete is glad nie bevorderlik vir enige eksamenskrywende siel se senuwees nie (as jy teen Desember enigsinds nog van dié rare verskynsel besit) Die gevolg is dat die feesmaal in méér as 'n goeie gees ontvang is.

Dit bring ons by die onderwerp waarvan skelm reeds melding gemaak is - eksamen. Gelukkig leer almal (onderwysers, ouers, susters, broers, oupas, dominees) mens van kindsbeen af dat jy "alle dinge moet beproef en die goeie moet onthou" en dat elke "donker wolkie 'n silwer randjie het."

Was dit nou nie vir die breinspoeling/opbeuring wat jy van kleinsaf ontvang het nie, sou ek myself nooit kon oortuig het dat ek dit, na al die jare, verdien om een jaar te dop nie. Om dit "nie slaag nie" te noem sal glad nie deug nie - hierdie is 'n dopjaar soos wat 'n skilpad 'n dop dra op sy pienk ruggie - 'n klipharde dop vol knoetse.

Om nie te praat van die positiewe denke wat die oorblyfsels van tydskrifafdeling moes handhaaf nie: daagliks byna was hulle net twee verlate siele tussen al die posberge - ek is seker hulle het gedink dat elke donker possak wel iewers 'n boom moet het hê.

Dink ons vinniger en verder vooruit dan lê 'n vakansie voor, roomys by die see, gemmerbier by ma op die stoep - en so, stadig maar seker, kry almal nuwe krag vir die volgende lang jaar. Hopelik kom almal neutbruin terug.

Groete tot in 1983!

Elizabeth Pretorius

## ONTSLUITING

Met die naderende feesdae op hande is die ontsluitingshoek stadig maar seker besig om leeg te loop. Susan, Amelia en Julie is die voorlopers met Jo Kort op hulle hakke. Teen Desember sal die meeste ontsluiters wyd en syd oor die land verspreid wees. Ons hoop om almal Januarie veilig en uitgerus terug te sien.

Leoni van Wyk is ook weer met ons. Baie welkom terug, Leoni. Dis beslis ons wins al is dit die kleinding se verlies.

Vrydag 5 November was Ontsluiting sonder aanvoerder aangesien Manda in Johannesburg gestrand was na 'n motorongeluk die vorige aand. Gelukkig het almal ongeskonde daarvan afgekom en kon sy Maandag weer haar plek volstaan.

Andrea het besluit om weer die kospotte van Egipte te verlaat en haar eie nes te skrop. Afgesien van 'n gesukkel met die hemelbed, het alles verder blykbaar voorspoedig verloop. Lekker bly, Andrea, en onthou daar is niks so sleg soos 'n woonstel waarvan die dak nie behoorlik natgemaak is nie.


Die hoof van die rekenaarsentrum, mnr. M.C. du Plessis, het ons ook kom inlig oor ons posisie m.b.t. die rekenariseringsnetwerk van die universiteit. Nou kan ons ook hulle kant van die saak beter verstaan.

Die rekenaareindpunte in ons afdeling begroet ons ook deesdae soggens met nuwe gesiggies. Ons is nog besig om gewoond te raak aan die nuwe resep om ons masjien-vriende in die hoek mee aan die gang te kry.

Die jaar is op 'n hoë noot afgesluit met 'n deftige ete by die Encore restaurant van die Staatsteater.

Vanaf Ontsluiting 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar aan almal.

Magda Coetzee en Hannatjie Scheepers.





"Are you the new librarian?"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KLINIKALA

Daar is gedurende die jaar goeie betrekkinge opgebou met die personeel.

Baie dankie vir die samewerking, veral van Medies waar die vraagtekens so gewillig geantwoord is.

Geseënde Kersfees vir almal.

Groete
Sheila

## NUUSFLITSE

Prof Gerryts is benoem op die Advieskomitee van die Buro vir Rekenaardienste

Op 16 November 1982 is die eerste vergadering van DOBIS/LIBIS-gebruikers in die Merensky-biblioteek gehou.

Het jy ook al daaraan gedink dat daar soveel dinge is wat ons sê en nooit doen nie? Daar is soveel skyn, so baie maskers en pretensies in die lewe. Dag vir dag moet jy daarmee saamlewe en by tye kry jy heeltemal 'n weersin daarin. Hóékom moet die lewe dan so wees?


Ons weet, en hoor elke Sondag, dat ons goeie lewens moet lei: moenie kwaad word vir mense nie, vertrou op die Here, gee geld vir die armes ... Tog is dié dinge onprakties. 'n Mens is sondig en in hierdie lewe kan jy jouself nie verander nie. En dan ... wonder 'n mens soms oor die sin van godsdiens en van 'n toegewyde lewe as ons op aarde nooit goed sal kan wees nie.

Ek kon 'n rukkie gelede deel in 'n brief wat hier aangekom het. 'n Oud-student het 'n biblioteekboek wat sy nooit teruggegee het nie, teruggestuur. In haar briefie het sy geskryf: "...intussen het Jesus my siel gered en het ek die voorreg om die sondes van my lewe te bely en te weet dit word deur Sy kosbare bloed weggewas ... ook dat ek kan regmaak met diegene teen wie ek 'n onreg gepleeg het. Daarom vra ek dat u my sal vergewe en my laat weet wat ek aan u verskuldig is."

As iemand die moed het om dít te sê... dan moet daar dalk iets in steek? Iets sê net vir my dat daardie meisietjie minder laste in die lewe dra as ek ....

ANONIEM

# still cookin!



*TUNA VISVORM*

*1 410g Blikkie Fyn pynappel (crushed)*
*1 200g Blikkie Tuna*
*1 Teelepel aangemaakte mosterd*
*3/4 Koppie Mayonnaise*
*4½ Teelepels Gelatien*
*1 Koppie gerasperde Cheddarkaas*
*1½ Eetlepels gerasperde ui*
*½ Koppie kookwater*

*Los gelatien in 'n klein bietjie koue water op en voeg kookwater by.*
*Vlok tuna en meng al die bestanddele.*
*Plaas in vorm en laat stol. (Bedien ± 12)*

*Bedien saam met volkoringbrood en mengelslaai vir 'n ligte ete.*

*Susan Gerryts*

*A SMILE*

*Costs nothing but creates much. It happens in a flash and the memory sometimes lasts for ever. It cannot be bought, begged, borrowed or stolen but it is something that is no earthly good to anyone until it is given away.*

*A smile radiates happiness in the home, fosters good will in business and is the countersign of friendship. It brings rest to the weary, cheer to the discouraged, sunshine to the sad. It is nature's antidote in trouble.*

*A smile enriches those who receive it without impoverishing those who give it.. None so rich that he can get on without it, or so poor but that he can enrich others with it.*

*So if in your hurry and rush, you meet someone who is too weary to give you a smile, just leave him one of yours, for no one needs a smile quite so much as he who has none to give.*

*Gratitude to unknown Author*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



M Roets



C Enslin



A Visagie

# TOTSIENS



I Smit



Prof J A Boon



Leonie van Wyk



H Mostert



M van Rensburg



T Scott

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019